# Aspekte van ’n meerdoelige Afrikaanse uitspraakwoordeboek

**M Leyden**

**orcid.org/0009-0001-3908-2918**

Proefskrif aanvaar ter nakoming van die vereistes vir die graad *Philosophiae Doctor (PhD)* in Algemene Taal- en Literatuurwetenskap aan die Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof GB van Huyssteen

Graduation: May 2026

*Vir Pappa*

# VOORWOORD EN BEDANKINGS

Sewe was nog altyd vir my ’n magiese getal en hier kom my liefde vir sprokies in – sewe dwerge, sewe berge, die wolf wat die sewe bokkies wou eet ... Die afgelope sewe jaar was sewe swaar jare, sewe maer jare, maar ook sewe wonderlike jare. In hierdie tyd het ek liefde gevind, ’n pandemie oorleef, mense is oorlede en kinders is gebore. Daar is soveel mense wat met my uitgehou het, my ondersteun het. Vir almal wil ek dankie sê, maar spesifiek vir die volgende:

- Vir die finansiële steun van die Akademie vir Wetenskap en Kuns en die Noordwes-Universiteit.
- Vir Anneke, wat my hier aan die einde begin moed inpraat het.
- Vir Petra, wat in die afgelope dag of drie sommer ’n vriendin geword het en die hele tyd daar was vir my.
- Vir Elize, wat soms deurnag het wanneer ek nie eens meer kon nie. Jy is soveel meer as ’n taalversorger. Ek het geweet ek kan jou met die fynste detail vertrou.
- Vir al die omroepers en radiostasies wat gehelp het met hierdie navorsing. Net as julle gedink het julle is nou ontslae van my dan was daar nog vrae – nog opnames.
- Antowan Neethling, vir die ekstra werk wat jy gedoen het. Ek waardeer dit geweldig.
- Marinus, vir jy weet wat. Dankie dat jy elke jaar maar weer gevra het wanneer maak ek klaar.
- Matthys, dankie dat jy my sonder skroom gehelp het toe ek dit nodig gehad het.
- Phil, ja-nee, my skippie het nog steeds nie ingekom nie, maar dankie vir die kere toe jy vir my part gaan smeek het om net te kan aangaan.
- Vir die mense van St. Helenabaai, tannie Susan (ek wens jy was nog hier), Karin, Richard, Sandra, nou kan ons uiteindelik musiek maak – soveel as ons wil. Ek het altyd gesê ek gaan in St. Helena bly tot ek klaar is met die PhD. Miskien is dit hoekom dit so lank geneem het ...
- Vir oom Steve – die rukkie wat ek Oom geken het, was wonderlik.
- Tannie Sarie – uiteindelik sou ons kon kuier. Sou graag saam met tannie meubels wou verf.
- Vir my liefkinders, Shimoré en Ettiene – ek is seker julle het dikwels net julle oë agter my rug gerol vir hierdie ma van julle wat net nie kon stop nie.
- Gerhard, sjoe, jy was soms kwaai gewees, maar ek het geweet jy is die beste. Van daardie tyd, laaaank gelede, toe ek die Amerikaanse boontjieboer geleer het om Afrikaans te praat, het ek ’n liefde vir fonetiek ontwikkel. Ek dink jy is presies wat ’n mentor moet wees – een wat

langs die kantlyn wag sodat ek my lesse kan leer. Jy het my geleer om ondersoekend te wees, krities te wees en nie eensinparagrawe te skryf nie. Dankie dat jy nie moedeloos geword het nie, en toe ek jou die nodigste gehad het ingetree het om seker te maak ek handel sewe jaar se werk behoorlik af. Soos jy sê: "Anders het ons nou nog gesit ..."

- Zaantjie en Armand: Armand, dankie vir al die vullissakke wat jy uitgevat het, klere wat jy gewas het ... al die goed waarmee jy jou ta Liez gehelp het. Zaantjie, soos destyds met my M.A., het jy hier aan die einde selfs help tik en jou sussie se deurmekaar woorde ontsyfer. En toe Pappa weg is, het jy sy werk oorgeneem. Soos 'n irriterende kleinsus het jy my elke oggend nog voor die dag begin het al vir my gevra wat ek al gedoen het – dan slaap ek nog 'n hond uit 'n bos uit.
- Mamma, ek weet jy sou trots wees.
- Pappa, op hierdie dag, 'n jaar terug, het ons jou begrawe. Dit is so simbolies – soos so baie goed in die lewe is. Ek sou wat wou gee om die tyd terug te kon draai. Ek sou wat wou gee om die proefskrif in te kon gee terwyl jy nog hier was om so jou Kersfeeswens vir my van twee jaar gelede te vervul. Met jou foto hier langs my en jou woorde, "Go, Liezie – go, go!" het jy my steeds gehelp. Nou kan ek oor jou treur. Nou het ek uiteindelik die tyd.
- En dan, my lief, my George – "my true love," soos my sussie sê. Ek het al hierdie pad gekom om jou op hierdie klein dorpie te kom ontmoet. Dankie, dankie, dankie vir alles. Jy het hierdie afgelope twee jaar so hard gewerk sodat ek nie hoef nie. Nou kan ons trou, en sal ek 'n slag vir jou kos maak – groen sjokolademousse *of te not*.

# OPSOMMING

Die hoofdoelwit van hierdie studie was om die relevante aspekte van ’n meerdoelige Afrikaanse uitspraakwoordeboek te ondersoek. Meer spesifiek is daar gepoog om ’n empiriese en konseptuele grondslag vir ’n meerdoelige Afrikaanse uitspraakwoordeboek, wat geskik is vir hedendaagse taaltegnologie en Suid-Afrikaanse uitsaaikontekste te bied.

Die gebrek aan ’n empiriese en konseptuele grondslag gebaseer op die leemtes van (i) die afwesigheid van ’n resente, eindgebruikersgerigte uitspraakbron vir Afrikaans; (ii) die gebrek aan sistematiese kennis oor hoe Afrikaanssprekende mediapraktisyns eiename en leenwoorde uit nie-Germaanse tale uitspreek; en (iii) die afwesigheid van navorsing oor Afrikaanssprekendes se houdings teenoor die algemene Afrikaanse mediauitspraak van ’n spesiale leksikon bestaande uit eiename en leenwoorde uit vreemde tale..

Die enigste omvattende Afrikaanse uitspraakwoordeboek, Le Roux en Pienaar (1976), weerspieël nie meer die huidige taalkundige en sosiale realiteite nie, bied minimale leiding oor eiename en leenwoorde van vreemde herkoms, en is nie geskik vir digitale of tegnologiese toepassings nie. Terselfdertyd skep die groei van spraakgedrewe tegnologie ’n dringende behoefte aan gesaghebbende, toeganklike en masjienversoenbare uitspraakbronne vir Afrikaans.

Die studie maak gebruik van gemengde metodologie. Hoofstuk 2 bevat ’n uitgebreide behoeftebepaling wat ’n elektroniese vraelys en semigestruktureerde onderhoude met 28 omroepers insluit. Respondente toon oorweldigend dat hulle bykans sonder uitsondering ’n behoefte aan uitspraakleiding vir die inheemse tale, spesifiek dié met klapklanke het. Die behoefte aan uitheemse tale word veral gerig op nuusgebeure van ’n sekere tydstip. Die ondeursigtige ortografie van tale soos Chinees en Frans skep ook ’n behoefte aan uitspraakleiding. Klanklêers en Afrikaans-gebaseerde herspelling is die voorkeurmodaliteite. Die Internasionale Fonetiese Alfabet (IFA) is nie gewild onder omroepers nie, omdat die meeste respondente nie noodwendig tersiêre opleiding in taalkunde of fonetiek het nie. ’n Mobiele of webgebaseerde bron word oorwegend verkies, aangesien omroepers vinnige toegang tot inligting benodig. Respondente versoek sowel Afrikaans-verafrikaanste (T1) as brontaalgetroue (T3) uitsprake. Die bevindinge toon duidelik dat daar ’n behoefte is aan betroubare uitspraakleiding vir sekere tale.

Hoofstuk 3 rapporteer oor eksperiment 1, wat ondersoek het hoe 32 omroepers wat by die Afrikaanse media betrokke is Zoeloe-, Spaanse en Mandarynse items uitgespreek het terwyl hulle ’n fiktiewe nuusberig lees. Die analise van die uitsprake toon dat daar nie ’n enkelvoudige, “algemene Afrikaanse mediauitspraak” bestaan nie en dat uitspraakstrategieë gebaseer word op twee- en meertaligheid, ortografie, fonotaktiese beperkings en tydsdruk.

Hoofstuk 4 bespreek eksperiment 2, ’n grootskaalse houdingstudie met meer as 200 deelnemers wat opnames van ’n stemkunstenaar se T1-, T2- en T3-uitspraak beoordeel het. Respondente kon die verskille betroubaar waarneem en het meestal T1-uitsprake vir hoëfrekwensiewoorde verkies. T3 was die voorkeur vir laefrekwensiewoorde. Die belangrikste rede vir die voorkeuruitspraak is “bekwaam en professioneel”. Respondente het die grootste afkeur van ’n T2-uitspraak, spesifiek ’n Amerikaanse Engelse aksent getoon. Die belangrikste rede vir respondente se T2-afkeur was “onnatuurlik en pretensieus”.

Die bevindinge van albei eksperimente bevestig dat ’n Afrikaanse uitspraakwoordeboek veelvuldige variante, duidelike herspelling en klankmodelle moet bied. Die proefskrif beveel ’n mobiele, multimodale en funksiegerigte woordeboek aan met ’n hibriede deskriptief-preskriptiewe benadering, en met prioriteit aan hoëfrekwensie-eiename en leenwoorde van inheemse tale.

In geheel verskaf die proefskrif die eerste omvattende empiriese basis vir die ontwikkeling van ’n moderne Afrikaanse uitspraakwoordeboek wat taalkundig verantwoord, tegnologies toepaslik en gebruikersgerig is.

**SLEUTELTERME:** Afrikaans, Amerikaanse Engels, behoefteanalise, Britse Engels, dikteerstelsel, eienaam, fonetiek, herspelling, Internasionale Fonetiese Alfabet, leenwoord, leksikografie, Mandaryns, mediauitspraak, Spaans, stemherkenningstegnologie, taalhoudingstudie, taaltegnologie, uitspraakwoordeboek, Zoeloe

# ABSTRACT

The primary aim of this study was to investigate the relevant aspects of a multifunctional Afrikaans pronunciation dictionary. More specifically, it sought to provide an empirical and conceptual foundation for a multifunctional Afrikaans pronunciation dictionary suitable for contemporary language technology and South African broadcasting contexts.

The study addresses the lack of an empirical and conceptual foundation resulting from the following gaps: (i) the absence of a recent, end-user-oriented pronunciation resource for Afrikaans; (ii) the lack of systematic knowledge about how Afrikaans-speaking media practitioners pronounce loanwords and proper names from non-Germanic languages; and (iii) the absence of research on Afrikaans speakers' attitudes toward the general Afrikaans media pronunciation of a specialist lexicon.

The only comprehensive Afrikaans pronunciation dictionary, Le Roux and Pienaar (1976), no longer reflects current linguistic and social realities, provides minimal guidance on proper names and loanwords of foreign origin, and is not suited for digital or technological applications. At the same time, the growth of speech-driven technologies has created an urgent need for authoritative, accessible, and machine-compatible pronunciation resources for Afrikaans.

The study employs a mixed-methods approach. Chapter 2 presents an extensive needs analysis, including an electronic questionnaire and semi-structured interviews with 28 broadcasters. Respondents overwhelmingly indicated an almost universal need for pronunciation guidance in indigenous languages, particularly for click consonants. The need for guidance on foreign languages was largely tied to news events at specific times. The opaque orthographies of languages such as Chinese and French also necessitate pronunciation support. Audio files and Afrikaans-based respelling were the preferred modalities, whereas the IPA could be used primarily by linguistically trained respondents. A mobile or web-based resource was strongly preferred, as broadcasters require rapid access to information. Respondents requested both Afrikaans-adapted (T1) and source-language-faithful (T3) pronunciations. The findings clearly indicate a need for reliable pronunciation guidance for specific languages.

Chapter 3 reports on Experiment 1, in which the Afrikaans media pronunciation of Zulu, Spanish, and Mandarin items was examined among 32 broadcasters through the reading of a fictional news report. The analysis shows that there is no single "general Afrikaans media pronunciation"; rather, bilingualism and multilingualism, orthography, phonotactic constraints, and time pressure shape pronunciation strategies.

Chapter 4 discusses Experiment 2, a large-scale attitude study with more than 200 participants who evaluated recordings of a voice artist producing T1, T2, and T3 pronunciations. Respondents could reliably perceive the differences and mostly preferred T1 pronunciations for high-frequency words. T3 was preferred for low-frequency words. The most important reason for the preferred pronunciation was that it sounded “competent and professional.” Respondents showed the strongest disapproval for T2 pronunciations, specifically an American English accent. The main reason for their disapproval of T2 was that it sounded “unnatural and pretentious.”

The findings from both experiments confirm that an Afrikaans pronunciation dictionary should provide multiple variants, clear respelling, and sound models. The dissertation recommends a mobile, multimodal, function-oriented dictionary with a hybrid descriptive–prescriptive approach, prioritising high-frequency proper names and loanwords from indigenous languages.

Overall, the dissertation provides the first comprehensive empirical foundation for the development of a modern, linguistically sound, technologically appropriate, and user-oriented Afrikaans pronunciation dictionary.

**KEY TERMS:** Afrikaans, American English, British English, International Phonetic Alphabet, language technology, lexicography, language attitude study, loanword, Mandarin, media pronunciation, needs analysis, phonetics, pronunciation dictionary, proper name, respelling, Spanish, voice recognition technology, Zulu

| AFKORTING | VERKLARING |
|---|---|
| AWS | *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (2017) |
| DSAE | *Dictionary of South African English* |
| e-WAT | Elektroniese weergawe van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* |
| GB-E | Britse Engels |
| HAT | *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* |
| IFA | Internasionale Fonetiese Alfabet |
| HFE | Hoëfrekwensie-eienaam/-name |
| HFL | Hoëfrekwensie-leenwoord(e) |
| HFW | Hoëfrekwensiewoord(e) |
| LFE | Laefrekwensie-eienaam/-name |
| LFL | Laefrekwensieleenwoord(e) |
| LFW | Laefrekwensiewoord(e) |
| N | Frekwensie |
| OED | *Oxford English Dictionary* |
| RDP | *Routledge Dictionary of Pronunciation of Current English* |
| T1 | Taal 1, moedertaal van die spreker; altyd Afrikaans in hierdie studie |
| T2 | Taal 2, tweede taal van die spreker; verwerf ná die T1; altyd Engels in hierdie studie |
| T3 | Taal 3, enige vreemde taal of tale wat ná T2 verwerf is; in die konteks van hierdie studie is dit altyd Spaans, Mandaryns en Zoeloe. Om verwarring te voorkom, sal daar na T3 verwys word selfs al is dit byvoorbeeld ’n Zoeloesprekende wat ’n woord volgens die brontaal (m.a.w. die spreker se T1-uitspraak) uitspreek |
| VivA-KPO | Virtuele Instituut vir Afrikaans: Omvattende korpusversameling |
| VSA-E | Amerikaanse Engels |

## NOTASIEKONVENSIES

| Simbool | Gebruik | Voorbeeld |
|---|---|---|
| “ ” | Direkte aanhaling uit ’n bron of van ’n persoon | “Meksiko is ’n land suid van die VSA.” |
| ( ) en ‘ ’ | Betekenisverklaring en vertalings wat nie deel is van die sin nie | Die woord *table* (‘tafel’) kom 27 keer voor.<br>Ons vind *skurk* (‘skelm persoon’) 23 keer in die korpus. |
| ‘ ’ | Enkelaanhalingstekens vir betekenisverklarings en vertalings wat deel van die sin vorm | Ons vind *skurk* (‘skelm persoon’) 23 keer in die korpus, maar met die betekenis ‘moordenaar’ slegs twee keer. |
| kursief | Woorde soos dit ortografies aangedui word. Indien ’n woord nie in die Afrikaanse media of enige Afrikaanse woordeboek voorkom nie, word die ortografie van die woord, soos dit in die brontaal voorkom, gebruik | guerrilla |
| / / | Vorentoeskuinsstrepe (solidusse) vir fonemiese representasie (herspelling) van woorde en foneme | /MEHK.sie.koe/ of /oe/ |
| [ ] | Blokhakies vir fonetiese representasie volgens die Internasionale Fonetiese Alfabet (IFA) | [ˈmɛk.si.ku] of [u] |
| [ ] | Blokhakies vir redigering of verduideliking van direkte aanhalings | “Ek verkies die regte [T3] uitspraak.” |
| . | Punt by sillabegrense by herspelling en IFA | /GHUH.ri.la/ |
| HOOFLETTERS | Hoofletters vir primêre klemtoon (herspelling) | /mie.GHEHL/ |
| ' | Aksentteken vir primêre klemtoon (IFA) | [mi'gɛl] |
| aa | Twee identiese letters langs mekaar om lang vokale aan te dui (herspelling) | /laan/ |
| : | Dubbelpunt om lang vokale aan te dui (IFA) | [la:n] |

# INHOUDSOPGAWE


**VOORWOORD EN BEDANKINGS** .......... I

**OPSOMMING** .......... III

**ABSTRACT** .......... V

**NOTASIEKONVENSIES** .......... VIII

**HOOFSTUK 1 KONTEKSTUALISERING** .......... 1

**1.1 Konteks en agtergrond** .......... 1

**1.2 Probleemstelling** .......... 2

1.2.1 Behoefte aan 'n uitspraakwoordeboek .......... 2

1.2.2 Algemene Afrikaanse mediauitspraak van 'n spesiale leksikon .......... 3

1.2.3 Houding oor algemene Afrikaanse mediauitspraak van 'n spesiale leksikon .......... 4

**1.3 Navorsingsvrae** .......... 4

**1.4 Doelwitte en doelstellings** .......... 4

1.4.1 Die behoefte aan 'n Afrikaanse uitspraakwoordeboek .......... 5

1.4.2 Algemene Afrikaanse mediauitspraak van 'n spesiale leksikon .......... 5

1.4.3 Houding oor algemene Afrikaanse mediauitspraak van 'n spesiale leksikon .......... 5

**1.5 Hipoteses** .......... 5

1.5.1 Behoefte aan 'n Afrikaanse uitspraakwoordeboek .......... 5

1.5.2 Algemene Afrikaanse mediauitspraak van 'n spesiale leksikon .......... 6

1.5.3 Houding oor algemene Afrikaanse mediauitspraak van 'n spesiale leksikon .......... 6

**1.6 Metodologie** .......... 7

1.6.1 Skopus .......... 7

1.6.2 Literatuuroorsig ... 9

1.6.3 Empiriese ondersoek ... 9

**1.7 Hoofstukuiteensetting ... 11**

**HOOFSTUK 2 BEHOEFTE AAN 'N AFRIKAANSE UITSPRAAKWOORDEBOEK ... 12**

**2.1 Konteks en agtergrond ... 12**

**2.2 Literatuurstudie ... 12**

2.2.1 Situasie-analise ... 12

2.2.2 Aspekte van 'n behoeftebepaling ... 20

**2.3 Behoeftebepaling ... 26**

2.3.1 Navorsingsvrae ... 26

2.3.2 Hipoteses ... 27

2.3.3 Terreinafbakening ... 27

2.3.4 Steekproef ... 28

2.3.5 Toetsinstrumente ... 29

2.3.6 Operasionalisering ... 34

**2.4 Resultate van die behoeftebepaling ... 35**

2.4.1 Respondentprofiel ... 35

2.4.2 Behoefte aan 'n uitspraakwoordeboek ... 43

2.4.3 Taalbehoefte ... 43

**2.5 Gevolgtrekking ... 52**

**HOOFSTUK 3 ALGEMENE AFRIKAANSE MEDIAUITSPRAAK VAN 'N SPESIALE LEKSIKON ... 55**

**3.1 Konteks en agtergrond ... 55**

**3.2 Literatuurstudie ... 56**

3.2.1 Faktore wat die uitspraak van ’n spesiale leksikon beïnvloed ... 56

**3.3 Doelwit van eksperiment ... 59**

3.3.1 Hipotese ... 60

3.3.2 Terreinafbakening ... 60

3.3.3 Toetsmateriaal ... 60

3.3.4 Steekproef ... 62

3.3.5 Dataontleding ... 65

**3.4 Bepaling van algemene Afrikaanse mediauitspraak ... 66**

3.4.1 Resultate: Zoeloe ... 66

3.4.2 Resultate: Spaans ... 89

3.4.3 Resultate: Mandaryns ... 99

**3.5 Gevolgtrekking ... 106**

**HOOFSTUK 4 HOUDING OOR ALGEMENE AFRIKAANSE MEDIAUITSPRAAK VAN ’N SPESIALE LEKSIKON ... 107**

**4.1 Konteks en agtergrond ... 107**

**4.2 Terminologie ... 107**

**4.3 Houdingstudies ... 108**

4.3.1 Komponente van houdingstudies ... 108

4.3.2 Metodes van houdingstudies ... 109

4.3.3 Vorige houdingstudies ... 111

**4.4 Eksperiment 2: Houding oor algemene Afrikaanse mediauitspraak van 'n spesiale leksikon ... 113**

4.4.1 Doelwit van eksperiment ... 113

4.4.2 Metodologie ... 113

4.4.3 Toetsmateriaal ... 114

4.4.4 Operasionalisering ... 116

4.4.5 Resultate ... 117

**4.5 Houding oor algemene Afrikaanse mediauitspraak van Zoeloe ... 118**

4.5.1 Amanzimtoti ... 118

4.5.2 Ezinqoleni ... 126

4.5.3 Mfecane ... 131

4.5.4 Umqombothi ... 138

4.5.5 Samevatting: Afrikaanssprekendes se houding oor mediauitspraak van Zoeloe ... 143

**4.6 Houding oor algemene Afrikaanse mediauitspraak van Spaans ... 146**

4.6.1 Meksiko ... 148

4.6.2 Michoacán ... 154

4.6.3 Vigilante ... 159

4.6.4 Quesadilla ... 164

Samevatting: Afrikaansprekendes se houding oor mediauitspraak van Spaans ... 170

**4.7 Houding oor algemene Afrikaanse mediauitspraak van Mandaryns ... 173**

4.7.1 Wuhan ... 175

4.7.2 Luoyang ... 180

4.7.3 Koeng foe ... 186

4.7.4 Ejiao ... 192

4.7.5 Samevatting: Afrikaanssprekendes se houding oor mediauitspraak van Mandaryns ... 197

**4.8 Vergelykings van resultate ... 200**

4.8.1 Vergelyking van herkenning ... 200

4.8.2 Vergelyking van voorkeurvolgorde ... 202

4.8.3 Vergelyking van voorkeurredes ... 204

4.8.4 Vergelyking van afkeurredes ... 206

**4.9 Gevolgtrekking ... 208**

**HOOFSTUK 5 SLOT ... 209**

**5.1 Inleiding ... 209**

**5.2 Behoefte aan ’n Afrikaanse uitspraakwoordeboek ... 209**

**5.3 Algemene Afrikaanse mediauitspraak van ’n spesiale leksikon ... 212**

**5.4 Houdings oor die algemene Afrikaanse mediauitspraak van ’n spesiale leksikon ... 214**

**5.5 Bydrae van studie ... 215**

**BIBLIOGRAFIE ... 217**

**BYLAAG A: ETIEKKLARING ... 240**

**BYLAAG B: VERKLARING VAN REDIGEERDER ... 242**

**BYLAAG C: HERSPELLINGSISTEEM ... 243**

**BYLAAG D: KONTAKBRIEF AAN MEDIA ... 247**

**BYLAAG E: STASIES WAT GEKONTAK IS ... 248**

**BYLAAG F: INGELIGTE TOESTEMMINGSBRIEF ........ 249**

**BYLAAG G: ELEKTRONIESE VRAELYS VAN BEHOEFTEBEPALING ........ 250**

**BYLAAG H: SEMIGESTRUKTUREERDE ONDERHOUD VAN BEHOEFTEBEPALING ........ 272**

**BYLAAG I: SEMIGESTRUKTUREERDE ONDERHOUD VAN UITSPRAAKBEPALING ........ 273**

**BYLAAG J: TURNITIN ........ 298**

**BYLAAG K: KI-GEBRUIK IN NAVORSING ........ 301**

# LYS TABELLE


Tabel 2-1: Demografiese profiel van respondente van behoeftebepaling ..................... 36

Tabel 2-2: Respondente se behoefte aan uitspraakleiding vir inheemse tale ............... 45

Tabel 2-3: Respondente se behoefte aan uitspraakleiding vir nie-inheemse tale .......... 47

Tabel 3-1: Demografie van respondente vir eksperiment 1 .......................................... 64

Tabel 3-2: Zoeloe-foneme wat nie in Afrikaans voorkom nie ........................................ 69

Tabel 3-3: Samestelling van Zoeloe-woorde ................................................................ 69

Tabel 3-4: Algemeenste uitsprake van *Ezinqoleni* ....................................................... 71

Tabel 3-5: Grafeem *e* in *Ezinqoleni* ............................................................................ 72

Tabel 3-6: Uitspraak van *i* in die middel van *Ezinqoleni* ............................................... 72

Tabel 3-7: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *ng* in *Ezinqoleni* ......................... 73

Tabel 3-8: Uitspraak van grafeem *o* in *Ezinqoleni* ....................................................... 74

Tabel 3-9: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *Isolezwe* ................................... 75

Tabel 3-10: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *Xolisile* ..................................... 77

Tabel 3-11: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *x* ............................................... 78

Tabel 3-12: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *Dlangalala* ................................ 79

Tabel 3-13: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *dl* .............................................. 80

Tabel 3-14 Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *imbizo* ...................................... 81

Tabel 3-15: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van grafeme *i* in *imbizo* .................... 82

Tabel 3-16: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *o* in *imbizo* ................................ 83

Tabel 3-17: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *Langelihle* ................................. 84

Tabel 3-18: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *e* in *Langelihle* .......................... 84

Tabel 3-19: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *hl* ... 85

Tabel 3-20: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *Radebe* ... 86

Tabel 3-21: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *Nqutu* ... 87

Tabel 3-22: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *Cibane* ... 87

Tabel 3-23: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *c* ... 88

Tabel 3-24: Samestelling van Spaanse woorde ... 89

Tabel 3-25: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *Meksiko* ... 91

Tabel 3-26 Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *o* in *Meksiko* ... 91

Tabel 3-27: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *Guadalajara* ... 92

Tabel 3-28: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *g* in *Guadalajara* ... 93

Tabel 3-29: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *j* in *Guadalajara* ... 94

Tabel 3-30: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *vigilante* ... 96

Tabel 3-31: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *Michoacán* ... 97

Tabel 3-32: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *Miguel* ... 98

Tabel 3-33: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *Patino* ... 99

Tabel 3-34: Samestelling van Mandarynse woorde ... 100

Tabel 3-35: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *Huawei* ... 101

Tabel 3-36: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *koeng foe* ... 102

Tabel 3-37: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *Xi Jinping* ... 103

Tabel 3-38: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *x in xi* ... 104

Tabel 3-39: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *j in Jinping* ... 106

Tabel 4-1: Demografiese gegewens van respondente van die taalhoudingsvraelys ... 117

Tabel 4-2: Samestelling van Zoeloe-toetswoorde........................................................ 118

Tabel 4-3: Vergelyking van stemkunstenaar se uitsprake van *Amanzimtoti* ................ 119

Tabel 4-4: Addisionele redes vir T1-voorkeur van *Amanzimtoti*.................................. 123

Tabel 4-5: Addisionele redes vir T2-voorkeur van *Amanzimtoti*.................................. 124

Tabel 4-6: Addisionele redes vir T3-afkeur van *Amanzimtoti*...................................... 125

Tabel 4-7: Vergelyking van stemkunstenaar se uitsprake van *Ezinqoleni* .................. 126

Tabel 4-8: Addisionele redes vir T3-voorkeur van *Ezinqoleni*..................................... 130

Tabel 4-9: Addisionele redes vir T2-afkeur van *Ezinqoleni*......................................... 131

Tabel 4-10: Vergelyking van stemkunstenaar se uitsprake van *mfecane* ...................... 133

Tabel 4-11: Addisionele redes vir T1-voorkeur van *mfecane*........................................ 136

Tabel 4-12: Addisionele kommentaar vir T2-afkeur van *mfecane*................................. 137

Tabel 4-13: Vergelyking van stemkunstenaar se uitsprake van *umqombothi* ................ 138

Tabel 4-14: Addisionele kommentaar vir T3-voorkeur van *umqombothi*........................ 142

Tabel 4-15 Addisionele kommentaar vir T2-afkeur van *umqombothi*............................ 143

Tabel 4-16: Samestelling van Spaanse toetswoorde.................................................... 147

Tabel 4-17 Vergelyking van stemkunstenaar se uitsprake van *Meksiko*....................... 148

Tabel 4-18: Addisionele redes vir T1-voorkeur van *Meksiko* ........................................ 151

Tabel 4-19: Addisionele kommentaar vir T3-afkeur van *Meksiko* ................................. 153

Tabel 4-20: Vergelyking van stemkunstenaar se uitsprake van *Michoacán*.................. 154

Tabel 4-21: Addisionele kommentaar vir T3-voorkeur van *Michoacán* .......................... 157

Tabel 4-22: Addisionele kommentaar vir T2-afkeur van *Michoacán* ............................. 158

Tabel 4-23: Vergelyking van stemkunstenaar se uitsprake van *vigilante*....................... 159

Tabel 4-24: Addisionele kommentaar vir T2-voorkeur van *vigilante* .............................. 162

Tabel 4-25: Addisionele kommentaar vir T3-afkeur van die HFL *vigilante* ..................... 163

Tabel 4-26: Vergelyking van stemkunstenaar se uitsprake van *quesadilla* .................... 165

Tabel 4-27: Addisionele kommentaar vir T3-voorkeur van *quesadilla* ........................... 168

Tabel 4-28: Addisionele kommentaar vir T2-afkeur van *quesadilla* ............................... 169

Tabel 4-29: Samestelling van Mandarynse toetsitems .................................................. 174

Tabel 4-30: Vergelyking van stemkunstenaar se uitsprake van *Wuhan*......................... 175

Tabel 4-31: Addisionele kommentaar oor die T3-voorkeur vir *Wuhan* ........................... 178

Tabel 4-32: Addisionele kommentaar vir T2-afkeur van *Wuhan* ................................... 180

Tabel 4-33: Vergelyking van stemkunstenaar se uitsprake van *Luoyang* ...................... 181

Tabel 4-34: Addisionele redes vir T1-voorkeur vir *Luoyang*........................................... 185

Tabel 4-35: Addisionele kommentaar oor T2-afkeur van *Luoyang* ............................... 186

Tabel 4-36: Vergelyking van stemkunstenaar se uitsprake van *koeng foe* .................... 187

Tabel 4-37: Addisionele kommentaar vir T1-voorkeur vir *koeng foe*.............................. 190

Tabel 4-38: Addisionele kommentaar vir T2-afkeur van *koeng foe*................................ 191

Tabel 4-39: Vergelyking van stemkunstenaar se uitsprake: *ejiao*.................................. 193

Tabel 4-40: Addisionele kommentaar aangaande T2-voorkeur: *ejiao*............................ 196

# LYS FIGURE


Figuur 2-1: Uitsaaitale van respondente ........ 38

Figuur 2-2: Reikwydte van die deelnemende radiostasies ........ 39

Figuur 2-3: Selfevaluasie van uitspraak ........ 42

Figuur 2-4: Aksent waarin uitspraakleiding verlang word ........ 48

Figuur 2-5: Toestel vir uitspraakleiding ........ 50

Figuur 2-6: Metode van uitspraakleiding ........ 52

Figuur 3-1: Fiktiewe nuusberig ........ 62

Figuur 4-1: Herkenning van uitspraakverskille van *Amanzimtoti* ........ 121

Figuur 4-2: Voorkeurvolgorde van *Amanzimtoti* ........ 121

Figuur 4-3: Redes vir T1/T2-voorkeur van *Amanzimtoti* ........ 122

Figuur 4-4: Redes vir T3-afkeur van *Amanzimtoti* ........ 125

Figuur 4-5: Herkenning van uitspraakverskille van *Ezinqoleni* ........ 128

Figuur 4-6: Voorkeurvolgorde van Ezinqoleni ........ 129

Figuur 4-7: Redes vir T3-voorkeur van *Ezinqoleni* ........ 129

Figuur 4-8: Redes vir T2-afkeur van *Ezinqoleni* ........ 131

Figuur 4-9: Herkenning van uitspraakverskille van *mfecane* ........ 135

Figuur 4-10: Voorkeurvolgorde van *mfecane* ........ 135

Figuur 4-11: Redes vir T1-voorkeur van *mfecane* ........ 136

Figuur 4-12: Redes vir T2-afkeur van mfecane ........ 137

Figuur 4-13: Herkenning van uitspraakverskille van *umqombothi* ........ 140

Figuur 4-14: Voorkeurvolgorde van *umqombothi* ........ 141

Figuur 4-15: Redes vir T3-voorkeur van *umqombothi* ..... 141

Figuur 4-16: Redes vir T2-afkeur van *umqombothi* ..... 142

Figuur 4-17: Herkenning van uitspraakverskille van Zoeloe ..... 144

Figuur 4-18: Voorkeurvolgorde van Zoeloe ..... 145

Figuur 4-19: Voorkeurredes vir Zoeloe ..... 145

Figuur 4-20: Afkeurredes vir Zoeloe ..... 146

Figuur 4-21: Herkenning van uitspraakverskille van *Meksiko* ..... 149

Figuur 4-22: Voorkeurvolgorde van *Meksiko* ..... 150

Figuur 4-23: Redes vir T1-voorkeur van *Meksiko* ..... 151

Figuur 4-24: Redes vir T3-afkeur van *Meksiko* ..... 153

Figuur 4-25: Herkenning van uitspraakverskille van *Michoacán* ..... 156

Figuur 4-26: Voorkeurvolgorde van *Michoacán* ..... 156

Figuur 4-27: Redes vir T3-voorkeur van *Michoacán* ..... 157

Figuur 4-28: Redes vir T2-afkeur van *Michoacán* ..... 158

Figuur 4-29: Herkenning van uitspraakverskille van *vigilante* ..... 160

Figuur 4-30: Voorkeurvolgorde: *vigilante* ..... 161

Figuur 4-31: Redes vir T2-voorkeur van *vigilante* ..... 161

Figuur 4-32: Redes vir T3-afkeur van *vigilante* ..... 163

Figuur 4-33: Herkenning van uitspraakverskille van *quesadilla* ..... 166

Figuur 4-34: Voorkeurvolgorde van *quesadilla* ..... 167

Figuur 4-35: Redes vir T3-voorkeur van *quesadilla* ..... 167

Figuur 4-36: Redes vir T2-afkeuruitspraak van *quesadilla* ..... 169

Figuur 4-37: Herkenning van uitspraakverskille van Spaanse woorde .......................... 170

Figuur 4-38: Voorkeurvolgorde van Spaans .......................... 171

Figuur 4-39: Voorkeurredes van Spaans .......................... 172

Figuur 4-40: Afkeurredes van Spaans .......................... 173

Figuur 4-41: Herkenning van uitspraakverskille: *Wuhan* .......................... 177

Figuur 4-42: Voorkeurvolgorde van *Wuhan* .......................... 177

Figuur 4-43: Redes vir T3-voorkeur vir *Wuhan* .......................... 178

Figuur 4-44: Redes vir T2-afkeur vir *Wuhan* .......................... 179

Figuur 4-45: Herkenning van uitspraakverskille van Louyang .......................... 182

Figuur 4-46: Voorkeurvolgorde van *Luoyang* .......................... 183

Figuur 4-47: Redes vir T1-voorkeur vir *Luoyang* .......................... 184

Figuur 4-48: Redes vir T2-afkeur van *Luoyang* .......................... 185

Figuur 4-49: Herkenning van uitspraakverskille van *koeng foe* .......................... 188

Figuur 4-50 Voorkeurvolgorde volgens ouderdom van *koeng foe* .......................... 189

Figuur 4-51: Redes vir T1-voorkeur vir *koeng foe* .......................... 189

Figuur 4-52: Redes vir T2-afkeur van *koeng foe* .......................... 191

Figuur 4-53: Herkenning van uitspraakverskille van *ejiao* .......................... 195

Figuur 4-54: Voorkeurvolgorde: *ejiao* .......................... 195

Figuur 4-55 Redes vir T2-voorkeur: *ejiao* .......................... 196

Figuur 4-56: Redes vir T3-afkeur: *ejiao* .......................... 197

Figuur 4-57: Herkenning van uitspraakverskille van Mandaryns .......................... 198

Figuur 4-58: Voorkeurvolgorde van Mandaryns .......................... 199

Figuur 4-59: Voorkeurredes vir Mandaryns ... 199

Figuur 4-60: Respondente se afkeurredes vir Mandaryns ... 200

Figuur 4-61 : Herkenning van uitspraakverskille van al die tale ... 201

Figuur 4-62: Herkenning van uitspraakverskille van al die woordtipes ... 202

Figuur 4-64: Voorkeurvolgorde van al die tale ... 203

Figuur 4-64: Voorkeurvolgorde van al die woordtipes ... 204

Figuur 4-65: Voorkeurredes van al die tale ... 205

Figuur 4-66: Voorkeurredes vir al die woordtipes ... 206

Figuur 4-67: Afkeurredes vir al die tale ... 207

Figuur 4-68: Afkeurredes vir al die tale ... 207

Figuur 5-1: Raamwerk vir ’n lemma in ’n selfoontoepassing ... 212

# HOOFSTUK 1 KONTEKSTUALISERING

## 1.1 Konteks en agtergrond

> *"To listen to our good friends, the opposition: you can think you live in another world. You know, some people who could not pronounce 'Nkandla' have now learnt: 'Nkandla, Nkandla, Nkandla …' Even if you tell them the Nkandla report is being processed, it is going to come; they say 'Nkandla'. Even if you are discussing serious matters, they raise points of order and say 'Nkandla'. That is a problem."*

Hierdie woorde van Jacob Zuma (SABC News, 2015) waarin hy die uitspraak van die pleknaam *Nkandla* deur sekere lede van die parlement spottend naboots, illustreer die konteks en aktualiteit van hierdie studie, naamlik om uitspraakleiding aan professionele gebruikers (soos nuuslesers) te gee oor die uitspreek van onder andere leenwoorde en eie- en plekname met vreemde herkoms.

Dit is reeds tien jaar ná hierdie woorde van Zuma en die behoefte bestaan steeds. 'n Omroeper van 'n nasionale radiostasie maak in 2025 die volgende voorspelling:

> *"As julle so iets kan ontwikkel, sal daar 'n hele industrie wees wat julle ewig dankbaar sal wees."*

Die "so iets" waarna die omroeper verwys, is 'n Afrikaanse uitspraakwoordeboek, en meer spesifiek 'n uitspraakwoordeboek wat ook leiding gee oor die uitspraak van leenwoorde en eiename uit vreemde tale in Afrikaans. Die "industrie" waarna die omroeper verwys, is die uitsaaiwese wat rolspelers soos byvoorbeeld nuuslesers, sportkommentators, joernaliste en programaanbieders insluit.

'n Ondersoek na die huidige arsenaal van Afrikaanse woordeboeke bevestig hierdie leemte met die *Uitspraakwoordeboek vir Afrikaans* deur Le Roux en Pienaar (1976) wat die enigste woordeboek is wat tot dusver omvattende uitspraakleiding bevat het. Die probleem met hierdie woordeboek is dat dit vir die eerste keer in 1945 verskyn het en die laaste keer in 1976 opgedateer is. Afgesien van die feit dat die sosiolinguistiese en politieke landskap in Suid-Afrika en die wêreld sedert 1976 drasties verander en nuwe uitspraakbehoeftes by professionele sprekers soos nuuslesers laat ontstaan het, bevat hierdie bron slegs enkele riglyne vir die uitspraak van Afrikaanse name en vanne met bykans geen leiding vir die uitspraak van leenwoorde en eiename uit vreemde tale nie.

Dit is egter nie net die sosiolinguistiese en politieke landskap in Suid-Afrika wat verander het nie. Tegnologiese vooruitgang en die opkoms van produkte vir spraakherkenning (soos Google Assistent, Apple se Siri en Amazon se Alexa) en spraakgenerering (soos dikteerstelsels) het

uitspraakriglyne noodsaaklik gemaak indien enige van sodanige produkte vir Afrikaans (en die ander inheemse tale van Suid-Afrika) ontwikkel wil word. Daar is wel Afrikaanse woordeboeke wat vir taaltegnologiedoeleindes ontwikkel is, maar dit is nie gerig is op eindgebruikers nie (Barnard *et al.*, 2013, 2014; Davel & De Wet, 2010; Davel & Martirosian, 2009; Engelbrecht & Schultz, 2005; Kgampe & Davel, 2010, 2011; Thirion *et al.*, 2019).

## 1.2 Probleemstelling

Die oorkoepelende probleem wat hierdie navorsing rig, is die gebrek aan resente hedendaagse uitspraakhulpbronne vir Afrikaans. Hierdie navorsing spreek drie spesifieke probleme binne hierdie algemene tema aan:

1. Daar is nie duidelikheid oor die presiese aard van die behoefte aan ŉ Afrikaanse uitspraakwoordeboek onder professionele eindgebruikers (soos nuuslesers) nie.
2. Ons weet nie wat die algemene Afrikaanse mediauitspraak van leenwoorde en eie- en plekname uit vreemde tale is nie.
3. Daar is nog nooit navorsing gedoen oor wat Afrikaanssprekendes se houding teenoor die algemene Afrikaanse mediauitspraak van leenwoorde en eie- en plekname uit vreemde tale is nie.

Elk van die probleme word vervolgens kortliks toegelig.

### 1.2.1 Behoefte aan ’n uitspraakwoordeboek

Jackson (2002:34-35) beskou uitspraakwoordeboeke as spesialiswoordeboeke. Hierdie spesialisklassifikasie van uitspraakwoordeboeke is ’n aanduiding dat net gebruikers met ’n spesifieke belang in die korrekte uitspraak van woorde in Afrikaans ’n behoefte na sodanige woordeboek sal hê. ’n Verkennende studie deur Van Huyssteen en Luther (in voorbereiding) dui ook inderdaad aan dat gebruikers soos radio- en televisiejoernaliste en -omroepers, asook onderwysers en leerders van Afrikaans, waarskynlik ’n behoefte na ’n uitspraakwoordeboek het. Die volgende spesifieke probleemstellings met betrekking tot ’n behoefte aan ’n uitspraakwoordeboek is geïdentifiseer:

- Ons weet nie vir watter tale moontlike eindgebruikers uitspraakleiding verlang nie.
- Dit is nie duidelik wat die omvang van so ’n Afrikaanse uitspraakwoordeboek moet wees nie. Sou dit byvoorbeeld slegs eiename, leenwoorde, “moeilike” woorde, of net ’n kernwoordeskat insluit?

- Ons weet nie of eindgebruikers verkies om net die algemene Afrikaanse uitspraak van ’n vreemde of leenwoord van nie-Afrikaanse herkoms te bekom en of hulle eerder inligting oor verskillende moontlike uitsprake van sodanige woord sou wou hê nie.

- Dit is nie duidelik watter toestel eindgebruikers sou verkies om toegang tot ’n uitspraakbron te verkry nie. Verkies hulle byvoorbeeld ’n geskrewe bron, ’n selfoontoepassing, of ’n webwerf waar uitspraaknavrae ingevoer kan word?

    - Indien daar ’n behoefte aan uitspraakleiding in ’n geskrewe vorm is, weet ons nie of eindgebruikers die Internasionale Fonetiese Alfabet (IFA), Extended Speech Assessment Methods Phonetic Alphabet (X-SAMPA), ’n Afrikaanse herspellingsisteem of ’n geskrewe verduideliking om die vorming van moeilike of vreemde foneme te demonstreer, verkies nie.
    - Indien eindgebruikers ’n elektroniese bron verkies, is dit nie duidelik watter multimedia vir hulle die nuttigste sal wees nie. Sou hulle klanklêers met voorbeelde van die uitspraak, of video’s wat die vorming van vreemde of moeilike foneme uitbeeld, verkies?

### 1.2.2 Algemene Afrikaanse mediauitspraak van ’n spesiale leksikon

Om ’n algemene uitspraak te bepaal, is nie ’n maklike taak nie. Du Plessis (2016:6) stel voor dat gesproke media as bron gebruik word om ’n algemene uitspraak van Afrikaans vas te stel. Bell (1983:29) ondersteun hierdie voorstel deur daarop te wys dat dit ook internasionale gebruik is om die algemene uitspraak van ’n taal deur gesproke media te bepaal, omdat mediauitspraak in die meeste lande as verteenwoordigend van standaardtaal beskou word. Dit word ook deur sprekers van daardie taal as navolgenswaardig beskou. Een van die respondente verwoord hierdie neiging soos volg: “Natuurlik moet omroepers vreemde tale reg uitspreek. Netnou doen ek dit in my onkunde na.” Nie net reflekteer dit taalpersepsies van die samelewing in geheel nie, maar ter wille van konsekwentheid word keuses reeds by wisselvorme wat deur omroepers gevolg word, gemaak. Die volgende spesifieke probleemstellings aangaande die algemene uitspraak van ’n spesiale leksikon uit die Afrikaanse woordeskat is geïdentifiseer:

- Ons weet nie wat die algemene Afrikaanse mediauitspraak van leenwoorde uit vreemde tale is nie.

- Net so weet ons ook nie wat die algemene Afrikaanse mediauitspraak van eiename uit vreemde tale is nie.

### 1.2.3 Houding oor algemene Afrikaanse mediauitspraak van 'n spesiale leksikon

Waar dit oor uitspraak gaan, is die blote bepaling van die algemene mediauitspraak nie die enigste faktor wat in ag geneem moet word nie. Dit is ook belangrik om die houding van Afrikaansprekendes teenoor die algemene Afrikaanse mediauitspraak vas te stel (Carstens, 2018). Tot op hede is geen studie gedoen wat lig op hierdie onderwerp met betrekking tot Afrikaans kan werp nie.

Die volgende spesifieke probleemstellings kan dus gemaak word:

- Dit is nie duidelik wat Afrikaanssprekendes se houding teenoor die algemene Afrikaanse mediauitspraak van leenwoorde uit vreemde tale is nie.
- Dit is nie duidelik wat Afrikaanssprekendes se houding teenoor die algemene Afrikaanse mediauitspraak van eiename uit vreemde tale is nie.

## 1.3 Navorsingsvrae

Die belangrikste navorsingsvrae wat uit hierdie probleemstelling voortspruit, is die volgende:

1 Die behoefte aan 'n Afrikaanse uitspraakwoordeboek

- Wie het 'n behoefte?
- Wat moet die omvang van so 'n woordeboek wees?
- Wat moet die formaat van so 'n uitspraakwoordeboek wees?

2 Algemene Afrikaanse mediauitspraak van 'n gedifferensieerde leksikon

- Wat is die algemene Afrikaanse mediauitspraak van leenwoorde uit vreemde tale?
- Wat is die algemene Afrikaanse mediauitspraak van eiename uit vreemde tale?

3 Houding van Afrikaanse sprekers

- Wat is die gesindheid van Afrikaanssprekendes teenoor die algemene Afrikaanse mediauitspraak van leenwoorde uit vreemde tale?
- Wat is die gesindheid van Afrikaanssprekendes teenoor die algemene Afrikaanse mediauitspraak van eiename uit vreemde tale?

## 1.4 Doelwitte en doelstellings

Deur hierdie navorsingsvrae te beantwoord, het hierdie studie die volgende doelstellings:

### 1.4.1 Die behoefte aan ’n Afrikaanse uitspraakwoordeboek

Wat die behoefte aan ’n uitspraakwoordeboek betref, het die navorsing ten doel om vas te stel:

- wie ’n behoefte aan ’n Afrikaanse uitspraakwoordeboek het;
- wat eindgebruikers se verwagtinge aangaande die omvang van ’n uitspraakwoordeboek is; en
- wat eindgebruikers se verwagtinge aangaande die formaat van ’n uitspraakwoordeboek is.

### 1.4.2 Algemene Afrikaanse mediauitspraak van ’n spesiale leksikon

Wat die bepaling van ’n algemene Afrikaanse mediauitspraak betref, poog hierdie studie om vas te stel:

- wat die algemene Afrikaanse mediauitspraak van leenwoorde en eiename uit vreemde tale is; en
- wat die algemene Afrikaanse mediauitspraak van eiename uit vreemde tale is.

### 1.4.3 Houding oor algemene Afrikaanse mediauitspraak van ’n spesiale leksikon

Aangesien die aanvaarding van ’n uitspraak deur die gesindhede van die sprekers bepaal word, het die navorsing spesifiek ten doel om vas te stel:

- wat Afrikaanssprekendes se gesindheid jeens die algemene uitspraak van leenwoorde en eiename uit vreemde tale is.

## 1.5 Hipoteses

### 1.5.1 Behoefte aan ’n Afrikaanse uitspraakwoordeboek

Oor ’n behoefte aan ’n Afrikaanse uitspraakwoordeboek kan die volgende hipoteses gestel word:

- Nulhipotese: Daar is nie ’n behoefte aan ’n Afrikaanse uitspraakwoordeboek onder omroepers nie.
- Hipotese: Daar is ’n behoefte aan ’n Afrikaanse uitspraakwoordeboek onder omroepers.

Oor die tale wat in woordeboek opgeneem moet word, kan die volgende hipoteses gestel word:

- Nulhipotese: Eindgebruikers het nie ’n spesifieke behoefte aangaande die tale wat in ’n uitspraakwoordeboek opgeneem moet word nie.

- Hipotese: Eindgebruikers het ’n groter behoefte aan uitspraakleiding van leenwoorde en eiename uit nie-Germaanse as Germaanse tale.

Oor die omvang van ’n Afrikaanse uitspraakwoordeboek kan die volgende hipoteses gestel word:

- Nulhipotese: Eindgebruikers het nie ’n spesifieke behoefte aangaande die omvang van ’n Afrikaanse uitspraakwoordeboek nie.

- Hipotese: Eindgebruikers het ’n spesifieke behoefte aan uitspraakleiding vir (a) leenwoorde, en (b) eiename uit vreemde tale.

### 1.5.2 Algemene Afrikaanse mediauitspraak van ’n spesiale leksikon

Oor die algemene Afrikaanse mediauitspraak van leenwoorde en eiename uit vreemde tale kan die volgende hipoteses gestel word:

- Nulhipotese: Daar bestaan nie ’n algemene Afrikaanse mediauitspraak vir leenwoorde en eiename uit vreemde tale nie.
- Hipotese: Daar bestaan ’n algemene Afrikaanse mediauitspraak vir leenwoorde en eiename uit vreemde tale en een of meer van die volgende sisteme kan gevolg word:

  verafrikaanste fonologiese sisteem (T1);
  Engelse, spesifiek Amerikaanse Engelse (VSA-E), fonologiese sisteem (T2);
  brontaal se fonologiese sisteem (T3);
  gemengde sisteem en/of
  onbekende sisteem.

### 1.5.3 Houding oor algemene Afrikaanse mediauitspraak van ’n spesiale leksikon

Oor die houding van Afrikaanssprekendes oor die algemene Afrikaanse mediauitspraak van leenwoorde en eiename uit vreemde tale kan die volgende hipoteses gestel word:

- Nulhipotese: Afrikaanssprekendes handhaaf nie ’n spesifieke houding oor die algemene Afrikaanse mediauitspraak van leenwoorde en eiename uit vreemde tale nie.

- Hipotese: Afrikaanssprekendes handhaaf ’n spesifieke houding teenoor die algemene Afrikaanse mediauitspraak van leenwoorde en eiename uit vreemde tale.

## 1.6 Metodologie

### 1.6.1 Skopus

- **Take**
- Neem besluite oor die formaat en omvang van ’n Afrikaanse uitspraakwoordeboek.
- Bepaal die algemene Afrikaanse mediauitspraak van leenwoorde en eiename uit vreemde tale.
- Bepaal Afrikaanssprekendes se gesindheid oor die algemene Afrikaanse mediauitspraak (of variante daarvan) van leenwoorde en eiename uit vreemde tale.

- **Tale**

Ten einde hierdie navorsing in te kader, is die veronderstelling gemaak dat foneme en uitspraakverskynsels in Germaanse tale tot ’n groter mate met mekaar ooreenstem as met nie-Germaanse tale. Aangesien Afrikaans ’n Germaanse taal is, is die vergelykende tale uit ander taalfamilies as Germaans gekies. Die aantal en verspreiding van sprekers is ook met die besluit oor tale vir hierdie studie in ag geneem. Die volgende tale word ondersoek:

1. Zoeloe: Aangesien Zoeloe die grootste aantal moedertaalsprekers (24%) in Suid-Afrika het (Statistics South Africa, 2023:22), is besluit om Zoeloe as verteenwoordigend van die inheemse tale in Suid-Afrika te ondersoek.
2. Mandaryns: Chinees is ’n Sino-Tibetaanse taal wat volgens Wikipedia Contributors (2020) die grootste aantal moedertaalsprekers (1,3 miljard) in die wêreld het. Die fokus hier is spesifiek op die uitspraak van Mandaryns, omdat dit die grootste variëteit van Chinees is.
3. Spaans: As lid van die Romaanse taalfamilie met 485 miljoen sprekers is Spaans naas Chinees dié taal wat die meeste moedertaalsprekers in die wêreld het. Van hierdie sprekers bly 125 miljoen in Meksiko alleen. As gevolg van die groot aantal sprekers in Meksiko, is besluit om vir die doeleindes van hierdie studie op die Spaanse variëteit wat in Meksiko gepraat word, te fokus (Wikipedia Contributors, 2020).
4. Alhoewel die algemene mediauitspraak van vreemde leenwoorde en eiename uit Engels nie in hierdie studie ondersoek is nie, is die Amerikaans-Engelse aksent (VSA-E) by die eerste eksperiment in hoofstuk 3 in ag geneem om vas te stel of respondente hulle tweede taal (T2) as linguistiese verwysingsraamwerk gebruik om leenwoorde en eiename uit vreemde tale uit te spreek. Die uitspraak van VSA-E is ook in hoofstuk 4 ingesluit om vas te stel wat Afrikaanssprekendes se houding jeens die VSA-E-uitspraak van leenwoorde en eiename uit vreemde tale is.

Ten spyte van die feit dat die standaardvariëteit van Britse Engels (GB-E) as gevolg van Suid-Afrika se koloniale verlede as die modeluitspraak vir tweede- of vreemdetaalonderrig, asook tot so laat as die sewentigerjare vir nuusomroepers in Suid-Afrika was (Lanham, 1996:xxi), het die keuse van variëteit op VSA-E geval omdat Amerika sedert die begin van die twintigste eeu Groot-Brittanje se plek as 'n wêreldmoondheid begin inneem. Amerika het nie net polities en ekonomies as een van die grootste lande in die wêreld gegroei nie, maar die Amerikaanse kultuur het wêreldwyd bekender as die Britse kultuur (en uitspraak) geword. Bayard *et al*. (2001:41) beskryf Amerika se kulturele invloed op die wêreld as "the inexorable pressure of American global hemegony in all its guises: fast food, pop music, films, middle class TV sitcoms ..., and in particular, the globalisation of world media based on American models".

As gevolg van laasgenoemde fenomeen veronderstel Ladegaard en Sachdev (2006:94) dat VSA-E-uitspraak veral deur jonger mense gevolg word en dat jonger mense se taalhouding teenoor VSA-E ook meer positief en ook aanvaarbaar geraak het. Die houdings van Afrikaanssprekendes jeens 'n Engelse, en spesifiek teenoor 'n VSA-E-uitspraak, is nog nooit ondersoek nie. Deur hierdie variëteit by die vraelys in te sluit, kan voorlopige gevolgtrekkings oor die handhawing en aanvaarding van VSA-E gemaak word.

- **Materiaal**

Die studie word beperk tot leenwoorde en eiename uit vreemde tale wat tipiese foneme bevat wat nie in Afrikaans voorkom nie, of grafeme het wat heeltemal ander foneme as die Afrikaanse spelsisteem voorstel. Verdere besonderhede aangaande die korpora en frekwensie van die woorde wat in die samestelling van die toetsmateriaal gebruik is, word in die bespreking van die eksperimente verskaf.

- **Respondente**

As Du Plessis (2016:6) se voorstel om gesproke media vir die bepaling van 'n algemene uitspraak te bepaal, gevolg word, impliseer dit binne 'n Afrikaanse konteks dat alle media soos radio, televisie of podsendings wat in die openbare domein in Suid-Afrika en Namibië in 'n gesproke vorm beskikbaar is, as bronne gebruik kan word om die algemene mediauitspraak te bepaal. Weens finansiële en tydbeperkings is besluit om vir die doel van hierdie studie slegs omroepers in Suid-Afrika as respondente te gebruik.

### 1.6.2 Literatuuroorsig

In die literatuuroorsig van die studie word gekonsentreer op navorsing en gevallestudies oor produkte vir uitspraakleiding vir Afrikaans en ander tale om vas te stel watter navorsing reeds oor die volgende aspekte van ’n uitspraakwoordeboek gedoen is:

- die behoefte aan uitspraakwoordeboeke;
- die formaat en omvang wat eindgebruikers van uitspraakwoordeboeke verwag;
- die algemene mediauitspraak van leenwoorde en eiename uit vreemde tale; en
- die houding van Afrikaanssprekendes jeens die algemene mediauitspraak van leenwoorde en eiename uit vreemde tale.

### 1.6.3 Empiriese ondersoek

Om die doelstellings van hierdie studie op Afrikaans toe te pas, is sekere empiriese navorsing nodig. Alvorens enige navorsing gedoen is, is etiekklaring van die NWU Ethics Committee for Language Matters (ECLM) verkry. Projeknommer NWU-00722-21-A7 (sien bylaag A) is aan hierdie navorsing toegeken, en die studie is as “lae risiko” geklassifiseer omdat dit ’n minimale risiko van ongemak vir die deelnemers ingehou het.

Die empiriese navorsing bestaan uit ’n behoeftebepaling (hoofstuk 2) en twee eksperimente (hoofstuk 3 en 4). Die spesifieke doelwitte en implementering van die empiriese navorsing word in detail in die onderskeie hoofstukke bespreek. Hier onder volg slegs ’n retrospektiewe samevatting van die behoeftebepaling en eksperimente.

- **Behoeftebepaling**

’n Behoeftebepaling is onder ’n steekproef van 28 respondente gedoen wat in verskillende hoedanighede as nuuslesers, sportaanbieders, joernaliste of programaanbieders by die uitsaaiwese betrokke is. Die toetsinstrumente van die behoeftebepaling het bestaan uit ’n elektroniese vraelys gevolg deur ’n semigestruktureerde onderhoud.

Die elektroniese vraelys het ’n afdeling bevat waar respondente hulle uitspraak van die geselekteerde tale moes beoordeel. Ander vrae het gehandel oor die ideale omvang en formaat van ’n woordeboek wat aan die uitspraakbehoeftes van die respondente sou voldoen.

Tydens die semigestruktureerde onderhoud is aspekte soos die gebruiksituasie waarin sodanige woordeboek gebruik sou word, ondersoek. Die invloed wat eksterne faktore soos die respondente

se werkgewers (radio- en televisiestasies), kollegas en luisteraars of kykers op hulle behoefte aan uitspraakleiding het, is ook bespreek.

- **Eksperiment 1: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van 'n spesiale leksikon**

In totaal het 32 respondente aan die eksperiment wat in hoofstuk 2 bespreek word, deelgeneem. Die doel van die eksperiment was om vas te stel wat die algemene Afrikaanse mediauitspraak van Mandaryns, Spaans en Zoeloe is. 'n Aantal eiename en leenwoorde met moeilike of vreemde foneme is uit hierdie tale geïdentifiseer en gebruik om 'n fiktiewe nuusberig te skryf wat as toetsinstrument vir die eksperiment gedien het.

Ten einde die gebruiksituasie in 'n ateljee na te boots, het respondente hoogstens 10 minute gehad om vir die nuusbulletin voor te berei. Die nuusberig is opgeneem en na die navorser gestuur vir verdere verwerking. Transkripsies van die toetswoorde se uitsprake is gedoen deur van 'n herspellingsisteem gebruik te maak (bylaag C). Hierdie woorde is ontleed deur gebruik te maak van die kontrastieweanalisemetode om onder andere te bepaal watter foneme tot die meeste uitspraakverskille gelei het, en watter linguistiese verwysingsraamwerke, indien enige, deur respondente gebruik is om leenwoorde en eiename uit vreemde tale uit te spreek. Die analise van die respondente se uitspraak is deskriptief ontleed. Kwantitatiewe metodes is bloot gebruik om tendense te identifiseer.

- **Eksperiment 2: Houding oor algemene Afrikaanse mediauitspraak van 'n spesiale leksikon**

Die doel van die tweede eksperiment wat in hoofstuk 4 bespreek word, was om vas te stel wat Afrikaanssprekendes se houding jeens die algemene Afrikaanse mediauitspraak van eiename en leenwoorde uit vreemde tale is. Vir die doel van hierdie eksperiment is 12 woorde wat 'n duidelike verskil in uitspraak tussen T1, T2 en T3 het, geïdentifiseer. Vir elk van hierdie woorde is 'n sin in die styl van 'n nuusberig geskryf. 'n Stemkunstenaar is gevra om telkens die toetswoord in die sin met die drie onderskeie uitsprake voor te lees. In totaal was daar 36 opnames wat in 'n elektroniese vraelys gebruik is en deur middel van toevallige sneeubalsteekproefneming deur middel van sosialemediaplatforms gedeel is.

Deur na die opnames van die elektroniese vraelys te luister, moes respondente eerstens aandui of hulle die verskille in uitspraak kon waarneem en of daar een uitspraak is wat hulle bo die ander verkies. Indien dit die geval was, moes hulle die onderskeie uitsprake in volgorde van voorkeur rangskik. Deur gebruik te maak van vorige taalhoudingstudies se kriteria moes deelnemers aandui waarom hulle van 'n uitspraak gehou of nie daarvan gehou het nie.

Aangesien meer as 200 respondente aan die eksperiment deelgeneem het, kon van faktor- en ooreenstemmingsanalises gebruik gemaak word om patrone in die data te ondersoek en te beskryf. Rangordekorrelasies is gebruik om verbande tussen die data en biografiese gegewens te ondersoek. Aangesien die verskille tussen die onderskeie demografiese groepe (ouderdom en geslag) aansienlik was, is van 'n kwadraattoets gebruik gemaak om te bepaal of onderlinge verskille statisties betekenisvol is. Beskrywende metodes is gebruik om die respondente se kommentaar te ontleed om algemene temas te identifiseer.

### 1.7 Hoofstukuiteensetting

- Hoofstuk 1: Kontekstualisering
- Hoofstuk 2: Behoeftebepaling aan 'n Afrikaanse uitspraakwoordeboek
- Hoofstuk 3: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van leenwoorde en eiename uit vreemde tale
- Hoofstuk 4: Die gesindheid van Afrikaanssprekendes teenoor die algemene Afrikaanse mediauitspraak van leenwoorde en eiename uit vreemde tale
- Hoofstuk 5: Gevolgtrekking

# HOOFSTUK 2 BEH OEFTE AAN ’N AFRIKAANSE UITSPRAAKWOORDEBOEK

## 2.1 Konteks en agtergrond

Leksikografie as subdissipline in die toegepaste linguistiek is nie slegs daarop gerig om nuwe teorieë te ontwikkel of navorsing te doen nie. Alhoewel leksikografiese navorsing oor onder andere die verkryging, toetsing en verwerking van data noodsaaklik is, is die primêre fokus steeds dat ’n woordeboek ’n gebruiksvoorwerp is wat aan die spesifieke behoeftes van ’n geïdentifiseerde eindgebruiker moet voldoen. Ten einde ’n nuttige uitspraakwoordeboek te ontwikkel, moet daar vasgestel word wie ’n behoefte aan leksikografiese inligting het, watter inligting verlang word en op watter manier die woordeboek ontwikkel moet word ten einde aan ’n potensiële eindgebruiker se behoeftes te voldoen.

Die enigste manier om bogenoemde vrae te beantwoord, is deur behoeftebepalings onder potensiële eindgebruikers te doen. Behoeftebepalings oor die Afrikaanse mark se leksikografiese behoeftes is egter baie skaars, omdat uitgewers gewoonlik nie navorsingsresultate in die openbare domein beskikbaar stel nie. Dit is te verstane gegewe dat uitgewers die mededingende voordeel wat so ’n interne ondersoek sou bied, wil behou (Van Huyssteen *et al.*, 2016).

Alhoewel ’n verkennende studie deur Van Huyssteen en Luther (in voorbereiding) ’n duidelike behoefte aan uitspraakleiding onder gebruikers soos radio- en televisiejoernaliste en -omroepers, asook onderwysers en leerders van Afrikaans getoon het, is hierdie behoefte nog nie verder ondersoek nie. Benewens die gebrek aan inligting oor potensiële eindgebruikers van ’n uitspraakwoordeboek, is daar ook nie sekerheid oor die omvang en formaat van sodanige uitspraakwoordeboek nie. Die doel van hierdie hoofstuk is om laasgenoemde vrae deur middel van ’n behoeftebepaling te beantwoord.

## 2.2 Literatuurstudie

Voordat die behoeftebepaling saamgestel kan word, is dit eerstens nodig om vas te stel watter uitspraakbronne reeds beskikbaar is, watter faktore gebruikers se behoefte na uitspraakleiding bepaal en uit watter komponente ’n behoeftebepaling bestaan.

### 2.2.1 Situasie-analise

Voordat daar enigsins met ’n behoeftebepaling begin word, beveel Alberts (1992:20) aan dat die huidige beskikbaarheid van produkte eers geanaliseer word, sonder inagneming van potensiële

eindgebruikers. Sy vergelyk dit met ’n “optel-en-aftreksom” wat eerstens bepaal watter produkte tans beskikbaar is en wat daar behoort te wees. Sodoende word die gaping tussen “wat is” en “wat moet wees”, gevul (Richards & Rogers, 2001:30). Vir ’n volledige situasie-analise is daar eers vasgestel watter Afrikaanse uitspraakwoordeboeke beskikbaar is voordat die beskikbaarheid van bronne vir vreemde tale ondersoek is. Die beskikbaarheid van taalverwerwingsprodukte is nie in hierdie situasie-analise ingesluit nie.

#### 2.2.1.1 Afrikaanse uitspraakleiding

’n Ondersoek van die huidige aanbod van Afrikaanse woordeboeke in die mark beklemtoon ’n duidelike leemte: Die enigste woordeboek wat tot dusver omvattende uitspraakriglyne vir Afrikaans bied, is die *Uitspraakwoordeboek van Afrikaans* deur Le Roux en Pienaar wat in 1945 verskyn het en vir die laaste keer in 1976 bygewerk is. Alhoewel hierdie bron uitspraakleiding vir die algemene leksikon in Afrikaans verskaf, is daar enkele riglyne vir die uitspreek van Afrikaanse name en vanne, maar bykans geen leiding vir eie- en plekname van vreemde herkoms nie. Ná die verskyning van hierdie publikasie kom uitspraakleiding in algemene woordeboeke soos die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (2015) (voortaan *HAT* – ook wanneer verwys word na Luther *et al.)* en die elektroniese weergawe van die elektroniese weergawe van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (2022) (voortaan e-*WAT*) slegs by sekere inskrywings voor.

Die enigste resente uitspraakleiding wat vir Afrikaans beskikbaar is, is woordeboeke wat vir taaltegnologiedoeleindes ontwikkel is (Barnard *et al.*, 2014; Davel & De Wet, 2010; Davel & Martirosian, 2009; Engelbrecht & Schultz, 2005; Kgampe & Davel, *2010;* Thirion *et al.*, 2020). Hierdie woordeboeke is gewoonlik in gewone of platteksformaat en maak gebruik van die Extended Speech Assessment Methods Phonetic Alphabet (X-SAMPA), ’n transkripsiesisteem wat deur masjiene en rekenaars gelees kan word, maar nie besonder geskik is vir menslike eindgebruikers nie. In Afrikaans se huidige arsenaal van woordeboeke bestaan daar dus geen resente eindgebruikergerigte uitspraakwoordeboeke nie, self waar die bronne hulle eie herspellingsisteme het.

#### 2.2.1.2 Uitspraakleiding in ander tale

Om vas te stel watter elektroniese uitspraakleidingsprodukte en -hulpbronne vir eiename en leenwoorde in ander tale beskikbaar is, is die eiename en leenwoorde uit vreemde tale wat in die nuusberig in hoofstuk 3 deur die respondente voorgelees is, gebruik om te bepaal vir watter tale daar elektroniese uitspraakleiding verskaf word. Om die representasie van die klapklanke in woordeboeke te toets, is die woord *Xhosa* by die toetswoorde gevoeg, aangesien hierdie eienaam meer frekwent voorkom as name en vanne soos *Xolisile* wat in die nuusberig gebruik is. Die

navorser se Afrikaanse herspellingsisteem (bylaag C) is gebruik om die uitspraak van die woorde soos dit in die bronne aangedui word, te transkribeer.

**Dictionary Unit of South African English**

Die *Dictionary Unit of South African English (DSAE)* is in 1969 as 'n niewinsgewende maatskappy en geaffilieerde instelling van Rhodes University gestig met die doel om Engels soos dit in Suid-Afrika gepraat word, te dokumenteer (DSAE, 2025a). Die eerste gedrukte woordeboek verskyn in 1996 as A *Dictionary of South African English on Historical Principles*. Die eerste aanlyn weergawe van die woordeboek verskyn in 2017 en is in 2020 aangepas vir gebruik op mobiele toestelle. Die fonetiese transkripsies van die vorige weergawes is in die 2025-weergawe uitgebrei met meer as 3 900 opnames van woorde en hulle variante (DSAE, 2025a). Moedertaalsprekers van Suid-Afrikaanse Engels is gebruik om die woorde op te neem.

Die uitspraak van die Internasionale Fonetiese Alfabet (IFA) word in 'n aparte afdeling met letters in Engelse woorde vergelyk. Indien foneme nie in Engels voorkom nie, word hoëfrekwensiewoorde (HFW) uit vreemde tale gebruik om die uitspraak te transkribeer. Byvoorbeeld die lang vokaal /aa/ word vergelyk met die *a* in die Afrikaanse woord *v***a***der* (DSAE, 2025b). Moeilike foneme soos die klapklanke uit Zoeloe en Xhosa word geïllustreer deur hulle met klanknabootsende woorde uit Engels te vergelyk. Die dentale klapklank /c!/, soos in die woord *cela* in Zoeloe, word beskryf as "a dental click similar to the English sound of disapproval, *tsk, tsk*" (DSAE, 2025c). By die onderskeie lemmas is daar ook die opsie om leiding vir die fonetiese simbole van daardie spesifieke woord te kry.

*Xhosa* is die enigste eienaam uit die nuusberig wat in die DSAE opgeneem is, die enigste leenwoord waarvan die uitspraak in die DSAE voorkom, is *imbizo*. Uitspraakleiding vir die twee woorde is soos volg:

- *imbizo* (DSAE, 2025d): Klanklêers, herspelling en IFA van die T3- (/iem.BIE.zô/) en T2-uitspraak (T2) (/ihm.BIE.zou/).
- *Xhosa* (DSAE, 2025e): Klanklêers, herspelling en IFA van T2- (/KÔ.sih/) en T3-uitspraak (X!O.sa/).

**Oxford English Dictionary**

Die aanlyn *Oxford English Dictionary* (voortaan OED) is in 2000 gepubliseer en bevat meer as 500 000 lemmas gebaseer op 'n korpus van meer as 3,5 miljoen aanhalings uit geskrewe bronne wat oor die afgelope 1000 jaar in verskillende dele van die wêreld waar Engels gepraat word, gepubliseer is (OED, 2025a).

Die OED verskaf uitspraakleiding volgens die algemene aksente en variante wat in Groot-Brittanje (2025b) en die Verenigde State van Amerika (VSA) (2025c) gepraat word. In die geval van leenwoorde, word die uitspraak van Engelse moedertaalsprekers van die land van herkoms van daardie woord gegee. Waar relevant, word variante wat binne ’n betrokke variëteit bestaan, weergegee (OED, 2025a).

Uitspraakleiding word gegee deur klanklêers, IFA- en herspellingtranskripsies. Klankopnames is gedoen deur moedertaalsprekers van die onderskeie aksente te gebruik. Aanvullend tot die transkripsies is daar afdelings wat die IFA- en herspellingsisteem van die onderskeie Engelse variëteit verduidelik deur die onderskeie foneme met woorde uit Engels te vergelyk. By elke inskrywing is daar ook ’n opsie wat die herspelling van die grafeme in daardie spesifieke woord weergee.

As ’n deskriptiewe bron wat daarop gemik is om die uitspraak van woorde op ’n sekere tydperk vas te stel en akkuraat weer te gee, word die uitspraakleiding op die volgende beginsels vir Britse, Amerikaanse en Suid-Afrikaanse Engels geskoei.

**Britse uitspraakleiding**

Die Britse Engelse (GB-E) uitspraak, ook soms BBC-Engels genoem, is volgens OED (2025b) gebaseer op *The Routledge Dictionary of Pronunciation of Current English* (Upton & Kretzschmar, 2017, hierna genoem RDP). RDP (2017:xiv) beklemtoon weer op hul beurt dat die doel van die RDP nie is om te oordeel oor wat as sogenaamde *goeie*, *korrekte* of *verkeerde* uitspraak beskou word nie, maar eerder om “that accent which will be most widely acceptable, as well as most intelligible” onder moedertaalsprekers van Engels in Groot-Brittanje sal wees, weer te gee.

Nog ’n kriterium wat volgens OED (2025b) noodsaaklik is voor ’n uitspraak in die woordeboek opgeneem kan word, is dat die uitspraak nie streeksgebonde is nie. Alhoewel GB-E meer algemeen in die suide van Engeland voorkom, word dit oor die hele Groot-Brittanje gepraat. Variante wat in die woordeboek opgeneem is, is die uitsprake wat sprekers van verskillende geografiese streke soms bo ’n ander verkies.

**Amerikaanse uitspraakleiding**

Die Amerikaanse uitspraak (VSA-E) wat in die OED opgeneem is, is gebaseer op die RDP, maar is aangevul met Amerikaanse bronne, soos die 2020-weergawe van *Merriam-Webster* en die *Longman Pronunciation Dictionary*. Volgens OED (2025c) is die kriteria van die standaardvariëteit in die VSA nie so duidelik gedefinieer soos dié vir die standaardvariëteit in Groot-Brittanje nie. As

gevolg van hierdie leemte, baseer die OED die standaard op die neiging van jonger Amerikaanse sprekers om streeksgebonde uitspraak in formele kontekste te onderdruk.

**Suid-Afrikaanse Engelse uitspraakleiding**

Die OED (2025d) baseer die uitspraakleiding vir Suid-Afrikaanse Engels (SAfE) op sogenaamde wit Suid-Afrikaanse Engels, wat volgens Bowerman (2008:164) in drie groeperings verdeel kan word, naamlik die *gekultiveerde* variëteit wat met hoëklas Britse Engels geassosieer word, die *algemene* variëteit, ’n sosiale aanwyser van die middelklas, en die *breë* variëteit wat baie ooreenstem met die Engels van Afrikaanssprekendes wat dit as T2 uitspreek. OED (2025d) dui aan dat SAfE in die OED deurgaans nie-roties getranskribeer is. Klapklanke van sommige Suid-Afrikaanse inheemse tale is slegs in die verengelsde vorm weergegee.

By nadere ondersoek blyk dit dat die OED (2025a) baie beperkte uitspraakleiding vir eiename verskaf. ’n Aantal leenwoorde uit die nuusberig wat in hoofstuk 3 bespreek is, word egter wel ingesluit. Hierdie die woorde en die wyse van uitspraakleiding soos dit in die OED verskyn, word hieronder uiteengesit. Die frekwensie soos dit in die OED aangeteken is, word ook telkens aangedui om te bepaal of daar ’n verband is tussen frekwensie en die uitspraak wat in die woordeboek opgeneem is.

- *imbizo* in frekwensieband 2 vir woorde wat tussen 0.001 en 0.01 keer per een miljoen woorde in moderne geskrewe Engels voorkom: Klanklêers, IFA en herspellingtranskripsie in GB-E en VSA-E (beide as /ihm.BIE.zou/), asook in T3-uitspraak as ihm.BIE.zô (OED, 2025e).
- *kung fu* in frekwensieband 2 vir woorde wat tussen 0.001 en 0.01 per een miljoen woorde in moderne, geskrewe Engels voorkom: Klanklêers, IFA en herspellingtranskripsies as /kang.FOE/ en /koeng.FOE/ vir GB-E en VSA-E (OED, 2025f).
- *guerrilla* in frekwensieband 5 vir woorde wat tussen 1 en 10 keer per een miljoen woorde in moderne, geskrewe Engels voorkom: Klanklêers, IFA en herspellingtranskripsies as /ghih.RIH.lih/ en /gheh.RIH.lih/ vir GB-E en /ghih.RIH.lih/ vir VSA-E (OED, 2025g).
- *Xhosa* in frekwensieband 4 vir woorde tussen 0.1 en 1 keer per een miljoen woorde in moderne, geskrewe Engels: Klanklêers, fonetiese en IFA as /KOU.sih/ en ’n aantal variante vir GB-E en VSA-E. Die SAfE-uitspraak word deur die OED as /KÔ.sih/ uitgespreek (OED, 2025h).

**Forvo**

Die webwerf Forvo (2025a) bestaan reeds sedert 2008 en het in Mei 2025 uitspraakleiding van meer as ses miljoen woorde in 430 tale bevat. Benewens hierdie webwerf, is daar ook ’n betaalde

mobiele toepassing wat gebruikers kan bekom. Forvo verskaf uitsprake vir eiename sowel as die algemene leksikon van tale. Gebruikers kan ook die uitsprake van spesifieke woorde aanvra. Enige gebruiker – nie slegs T1-sprekers van 'n gegewe woord nie – kan opnames van woorde na die webwerf oplaai, waarna dit deur ander gebruikers geëvalueer word. Met sekere subskripsies kan gebruikers ook hierdie MP3-opnames van die uitsprake aflaai. Vertalings word vir sommige woorde in die algemene leksikon verskaf. Uitspraakleiding vir die volgende woorde uit die nuusberig is op Forvo gevind:

- *Mexico*[1]: Klanklêers van een spreker van GB en ses van die VSA, aangevul deur sprekers van 11 ander lande. Wat T3-uitspraak betref, is hierdie woord opgeneem deur vyf sprekers van Spanje en 37 sprekers afkomstig van verskillende lande in Latyns-Amerika (Forvo, 2025b).
- *Hisense*: Klanklêer van een spreker van die VSA uitgespreek volgens T2 as HAI.sens (Forvo, 2025c).
- *Huawei*: Klanklêer van 17 sprekers, waarvan een uitspraak in Mandaryns is (Forvo, 2025d).
- *luz*[2]: Klanklêer van 19 sprekers, waarvan twee van Spanje en 10 van Latyns-Amerika is (Forvo, 2025e).
- *y*: Klanklêers van 22 sprekers, waarvan vyf van Spanje en sewe van Latyns-Amerika was. Die sewe sprekers met Engelse aksente het Engelse spelreëls gevolg en die grafeem y /whaai/ uitgespreek, terwyl drie Duitse sprekers die grafeem as /OEP.sie.lôn/, die Duitse naam vir die letter *y* (Forvo, 2025f).
- *fuerza*: Klanklêers van twee sprekers van Spanje en vier sprekers van Latyns-Amerika (Forvo, 2025g).
- *Michoacán*: Klanklêers van een spreker van Spanje en drie van Latyns-Amerika (Forvo, 2025h).
- *Hangzhou*: Klanklêers van drie sprekers onderskeidelik van China, Nederland en die VSA (Forvo, 2025i).
- *kung fu:* Klanklêers van vyf sprekers, waarvan een van China en een van die VSA afkomstig is (Forvo, 2025j).

---

1 Toetswoorde word telkens gespel soos dit in 'n spesifieke uitspraakbron voorkom.

2 In geval van name soos *luz y fuerza* wat nie as geheel in 'n bron voorgekom nie, is die verskillende dele van die naam individueel as *luz*, *y* en *fuerza* ondersoek.

- *guerrilla:* Klanklêers van nege sprekers, waarvan een persoon van Spanje, vier van Latyns-Amerika en een van die VSA is (Forvo, 2025k).
- *vigilante:* Klanklêers van nege sprekers, waarvan een van Spanje, een van Amerika en een van Groot-Brittanje is (Forvo, 2025l).
- *Xhosa:* Klanklêers van sewe sprekers, waarvan die Xhosasprekende persoon die T3-uitspraak gehandhaaf het. 'n Afrikaanssprekende van Suid-Afrika het die T3-uitspraak gebruik. Alhoewel dit nie presies volgens die moedertaaluitspraak was nie, het die spreker wel die *x* as 'n klapklank probeer uitspreek. 'n Engelssprekende persoon van Australië het ook, alhoewel dit nie presies volgens die brontaaluitspraak was nie, 'n poging aangewend om die x as 'n klapklank uit te spreek. Dieselfde spreker het egter *o* volgens die T2-uitspraak as /ou/ uitgespreek (Forvo, 2025m).

Alhoewel Forvo beslis tans een van die vernaamste bronne van elektroniese uitspraakleiding van veral eiename is, het dit geen uitspraak van enige van die Zoeloe-woorde in die nuusberig bevat nie. Die grootste kritiek teenoor die gebruik van Forvo as 'n uitspraakbron, is dat die opnames op die webwerf dié van gewone sprekers is en nie noodwendig stemkunstenaars wat opgelei is in die algemene uitspraak van 'n sekere variëteit nie. Die brontaaluitspraak word nie altyd weergegee nie omdat dit nie noodwendig moedertaalsprekers is wat opnames gemaak het nie.

**SpanishDictionary.com**

Die gratis weergawe van SpanishDictionary.com sluit uitspraakleiding en vertaling vir individuele woorde in, sowel as 'n volledige beskrywing van die Spaanse uitspraak van elke letter van die alfabet. Klem word veral gelê op foneme wat deur verskillende grafeme voorgestel word. Uitspraakleiding vir diftonge, hiatusse en klemtoon word ook verskaf (Spanish.Dictionary.com, 2024a).

Uitspraakleiding vir individuele woorde word deur middel van video's, Spaanse spelling, IFA en herspelling gegee. Die leiding dek die volgende aksente: Europese Spaanse, Latyns-Amerikaanse Spaans, BR-E en VSA-E (Spanish.Dictionary.com, 2024a). SpanishDictionary.com het uitspraakleiding vir al die Spaanse woorde in die nuusberig in hoofstuk 3 verskaf:

- *México:* Herspelling, IFA en video's in E-S, LA-S, GB-E en VSA-E (Spanish.Dictionary.com, 2024b).
- *Guadalajara*: Herspelling, IFA en video's in E-S, LA-S, GB-E en VSA-E (SpanishDictionary.com, 2024c).

- *guerilla*: Herspelling, IFA en video's van E-S, LA-S, GB-E en VSA-E. Die Spaanse inskrywing bestaan uit inskrywings vir die woord *guerrilla*, asook vir die vorm wat saam met die lidwoord *el guerrillero* gegee is (Spanish Dictionary.com, 2024d).
- *vigilante*: Herspelling, IFA en 'n video vir LA-S. Die uitspraakleiding vir E-S bestaan slegs uit spelling, herspelling en IFA. Video's en herspelling in E-S en LA-S. Klankopnames en herspelling in GB-E en VSA-E (Spanish.Dictionary.com, 2024e).
- *luz*: Herspelling, IFA en video's vir E-S en LA-S. Die vertaling van die Spaanse soortnaam (*light*) word in spelling, herspelling, IFA en video's in GB-E en VSA-E aangebied (SpanishDictionary.com, 2024f).
- *y*: Herspelling, IFA en video's vir E-S en LA-S. Die vertaling van die Spaanse voegwoord (*and*) word in spelling, herspelling, IFA en video's in GB-E en VSA-E aangebied (SpanishDictionary.com, 2024g).
- *fuerza*: Herspelling, IFA en video's vir E-S en LA-S. Die vertaling van die Spaanse selfstandige naamwoord (s*trength*) word in spelling, herspelling, IFA en video's in GB-E en VSA-E aangebied (SpanishDictionary.com, 2024h).
- *Michoacán*: Herspelling, IFA en klankopnames van E-S, LA-S, GB-E en VSA-E (SpanishDictionary.com, 2024i).
- *Miguel*: Herspelling, IFA en video's in E-S en LA-S. GB-E- en VSA-E-leiding word vir die Engelse variant van Michael deur middel van spelling, herspelling, IFA en video's gegee (SpanishDictionary.com, 2024j).
- *Patino*: Die woord *patino* is 'n werkwoord wat beteken "hy, sy of jy skaats". Uitspraak in E-S, LA-S, GB-E en VSA-E vir onderskeidelik die woorde *patino* en die Engelse vertaling (*skate*) word in spelling, herspelling, IFA en klankopnames gegee (SpanishDictionary.com, 2024k).
- *Enrique*: Herspelling. IFA en video's van *Enrique*, asook herspelling, IFA en video's van die Engelse ekwivalent, naamlik *Henry* (SpanishDictionary.com, 2024l).
- *peña*: Slegs die uitspraak van die Spaanse soortnaamwoord *peña* en die Engelse vertaling (*pity*) word in E-S, LA-S, GB-E en VSA-E deur middel van herspelling, IFA en video's verskaf (Spanish.Dictionary.com, 2024m).
- *nieto*: Slegs die uitspraak van die Spaanse soortnaamwoord *nieto* en Engelse vertaling (*grandson*) word deur herspelling, IFA en video's in E-S, LA-S, GB-E en VSA-E verskaf (Spanish.Dictionary.com, 2024n).

### 2.2.2 Aspekte van 'n behoeftebepaling

Die raamwerk vir die behoeftebepaling in hierdie studie is ontwikkel deur die benaderings van onder meer Alberts (1992), Beyer (2006) en Du Plessis (2017) te integreer. Alhoewel Alberts (1992) se behoeftemodel 'n goeie basis vorm om veranderlikes onder eindgebruikers te identifiseer, lewer dit nie 'n bydrae tot die tegnologiese vereistes van 'n elektroniese uitspraakwoordeboek nie, omdat elektroniese taalleiding ten tye van haar navorsing in 1992 slegs in CD-ROM-formaat beskikbaar was. Beyer (2011) en Du Plessis (2017) spreek hierdie leemte aan deur te fokus op gebruikersvriendelikheid en bruikbaarheid, asook die tegnologiese vereistes van 'n elektroniese woordeboek. Die volgende aspekte is vir die doeleindes van hierdie behoeftebepaling ondersoek:

- Potensiële eindgebruikers (sien 2.2.2.1)
- Die aard van die woordeboek (sien 2.2.2.2)
- Die omvang van die woordeboek (sien 2.2.2.3)
- Die medium van die woordeboek (sien 2.2.2.4)
- Die manier van uitspraakleiding (sien 2.2.2.5)

#### 2.2.2.1 Potensiële eindgebruikers

'n Bewese raamwerk vir die bepaling van die behoeftes van die gebruikers van spesialiswoordeboeke, word deur die leksikografiesefunksieteorie verskaf (Gouws, 2017:133; Gouws, 2021b:1172; Gouws & Leroyer, 2009:147; Van der Merwe & Fuertes-Olivera, 2014:79). Binne hierdie raamwerk is die gebruiker se behoeftes en die gebruiksituasie waarin 'n naslaanbron gebruik word, sentraal tot woordeboekontwerp en -konseptualisering. Voordat hierdie behoeftes bepaal kan word, moet 'n profiel van potensiële eindgebruikers eers opgestel word. Kwary (2018) voer aan dat hierdie navorsing gedoen moet word voordat daar oor die omvang en formaat van 'n woordeboek besluit word.

Jackson (2002:34-35) dui aan dat die meeste gebruikers woordeboeke hoofsaaklik raadpleeg om seker te maak van die bestaan van 'n woord, die spelling en/of die betekenis daarvan. Volgens Jackson (2002:34-35) is dit slegs by uitsondering dat gebruikers die uitspraak van woorde nagaan, en op grond van hierdie funksie beskou hy uitspraakwoordeboeke as spesialiswoordeboeke. Hierdie mening word deur Sobkowiak (2007:140) ondersteun in 'n studie wat bevind het dat die grootste groep woordeboekgebruikers in die studie, naamlik vertalers, sakelui, sekretaresses en ingenieurs, nie tydens die uitvoer van hulle daaglikse take uitspraakleiding nodig het nie. Sobkowiak (2007:140) stel dit selfs dat wanneer woordeboeke vir

professionele doeleindes gebruik word en leiding oor uitspraak nie nodig is nie, sulke aanwysings selfs hinderlik kan wees.

Potensiële eindgebruikers van ’n Afrikaanse uitspraakwoordeboek is onderwysers en leerders van Afrikaans, maar ook professionele sprekers soos radio- en televisiejoernaliste en -omroepers. As gevolg van die verskillende funksies waarvoor potensiële eindgebruikers uitspraakleiding nodig het, kan die mark verder gesegmenteer word. T2- en T3-aanleerders en -onderwysers van Afrikaans het ’n behoefte aan uitspraakleiding vir die algemene Afrikaanse leksikon, terwyl professionele sprekers se behoeftes meer gespesialiseerd is, naamlik uitspraakleiding van eiename en leenwoorde uit vreemde tale.

Alhoewel die behoefte aan ’n uitspraakwoordeboek waarskynlik groter onder aanleerders en onderwysers van Afrikaans as T2 of T3 is, wys Van Huyssteen *et al.* (2016) daarop dat ’n uitspraakwoordeboek wat aanvanklik gemik is op radio- en TV-nuuslesers ’n groter impak gaan hê, aangesien gesproke media dikwels as ’n model vir standaarduitspraak gebruik word. Vir die doeleindes van hierdie studie is daar dus gekonsentreer op ’n behoeftebepaling onder radio- en TV-omroepers.

Die woord *behoefte* is ’n breë term wat ook eise, begeertes, verwagtinge, motiverings, tekortkomings en persepsies insluit (Ramani & Pushpanathan, 2015:99). Selfs binne ’n duidelik geïdentifiseerde nismark, soos radio- en televisieomroepers, verskil individuele behoeftes as gevolg van onder andere demografiese, gedrags-, sosiale- en opleidingsfaktore (Alberts, 1992:11; Gouws, 2021a:50).

**Demografie**

In navorsing oor bemarking segmenteer Kotler en Keller (2006:247-258) eindgebruikers volgens vier hoofkriteria: geografie, demografie, psigografie en gedrag. Kotler en Keller (2006:249) dui aan dat demografiese faktore die primêre aanwysers van verskille tussen verbruikersgroepe is. Hierdie faktore sluit onder andere ouderdom, geslag, bevolkingsgroep, inkomste, beroep, gesinsgrootte en godsdiens in. Nie alle demografiese eienskappe is relevant vir die behoeftebepaling van woordeboekgebruikers nie en gevolglik word slegs die relevante faktore bespreek en ondersoek.

Vir hierdie navorsing was *beroep* ’n sleutelfaktor wat respondente van ander woordeboekgebruikers onderskei. Ander demografiese vereistes was dat Afrikaans een van die tale is wat in die respondente se ouerhuis gepraat is en dat dit ook een van die tale is waarin hulle uitsaai. *Geslag, bevolkingsgroep, ondervinding* en *opleiding* was verdere demografiese faktore wat in die behoefteontleding in ag geneem is.

*Opleiding* as demografiese faktor is verreken deur die respondente se taalprofiel, kennis van ander tale en kennis van die IFA in die elektroniese vraelys (bylaag G) en met die semigestruktureerde onderhoud (bylaag H) te ondersoek.

Vrae oor respondente se taalprofiel het gehandel oor die tale wat in die ouerhuis en deur hulle ouers gepraat is, die tale waarin hulle uitsaai en of hulle met enige van die variëteite van Afrikaans identifiseer. Indien respondente aangedui het dat hulle kennis van ’n ander taal of tale het, is opvolgvrae tydens die onderhoud gevra om die omstandighede waaronder die tale aangeleer is, te bepaal.

Dit is belangrik om die omstandighede waaronder ’n vreemde taal aangeleer is, te ondersoek, omdat aanleerders van vreemde tale verskillende behoeftes aan woordeboeke het. ’n Spreker wat ’n taal op ’n spontane manier tussen moedertaalsprekers aangeleer, het ander leksikografiese behoeftes as ’n leerder wat ’n vreemde taal in ’n formele klassituasie aangeleer het (Tarp, 2004:229-230). Vrae aangaande die omstandighede waaronder vreemde tale aangeleer is, is tydens die opvolgonderhoud gevra. (Sien hoofstuk 3 vir ’n bespreking oor hoe die omstandighede van die aanleersituasie die uitspraak van T3-sprekers beïnvloed.)

Wat opleiding per se betref, sal persone met ’n kennis van taalkunde meer gebruikswaarde vind in uitspraak wat deur die IFA aangedui word as iemand wat nie daarmee vertroud is nie. Alhoewel die werklike kennis van tale of taalkunde nie eksplisiet verreken is nie, moes respondente self hulle uitspraak van vreemde plek- en persoonsname in Afrikaans, Engels, Spaans, Zoeloe en Mandaryns evalueer op ’n skaal van 1 tot 5, waar “1” beteken het dat dit “baie swak” is en “5” beteken dat dit uitstekend is.

**Gedragsfaktore**

Die *motivering*, *persepsie* en *verwagtinge* van woordeboekgebruikers vorm, volgens Beyer (2006:58) se kommunikasiemodel, deel van die gebruikerverwysingsraamwerk. Alhoewel hierdie faktore nie uiterlik waarneembaar is nie, is dit die faktore wat ’n persoon se gedrag, wat wel waarneembaar is, beïnvloed.

*Motivering* word deur Nevid (2018:280) beskryf as die faktore wat gedrag aktiveer, rig en onderhou. Alberts (1992:11) beskou motivering as die belangrikste faktor wat die volgehoue gebruik van ’n woordeboek beïnvloed. Indien dit vir ’n nuusleser byvoorbeeld belangrik is om ’n woord op ’n “korrekte” of gestandaardiseerde manier uit te spreek, sal dit as motivering dien om ’n uitspraakwoordeboek meer gereeld te gebruik as ’n persoon wat nie daardie inherente dryfveer het nie. Aangesien motivering nie uiterlik waarneembaar is nie, is die motiverende faktore van respondente ná voltooiing van die vraelys in ’n semigestruktureerde onderhoud ondersoek.

Die *persepsie of houding* wat 'n gebruiker oor woordeboeke of die gebruik van woordeboeke het, word gevorm deur ervarings en situasies uit die verlede en vorm deel van 'n woordeboekgebruiker se verwysingsraamwerk (Alberts, 1992:11; Beyer, 2006:50). Indien 'n persoon voorheen 'n negatiewe ondervinding in 'n soortgelyke situasie gehad het, sal sy of haar houding en persepsie, oor byvoorbeeld die gebruik van woordeboeke, waarskynlik negatief wees. Beyer (2006:56) noem byvoorbeeld dat sommige gebruikers 'n persepsie het dat as 'n woord nie in 'n woordeboek opgeneem is nie, dit nie bestaan nie. Respondente se persepsie aangaande woordeboekgebruik is ondersoek deur hulle tydens die onderhoud te vra watter bronne hulle voorheen geraadpleeg het en hoe bruikbaar hulle hierdie bronne gevind het.

Die *verwagting*e wat 'n gebruiker ten opsigte van 'n woordeboek het, moet ook volgens Alberts (1992:7) tydens 'n behoeftebepaling in ag geneem word. Benewens die verwagting dat 'n woordeboek oor die leksikografiese inhoud beskik wat vir spesifieke situasies benodig word, het woordeboekgebruikers ook verwagtinge oor byvoorbeeld die struktuur van 'n woordeboek. Beyer (2006:57) noem as voorbeeld die gebruiker se verwagting dat 'n woordeboek se lemmas volgens konvensie gewoonlik alfabeties rangskik word.

**Sosiale faktore**

*Sosiale faktore* dui op die formele of informele interaksie wat 'n woordeboekgebruiker met ander het. Binne die konteks van radio- en televisieomroepers kan dit byvoorbeeld die invloed van onder andere kollegas en werkgewers (radio- en televisiestasies) insluit, wat sekere standaarde of verwagtinge vir hulle werknemers (radio- en TV-omroepers) stel. Terugvoer en kritiek van die radio- of televisiestasie se luisteraars of kykers kan ook 'n behoefte aan uitspraakleiding beïnvloed. Alhoewel gehore, volgens Strelluf (2015), verwag dat nuuslesers nie net die nuus akkuraat moet rapporteer nie, maar dit ook "korrek" moet uitspreek, wys Kristiansen (2001:22) daarop dat omroepers soms hulle uitspraak aanpas om voorsiening te maak vir 'n stasie se teikenluisteraars. Volgens hom kan die sosiale interaksie wat 'n omroeper met sy of haar gehoor het so 'n invloed op 'n omroeper hê dat hy of sy selfs van die standaarduitspraak sal afwyk en dit aanpas om meer eienskappe van die streeksvariëteit in 'n stasie se ontvangsgebied te weerspieël.

**Gebruiksituasie**

Die gebruiksituasie dui op die omstandighede wat woordeboekgebruik vereis. Swanepoel (2001:176) stel 'n paar vrae voor wat die leksikograaf kan gebruik om die gebruiksituasie van 'n woordeboekgebruiker te bepaal. Hy noem 'n hele aantal vrae waarvan net die volgende relevant vir hierdie behoefteontleding is:

1 Watter tipe leemtes kan in die gebruiker se leksikale kennis ontstaan, en wat is die implikasies daarvan op die suksesvolle uitvoering van die taak?

2 Watter strategieë, behalwe om ’n woordeboek te gebruik, kan gebruikers inspan om te kompenseer vir hulle leksikale leemtes?

3 Onder watter omstandighede sal gebruikers hulle na ’n woordeboek wend om sodanige leksikale leemtes te vul?

**Bewussyn van ’n inligtingsbehoefte**

Die besluit om ’n woordeboek te gebruik, hang volgens Alberts (1992:13) uiteindelik af van hoe bewus ’n potensiële eindgebruiker is van sy of haar behoefte aan leksikografiese kennis. Indien ’n eindgebruiker nie bewus is van sy of haar inligtingsbehoefte nie, sal hy of sy geen motivering hê om ’n woordeboek vir, in hierdie geval, uitspraakleiding te gebruik nie. Alberts (1992:13-15) onderskei tussen *bewuste inligtingsbehoeftes*, *vermeende inligtingsbehoeftes* en *onbewuste inligtingsbehoeftes*.

’n *Bewuste inligtingsbehoefte* beteken dat die gebruiker daarvan bewus dat hy of sy nie oor die kennis beskik om byvoorbeeld ’n vreemde woord uit te spreek nie. Met hierdie tipe behoefte word verder onderskei dié wat uitgespreek word (*bewuste uitgesproke inligtingsbehoefte*) en dié wat nie uitgespreek word nie (*bewuste onuitgespreekte inligtingsbehoefte*). Selfs wanneer ’n gebruiker weet van hierdie gebrek aan kennis wat hy of sy het, kan hy of sy steeds kies om nie inligting te bekom nie. Alberts (1992:101-109) identifiseer moontlike redes vir bewuste onuitgespreekte behoeftes soos die moeite wat betrokke is om ’n woord na te slaan, vorige negatiewe ervarings en die gebruiker se persepsie van inligtingsbronne.

Daar is ook situasies waar die gebruiker mag vermoed dat hy of sy ’n behoefte aan sekere inligting het, maar onseker is of dit wel die geval is. ’n *Vermeende behoefte* kan bewustelik uitgespreek word (*vermeende uitgespreekte behoefte*), terwyl *’n onuitgespreekte vermeende behoefte* nie tot enige naslaanaksie lei nie. ’n *Vermeende behoefte* word nie uitgespreek nie, omdat die gebruiker enersyds onkundig is oor sy of haar gebrek aan inligting en andersyds nie bewus is van hulpmiddels wat beskikbaar mag wees nie. ’n *Onbewuste behoefte* ontstaan wanneer ’n potensiële eindgebruiker weens onkunde nie bewus is van sy of haar gebrek aan kennis nie.

#### 2.2.2.2 Aard van die woordeboek

Van Huyssteen *et al.* (2016) rapporteer dat respondente in ’n verkenningsgesprek oor ’n moontlike Afrikaanse uitspraakwoordeboek van mening was dat dit “eksplisiet nie preskriptief” moet wees nie. Daar moet egter in ag geneem word dat hierdie bespreking oor ’n Afrikaanse

uitspraakwoordeboek van die algemene Afrikaanse leksikon gehandel het en nie net spesifiek oor die uitspraak van vreemde eiename en leenwoorde in Afrikaans nie.

Die uiteindelike aard van 'n uitspraakwoordeboek sal egter deur die behoeftes van die gebruikers bepaal word. Indien eindgebruikers die algemene Afrikaanse mediauitspraak van eiename en leenwoorde uit vreemde tale verkies, sal die woordeboek meer deskriptief wees; 'n uitspraakwoordeboek sal meer preskriptief wees indien gebruikers die brontaaluitspraak verkies. Indien potensiële eindgebruikers 'n behoefte aan leiding vir beide aksente aandui, kan 'n uitspraakwoordeboek moontlik so ontwikkel word om hierdie behoefte te akkommodeer.

#### 2.2.2.3 Omvang van die woordeboek

Aangesien radio- en televisieomroepers vir die doeleindes van hierdie studie as die potensiële eindgebruikers van uitspraakwoordeboeke geïdentifiseer is, is daar van die veronderstelling uitgegaan dat hulle nie 'n behoefte aan uitspraakleiding van die algemene leksikon van Afrikaans het nie, maar dat hulle meer leiding aangaande die uitspraak van eiename (persoon-, plek- en handelsname) en leenwoorde uit vreemde tale nodig het. Die vraelys het die inheemse Suid-Afrikaanse tale (insluitend Engels en Afrikaans) en nie-inheemse tale waarvoor uitspraakleiding benodig word, asook, die voorkeur aksent vir hierdie uitspraakleiding, geïdentifiseer.

Ten opsigte van die hoeveelheid leksikografiese inligting wat potensiële eindgebruikers van 'n uitspraakwoordeboek verlang, het die gespreksgroep onder leiding van Van Huyssteen *et al.* (2016) oor 'n moontlike uitspraakwoordeboek gemeen dat sillabegrense en klemtoon wél aangedui moet word, maar dat klankverskynsels (soos nasalering, ens.) nie ingesluit hoef te word nie. Daar is dienooreenkomstig besluit om vir die doeleindes van hierdie navorsing klemtoon en toon slegs implisiet te verreken.

#### 2.2.2.4 Medium van die woordeboek

Reeds in 2016 het 51% van Afrikaanssprekendes, wat aan 'n behoeftebepaling deur Van Huyssteen *et al.* (2016) deelgeneem het, aangedui dat hulle skoot- en lessenaarrekenaars gebruik om inligting te verkry. Slimfone het met 30% gevolg, terwyl slegs 13% van die respondente aangedui het dat hulle 'n tablet gebruik om toegang tot die internet te bekom.

Alhoewel die gebruiksituasie waarin leksikografiese inligting opgesoek word van uiterste belang is om die geskikte medium van 'n woordeboek te bepaal, dui Du Plessis (2017:3) aan dat faktore soos die tydsgees waarin gebruikers hulself bevind ook in ag geneem moet word tydens die beplanning van 'n woordeboek. Volgens Du Plessis (2017:3) verwag die hedendaagse samelewing oor die algemeen dat behoeftes aangespreek en probleme onmiddellik opgelos moet

word. Gegewe hierdie verwagting, behoort die onmiddellike beskikbaarheid van uitspraakleiding via selfone en rekenaars die vraag na onmiddellike behoeftevervulling die beste te bevredig. Aangesien die medium van die woordeboek sekere vereistes met betrekking tot die struktuur en formaat van die woordeboek aan die leksikograaf stel, is dit belangrik om vanuit die staanspoor te weet watter medium die geskikste is om aan potensiële eindgebruikers te voldoen.

#### 2.2.2.5 Manier van uitspraakleiding

Die medium van ’n woordeboek bepaal op watter maniere uitspraakleiding gegee kan word. Gedrukte uitspraakwoordeboeke verskaf uitspraakleiding deur middel van die IFA en/of ’n herspelling van ’n vreemde woord uit die woordeboekgebruiker se T1.

’n Elektroniese woordeboek kan multimedia soos video’s en klanklêers gebruik word om verdere uitspraakleiding te verskaf (Beyer, 2006:59). Sommige taalaanleertoepassings, soos Duolingo en Babbel, bied verdere uitspraakleiding deur gebruikers die opsie gee om hulle eie uitspraak op te neem en terug te speel. Beide toepassings maak van stemherkenningstegnologie gebruik om die gebruiker se uitspraak te beoordeel (Duvall, 2025). Indien die gebruiker se uitspraak te veel van die T3-uitspraak verskil, kry hy of sy nog kanse om sy of haar uitspraak te verbeter tot dit naby genoeg aan die brontaaluitspraak is.

Indien ’n behoeftebepaling aandui dat eindgebruikers ’n elektroniese toestel verkies, moet verdere tegniese detail reeds tydens die beplanning van die woordeboek geïnkorporeer word. Een van die tegnologiese vereistes wat ter sprake kom, is of ’n elektroniese uitspraakwoordeboek aanlyn op ’n webwerf of aflyn as ’n toepassing of rekenaarprogram beskikbaar moet wees. Weereens sal die gebruiksituasie van die woordeboekgebruiker bepaal watter toestel die gebruiksvriendelikste sal wees. Indien ’n nuusleser in die ateljee nie toegang tot die internet het nie, sal ’n webwerf met uitspraakleiding nie vir omroepers prakties wees nie.

## 2.3 Behoeftebepaling

### 2.3.1 Navorsingsvrae

In ’n poging om die onderskeie aspekte van ’n veeldoelige Afrikaanse uitspraakwoordeboek te ondersoek, handel een van die probleemstellings oor die behoefte al dan nie van omroepers as prototipiese gebruikers van ’n Afrikaanse uitspraakwoordeboek. Die hoofvraag in hierdie hoofstuk kan soos volg geformuleer word:

1. Is daar ’n behoefte aan ’n Afrikaanse uitspraakwoordeboek?

Indien dit wel blyk dat daar ’n behoefte aan ’n Afrikaanse uitspraakwoordeboek is, is dit nodig om die volgende vrae te beantwoord:

2. Wie het ’n behoefte aan ’n Afrikaanse uitspraakwoordeboek?
3. Wat is die behoefte betreffende die tale, woordtipes en aksente wat in die woordeboek opgeneem moet word?
4. Wat is die voorkeurformaat vir ’n Afrikaanse woordeboek onder potensiële eindgebruikers?

### 2.3.2 Hipoteses

Oor ’n behoefte aan ’n Afrikaanse uitspraakwoordeboek kan die volgende hipoteses gestel word:

- Nulhipotese: Daar is nie ’n behoefte aan ’n Afrikaanse uitspraakwoordeboek onder omroepers nie.
- Hipotese: Daar is ’n behoefte aan ’n Afrikaanse uitspraakwoordeboek onder omroepers.

Oor die tale, woordtipes en aksente wat in woordeboek opgeneem moet word, kan die volgende hipoteses gestel word:

- Nulhipotese: Eindgebruikers het nie ’n spesifieke behoefte aangaande die tale wat in ’n uitspraakwoordeboek opgeneem moet word nie.
- Hipotese: Eindgebruikers het ’n groter behoefte aan uitspraakleiding van leenwoorde en eiename uit nie-Germaanse as Germaanse tale.

Oor die voorkeurformaat van ’n Afrikaanse uitspraakwoordeboek kan die volgende hipoteses gestel word:

- Nulhipotese: Eindgebruikers het nie ’n spesifieke behoefte aangaande die formaat van ’n Afrikaanse uitspraakwoordeboek nie.
- Hipotese: Eindgebruikers het ’n spesifieke behoefte aangaande die formaat van ’n Afrikaanse uitspraakwoordeboek.

### 2.3.3 Terreinafbakening

Vir die doeleindes van hierdie studie is daar slegs op die volgende aspekte gefokus:

- Alhoewel daar in Namibië ook Afrikaanse radio- en televisiestasies is, is slegs omroepers in Suid-Afrika as respondente vir die behoeftebepaling gebruik.

- Woordtipes: eiename en leenwoorde uit vreemde tale in Afrikaans;
- Formaat: IFA, herspelling, video's en klankopnames;
- Tale: Die veronderstelling word gemaak dat foneme en uitspraakverskynsels in Germaanse tale tot 'n groter mate met mekaar ooreenstem as met nie-Germaanse tale. Aangesien Afrikaans 'n Germaanse taal is, word die vergelykende tale uit ander taalfamilies as Germaans gekies. Ander kriteria wat in ag geneem is in die keuse van tale is die verspreiding en die hoeveelheid sprekers van 'n taal. Die navorsing was beperk tot die volgende tale[3]:

    1. Zoeloe: Aangesien Zoeloe die grootste aantal moedertaalsprekers in Suid-Afrika het (24%) volgens Statistics South Africa (2023:22), sal die NigerKongo-taal se uitspraak ondersoek word.

    2. Mandaryns: Chinees is 'n Sino-Tibetaanse taal wat volgens Wikipedia Contributors (2020) die grootste aantal moedertaalsprekers (1,3 biljoen) in die wêreld het. Die fokus hier is spesifiek op die uitspraak van Mandaryns, omdat dit die grootste variëteit van Chinees is.

    3. Spaans: As lid van die Romaanse taalfamilie met 460 miljoen moedertaalsprekers is dit nie net die tweede grootste taal in die wêreld nie, maar die voorkoms van Spaans is wyd versprei met sprekers in Spanje en talle lande in Latyns-Amerika (Wikipedia Contributors, 2020).

### 2.3.4 Steekproef

Daar is van die veronderstelling uitgegaan dat nuuslesers en omroepers (insluitend sportaanbieders en nuusjoernaliste) prototipiese gebruikers van 'n Afrikaanse uitspraakwoordeboek sal wees, aangesien hulle daagliks binne 'n professionele konteks dikwels vreemde woorde en eiename moet uitspreek. Daar is verder van die veronderstelling uitgegaan dat die steekproef oor 'n bogemiddelde taalvaardigheid beskik, vlot kan lees en 'n goeie aanvoeling vir uitspraak het. Hulle gemiddelde uitspraak van vreemde eiename en leenwoorde kan uiteindelik, in ooreenstemming met die gebruik om media as 'n riglyn te gebruik, as model vir die algemene Afrikaanse uitspraak van hierdie eiename en leenwoorde uit vreemde tale dien.

---

[3] In hoofstuk 3 en 4 word VSA-E ook ingesluit om aan die doelstellings van daardie hoofstukke te voldoen. Die redes vir hierdie besluit word in daardie hoofstukke uiteengesit.

Die behoeftebepaling is beperk tot respondente ouer as 18 jaar wat Afrikaans in hulle ouerhuis gepraat en in Afrikaans uitgesaai het. Hulle moes ook geen (of nominale) kennis van Zoeloe, Mandaryns en Spaans gehad het nie. Die ideale samestelling tydens die beplanningsfase van die behoefteontleding was soos volg:

- geslag: manlik (50%), vroue (50%);
- bevolkingsgroep: wit (50%), bruin (50%); en
- ondervinding in die uitsaaiwese: minder as vyf jaar (33%), tussen vyf en 10 jaar (33%), langer as 10 jaar (33%).

### 2.3.5 Toetsinstrumente

’n Elektroniese vraelys (bylaag G) is geskep deur van QuestionPro gebruik te maak, omdat multimedia soos klanklêers, video’s, skakels na video’s, illustrasies en foto’s met gemak deur hierdie platform geakkommodeer kon word. Die vraelys het uit 18 vrae bestaan, wat onder andere die taalprofiel, motivering, opleiding en sosiale faktore van respondente, keuse van toestel, metode van uitspraakleiding en die behoefte vir tale en aksente getoets het. Ten einde kwalitatiewe data te verkry, kon respondente by bykans elke vraag kommentaar lewer indien hulle wou. Die elektroniese vraelys is met ’n semigestruktureerde onderhoud aangevul. Die volgende afdelings is in die vraelys ingesluit.

#### 2.3.5.1 Loopbaanprofiel

Die doel van die vrae oor respondente se loopbaanprofiel was om ’n volledige beeld van omroepers se rol en verpligtinge binne die werksomgewing vas te stel. Met die eerste vraag wou daar vasgestel word of daar enige verband is tussen die respondent se ervaring in die uitsaaiwese en ’n behoefte aan ’n uitspraakwoordeboek. Met die opvolgvraag in die semigestruktureerde onderhoud (bylaag H) wou daar vasgestel word of daar ’n verband is tussen die behoefte aan ’n uitspraakwoordeboek en die tipe program wat ’n respondent aanbied. Om ’n volledige beeld van die respondente se loopbaanprofiel te vorm is daar ook vasgestel of respondente aan streeks- of nasionale stasies verbonde is en of hulle in ander tale behalwe Afrikaans uitsaai. Die vrae en toepaslike opvolgvrae oor die respondente se loopbaan, was soos volg:

- Vraag 1: Hoe lank lees jy al amptelik nuus? Indien jy nie nuus lees nie, hoe lank is jy al in die uitsaaiwese?
    - Opvolgvrae in die semigestruktureerde onderhoud: Watter soort programme saai jy uit? Watter soort omroeper is jy? Nuusleser, aanbieder, joernalis, ens.?

- Vraag 2: Waar kom die meeste van julle luisteraars of kykers vandaan, uitgesluit luisteraars wat via die internet luister? Respondente kon uit die volgende opsies kies:
    - Die meeste van ons luisteraars kom uit ’n spesifieke streek van Suid-Afrika.
    - Ons uitsendings bereik mense oor die hele land.
    - Ander:
        - ’n Skakel in die vraelys indien respondente aangedui het dat die radiostasie waarby hulle betrokke is binne ’n sekere streek van die land uitsaai: Van watter provinsie is die meeste van julle luisteraars afkomstig? (Respondent moes een van die nege provinsies aandui.)
        - Opvolgvraag in die semigestruktureerde onderhoud: Het julle stasie ’n amptelike taalbeleid of ontvang julle uitspraakleiding van julle werkgewer? Kry julle kritiek van lesers of luisteraars oor julle uitspraak van eiename en leenwoorde uit vreemde tale? Wat is jou kollegas se mening oor die uitspraak van eiename en leenwoorde uit vreemde tale?
- Vraag 3: Benewens Afrikaans, in watter tale saai jy ook uit? Merk alles van toepassing.
    - Respondente kon tussen die opsies van “ek saai net in Afrikaans uit”, “Engels”, die nege amptelike Afrika-tale en “ander” kies.” Indien “ander” gekies is, is respondente gevra om ’n rede vir hul keuse te verskaf.

#### 2.3.5.2 Sosiale faktore

Soos onder 2.2.2.1 bespreek, dui sosiale faktore op eksterne faktore wat potensiële eindgebruikers se behoefte aan ’n woordeboek mag beïnvloed. Die opvolgvrae het die sosiale faktore wat ’n invloed op ’n respondent se behoefte aan uitspraakleiding aangespreek deur inligting in te win oor die bestaan van ’n taalbeleid of uitspraakleiding deur werkgewers. Kollegas en luisteraars of kykers se gerapporteerde menings oor uitsprake is ook vasgestel,

#### 2.3.5.3 Taalprofiel

Vrae 4 tot 6 het ten doel gehad om te bepaal watter tale almal ’n invloed op die respondente se T1-profiel het. Vrae oor respondente se T1 was die volgende:

- Vraag 4: Watter taal praat jou ma primêr (of het sy gepraat indien sy reeds oorlede is)?
- Vraag 5: Watter taal praat jou pa primêr (of het hy gepraat indien hy reeds oorlede is)?
- Vraag 6: Watter taal het jy as kind meestal in jou ouerhuis gepraat?

- Vraag 7: Identifiseer jy sterk met een van Afrikaans se vele streeksvariëteite, soos byvoorbeeld Bolands, Kaaps, Namakwalands, Overbergs en Vrystaatafrikaans?
  - Ja
  - Nee
  - Ek weet nie

’n Opvolgvraag vir respondente wat op vraag 7 “ja” geantwoord het, was: Met watter variëteit identifiseer jy?

- In die volgende afdeling van die vraelys (vraag 8) is daar van respondente verwag om hulle uitspraak van plek- en persoonsname uit Afrikaans, Engels, Mandaryns, Spaans en Zoeloe self te evalueer deur gebruik te maak van ’n skaal tussen 1 en 5, waar 1 as “baie swak” en 5 as “uitstekend” beskou is. By die vrae wat oor Afrikaans gehandel het, was daar ’n addisionele vraag waar respondente ook hulle uitspraak van leenwoorde en eiename uit vreemde tale moes evalueer. (Sien elektroniese vraelys in bylaag G.)

#### 2.3.5.4 Behoefte

By vraag 9 is respondente vir die eerste keer direk gevra of hulle ’n behoefte aan ’n uitspraakwoordeboek het al dan nie. Met hierdie eerste vraag wou daar net bepaal word of daar in die eerste plek ’n behoefte is. Die vraag het soos volg gelui:

- Vraag 9: Het jy vir die doeleindes van jou werk ’n behoefte aan ’n elektroniese woordeboek (hetsy deur ’n toepassing op ’n slimfoon of deur ’n webwerf) wat vir jou leiding gee oor die uitspraak van name, vanne en plekke uit vreemde tale?
  - Ja
  - Nee
  - Onseker

Respondente wat “nee” gekies het, is na vraag 17 voor die demografiese gegewens geneem. Die vraag was soos volg:

- Vraag 17: Waarom het jy nie ’n behoefte aan ’n uitspraakwoordeboek nie? Merk alles wat van toepassing is.
  - Die korrekte uitspraak van vreemde name, vanne en plekke is nie vir my belangrik nie.
  - Ek weet hoe vreemde woorde uitgespreek word.
  - Dit is te veel moeite om die korrekte uitspraak op te soek.
  - Ander.

Respondente is geleentheid gegee om kommentaar te lewer indien hulle wou. Hierna is hulle na die afdeling oor demografiese gegewens verwys, waar hulle ook kon aandui of hulle bereid was om aan enige opvolgonderhoude deel te neem. Die respondente het vir 'n laaste keer die geleentheid gehad om uit die studie te onttrek. Enige verdere inligting wat na aanleiding van respondente se antwoorde benodig is, is tydens die opvolgonderhoude aan respondente wat bereid was om gekontak te word, gestel.

Respondente wat by vraag 9 aangedui het dat hulle wel 'n behoefte aan uitspraakleiding het of onseker was of hulle 'n behoefte het, is na opvolgvrae geneem wat gehandel het oor meer besonderhede aangaande hulle behoefte. Die volgende spesifikasies is ondersoek:

**Tale**

Respondente se behoefte aan Afrikaans, Engels, Suid-Afrikaanse inheemse en nie-inheemse tale was in die volgende vrae vervat:

- Vraag 10: Benodig jy vir werksdoeleindes uitspraakleiding vir Afrikaanse plek- en persoonsname, waaroor daar onsekerheid is, byvoorbeeld *PAARL* en *FRANCOIS SNYDERS*?
- Vraag 11: Benodig jy vir werksdoeleindes uitspraakleiding vir *ENGELSE PLEK- EN PERSOONSNAME*, waaroor daar onsekerheid is, soos byvoorbeeld *HOTAZEL* en *SAOIRSE RONAN*?
- Vraag 12: Vir watter ander amptelike Suid-Afrikaanse tale en woorde wil jy vir werksdoeleindes uitspraakleiding ontvang? Merk alles van toepassing. (Respondente kon uit Ndebele, Noord-Sotho, Suid-Sotho, Tsonga, Tswana, Swazi, Venda, Xhosa en Zoeloe kies. Hulle kon meer as een opsie gekies het.)
- Vraag 13: Vir watter NIE-INHEEMSE tale sou jy vir werksdoeleindes uitspraakleiding oor plek- en persoonsname wou ontvang? Merk alles van toepassing. (Respondente kon tussen Arabies, Chinees, Duits, Fins, Frans, Grieks, Hebreeus, Hindi, Italiaans, Japannees, Nederlands, Noorweegs, Pools, Russies, Spaans, Swahili, Thai en Turks kies.) Respondente het ook die opsie gehad om aan te dui dat hulle nie enige leiding vir uitheemse tale nodig het nie. Daar was ook 'n geleentheid om ander tale aan te dui en kommentaar te lewer indien die respondent 'n behoefte daartoe gehad het.)

Na aanleiding van respondente se antwoorde op vrae 11, 12 en 13 is verdere ondersoek tydens die semigestruktureerde onderhoude gedoen om te bepaal waarom daar 'n behoefte aan uitspraakleiding vir sekere tale is en nie vir ander nie.

**Aksente**

Indien respondente by vrae 11, 12 en 13 aangedui het dat hulle uitspraakleiding van die onderskeie tale verlang, is dit telkens opgevolg met vrae wat moes bepaal in watter aksent respondente uitspraakleiding sou verkies. Opsies waaruit respondente kon kies, was die van "Afrikaanse sprekers", "sprekers van die brontaal" of "beide". Die resultate van hierdie vrae oor aksente het, soos uiteengesit onder 2.2.2.2, in wese die aard van die woordeboek bepaal.

#### 2.3.5.5 Toestel

Die doel van die volgende vraag was om vas te stel deur middel van watter toestel respondente graag uitspraakleiding wou ontvang. Die vraag het soos volg gelui:

- Vraag 14: Met watter toestel sal jy verkies om uitspraakleiding te ontvang? Rangskik die volgende in orde van voorkeur waar die boonste opsie jou voorkeur is.
  - Gewone, tradisionele "papierwoordeboek".
  - PC/skootrekenaar deur middel van ’n webwerf wat besoek word.
  - Slimfoon of tablet deur middel van ’n toepassing (app).

Respondente kon kommentaar lewer indien hulle wou. Opvolgvrae in die semigestruktureerde onderhoud het ten doel gehad om die gebruiksituasie waarin sodanige toestel gebruik sou word, te bepaal. Tegniese vereistes soos internettoegang is onder meer ondersoek:

  - Opvolgvrae in die semigestruktureerde onderhoud: Tot watter toestelle het jy toegang voor en tydens ’n uitsending. Het jy toegang tot die internet voor die lees van ’n nuusbulletin?

#### 2.3.5.6 Metode van uitspraakleiding

Die laaste drie vrae in die elektroniese vraelys het gehandel oor die manier waarop respondente uitspraakleiding vir onderskeidelik *Amacebo* (Zoeloe), *Deng Xiaopeng* (Mandaryns) en *Aeromexico* (Spaans) verkies. (Vir die presiese bewoording van hierdie vraag, sien bylaag G.) Respondente moes telkens die vyf verskillende metodes (IFA-transkripsie, herspelling volgens Afrikaanse spel- en skryfwyse, klanklêer, video of woordelikse beskrywing) in volgorde van voorkeur rangskik, waar 1 die metode was waarvan hulle die meeste gehou het en 5 die metode waarvan hulle die minste gehou het. Opvolgvrae in die onderhoude het gehandel oor die gebruiksituasie en die kennis wat respondente byvoorbeeld van die IFA het:

- Opvolgvrae oor die metode van uitspraakleiding in die semigestruktureerde onderhoud: Hoe lank tyd het julle om voor ’n uitsending voor te berei? Weet jy wat die Internasionale Fonetiese Alfabet is?

#### 2.3.5.7 Demografiese inligting

Respondente het die vraelys afgesluit deur ’n aantal demografiese besonderhede, soos uiteengesit onder 2.2.2.1 te verskaf. Daar was ook geleentheid om verdere kommentaar te lewer of van die navorsing te onttrek indien hulle wou.

#### 2.3.5.8 Situasie-analise van huidige bronne

Aspekte van ’n behoeftebepaling wat nie in die elektroniese vraelys aangespreek is nie, was ’n situasie-analise van bronne wat reeds beskikbaar is. Dit is gedoen deur opvolgvrae in semigestruktureerde onderhoude oor huidige bronne. Die vrae het ingesluit:

- Watter bronne gebruik jy op die oomblik?
- Wat is jou mening oor hierdie bronne?
- Is dit behulpsaam, prakties en betroubaar?

Enige addisionele kommentaar van die respondente of vrae wat uit die antwoorde ontstaan het, is ook in die semigestruktureerde onderhoud bespreek.

### 2.3.6 Operasionalisering

Die navorsingsprosedure het soos volg verloop:

- Nadat die nodige etiekklaring verkry is (sien hoofstuk 1), het die navorser kontakbriewe (bylaag D) met ’n verduideliking van die doel van die navorsing en wat van respondente wat aan die navorsing deelneem, verwag sou word, gestuur. Hierdie briewe is per e-pos aan die bestuur van radio- en televisiestasies landswyd (bylaag E) gestuur met die versoek dat dit onder personeel versprei word. Daar is ook e-posse aan respondente wat die navorser persoonlik ken, gestuur.
- Om aan die behoeftebepaling te kon deelneem, moes respondente ouer as 18 wees met Afrikaans een van die tale wat in hulle ouerhuis gepraat is. Verder moet Afrikaans een van die tale wees waarin die respondent uitsaai.
- Sodra ’n stasie of individu laat blyk het dat hulle bereid was om aan die navorsing deel te neem, is ’n ingeligtetoestemmingsbrief (bylaag F) aan sodanige respondente gestuur. Hierin

is dit duidelik gemaak dat alle inligting anoniem hanteer sou word en dat respondente by magte was om enige tyd van die navorsing te onttrek.

- Eers nadat getekende toestemming van voornemende respondente ontvang is, is ’n hiperskakel na die elektroniese vraelys per WhatsApp of e-pos aan respondente gestuur. Daar is vooraf aan respondente gekommunikeer dat hulle toestelle (rekenaar, selfoon of tablet) moes gebruik wat aan die internet kan koppel en multimedia soos klanklêers en video’s kan hanteer. Hulle moes ook seker maak dat hulle in ’n omgewing was waar die speel van video’s en klanklêers moontlik sou wees.
- Ná ontvangs van die voltooide vraelys is ’n semigestruktureerde onderhoud met respondente gevoer – hetsy deur Zoom, telefonies of WhatsApp-stemnotas. Dié onderhoud (bylaag H) het ’n aantal standaardvrae ingesluit wat in dieselfde volgorde aan alle respondente gevra is. Daar is egter ruimte gelaat om enige tendense, aspekte of temas wat uit voltooide vraelyste na vore gekom het met respondente te bespreek.
- Relevante gedeeltes van hierdie onderhoude is getranskribeer en saam met die uitslae van die vraelyste op Google Drive gestoor in ’n lêer waartoe slegs die navorser toegang gehad het.

## 2.4 Resultate van die behoeftebepaling

Die behoeftebepaling was in wese kwalitatief van aard en daarom nie geskik vir statistiese interpretasie en ontleding nie. Die analise van die resultate van die elektroniese vraelys en semigestruktureerde opvolgonderhoude is deskriptief ontleed en het eerder ten doel gehad om tematiese versadigingspunt te bereik (Saunders *et al.*, 2018). In hierdie afdeling word daar eerstens ’n beskrywing van die respondente wat aan die studie deelgeneem het, gegee waarna die uiteindelike resultate van die behoeftebepaling uiteengesit word.

### 2.4.1 Respondentprofiel

Met die beplanning van die navorsing was die doelwit om 12 respondente te werf wat bereid sou wees om aan die navorsing deel te neem. Uiteindelik het 37 respondente die vraelys, wat gemiddeld 12 minute geneem het om te voltooi, ingevul. Van hierdie 37 het slegs 28 die vraelys volledig voltooi. Alleenlik respondente wat die vraelys tot aan die einde ingevul het se antwoorde is vir ontleding gebruik. Van die nege respondente wat nie die vraelys voltooi het nie, het 67% (N=6) gevorder tot voor vrae 15 tot 17 waar daar na klanklêers en video’s gekyk en geluister moes word. Ten spyte van die versoeke aan respondente kan ’n moontlike verklaring vir die hoë uitvalsyfer tot by vraag 14 wees dat swak internet of tegniese probleme met die multimedia veroorsaak het dat hierdie respondente nie die vraelys tot aan die einde kon voltooi nie.

#### 2.4.1.1 Demografiese gegewens

Uit die resultate in tabel 2-5 is dit duidelik dat ietwat meer vroue (57%) as mans (43%) die vraelys voltooi het. Ondanks die feit dat agt bruin respondente die nuusberig in hoofstuk 3 gelees het en kontakbriewe aan televisie- en radiostasies in verskillende streke van die land (sien bylaag E) gestuur is, het slegs een bruin respondent die elektroniese vraelys voltooi. Daar was 96% wit respondente wat aan die behoeftebepaling deelgeneem het. Die voorvereiste dat Afrikaans een van die tale is waarin respondente uitsaai en een van die tale is wat respondente as kind by die huis gepraat het, is waarskynlik die rede waarom geen swart of Indiër-respondente die vraelys ingevul het nie. Die meerderheid respondente (57%) was tussen 40 en 59, terwyl ’n gelyke aantal (21%) tussen 18 en 39, en ouer as 60 was.

Wat geslag, bevolkingsgroep en ouderdom betref, was daar nie enige beduidende verskille in respondente se behoefte aan uitspraakleiding nie. Een respondent was egter wel van mening dat jonger omroepers nie soveel moeite met hulle uitspraak doen nie:

> *“As jy jonk is – ek het in dieselfde strik getrap – dink jy jy weet alles, want jy is mos nou op ’n nasionale radiostasie. ’n Mens raak laks tot jy vasgevat word, omdat jy nie voorberei het nie.”*

Ouderdom behoort egter, volgens dié respondent, nie ’n verskoning te wees om bekende persone se name verkeerd uit te spreek nie.

> *“Ek het een keer na ’n nuusbulletin van ’n Engelse radiostasie geluister en amper my kar omgegooi toe die omroeper die naam van ’n baie bekende, legendariese sokkerspeler verkeerd uitspreek. Ja, die omroeper was jonk, maar al wat hy of sy moes gedoen het, was om die sokkerspeler se naam in Google te tik en êrens sou die omroeper op die regte uitspraak afgekom het.”*

**Tabel 2-1: Demografiese profiel van respondente van behoeftebepaling**[4]

<table>
<tr><th colspan="12">GESLAG</th></tr>
<tr><th colspan="6">Manlik</th><th colspan="6">Vroulik</th></tr>
<tr><td colspan="6">43%</td><td colspan="6">57%</td></tr>
<tr><th colspan="12">BEVOLKINGSGROEP</th></tr>
<tr><th colspan="3">Wit</th><th colspan="3">Bruin</th><th colspan="3">Swart</th><th colspan="3">Indiër</th></tr>
<tr><td colspan="3">96%</td><td colspan="3">4%</td><td colspan="3">0%</td><td colspan="3">0%</td></tr>
<tr><th colspan="12">OUDERDOM</th></tr>
<tr><th colspan="4">Tussen 18 en 39</th><th colspan="4">Tussen 40 en 59</th><th colspan="4">Ouer as 60</th></tr>
<tr><td colspan="4">21%</td><td colspan="4">57%</td><td colspan="4">21%</td></tr>
</table>

[4] Persentasie word afgerond sonder desimaaltekens. Gevolglik sal die totaal nie altyd 100% wees nie.

### 2.4.1.2 Loopbaanprofiel

Ten tye van die behoeftebepaling was 17 respondente (61%) al langer as 10 jaar by die uitsaaiwese betrokke. Nege respondente (33%) het tussen ses en 10 jaar ondervinding gehad en slegs twee respondente (7%) was minder as vyf jaar lank omroepers. Alhoewel daar nie ’n verband tussen ervaring en ’n behoefte aan uitspraakleiding in die resultate van die vraelys geïdentifiseer is nie, was daar respondente wat gemeen het dat vreemdetaaluitspraak wel met ervaring verbeter. Een respondent het dit soos volg verduidelik:

> *“Daar is mense wat al meer as 20 jaar in die bedryf is wat na ’n berig sal kyk en sien dat daar ’n Meksikaanse en ’n Spaanse storie is en weet dat daar uitspraakverskille is selfs al word daar in beide lande Spaans gepraat.”*

’n Ontleding van die kommentaar en semigestruktureerde onderhoude dui aan dat respondente van veral streeksradiostasies verskillende rolle by hulle werkgewers vertolk. Hierdie rolle verander dikwels ook met tyd en ervaring soos die kommentaar van die volgende respondent weerspieël:

> *“Ek het vir 10 jaar lank uitgesaai en die nuus gelees. Is die laaste vier jaar [was ek die] stasiebestuurder.”*
>
> *“Ek is ’n vryskutjoernalis en doen ook soms stemopnames.”*

Uit die opvolgonderhoude het dit geblyk dat die aanbieders van sport- en klassiekemusiekprogramme veral uitspraakleiding oor vreemde eiename benodig, omdat hulle werk dikwels vereis dat hulle die name van komponiste, spanne, plekke en individue uit vreemde tale moet uitspreek.

Wat die uitsaaitale van respondente betref, toon figuur 2-1 dat slegs een respondent (4%) van ’n streeksradiostasie in Gauteng in Afrikaans, Engels en die inheemse tale (Noord-Sotho en Suid-Sotho) uitsaai. Elf respondente (39%), waarvan sewe (64%) vir streeksradiostasies werk, saai in Afrikaans en Engels uit, terwyl 16 respondente (57%) slegs in Afrikaans uitsaai. Sommige van diegene wat aangedui het dat hulle slegs in Afrikaans uitsaai, het in hulle kommentaar opgemerk dat, alhoewel Afrikaans hulle hoofuitsaaltaal is, moet hulle sekere take soos onderhoude in Engels uitvoer.




**Figuur 2-1: Uitsaaitale van respondente**

Figuur 2-2 dui die reikwydte van die deelnemende respondente se stasies aan. In totaal was 43% van die respondente in diens van 'n nasionale radio- of televisiestasie. Een respondent (7%) was in diens van 'n internet-radiostasie. Die ander 50% het vir streeksradiostasies gewerk, waarvan die meerderheid (22%) in Gauteng gestasioneer was. Altesaam 11% van die respondente het vir radiostasies in die Wes-Kaap gewerk en 7% in Mpumalanga en Oos-Kaap onderskeidelik. Een respondent (4%) was by 'n radiostasie in Noordwes werksaam. Geen respondente was by stasies in die Vrystaat, KwaZulu-Natal, die Noord-Kaap of Limpopo werksaam nie.

Alhoewel advertensies en die inhoud van streekradiostasies steeds op 'n sekere gebied of teikengehoor gemik is, is daar nie meer 'n beperking op die geografiese ligging van hulle gehoor nie, aangesien hierdie stasies nou landswyd en selfs internasionaal deur middel van die internet uitsaai. 'n Respondent verduidelik hoe en waar die radiostasie by wie hy of sy werksaam is, gehoor kan word:

> *"Ons uitsendings word landswyd via radio, rekenaar, toepassings en ander platforms gehoor. Te danke aan die internet kan ons uitsendings nou wêreldwyd gehoor word."*




**Figuur 2-2: Reikwydte van die deelnemende radiostasies**

#### 2.4.1.3 Sosiale faktore

Die opvolgvrae by vrae oor respondente se loopbaanprofiel het aangedui dat die bestuur van ’n stasie, die luisteraars en kykers, sowel as kollegas ’n eksterne invloed op die respondente se behoefte aan ’n uitspraakwoordeboek het.

Die semigestruktureerde onderhoude het aan die lig gebring dat die twee nasionale televisienuusprogramme (*SABC Nuus* en *e-Nuus*), asook die nasionale radiostasie *RSG*, ’n mate van uitspraakleiding aan hulle werknemers verskaf. Waar RSG voorheen ’n voltydse taalpraktisyn in diens gehad het om omroepers op uitspraakfoute te wys, word taalleiding nou weekliks of maandeliks per e-pos verskaf. Hierdie leiding fokus egter nie altyd op uitspraak nie, soos die volgende respondent verduidelik:

> *“Ons kry e-posse wat handel oor grammatika of vertaling. Dit is egter selde oor uitspraak.”*

Kollegas is ’n verdere bron van uitspraakleiding:

> *“Met Suid-Afrikaanse sportnuus sal ons ons kollegas wat eerstetaalsprekers van die inheemse tale is om hulp vra. Met oorsese name gebruik ons Forvo. As die sportkommentatorspan sal ons dan op ’n uitspraak besluit, maar dit is belangrik dat ons almal dieselfde uitspraak gebruik.”*

Dit blyk dat die luisteraars van nasionale stasies ’n voorkeur aan die T3-uitspraak van vreemde name het. Verder toon luisteraars van sekere programme ’n besondere kennis van T3-uitsprake. Hulle huiwer ook nie om kritiek te lewer indien die uitspraak nie volgens T3 is nie: “Hulle [die

luisteraars] sal jou baie gou laat weet as jy iets verkeerd [nie volgens T3-uitspraak nie] uitgespreek het en hulle weet nogal waarvan hulle praat."

> *"Myns insiens is Afrikaanse klasiekemusiekliefhebbers baie gesteld op die regte uitspraak. En daarmee bedoel ek hoe die sprekers van daardie taal die name uitspreek. As jy die c van Plá**c**ido met 'n /s/ in plaas van die /th/ soos in **th**ink uitspreek, gaan die luisteraars beslis van hulle laat hoor."*

Die gebrek aan luisteraars van 'n vreemde taal, het ook 'n invloed op die behoefte al dan nie van 'n spesifieke taal:

> *"Ons probeer ons bes om die Chinese name reg uit te spreek, maar die wete dat daar nie baie moedertaalsprekers van Chinees in Suid-Afrika is nie, bring 'n bietjie verligting. Ons spot altyd dat ons hoop die twee Chinese kykers van die nuusbulletin nie té ongelukkig sal wees as ons 'n woord verkeerd uitgespreek het nie."*

#### 2.4.1.4 Taalprofiel

Alhoewel al die respondente by vraag 6 aangedui het dat hulle meestal Afrikaans in hulle ouerhuis gepraat het, het vier respondente (14%) aangedui dat een van hulle ouers primêr Engelssprekend is of was. Een respondent het wel aangedui dat haar ouers se gebruik van Nederlands veroorsaak het dat hy of sy as kind soms Nederlandse woorde gebruik en taalreëls verwar. Uit die opvolgonderhoude het dit geblyk dat geen respondent meer as 'n nominale kennis van die getoetste tale, Spaans, Mandaryns of Zoeloe, het nie.

Wat vraag 7, wat gehandel het oor respondente se identifisering met streeksvariëteite, betref, het 22 respondente (79%) aangedui dat hulle nie met 'n spesifieke streeksvariëteit van Afrikaans identifiseer nie. Twee respondente (7%) het met Kaaps geïdentifiseer, een (4%) met Bolands en een (4%) met Overbergs. Twee respondente (7%) het aangedui dat hulle nie weet nie.

Hierdie onsekerheid oor die begrip *streeksvariëteit* word ook in die kommentaar van sekere respondente gereflekteer:

> *"Ek weet nie. Is daar iets soos Gauteng-Afrikaans?"*
>
> *"'n Man van Pretoria?"*
>
> *"Ek kom van die noordelike dele van die land."*

Die twee respondente wat aangedui het dat hulle met Kaaps identifiseer, is beide wit en van Gauteng afkomstig. Gegewe respondente se onsekerheid oor wat presies 'n streeksvariëteit is, is dit te betwyfel of hierdie respondente wel 'n Kaapse Afrikaanse aksent sou hê.

As deel van hulle taalprofiel is respondente in vraag 8 gevra om hulle uitspraak van vreemde plek- en eiename in Afrikaans, Engels, Zoeloe, Spaans en Mandaryns te evalueer. Figuur 2-3 toon dat geen respondente hulle uitspraak van moeilike persoonsname, plekname en leenwoorde in Afrikaans as ondergemiddeld beskou het nie. Onder die drie woordtipes blyk dit dat respondente minder seker was oor hulle uitspraak van leenwoorde soos *gender* met slegs 54% (vergeleke met 68% vir Afrikaanse plekname en 71% vir Afrikaanse persoonsname) wat hulle uitspraak as "uitstekend" beoordeel het. Respondente het in die kommentaar aangedui dat hulle soms ook sukkel met die algemene leksikon van Afrikaans:

> *"Ek sukkel soms met Afrikaanse woorde soos antiretrovirale en borgtog wat ek altyd borgtrog wil uitspreek."*

Gegewe dat Engels die meeste respondente se tweede taal is en dat 43% (N=12) ook in Engels uitsaai, was die verwagting dat meer respondente hulle uitsprake van vreemde plek- en persoonsname uit Engels as "uitstekend" sou beskou. Uit die resultate blyk dit dat respondente se evaluering van hulle uitspraak van vreemde plek- en persoonsname uit Engels heelwat swakker was.

Alhoewel geen respondente hulle Afrikaans uitspraak as ondergemiddeld beskou het nie, het een respondent (4%) sy of haar uitspraak van die pleknaam *Gloucestershire* as "swak" beskryf. Twee respondente (7%) het weer gemeen dat hulle uitspraak van *Isla Hugues* "swak" is, terwyl vyf respondente (18%) aangedui het dat hulle uitspraak vir beide Engelse woordtipes slegs "gemiddeld" was. Slegs 10 respondente (36%) het hulle uitspraak van Engelse plekname as "uitstekend" beskryf, terwyl 25% (N=7) hulle uitspraak van Engelse persoonsname as "uitstekend" beoordeel het. Die meerderheid van die respondente (43% en 50% onderskeidelik) het gemeen dat hulle uitspraak van die Engelse woordtipes "goed" is.

Indien die gemiddelde persentasie van Spaans, Chinees en Zoeloe bereken word, blyk dit dat ongeveer ewe veel respondente hulle uitspraak van die woordtipes uit hierdie tale as "gemiddeld" (34%), "goed" (33%) en "swak" (31%) beskou het. As die tale se uitspraak individueel ontleed word, blyk dit dat respondente hulle uitspraak van Spaans as die beste beskou met 41% (gem. N=14) respondente wat aangedui het dat hulle uitspraak "goed" is.

Ewe veel respondente het gemeen dat hulle uitspraak van die Chinese woordtipes "swak" (36%) of "goed" (36%) is. 'n Gemiddeld van 29% respondente (gem. N=10) het hulle Chinese uitspraak as "gemiddeld" geëvalueer. Die feit dat Chinees 'n tonale taal is, was vir party respondente problematies. Een respondent het hom of haar soos volg daaroor uitgespreek:

> *"Chinees het sulke sagte klanke. Dit voel of ek dit te hard uitspreek en amper disrespekvol is."*

Die Chinese spelling is weer vir ’n ander respondent moeilik om te ontsyfer:

> *“By Chinees moet ek soms die woorde ’n paar keer lees voor ek weet waaroor dit gaan.”*

Die meeste respondente (N=7, 41%) het hulle uitspraak van Zoeloe slegs as “gemiddeld” beoordeel. Slegs een respondent (4%) het aangedui dat sy of haar uitspraak van Zoeloe-plekname “uitstekend” is. Die opvolgonderhoud het aan die lig gebring dat hierdie respondent as kind reeds met Zoeloe in kontak gekom het en die taal op ’n informele, spontane manier aangeleer het. Hierteenoor het 4% (N=1) aangedui dat hulle uitspraak van vreemde persoonsname uit Zoeloe “baie swak” is. Dit blyk dat dit veral die klapklanke is waarmee respondente probleme ondervind.

> *“Zoeloe is vir my moeilik, want al die klapklanke word nie op dieselfde manier gevorm nie. Ons sê altyd ‘not all clicks are created equal’.”*

> *“Die klapklanke van die inheemse tale bly vir my ’n uitdaging.”*

Dit blyk dat sekere inheemse tale, as gevolg van die afwesigheid van klapklanke, makliker as ander is:

> *“Tswana en Sotho is vir my maklik, want ek het ’n bietjie Tswana op skool gehad en in ’n area grootgeword waar Tswana baie gepraat is. Dit het ook nie die klieks wat Zoeloe en Xhosa het nie. Die klieks [klapklanke] is steeds vir my moeilik, veral die c in **C**ele. Ek is nie seker waar al die klieks gevorm word nie. Ek wens ek kan ’n kursus of iets bywoon.”*




**Figuur 2-3: Selfevaluasie van uitspraak**

### 2.4.2 Behoefte aan 'n uitspraakwoordeboek

Van die 28 respondente het 26 (93%) aangedui dat hulle wel 'n behoefte aan 'n elektroniese woordeboek het. Een (4%) respondent het aangedui dat hy of sy nie 'n behoefte aan 'n elektroniese woordeboek het nie en een (4%) ander respondent was onseker of hy of sy 'n behoefte aan 'n elektroniese woordeboek het. Laasgenoemde respondente was beide ouer as 60 en in diens van streeksradiostasies.

Die respondent wat aangedui het dat hy of sy nie 'n behoefte aan 'n elektroniese woordeboek het nie, het die volgende opsie in die opvolgvraag oor die rede vir hierdie gebrek aan behoefte gekies:

> *"Die korrekte uitspraak van vreemde name, vanne en plekke is nie vir my belangrik nie."*

Met die opvolgonderhoud het hy of sy daarop gewys dat die handhawing van brontaaluitspraak nie vir sy of haar werkgewer 'n prioriteit is nie. Benewens die feit dat hierdie respondent nie enige eksterne motivering of behoefte aan die brontaaluitspraak van name en vanne uit vreemde tale het nie, is dit ook belangrik om in ag te neem dat hy of sy die aanbieder van 'n Afrikaanse musiek- en geselsprogram is waar daar nie van hom of haar verwag word om ooit nuusbulletins te lees of vreemde name uit te spreek nie.

Die twee respondente wat op hierdie vraag "nee" en "onseker" geantwoord het, is na die einde van die vraelys geneem waar hulle gevra is om hulle demografiese besonderhede te verskaf. Die resultate wat verder in hierdie afdeling bespreek word, is gebaseer op die antwoorde van die 26 respondente wat aangedui het dat hulle wel 'n behoefte aan uitspraakleiding het.

### 2.4.3 Taalbehoefte

Ten opsigte van Afrikaanse plek- en persoonsname soos *Paarl* en *Francois Snyders*[5] waaroor onsekerheid bestaan, het 58% (N=15) aangedui dat hulle wel 'n behoefte aan uitspraakleiding vir Afrikaanse plek- en eiename het. Nege (35%) respondente het gesê dat hulle nie 'n behoefte het nie en twee (8%) respondente was onseker. Kommentaar soos die volgende wys daarop dat respondente onseker is oor sommige Afrikaanse eiename en uitspraakleiding sou verwelkom:

> *"Ek is Afrikaanssprekend, maar sulke leiding is altyd nodig."*
>
> *"Dit sal goed wees as so iets beskikbaar is."*

---

5 Hierdie eiename is gekies, omdat Afrikaanse sprekers dit op verskillende maniere uitspreek. *Paarl* word as /PAA.rihl/ of /PÊ.rihl uitgespreek; *Francois* as /FRAN.swa/ of /FRAN.soois/, en *Snyders* as /SNY.dihrs/ of /SNAAI.dihrs/.

*"Dit is iets waarby alle omroepers kan baat."*

*"Dit is altyd welkom om te weet mens kan jou uitspraak nagaan. Sodoende leer 'n mens ook iets in die proses."*

Alhoewel Engels die meeste respondente se eerste addisionele taal is, is die behoefte aan uitspraakleiding van Engelse plek- en persoonsname soos *Hotazel*[6] en *Saoirse Ronan* waaroor daar onsekerheid is, aansienlik meer (81%) as die behoefte aan leiding vir Afrikaanse plek- en persoonsname waaroor daar onsekerheid is. Vier (16%) respondente het aangedui dat hulle nie 'n behoefte aan uitspraakleiding vir Engelse eiename en plekname gehad het nie en een respondent (4%) was onseker of hy of sy so 'n behoefte het. Daar kan geredeneer word dat die Ierse naam en van, *Saoirse Ronan*, buitengewoon moeilik vir Afrikaanssprekendes is om uit te spreek en dat dit die rede vir hulle keuse was, maar die behoefte aan uitspraakleiding vir Engelse eiename word verder ondersteun deur respondente se selfevaluasie van hulle uitspraak van Engels soos in tabel 2-1 weergegee is. Slegs sewe (25%) respondente het hulle uitspraak van Engelse name en vanne as "uitstekend" beskou. Die meeste respondente (50%) het hulle uitspraak slegs as "goed" beskou.

In vraag 12 is respondente gevra om aan te dui vir watter inheemse Suid-Afrikaanse tale (uitgesluit Afrikaans en Engels wat by die vorige twee vrae bespreek is) hulle uitspraakleiding nodig het. Dit was 'n verpligte vraag, en respondente kon al die tale kies waarvoor hulle uitspraakleiding benodig. 'n Opsie is ook verskaf vir diegene wat gemeen het dat hulle nie 'n behoefte aan uitspraakleiding vir die ander inheemse tale het nie.

Soos in tabel 2-7 aangedui, het slegs vier respondente aangedui dat hulle geen behoefte aan uitspraakleiding vir Suid-Afrikaanse inheemse tale het nie. Die grootste behoefte is aan Xhosa (N=19), Zoeloe (N=15) en Noord-Sotho (N=13), gevolg deur Suid-Sotho, Tsonga en Tswana, wat elk deur nege respondente gekies is. Venda is deur agt respondente gekies, en Swazi en Tsonga deur sewe respondente elk.

Uit bogenoemde resultate is dit duidelik dat respondente se behoefte aan uitspraakleiding vir Suid-Afrikaanse tale beïnvloed word deur drie faktore, naamlik die aantal sprekers van die taal, die streek waar 'n radiostasie geleë is en hoe moeilik dit is om die foneme van 'n taal te vorm. Al bevat Noord-Sotho (10%), of Sepedi soos dit ook genoem word, nie die klapklanke van die Nguni-tale nie, is die aantal sprekers wat die taal praat die rede waarom respondente uitspraakleiding vir Noord-Sotho wil hê, want volgens die 2022-sensus is Noord-Sotho saam met Afrikaans (11%),

[6] Hotazel word uitgespreek as /HÔT.ês.hêl/ of /HÔ.tih.zêl/.

Zoeloe (24%) en Xhosa (16%) onder die vier tale met die meeste moedertaalsprekers (Statistics South Africa, 2023:22).

In ooreenstemming met hierdie tendens was daar onder respondente minder vraag na leiding in Suid-Afrika se kleiner tale. Respondente wat aangedui het dat hulle leiding vir Venda, Swazi en Ndebele gehad het, was hoofsaaklik in diens van radiostasies in die streke waar hierdie tale oorwegend gepraat word.

Ten spyte van die aantal sprekers en die streek waarin ’n taal gepraat word, toon respondente se kommentaar dat hulle veral ’n behoefte aan uitspraakleiding het vir die klapklanke wat in tale soos Zoeloe en Xhosa voorkom.

**Tabel 2-2: Respondente se behoefte aan uitspraakleiding vir inheemse tale**[7]

| Taal | N |
|---|---|
| Xhosa | 19 |
| Zoeloe | 15 |
| Noord-Sotho | 13 |
| Suid-Sotho | 9 |
| Tswana | 9 |
| Tsonga | 9 |
| Venda | 8 |
| Swazi | 7 |
| Ndebele | 7 |
| Geen leiding benodig nie | 2 |

Vraag 13 het gehandel oor respondente se behoefte aan uitspraakleiding vir nie-inheemse tale. Respondente kon weereens al die tale aandui waarvoor hulle graag uitspraakleiding sou wou hê. Die resultate vir hierdie vraag word in tabel 2-8 getoon.

Vier respondente het aangedui dat hulle geen behoefte aan uitspraakleiding van nie-inheemse tale het nie. Met betrekking tot die tale wat in hierdie studie ondersoek word, is die behoefte aan uitspraakleiding aan Chinees (N=16) baie meer as vir Spaans (N=8).

Uit hierdie resultate en kommentaar van die respondente blyk dit dat die verskille in uitspraak tussen verskillende taalfamilies, nuusgebeure van ’n sekere tydstip, kollegas en luisteraars die

[7] Persentasies is nie aangedui in tabelle waar respondente meer as een opsie kon kies nie.

respondente se behoefte aan uitspraakleiding vir nie-inheemse tale beïnvloed. As daar in ag geneem word dat Chinees en Fins tipologies baie van Afrikaans verskil, is dit te verwagte dat hierdie twee tale boaan die lys tale sal wees. Die invloed van kollegas en wêreldgebeure kan gesien word in die keuse van Pools, wat wel deel van die Indo-Europese taalfamilie is en derhalwe nie so baie van Afrikaans as Chinees en Fins verskil nie. Vier respondente, wat by dieselfde radiostasie werksaam is, het Pools as 'n opsie gekies. Een van hierdie respondente het sy of haar keuse soos volg verduidelik:

> *"Ek voel dat Pole binnekort 'n belangrike rol in die wêreldpolitiek gaan speel en sal daarom graag leiding oor die uitspraak van Poolse name wil hê."*

Die invloed wat nuus- en wêreldgebeure het, word soos volg deur 'n respondent opgesom:

> *"Dit is moeilik om 'n taal of tale te kies, want dit hang af van wat nuuswaardig op 'n sekere tydstip is."*

Met tyd kan die behoefte aan uitspraakleiding vir 'n taal verander. Aangesien daar nie, vir die doeleindes van die eksperiment in hoofstuk 4, genoeg verskil in die uitspraak van verskillende aksente was nie, is respondente twee keer genooi om die behoeftevraelys te voltooi. Respondente wat in Maart 2022, kort ná die uitbreek van die oorlog in Oekraïne, die vraelys voltooi het, het spesifiek aangedui dat hulle 'n behoefte aan uitspraakleiding vir Russies het. Ses maande later, toe 'n ander groep respondente dieselfde vraelys voltooi het, het geen respondent van dié groep Russies gekies nie. Een respondent het die volgende verduideliking hiervoor verskaf:

> *"Oekraïne en Rusland is deesdae so baie in die nuus; ek weet half hoe klink die uitsprake."*

Nog 'n rede waarom sommige respondente nie 'n behoefte aan uitspraakleiding vir Russies ervaar het nie, is dié taal se fonemiese ortografie (Alexeeva & Dobrego, 2021:1). Een omroeper verduidelik sy of haar keuse soos volg:

> *"Al is Rusland en Oekraïne nou in die nuus het ek nie Russies gekies nie, want dit is vir my half 'straightforward'. Mens spreek die letters uit soos jy dit lees."*

**Tabel 2-3: Respondente se behoefte aan uitspraakleiding vir nie-inheemse tale**

| Taal | N | | Taal | N |
|---|---|---|---|---|
| Chinees | 16 | | Hebreeus | 9 |
| Fins | 13 | | Hindi | 9 |
| Pools | 13 | | Nederlands | 8 |
| Frans | 11 | | Spaans | 8 |
| Italiaans | 11 | | Noorweegs | 7 |
| Japannees | 11 | | Thai | 6 |
| Arabies | 10 | | Swahili | 5 |
| Russies | 10 | | Turks | 5 |
| Duits | 9 | | Geen behoefte aan leiding nie | 4 |
| Grieks | 9 | | | |

#### 2.4.3.1 Aksent

Respondente wat in vrae 11, 12 en 13 aangedui het dat hulle ’n behoefte aan uitspraakleiding vir die onderskeie tale het, is telkens na ’n opvolgvraag geneem om te bepaal in watter aksent hulle uitspraakleiding vir vreemde plek- en persoonsname in Engels, inheemse Suid-Afrikaanse en uitheemse tale sou verkies. Respondente kon kies tussen hoe “Afrikaanse sprekers”, “sprekers van die brontaal” of “beide” woorde en name uitspreek.

Uit Figuur 2-4 blyk dit dat meer as die helfte van die respondente deurgaans uitspraakleiding vir T3 verlang. As die gemiddelde persentasie van al die tale in ag geneem word, is dit duidelik dat die tweede grootste voorkeur (24%) vir beide T1 en T3 is. Die minste respondente (19%) wil uitspraakleiding in die T1-aksent ontvang. Vir sommige respondente was dit vanselfsprekend dat die brontaal gehandhaaf moet word. Hierdie voorkeur, wat respondente uitgespreek het, blyk ook uit die kommentaar wat omroepers in hoofstuk 4 se vraelys gelewer het:

> *“As ons weet wat die regte uitspraak is, soos gebruik deur die brontaalsprekers, moet ons tog poog om dit reg uit te spreek.”*
>
> *“Die brontaal bepaal tog die uitspraak.”*

’n Ontleding van die individuele taalgroepe toon dat ewe veel respondente uitspraakleiding in T1 (21% vir inheemse en 23% vir nie-inheemse tale) as in beide T1 en T3 (21% vir inheemse en 23% vir nie-inheemse tale) verlang. Die behoefte aan uitspraakleiding in T1 is die laagste (14%) vir die uitspraak van vreemde eie- en plekname uit Engels. ’n Moontlike verklaring vir hierdie resultaat kan wees dat 39% (N=11) ook in Engels uitsaai en weens professionele redes ’n behoefte aan leiding in ’n T2-aksent het.




**Figuur 2-4: Aksent waarin uitspraakleiding verlang word**

#### 2.4.3.2 Toestel van uitspraakleiding

Alhoewel respondente in vraag 14 oor hulle voorkeurtoestel gevra is, is ’n tipe situasie-analise tydens die opvolgonderhoud gedoen om vas te stel watter bronne reeds vir uitspraakleiding gebruik word en om respondente se mening aangaande huidige uitspraakbronne te bepaal. Uit die kommentaar blyk dit dat bronne vir nie-inheemse tale wel bestaan, maar geen vir Suid-Afrika se inheemse tale nie:

> *“Ek gebruik Forvo (https://forvo.com) en How to pronounce (https://www.howtopronounce.com), maar hierdie webwerwe gee nie leiding vir die Suid-Afrikaanse inheemse tale nie. Google Translate se uitspraakfunksie is nie baie akkuraat nie.”*
>
> *“Ons bel dikwels ambassades.”*

Daar is nie kwaliteit- elektroniese bronne vir Suid-Afrikaanse inheemse tale beskikbaar nie en respondente maak op moedertaalsprekers staat om aan hulle brontaalleiding te verskaf:

> *“Vir die Suid-Afrikaanse tale luister ons na hoe ander stasies se omroepers dit uitspreek.”*
>
> *“Ons vra dikwels kollegas wat moedertaalsprekers van daardie taal is.”*

Heelwat respondente het aangedui dat hulle van ’n persoonlike herspellingsisteem gebruik maak om die uitspraak van vreemde woorde tydens nuusbulletins makliker te maak:

> *"Ek spel die uitspraak op 'n manier wat vir my sin maak en breek ook die woorde op voor ek op die lug gaan."*

Soos uit Figuur 2-5 blyk, het respondente by vraag 14, wat oor die voorkeurtoestel vir uitspraakleiding gehandel het, oorwegend (69%) aangedui dat hulle 'n slimfoon of tablet met 'n toepassing verkies. Sewe respondente (27%) het aangedui dat hulle voorkeurtoestel 'n webwerf is. Slegs een respondent (4%) het aangedui dat hy of sy 'n "gewone, tradisionele 'papierwoordeboek'" verkies. Uit die kommentaar en inhoud van die opvolgonderhoude is dit duidelik dat die keuse van die toestel vir uitspraakleiding grootliks afhang van die gebruiksituasie waarin omroepers hulle bevind. Respondente het dit soos volg verduidelik:

> *"Dit is belangrik om te noem dat jy as nuusleser nie altyd die bulletin ure voor die tyd kry nie. 'n Mens moet dus die maklikste, vinnigste manier kry om uitspraak na te gaan."*

Respondente het aangedui dat die mobiele aard van 'n toepassing op 'n slimfoon dit die mees praktiese toestel maak om uitspraakleiding te ontvang:

> *"'n Slimfoon met 'n toepassing gaan net 'n bietjie meer draagbaar en mobiel wees. Mens is nie altyd in die posisie om 'n skootrekenaar by jou te hê nie. 'n Foon gaan net soveel vinniger wees want jy hoef nou nie eers die rekenaar of skootrekenaar aan te skakel en dan eers aan die internet te konnekteer nie. Alles neem tyd – iets wat jy dikwels nie het kort voor die uitsaai van 'n nuusbulletin nie."*
>
> *"My foon is altyd by my. Dit gaan die maklikste en vinnigste wees. In die 15 tot 20 minute voor 'n nuusbulletin, kan ek die toepassing langs my oop hê en die uitspraak vinnig nagaan voor ek met die nuusbulletin begin."*
>
> *"As iemand so 'n toepassing kan ontwikkel, gaan daar 'n hele industrie wees wat hulle ewig dankbaar gaan wees."*




**Figuur 2-5: Toestel vir uitspraakleiding**

#### 2.4.3.3 Metode van uitspraakleiding

Uit die gemiddelde persentasies van die verskillende metodes wat in figuur 2-6 aangedui word, blyk dit baie duidelik dat respondente wel die multimedialeiding van ’n elektroniese woordeboek met betrekking tot klanklêers bo ander metodes verkies. Gemiddeld het 77% van die respondente klanklêers as hulle voorkeurmetode aangedui, met soveel as 89% wat dit as hulle voorkeurmetode vir die Zoeloe-pleknaam *Amacebo* gekies het. Hierna volg herspelling (44%) as respondente se tweede keuse met ’n woordelikse beskrywing van moeilike en vreemde klanke (44%) as hulle derde keuse. As multimediaformaat blyk video-animasie van moeilike en vreemde klanke nie so gewild soos klanklêers te wees nie met 35% respondente wat dit as hulle vierde keuse aangedui het. Bykans die helfte (49%) van die respondente het aangedui dat die IFA die metode is waarvan hulle die minste hou. Dit blyk verder dat respondente leiding van volledige woorde meer bruikbaar as leiding van moeilike vreemde of foneme vind.

Respondente se voorkeurmetodes vir Zoeloe wyk egter af van die gemiddelde voorkeurvolgorde deurdat respondente video-animasie bo herspelling verkies het. Hierna volg herspelling, die IFA en laastens ’n woordelikse beskrywing van moeilike en vreemde klanke. Die feit dat daar nie letters is wat die klapklanke kan uitbeeld nie en dit slegs met uitroeptekens in die herspelling van hierdie studie aangedui word, veroorsaak dat die herspelling van *Amacebo* as /a-ma-C!E-bô/ nie baie nuttig vir eindgebruikers is nie. ’n Video wat presies uitbeeld hoe en waar moeilike en vreemde klanke gevorm word, is in die geval van klapklanke nuttiger vir eindgebruikers.

Met die uitsondering van Zoeloe was die IFA die minste gewild onder respondente. Met die opvolgonderhoude het dit geblyk dat die respondente wat wel tersiêre opleiding ondergaan het meestal kommunikasiekunde studeer het en nie noodwendig enige linguistiese agtergrond of kennis van die IFA het nie. Een respondent beskryf sy ervaring met IFA soos volg:

> *"Ek het al daardie vreemde lettertjies gesien, maar dit is vir my 'n bietjie deurmekaar. Ek spel woorde eerder op my manier wat vir my sin maak as ek dit moet lees."*

Die feit dat daar in die beskrywing van die Zoeloe-klapklank /c/ van vakkundige terme soos "dentale klapklank" gebruik gemaak is, kan 'n rede wees waarom die beskrywing van klanke by Zoeloe die minste gewild was. Dit is ook die enigste moeilike klank in hierdie afdeling wat nie met 'n soortgelyke klank in Afrikaans verduidelik is nie. Die vorming van die Chinese letter *x* is byvoorbeeld vergelyk met die Afrikaans foneem /sj/ soos in *sjaal*. Die verskil tussen die twee klanke is ook uitgewys. Die Spaanse tik-*r* is vergelyk met die klankverskynsel wat in die Afrikaanse woord *padda* voorkom as dit vinnig as /PA.ra/ uitgespreek word. Aangesien daar nie 'n soortgelyke letter in Afrikaans vir die *c*-klapklank bestaan nie, sou dit nuttiger wees om dit met 'n geluid te beskryf. 'n Beskrywing soos die volgende sou waarskynlik bruikbaarder gewees het:

> *"Die klapklank wat met jou tong agter jou boonste tande gemaak word om simpatie te betoon, naamlik tsk, tsk, tsk. Hierdie klanknabootsende woord word dikwels sarkasties bedoel."*

Al is die beskrywing van moeilike en vreemde woorde as die derde gewildste opsie aangedui, was daar geen respondent wat dit as hulle voorkeuropsie gekies het nie. Weereens speel die gebruiksituasie waarin uitspraakleiding benodig word 'n rol in die voorkeur vir sekere metodes. 'n Respondent beskou dit as bloot onprakties:

> *"Daar is nie tyd om ellelange verhandelings te lees nie."*

Respondente het tydens die opvolgonderhoude verduidelik dat hulle reeds 'n tipe herspelling gebruik om uitspraak tydens die lees van nuusbulletins makliker te maak. Volgens een respondent sal 'n kombinasie van 'n klanklêer en sy eie herspelling ideaal wees:

> *"Om die klank te hoor en dit dan na te boots behoort die beste te werk. Ek kan dan die woord vir myself 'foneties' uitskryf of verafrikaans."*




**Figuur 2-6: Metode van uitspraakleiding**

## 2.5 Gevolgtrekking

Die behoeftebepaling wat in hierdie hoofstuk gedoen is, het nie net praktiese inligting aangaande potensiële gebruikers van elektroniese-uitspraakwoordeboeke en hulle behoeftes verskaf nie, maar het ook die navorsingsvrae voortspruitend uit hierdie hoofstuk beantwoord.

**Navorsingsvraag: Is daar ’n behoefte aan ’n Afrikaanse uitspraakwoordeboek?**

Met slegs een respondent wat aangedui het dat hy of sy nie ’n behoefte aan uitspraakleiding vir vreemde tale het nie, blyk dit dat die hipotese dat daar wel ’n behoefte aan ’n Afrikaanse uitspraakwoordeboek is, geldig is. Met die semigestruktureerde onderhoud het dit egter geblyk dat respondente bronne soos Google Translate of Forvo ook as “woordeboeke” beskou en hulle eerder ’n behoefte aan uitspraakleiding as soseer tradisionele uitspraakwoordeboeke het.

- Subnavorsingsvraag: Wie het ’n behoefte aan ’n Afrikaanse uitspraakwoordeboek?

Uit die resultate is dit duidelik dat die hipotese dat omroepers ’n behoefte aan ’n Afrikaanse uitspraakwoordeboek het, wel water dra. Wanneer daar na “omroepers” verwys word, word daar na verskillende rolspelers in die uitsaaiwese verwys, naamlik nuuslesers, omroepers en joernaliste. Die tipe program is ’n verdere faktor wat bepaal of omroepers leiding vir die uitspreek van vreemde tale benodig of nie. Sportkommentators en aanbieders van klassiekemusiekprogramme het veral ’n behoefte aan uitspraakleiding. Die respondent wat aangedui het dat hy of sy nie ’n behoefte aan uitspraakleiding het nie, is die aanbieder van ’n

Afrikaanse musiekprogram waar uitspraakleiding vir eiename en leenwoorde uit vreemde tale nie nodig is nie.

- Subnavorsingsvraag: Wat is die behoefte betreffende die tale, woordtipes en aksente wat in die woordeboek opgeneem moet word?

Ten opsigte van die behoefte aan spesifieke tale blyk dit dat die hipotese dat eindgebruikers ’n groter behoefte aan uitspraakleiding van leenwoorde en eiename uit nie-Germaanse as Germaanse tale het, nie geldig is nie. Respondente het ewe veel uitspraakleiding vir Nederlands en Duits as vir ander taalfamilies benodig.

Wat Suid-Afrika se inheemse tale betref het respondente aangedui dat hulle leiding vir al die Suid-Afrikaanse inheemse tale benodig. Moeilike foneme soos die klapklanke in Xhosa en Zoeloe is wel pertinent uitgesonder as uitspraakleiding wat respondente benodig. Die behoefte aan leiding vir nie-inheemse tale word beïnvloed deur nuusgebeure op spesifieke tye. Dit blyk verder dat die ortografie van ’n taal nog ’n aspek is wat uitspraakbehoefte bepaal, met talle respondente wat genoem het dat tale met ’n fonemiese ortografie, soos Russies en Spaans, baie makliker is as tale soos Chinees en Frans.

Die gehoor van ’n radio- of televisiestasie blyk die grootste invloed op die keuse van ’n aksent te hê. Alhoewel die meeste respondente aangedui het dat hulle leiding oor die brontaalaksent wil ontvang, het hulle aangedui dat die gevolge van die verkeerde uitspraak van tale soos Chinees tydens uitsendings nie so rampspoedig is soos wanneer woorde in inheemse tale verkeerd uitgespreek word nie.

- Subnavorsingsvraag: Wat is die voorkeurformaat vir ’n Afrikaanse woordeboek onder potensiële eindgebruikers?

Uit die resultate blyk dit dat die hipotese wat lui dat potensiële eindgebruikers ’n voorkeur vir ’n spesifieke formaat vir ’n Afrikaanse uitspraakwoordeboek het, geldig is. Die gebruiksituasie waarin respondente uitspraakleiding benodig, was die belangrikste oorweging in die besluit oor beide die toestel en metode van uitspraakleiding om te gebruik, met talle respondente wat aangedui het dat spoed en internettoegang die geskikste toestel sal bepaal. Met laasgenoemde in ag genome, blyk ’n slimfoon met ’n toepassing, weens die mobiliteit daarvan, die praktieste opsie te wees. Nog ’n rede waarom respondente ’n slimfoontoepassing as die praktieste oplossing beskou, is omdat hulle nie altyd by hulle rekenaars is nie en dit tyd neem om ’n rekenaar aan te skakel en aan die internet te koppel.

Klanklêers met opnames van die uitspraak was by uitstek die gewildste metode waarop respondente uitspraakleiding sou wou ontvang. Alhoewel respondente aangedui het dat hulle reeds ’n persoonlike herspellingsisteem gebruik vir leiding tydens nuusuitsendings, het hulle herspelling as hulle tweede opsie vir Spaans en Chinees gekies. Die IFA blyk nie vir respondente bruikbaar te wees nie, aangesien hulle nie ’n linguistiese agtergrond met ’n kennis van fonologie het nie. Vir moeilike Zoeloe-foneme was ’n video-opname wat wys hoe en waar die klanke geproduseer word, gewilder is as herspelling. Oor die algemeen het respondente leiding oor die uitspraak van volledige woorde eerder as leiding oor slegs enkele foneme verkies.

# HOOFSTUK 3 ALGEMENE AFRIKAANSE MEDIAUITSPRAAK VAN ’N SPESIALE LEKSIKON

## 3.1 Konteks en agtergrond

Uit die behoeftebepaling onder Afrikaanse omroepers wat in hoofstuk 2 bespreek is, het dit geblyk dat daar onder hierdie nismark ’n definitiewe behoefte aan ’n elektroniese Afrikaanse uitspraakwoordeboek wat onder andere leiding met betrekking tot eiename en leenwoorde uit vreemde tale moet verskaf, bestaan. Een van die metodes om elektroniese uitspraakprodukte te ontwikkel, is om eerstens die akoestiese data uit die algemene leksikon (bestaande uit soortnaamwoorde, werkwoorde, voornaamwoorde, ens.) van ’n taal te onttrek, en dan daardie inligting in ‘’n sisteem in te voer (Beaufays *et al*., 2003). Hierdie aanvanklike outomatiese verwerking van akoestiese data is moontlik, omdat die meeste grafeme in sekere tale op ’n standaard manier uitgespreek word (Loots, 2010:35). Die volgende fase behels die invoer van data van die eiename en leenwoorde uit vreemde tale – iets wat nie so maklik is nie, aangesien daar nie altyd sekerheid of genoeg data is oor die manier waarop hierdie woordtipes uitgespreek word nie. Die oorsprong en spelling van eiename en leenwoorde is van die faktore wat dit moeilik maak om hulle uitspraak te bepaal (Beaufays *et al*., 2003).

Hierdie onsekerheid oor die uitspraak van vreemde woorde se foneme word ondervang deur ’n grafeem-na-foneem-omsettingstelsel te gebruik (Beaufays *et al*., 2003). Lam (2018:17) en Wissing (2003:251) beskryf hierdie omsetting as ’n proses wat die komplekse verhouding tussen skrif en klank verreken deur “reëls” vas te stel wat in die spraakherkenningstelsel ingevoer kan word. Gespesialiseerde uitspraakwoordeboeke word dikwels as ’n beginpunt gebruik om die grafeem-na-foneem-omsetting te doen (Beaufays *et al*., 2003). Die ideale manier is om die uitspraak van ’n volledige woord in die stelsel in te voer. By langer woorde (soos samestellings) kan die woord in kleiner dele, wat wél in die woordeboek voorkom, opgebreek word. Indien geen uitspraakleiding vir ’n woord bestaan nie, word die uitspraak van individuele foneme in die sisteem ingevoer (Dutoit, 1997).

Bogenoemde metode kan nie slegs in die ontwikkeling van spraakherkenningsprodukte gebruik word nie, maar ook om spraakgenereringsprodukte (teks-na-spraak) te skep. Netwerk24 se ontwikkeling van hulle teks-na-spraak-funksie in 2021 is ’n voorbeeld hiervan. Die gebrek aan akoestiese data in Afrikaans is oorkom deur ’n stemkunstenaar meer as 6 000 frases uit vorige artikels en nuusberigte te laat voorlees (Marx, 2021). Die opnames van hierdie woorde is deur middel van masjienleer verwerk, sodat hulle in enige volgorde ingespan kon word, maar steeds sou klink of ’n berig voorgelees word. Fonetiese data is uit hierdie voorlesings onttrek en

gekombineer om nuwe woorde te vorm. Enige foutiewe uitspraak word uitgeskakel deur ’n persoon wat ’n paar uur per week na die stemfunksie luister, aantekeninge maak van woorde wat verkeerd uitgespreek word en dit na die ontwikkelaars stuur vir korrigering (Marx, 2021; Van Zyl, 2023).

Alhoewel hierdie werkswyse beslis kan help om die foutiewe uitspraak van die algemene leksikon van Afrikaans te verbeter, is dit nie effektief om die uitspraak van eiename en leenwoorde uit vreemde tale te korrigeer nie, omdat daar in die eerste plek nie sekerheid is oor die Afrikaanse uitspraak van sulke woorde nie. Soos onder afdeling 1.1 en 1.2.2 bespreek, beskik Afrikaans nie oor enige resente, eindgebruikergerigte uitspraakwoordeboeke nie. Om hierdie gebrek aan uitspraakleiding te oorkom, dui Bell (1983:29) en Du Plessis (2016:6) aan dat dit internasionale gebruik is om gesproke media te gebruik om riglyne vir uitspraak vas te stel. Mediauitspraak weerspieël nie net die taalpersepsies van ’n taalgemeenskap as geheel nie, maar ter wille van konsekwentheid moet omroepers keuses maak tussen wisselvorme wat T1-sprekers later kan volg. Binne die Suid-Afrikaanse medialandskap sal omroepers van nasionale, streeks en internetradio- en -televisiestasies dus gebruik kan word om sodanige uitspraak te bepaal.

## 3.2 Literatuurstudie

Die doel van hierdie hoofstuk is om die algemene Afrikaanse mediauitspraak van ’n spesiale leksikon te bepaal deur Afrikaanse omroepers ’n fiktiewe nuusberig met eiename en leenwoorde uit vreemde tale te laat voorlees. Alvorens so ’n nuusberig opgestel kan word, moes eers vasgestel word watter foneme, woorde en grafeme uit Spaans, Zoeloe en Mandaryns vir niemoedertaalsprekers uitspraakprobleme kan veroorsaak. Faktore wat die uitspraak van eiename en leenwoorde uit vreemde tale beïnvloed, asook die invloed wat respondente se linguistiese agtergrondkennis op die uitspraak van ’n spesiale leksikon het, word ondersoek.

### 3.2.1 Faktore wat die uitspraak van ’n spesiale leksikon beïnvloed

Alhoewel sommige van die studies wat bespreek is meer op taalverwerwing gemik is, is sekere beginsels tog ook van toepassing op die fokus van hierdie hoofstuk, naamlik om vas te stel watter linguistiese raamwerk(e) (indien enige) as verwysing gebruik word wanneer omroepers soms slegs beperkte (of geen) tyd het om vir die lees van ’n nuusberig voor te berei nie.

#### 3.2.1.1 Taalprofiel van spreker

’n Spreker se taalprofiel, wat onder andere moedertaal, aksent (indien enige), kennis van ander tale en algemene taalopleiding insluit, is waarskynlik dié faktor wat ’n spreker se uitspraak van T3-woorde en -foneme die meeste beïnvloed. Tydens die verwerwing van die moedertaal (T1, in

hierdie studie dus Afrikaans) plaas sprekers T1-foneme volgens ’n natuurlike kognitiewe proses in verskillende fonologiese kategorieë. Soos bykomende tale aangeleer word, word elke nuwe taal se foneme in daardie bestaande fonologiese kategorieë geplaas, terwyl nuwe kategorieë eintlik geskep moet word vir klanke wat nie pas nie (Mirolli & Parisi, 2005; Pasman, 2020). Dieselfde kognitiewe prosesse tree ook in werking wanneer T1-sprekers met verskillende aksente vreemde T3-klanke moet produseer. Net soos ’n spreker se moedertaal die uitspraak van eiename en leenwoorde uit vreemde tale beïnvloed, kan aksente in dieselfde taal ook tot verskillende uitsprake lei.

Die mate waartoe die moedertaal die verwerwing van ’n aksentlose uitspraak in vreemde tale beïnvloed, hang tot ’n groot mate af van die ouderdom waarop die vreemde taal aangeleer word. Lenneberg het reeds in 1967 tot die slotsom gekom dat daar ’n “kritieke tydperk” is waartydens ’n vreemde taal aksentloos aangeleer kan word. Die algemene beginsel is dat hoe ouer ’n persoon is, hoe moeiliker word dit om ’n vreemde taal aan te leer, omdat die grammatika, uitspraak en leksikon van T1 reeds sterker gevestig is. Neurale plastisiteit, wat die brein se vermoë beheer om neurale netwerke te verander, te herorganiseer of uit te brei, neem geleidelik af met ouderdom (Cherry, 2022). Saam met hierdie vermindering in neurale plastisiteit, neem ’n individu se vermoë om nuwe kategorieë vir onbekende foneme te vorm, ook skynbaar af (Pasman, 2020).

Daar is verskillende menings oor die presiese afsnypunt van die kritieke periode. Sommige kundiges voer aan dat dit ná die ouderdom van ses jaar moeilik word om ’n aksentlose vreemdetaaluitspraak aan te leer. Foster *et al*. (2014), Long (1990) en Tahta *et al*. (1981) stel egter voor dat 12 jaar ongeveer die finale afsnypunt is, terwyl Gilakjani en Ahmadi (2011:74) beweer dat individue tot en met die ouderdom van agtien nog in staat is om ’n aksentlose uitspraak aan te leer.

Hoe dit ook al sy, die ouderdom waarop ’n T1-spreker die eerste keer aan ’n nuwe taal blootgetsel word, is nie die enigste faktor wat die verwerwing van ’n aksentlose T3-uitspraak beïnvloed nie. Selfs al vind blootstelling aan T2 of T3 op ’n baie jong ouderdom plaas, beïnvloed die manier waarop die vreemde taal aangeleer word ook hoe aksentloos die uitspraak sal wees. Pasman (2020:6) en Paradis (2009) onderskei tussen immersie- en nie-immersiekontekste ten opsigte van taalonderrig. T3-onderrig wat slegs in T3 aangebied word, vind in ’n immersiekonteks plaas. Terwyl die konteks van T3-onderrig wat in T1 aangebied word, nie-immersief is. Alhoewel formele nie-immersieonderrig, en die tyd wat ’n T1-spreker in ’n T3-omgewing deurbring wél taalverwerwing kan bevorder (Moyer, 1999; Pasman, 2020; Thompson, 1991), is informele kontak met brontaalsprekers in ’n natuurlike omgewing nodig om ’n aksentlose T3-uitspraak aan te leer (He, 2006; Norton & Toohey, 2001).

’n Studie deur Llitjós en Black (2001) het getoon dat mense hulle uitspraak van eiename aanpas op grond van hoe hulle dínk ’n naam in daardie taal uitgespreek moet word. Indien ’n spreker nie vertroud is met die T3-uitspraak nie, kan algemene taalopleiding, kennis van die IFA, fonologie en selfs taalfamilies dit makliker maak om vreemde foneme te interpreteer en te verwerk (Alberts, 1992).

Besonderhede aangaande respondente se taalprofiel is in die behoeftevraelys (bylaag G) en die semigestruktureerde onderhoud (bylaag H) ingewin om vas te stel of ’n omroeper se taalprofiel enige invloed op die uitspraak van ’n spesiale leksikon het.

#### 3.2.1.2 Vreemde foneme

In ’n artikel waarin Archibald (2021) tussen sogenaamde maklike en moeilike foneme onderskei, dui hy aan dat ’n T3-uitspraak in die volgende gevalle problematies kan wees:

- Moeilike foneme in die T3: Hier onderskei hy tussen maklike, algemene klanke (“unmarked”) en moeilike, ongewone klanke (“marked”). Hy gaan van die veronderstelling uit dat gemerkte foneme moeiliker is om uit te spreek as ongemerkte foneme en noem dat woorde wat met twee konsonante begin (bv. st) makliker uitgespreek sal word as woorde wat met drie konsonante (bv. str) begin.
- Laefrekwensiefoneme in die T3: Archilbald (2021) gaan van die veronderstelling uit dat indien twee foneme uit T2 of T3 nie in T1 aanwesig is nie, die meer frekwente T3-foneem makliker sal wees om uit te spreek.
- Indien die frekwentste foneem ook die mees gemerkte is, dui vorige studies daarop dat herkenbaarheid ’n groter invloed het op hoe moeilik dit is om daardie foneem uit te spreek. ’n Hoë frekwensie maak dit dus nie noodwendig makliker om ’n moeilike foneem uit te spreek nie (Archibald, 2021).
- Nog ’n faktor wat ’n T3-uitspraak kan beïnvloed, is die ortografie en spelling van ’n taal. Indien dieselfde letters verskillende foneme in verskillende tale aandui, kan dit tot foutiewe fonetiese besluite lei (Ncobela 2002:6).

#### 3.2.1.3 Strategieë om T3-foneme uit te spreek

Uit die vorige bespreking is dit duidelik dat sprekers op hulle T1 en kennis van tale en taalkunde staatmaak wanneer hulle vreemde T3-woorde of -foneme moet uitspreek. Oor die jare het daar verskeie teorieë ontstaan oor watter linguistiese verwysingsraamwerk of raamwerke sprekers gebruik wanneer hulle T3-foneme moet produseer. Indien hierdie teorieë konsekwente tendense kan toon aangaande die keuse van die linguistiese verwysingsraamwerk met betrekking tot

woordtipes of die frekwensie van woorde, word dit moontlik om te voorspel hoe hulle T3-woorde waarvan die T1-uitspraak nie bekend is nie, sal uitspreek. Hierdie teorieë sluit onder ander die onderstaandes in:

- Lord (2005:565), Ncobela (2002) en Van Huuksloot (2013) is maar net ’n paar van die taalkundiges wat aanhangers van die kontrastieweanalisemetode is. Hierdie teorie gaan van die veronderstelling uit dat die T3-uitspraak grootliks deur die T1 beïnvloed word.
- Kopečková *et al.* (2022) het die T2-statusmodelteorie gebruik in ’n studie met respondente met T1-Duits-T2-Engels-T3-Pools- en ’n T1-Pools-T2-Engels-T3-Duits-agtergrond om vas te stel watter verwysingsraamwerk ingespaSABCn word wanneer die aanleerder van ’n T3 vreemde foneme moet uitspreek. Volgens hierdie teorie speel T2 ’n meer prominente rol as T1 tydens die aanleer van ’n T3, aangesien implisiete en eksplisiete taalverwerwing op verskillende geheuebronne staatmaak. T1 is gegrond op prosedurele kennis wat deur implisiete taalaanleer verkry word, terwyl T2 en T3 afhanklik is van deklaratiewe geheue wat deur eksplisiete aanleermetodes vasgelê word (Kopečková, 2022).
- Aanhangers van die primêre topologiese model is weer van mening dat taalverwerking aanvanklik onbewustelik plaasvind deur die verskillende tale waarvan ’n T1-spreker kennis het, met mekaar op ’n leksikale, fonologiese, morfologiese en sintaktiese vlak te vergelyk. Sodra genoegsame ooreenstemming by een van hierdie vlakke gevind word, sal die taal wat as die soortgelykste beskou word, volledig na die T3 oorgedra word. ’n Holistiese oordrag van een van die T1-spreker se vorige tale vind dus plaas (Kopečková, 2022).

  ’n Fonetiese vergelyking vind plaas, selfs al stem al die elemente nie ooreen nie. So, byvoorbeeld, word die fonemiese segment aan die begin van ’n woord eerste vergelyk. Marslen-Wilson (1989) verduidelik dat sprekers wat meer vertroud is met ’n taal, die eerste lettergreep sal gebruik om die woord te herken. Hierdie tegniek word ook in outomatiese stemherkenningsprodukte toegepas waar segmentopeenvolging, veral trifoonkombinasies, gebruik word om die taal van oorsprong te voorspel.

**Eksperiment 1: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van ’n spesiale leksikon**

## 3.3 Doelwit van eksperiment

Soos onder afdeling 3.2 vermeld, was die doel van die eksperiment in hierdie hoofstuk om vas te stel wat die algemene Afrikaanse mediauitspraak van ’n spesiale leksikon is. In die proses om hierdie doelwit te verwesenlik, is die volgende navorsingsvrae beantwoord, naamlik:

1 Wat is die algemene Afrikaanse mediauitspraak van eiename uit vreemde tale?

2 Wat is die algemene Afrikaanse mediauitspraak van leenwoorde uit vreemde tale?

### 3.3.1 Hipotese

Uit die voorafgaande literatuurstudie kon die volgende hipotese oor die algemene Afrikaanse mediauitspraak van ’n spesiale leksikon gestel word:

- Nulhipotese: Daar bestaan nie ’n algemene Afrikaanse mediauitspraak vir die uitspraak van eiename en leenwoorde uit vreemde tale nie.

- Hipotese: Daar bestaan ’n algemene Afrikaanse mediauitspraak van eiename en leenwoorde uit vreemde tale en een of meer van die volgende sisteme kan gevolg word:

verafrikaanste fonologiese sisteem (T1-tese), soos ondersteun deur onder andere Ncobela (2002) en Van Huuksloot (2013);

T2-tese of die invloed van Engels in hierdie eksperiment, soos ondersteun deur onder andere Kopečková *et al*. (2022);

Brontaalsisteem (T3-tese) en/of

’n Gemengde sisteem soos die primêre tipologiese model waar ’n spreker verskeie linguistiese raamwerke oorweeg om op ’n uitspraak te besluit (Kopečková *et al*., 2022).

### 3.3.2 Terreinafbakening

Die eksperiment in hierdie hoofstuk, soos die res van die studie wat in afdeling 2.2.2 bespreek is, het gefokus op Suid-Afrikaanse omroepers wat in die uitvoering van hulle daaglikse pligte eiename en leenwoorde uit vreemde tale moet uitspreek. Die tale wat ondersoek is, was Zoeloe, Spaans en Mandaryns. By die bepaling van uitspraak is Engels (spesifiek VSA-E) ook in ag geneem. Die woordtipes wat in die eksperiment ingesluit is, was hoë- en laefrekwensie-eiename (HFE’s en LFE’s) en hoë- en laefrekwensieleenwoorde (HFL’s en LFL’s).

### 3.3.3 Toetsmateriaal

**Woorde**

Deur die bevindinge van die literatuuroorsig in ag te neem, is foneme geïdentifiseer wat óf nie in Afrikaans voorkom nie, óf grafeme bevat wat ander foneme voorstel wat verskil van dié in die Afrikaanse spellingsisteem. Die RSG-korpus, ’n subkorpus van die VivA-korpus (2024), is as hoofbron vir die toetswoorde van hierdie eksperiment gekies, omdat die teks van die RSG-korpus

spesifiek geskryf is om as nuusberigte te dien. Indien ’n geskikte woord nie in die RSG-korpus gevind kon word nie, is VivA se omvattende korpus gebruik om toetswoorde te identifiseer. In gevalle waar ’n woord soos *Meksiko* se spelling ’n wisselvorm gehad het, is die nuusberigte op Netwerk24 gefynkam om te bepaal watter spelling in daardie stadium die meeste in die Afrikaanse geskrewe media gebruik is.

Eiename en leenwoorde van verskillende frekwensies is ingesluit om vas te stel watter invloed frekwensie op die uitspraak van ’n woord het. ’n Item is as ’n hoëfrekwensiewoord (HFW) beskou as die woord ten tye van die opstel van die vraelys in November 2023 meer as 100 trefslae in die totale VivA-KPO opgelewer het. Name en vanne is apart ontleed, behalwe in gevalle waar die persoon baie bekend was. Die Chinese president *Xi Jinping* se naam is byvoorbeeld as ’n geheel ontleed omdat die naam én van meer as 100 maal in die VivA-korpus verskyn het. ’n Leenwoord daarenteen, is as laag geklassifiseer indien die woord reeds in die uitsaaiwese voorkom, maar nog nie geïnstitusionaliseerd is en in ’n woordeboek, soos die WAT, HAT of die AWS opgeneem is nie. Die frekwensies van die woorde word by die ontleding van die nuusberig in meer diepte bespreek.

**Nuusberig**

Die geïdentifiseerde woorde is gebruik om ’n fiktiewe nuusberig (sien figuur 3-1) te skryf. Gedagtig aan Llitjós en Black (2001) wat getoon het dat sprekers hulle uitspraak aanpas by hoe hulle dínk woorde in ’n spesifieke taal klink, is “leidrade” oor die brontaal van die woorde verskaf deur byvoorbeeld aan te dui in watter land die nuusgebeurtenis plaasgevind het. Leenwoorde is egter nie noodwendig in die brontaal se nuusbrokkie gebruik nie. Die leenwoorde *koeng foe* is byvoorbeeld in ’n nuusbrokkie oor plek- en eiename van KwaZulu-Natal gebruik. Die brontale se nuusbrokkies is afgewissel. Die eerste sin sou byvoorbeeld oor ’n gebeurtenis in Meksiko handel en die volgende ’n gebeurtenis in China. Die respondente het almal dieselfde nuusberig gelees.

En nou vir nuus uit die buiteland: Die polisie in **Meksiko** het 18 opgekapte lyke naby die stad van **Guadalajara** gevind. Daar word vermoed dat dit die gevolg is van 'n **guerilla**-aanval tussen 'n groep **vigilante** en 'n groot dwelmkartel in die omgewing.

'n Staking deur werknemers van die Chinese selfoonvervaardigers **Hisense** en **Huawei** het daartoe gelei dat Indië besluit het om China uit te sluit van sy toetslopies vir G5-netwerke. Die Minister van Nywerheid het egter gesê dat China sal voortgaan met navorsing by die Chinese Akademie vir Inligtingstegnologie.

'n Gevegskunskenner van **Ezinqoleni** in Kwa-Zulu Natal help om kinders van die straat te hou deur hulle die fynere kunsies van **koeng foe** aan te leer. Die dagblad **Isolezwe** berig dat **Xolisile Dlangalala** 15 jaar gelede 'n gimnasium met sy eie geld gebou het. Sedertdien het sy span verskeie toekennings gewen.

Minstens 500 polisielede het op die kantore van die Meksikaanse elektrisiteitsvoorsiener in die staat **Michoacán** toegeslaan weens finansiële ongerymdhede. **Miguel Patino**, leier van 'n magtige arbeidsvakbond, het 'n dringende pleidooi aan die regering gelewer om aandag aan hierdie situasie te gee.

Tydens 'n **imbizo** van die G 20-beraad wat in China gehou word, het die Chinese president **Xi Jinping** gesê dat hierdie geleentheid konkrete oplossings vir probleme in die wêreldwye ekonomie kan lewer.

**Langelihle Radebe** van die Onafhanklike Owerheidskommissie verwag dat honderde kiesers in tussenverkiesings in **Nqutu, Cibane** en Wartburg in Kwa-Zulu Natal gaan stem.

**Figuur 3-1: Fiktiewe nuusberig**

Figuur 3-1 Fiktiewe nuusberig waarin geïdentifiseerde woorde gebruik is

### 3.3.4 Steekproef

Die ideale demografiese profiel van die respondente was soos volg: 50% manlik teenoor 50% vroulik; 50% wit teenoor 50% bruin; en 33% met minder as vyf jaar ervaring, teenoor 33% met tussen ses en tien jaar ervaring, teenoor 33% wat langer as tien jaar se ondervinding in die uitsaaiwese gehad het. Alhoewel die demografiese profiel van die uiteindelike respondente (sien tabel 3-2) nie noodwendig verteenwoordigend van die Afrikaanse bevolking was nie, het die groter steekproefgrootte bygedra tot meer akkurate, kwalitatiewe resultate.

Dieselfde 28 respondente wat vir die behoeftebepaling in hoofstuk 2 gebruik is, het ná voltooiing van die elektroniese vraelys die nuusberig, wat die toetsinstrument van hoofstuk 3 was,

voorgelees. Later in die studie (sien hoofstuk 4), toe die algemene Afrikaanse mediauitspraak van bykomende woorde bepaal moes word, het ’n verdere vier respondente die nuusberig wat in hoofstuk 3 gebruik is, gelees. Tabel 3-1 dui die demografiese gegewens van die 32 respondente ten tye van die lees van die nuusberig aan.

Die demografiese veranderlikes wat in hierdie eksperiment in ag geneem is, was geslag, bevolkingsgroep, ouderdom, aantal jare ervaring en die reikwydte van die stasies waaraan die respondente verbonde was. Soos in afdeling 2.4.1.2 verduidelik, is respondente se ervaring bepaal deur die totale tydperk waartydens hulle potensieel vreemde eiename en leenwoorde op die lug moes uitspreek.

Dit was belangrik om die reikwydte van die stasies te bepaal, omdat nuuslesers van nasionale televisiestasies, soos in hoofstuk 2 bespreek, aangedui het dat hulle kritiek van kykers ontvang indien brontaaluitsprake nie gehandhaaf word nie. Deur die reikwydte van ’n stasie as ’n demografiese veranderlike in te sluit, wou die studie vasstel of eksterne faktore soos ’n stasie se taalleiding en gehoorterugvoer nasionale omroepers se uitspraak, in vergelyking met dié van streeksomroepers, beïnvloed. Sou nasionale omroepers byvoorbeeld die T3-uitspraak meer konsekwent tydens musiek- en sportprogramme handhaaf as hulle kollegas wat vir streeksradiostasies werk?

Dit was belangrik om die provinsies van die streeksradiostasies te identifiseer om vas te stel of respondente wat meer kontak met moedertaalsprekers het byvoorbeeld die klapklanke beter kon uitspreek as respondente in ander dele van die land. Aangesien Zoeloe en Xhosa volgens Niesler *et al.* (2005:471) dieselfde klapklanke het, is die omroepers van die Oos- en Wes-Kaap, waar Xhosa een van die groot tale is, asook Mpumalanga, waar Zoeloe een van die groot tale is, beskou as respondente met noue kontak met moedertaalsprekers van hierdie klapklanke (Alexander, 2021). Vrae oor kennis van ander tale behalwe Afrikaans en Engels is tydens die semigestruktureerde onderhoud gevra om ’n volledige beeld van die respondente se taalprofiel en kennis van tale te vorm. Indien respondente aangedui het dat hulle kennis van drie tale of meer het, is die omstandighede waaronder die taal aangeleer is met betrekking tot die onderrigsituasie en kontak met moedertaalsprekers ondersoek, aangesien hierdie faktore ’n invloed op daardie respondente se T3-uitspraak van die onderskeie tale kan hê.

Ietwat meer vroue (56% teenoor 44%)[8] as mans het die nuusberig gelees. Alhoewel steeds nie verteenwoordigend nie, het meer bruin respondente (25%) aan hierdie eksperiment as aan die behoeftebepaling (4%) deelgeneem. Die meeste respondente (63%) was tussen 40 en 59 jaar

---

8 Persentasies is tot heelgetalle afgerond . Derhalwe sal die totaal soms nie 100 wees nie.

oud en bykans die helfte (47%) het reeds meer as tien jaar ondervinding gehad. Slegs agt respondente (25%) het minder as vyf jaar ondervinding in die uitsaaiwese gehad met een respondent wat nog net ’n week as omroeper werksaam was. Ongeveer ewe veel respondente het vir nasionale (47%) as streekstasies (53%) gewerk.

**Tabel 3-1: Demografie van respondente vir eksperiment 1**

| GESLAG | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Manlik | | | | | Vroulik | | | | |
| N=14 | | 44% | | | N=18 | | 56% | | |
| BEVOLKINGSGROEP | | | | | | | | | |
| Wit | | Bruin | | | Swart | | Indiër | | |
| N=24 | 75% | N=8 | 25% | | 0 | 0% | 0 | 0% | |
| OUDERDOM | | | | | | | | | |
| Tussen 18 en 39 | | | Tussen 40 en 59 | | | Ouer as 60 | | | |
| N=6 | 19% | | N=20 | 63% | | N=6 | 19% | | |
| AANTAL JARE ERVARING | | | | | | | | | |
| Minder as vyf jaar | | | Tussen vyf en 10 jaar | | | Meer as 10 jaar | | | |
| N=8 | 25% | | N=9 | 28% | | N=15 | 47% | | |
| REIKWYDTE VAN RADIOSTASIE | | | | | | | | | |
| Nasionaal | | | | | Streek | | | | |
| N=15 | | 47% | | | N=17 | | 53% | | |
| PROVINSIES VAN RADIOSTASIES | | | | | | | | | |
| Gauteng | | Mpumalanga | | Noord-Kaap | | Oos-Kaap | | Wes-Kaap | |
| N=8 | 47% | N=1 | 6% | N=2 | 12% | N=4 | 24% | N=2 | 12% |

**Operasionalisering**

**Die navorsingsprosedure is soos volg uitgevoer:**

- Aangesien 28 van die respondente wat aan die behoeftebepaling deelgeneem het, die nuusberig onmiddellik daarna gelees het, was dit nie nodig dat hulle weer ’n ingeligte toestemmingsbrief moes teken nie, aangesien hulle reeds oor die aard van die navorsing ingelig is en hulle toestemming tot die navorsing gegee het.
- Aangesien die nodige etiekklaring vir die navorsing reeds verkry is (sien 1.6.3), kon die kontakbrief (bylaag D) en ingeligte toestemmingsbrief (bylaag F) aan die vier nuwe omroepers gestuur word. Hierdie vier respondente is oor die aard van die navorsing ingelig en gevra om

die ingeligte toestemmingsbrief (bylaag F) te onderteken voor hulle aan die navorsing kon deelneem.

- Nadat die respondente die navorser ingelig het dat hulle 20 minute tot hulle beskikking het, het 27 versoek om die nuusberig per WhatsApp te ontvang, terwyl vyf respondente verkies het om dit per e-pos te ontvang.
- Respondente is tien minute gegee om vir die nuusberig voor te berei, maar kon ook vinniger met die opname begin indien hulle gereed was.
- Alhoewel respondente toegelaat is om hulle eie aantekeninge oor die uitspraak van die nuusberig te maak, is hulle versoek om nie vooraf enige eksterne bronne soos kollegas, woordeboeke of die internet te raadpleeg nie.
- Ná tien minute, of vroeër indien hulle gereed was, moes die respondent die bulletin lees, dit opneem en aan die navorser stuur vir ontleding. Die meeste van die opnames is in opnameateljees gemaak en per e-pos of WhatsApp aan die navorser gestuur. Ná ontvangs van die opname is elke respondent die opsie gegee om indien hulle wou aan die navorsing te onttrek.
- Ná ontvangs van die opname is ’n semigestruktureerde onderhoud via WhatsApp-stemboodskappe, Zoom-vergaderings of telefoongesprekke gehou. Drie respondente het via Zoom deelgeneem, twee per telefoon, een respondent het die vrae skriftelik beantwoord en die oorblywende 26 respondente het WhatsApp verkies. Respondente is onder andere gevra watter woorde uit die verskillende tale hulle die maklikste en moeilikste gevind het om uit te spreek, en om ’n moontlike verklaring vir hulle keuse te gee. Hulle is ook die geleentheid gegee om, indien hulle wou, bykomende kommentaar te lewer.
- Aan die einde van die semigestruktureerde onderhoud is die respondente weer daaraan herinner dat hulle enige tyd aan die navorsing kon onttrek.
- Die uitspraakopnames en transkripsies van die relevante gedeeltes van die onderhoude is op Google Drive gestoor in ’n lêer waartoe slegs die navorsing toegang het.

### 3.3.5 Dataontleding

Die kontrastieweanalisemetode, soos deur Lord, 2008; Ncobela, 2002; en Van Huuksloot, 2013 voorgestel, is gebruik om onder andere te bepaal watter foneme tot die meeste uitspraakverskille gelei het, en watter linguistiese verwysingsraamwerke, indien enige, respondente gebruik het om eiename en leenwoorde uit vreemde tale uit te spreek.

#### 3.3.5.1 Bepaling van uitsprake

Om vas te stel watter linguistiese verwysingsraamwerk, indien enige, gebruik is, moes die brontaal (T3) en die Engelse uitspraak (T2) bepaal word voor die T1-uitspraak vasgestel kon word. Aangesien respondente in hoofstuk 2 by die behoeftebepaling aangedui het dat hulle uitspraakleiding vir volledige woorde eerder as vir grafeme verkies, is eerstens gepoog om die uitsprake van volledige woorde te vind. Webwerwe met uitspraakleiding en video's van onder andere nuusberigte is ingespan om die T2- en T3-uitspraak te bepaal indien daar geen woordeboeke met uitspraakleiding beskikbaar was nie.

Dit was veral moeilik om die VSA-E-uitspraak van Zoeloe-woorde te bepaal. Indien geen betroubare bronne gevind kon word om 'n uitspraak te bepaal nie, is OpenAI se ChatGPT-model gebruik om 'n waarskynlike uitspraak te genereer. Die versoek was telkens hoe 'n VSA-E-spreker sonder enige kennis van die brontaal se fonetiek die woord waarskynlik sou uitspreek.

## 3.4 Bepaling van algemene Afrikaanse mediauitspraak

Indien daar meer as drie uitsprake van 'n woord of foneem was, is die drie uitsprake wat deur die meeste respondente gevolg is, aangedui. In gevalle waar die algemeenste uitspraak nie meer as 40% van die naasgewildste uitspraak verskil het nie, is die woord op segmentele vlak ontleed om te bepaal watter linguistiese verwysingsraamwerk gebruik is om sekere grafeme uit te spreek. Variasies is as 'n wisselvorm beskou indien die verskil tussen die twee grootste uitsprake nie meer as 10% was nie. Grafeme wat dieselfde deur al die respondente uitgespreek is, is nie bespreek nie.

### 3.4.1 Resultate: Zoeloe

Ten einde 'n volledige taalprofiel van respondente aangaande hulle kennis en kontak met Zoeloe vas te stel, was dit nodig om hierdie aspekte tydens die semigestruktureerde onderhoud te ondersoek. Geen van die respondente het tydens die onderhoude aangedui dat hulle eiename en leenwoorde uit Zoeloe soos 'n brontaalspreker kan uitspreek nie, maar sekere demografiese faktore kon moontlik sommige sprekers se uitspraak positief beïnvloed het.

Een respondent het byvoorbeeld op 'n plaas in KwaZulu-Natal grootgeword en aangedui dat hy of sy as kind saam met Zoeloesprekende kinders gespeel het. In hierdie geval was dit moontlik dat dié respondent, op grond van ouderdom (Cherry, 2022; Pasman, 2020), 'n informele verwerwingkonteks (Paradis, 2009; Pasman, 2020) en spontane, nabye kontak met moedertaalsprekers (He, 2006; Norton & Toohey, 2011), moontlik 'n aksentlose moedertaaluitspraak kon hê.

Twee respondente het aangedui dat hulle Xhosa as ’n universiteitsvak geneem het. Alhoewel hulle verwerwingsituasie nie noodwendig tot ’n T3-uitspraak sou lei nie, het hulle onderskeidelik vir stasies in die Oos- en die Wes-Kaap gewerk, waar hulle op ’n daaglikse basis nabye kontak met moedertaalsprekers gehad het. Die ligging van hulle radiostasies in Mpumalanga, die Wes-Kaap en die Oos-Kaap kon vyf ander respondente se uitspraak van Zoeloe beïnvloed het – alhoewel hulle geen formele verwerwing van Zoeloe gerapporteer het nie.

Een van die kenmerkendste foneme van Zoeloe is waarskynlik die klapklanke wat, benewens klanknabootsende woorde en tussenwerpsels, nie in Afrikaans of Engels voorkom nie (Herbert, 1990:120). Dit was dus nie ’n verrassing dat respondente tydens die semigestruktureerde onderhoude spesifiek klapklanke as problematies uitgesonder het nie:

> *“Inheemse tale soos Sotho, Xhosa en Zoeloe is altyd vir my moeilik.” (Respondent spreek Xhosa sonder klapklank uit.)*

> *“Ek het in Noordwes grootgeword; so die taal waarmee ek in kontak was en waarvan ons ’n basiese kennis op skool gehad het, was Tswana. Daardie name is vir my altyd maklik om te lees. Ek sukkel altyd met die klieks. Daar is van my kollegas wat baie goed is daarmee, maar vir my is die Xhosa- en Zoeloe-klanke moeilik om uit te spreek. Ek sukkel om my mond op die regte plekke ... Ek weet hoe dit moet klink, maar ek sukkel om dit reg uit te spreek.” (Respondent spreek Xhosa sonder die klapklank uit.)*

Hierteenoor het sommige respondente weer gevoel dat die klapklanke maklik is en deel van hulle erfenis is:

> *“Ek moet darem net sê dat ek Xhosa op universiteit as ’n semestervak gehad het. Dit was eintlik maar net conversational Xhosa, maar ek het ’n goeie begrip van die klapklanke. En in elk geval kom ek uit die Khoisan, dit is my voorvaders. Apparently, ek moet meer daaroor oplees, kom die klapklanke van die Khoisan en die Xhosas het dit by ons oorgeneem. Miskien is dit net in my DNS, ek weet nie.” (Respondent spreek Xhosa op die T3-manier as ’n laterale klapklank uit.)*

Dit wil wel blyk of sommige klapklanke makliker as ander is om uit te spreek:

> *“Die q-klanke is vir my redelik maklik om te doen.” (Respondent spreek die klapklank korrek as ’n palatale klapklank uit.)*

Die verwarring kom in by ’n *c* soos in ***C**ele*, want jy moet jou tong net hier bo jou verhemelte plaas in plaas van x-klanke hier langs die kant. Daardie baie sagte *c* vang my nou en dan. By die q-klap is ek nie seker hoe diep jy die klank agter in jou keel moet maak nie.” (Respondent spreek al drie klapklanke volgens T3 uit.)

Laasgenoemde respondente se menings stem nie ooreen met Herbert (1990:120) se teorie dat die dentale klapklank /c!/ makliker is om te produseer as die laterale klapklank /x!/ nie. ’n Moontlike

verklaring hiervoor is dat dit meer oor ’n gebrek aan kennis aangaande die vorming van die foneem gaan as dat /c!/ werklik moeiliker is om uit te spreek.

Wat die ortografie van vokale in Afrikaans betref, is die spelling van vokale ietwat meer kompleks as dié van konsonante. Dit is omdat daar in Afrikaans heelwat meer vokale as diftonge is as wat die Romeinse alfabet, waarop die Afrikaanse spelsisteem gebaseer is, bevat. Volgens Alberts (2013:20) hang die spelling van vokale af van onder meer die oorsprong van die woord, die oorsprong van die pre- en suffikse in kombinasie met die stamwoord, klemtoon, oop of geslotenheid van sillabes, klankomgewing en tradisie. Alhoewel Afrikaans oor heelwat meer vokale as Zoeloe beskik, het ’n studie deur Niesler *et al*. (2005:463) bevind dat daar groter fonetiese ooreenstemming tussen Afrikaans en Zoeloe is as tussen Afrikaans en Engels, of Zoeloe en Engels. Hierdie ooreenstemming is grootliks te wyte aan die vokale [a] in agter, [i] in dief, [u] in boek en [ɔ] in mos, wat dikwels in Afrikaans, baie dikwels in Zoeloe, maar minder dikwels in Engels voorkom. Alhoewel Zoeloe ’n toontaal is (Hessler, 2015:2; Land, 2015:165), is klemtoon en toon in hierdie studie implisiet verreken en nie eksplisiet ondersoek nie.

Tabel 3-2 toon ’n opsomming van die foneme wat in Zoeloe aangetref word (Niesler *et al*., 470-474) maar nie in Afrikaans nie. Die opsomming is beperk tot die foneme wat in die toetswoorde voorgekom het en het nie ten doel om al die Zoeloe-foneme wat van Afrikaans verskil, te verteenwoordig nie. Meer besonderhede oor die verskille en die vorming van die foneme word by die individuele woorde se resultate bespreek.

**Tabel 3-2: Zoeloe-foneme wat nie in Afrikaans voorkom nie**

| Grafeem of foneem (volgens IFA) | | Herspelling | Beskrywing van grafeem/foneem | Voorbeeldwoord |
|---|---|---|---|---|
| **Klapklanke** | [ǃ] | /q!/ en /nq!/ | Palatale en genasaleerde, palatale klapklank | i**q**a**q**a ('muishond'), Ezi**nq**oleni en **Nq**utu |
| | [ǁ] en [ǁ$^ɦ$] | /x!/ | Alveolêre, laterale klapklank en geaspireerde, alveolêre, laterale klapklank | **x**o**x**a ('bespreek') en **Xh**olisile |
| | [ǀ] | /c!/ | Dentale klapklank | **C**ibane en Mfe**c**ane |
| **Frikatiewe** | [ɮ] | /dl/ | Stemhebbende, alveolêre, laterale frikatief | **dl**ala ('speel' of 'toneelstuk') en **Dl**angalala (eienaam – van) |
| | [ɬ] | /hl/ | Stemlose, alveolêre, laterale frikatief | **hl**ala ('woon' of 'bly') en Um**hl**anga (eienaam – dorp) |
| **Geaspireerde plofklanke** | [$p^h$] | /ph/ | Geaspireerde, bilabiale plosief | **ph**ila ('oorleef') |
| | [$t^h$] | /th/ | Geaspireerde alveolêre plosief | isikha**th**i ('tydsduur') |
| | [$k^h$] | /kh/ | Geaspireerde velêre plosief | i**kh**aya ('huis') |

Tabel 3-3 dui die nege Zoeloe-woorde waarvan die uitspraak getoets is, aan. Ten tye van die samestelling van die fiktiewe nuusberig was *imbizo* die enigste leenwoord wat by die Zoeloe-toetsitems ingesluit is. Die res van die woorde het uit laefrekwente-eiename (LFE's) bestaan, waarvan *Radebe*, met 'n totaal van 85, die hoogste frekwensie in die VivA-KPO gehad het.

**Tabel 3-3: Samestelling van Zoeloe-woorde**

| Woord | Woordtipe | RSG-korpus | VivA-KPO | Frekwensie-band |
|---|---|---|---|---|
| Ezinqoleni | Eienaam (pleknaam) | 4 | N.v.t. | Laag |
| Isolezwe | Eienaam (handelsnaam) | 0 | 9 | Laag |
| Xolisile | Eienaam (persoonsnaam) | 13 | N.v.t. | Laag |
| Dlangalala | Eienaam (persoonsnaam) | 0 | 2 | Laag |
| imbizo | Leenwoord | 172 | N.v.t. | Hoog |

| Woord | Woordtipe | RSG-korpus | VivA-KPO | Frekwensie-band |
|---|---|---|---|---|
| Langelihle | Eienaam (persoonsnaam) | 1 | N.v.t. | Laag |
| Radebe | Eienaam (persoonsnaam) | 482 | N.v.t. | Hoog |
| Nqutu | Eienaam (pleknaam) | 5 | N.v.t. | Laag |
| Cibane | Eienaam (pleknaam) | 6 | N.v.t. | Laag |

#### 3.4.1.1 Ezinqoleni

Enzinqoleni, ’n laefrekwensiepleknaam (LFP) wat ten tye van die uitspraakbepaling vier maal in die RSG-korpus voorgekom het, word soos volg in T1, T2 en T3 uitgespreek:

- T3-uitspraak: /eh.zie.n!ô.LEH.nie/ (eNCA, 2021a)[9]
- T2-uitspraak: /eh.zihn.kou.LIE.nie/ (OpenAI, 2025a)
- T1-uitspraak: /eh.zien.q!ô.LEH.nie/ (sien

[9] Luister vanaf 0:03 na die T3-uitspraak van *Ezinqoleni*: https://www.youtube.com/watch?v=4EZZsha_fR4&t=6s

- Tabel 3-4)

In totaal was daar 15 verskillende uitsprake van die naam en van as geheel. Slegs een respondent het die palatale klapklank genasaleerd as /n!q/ soos die T3 uitgespreek.

Tabel 3-4 dui die drie algemeenste uitsprake aan. Die oorblywende 12 uitsprake is slegs deur een of twee respondente gebruik en word gevolglik nie hier bespreek nie. Aangesien geen enkele uitspraak deur meer as 40% van die respondente gevolg is nie, is die onderskeie grafeme wat verskillend uitgespreek is, ontleed om die algemene Afrikaanse mediauitspraak van *Ezinqoleni* te bepaal.

**Tabel 3-4: Algemeenste uitsprake van *Ezinqoleni***

| Uitspraak | Tese | ’n | % |
|---|---|---|---|
| /eh.zien.!ô.LEH.nie/ | T3 met palatale klapklank wat nie saam met *n* as ’n nasale palatale klapklank uitgespreek is nie. | 9 | 28% |
| /ie.zihn.q!ô.LEH.nie/ | Gemeng T1 met die uitspreek van die palatale klapklank, alhoewel dit nie genasaleerd saam met die *n* uitgespreek is nie. Die eerste i word volgens OpenAI (2025a) slegs in T2 as /ih/ uitgespreek. | 4 | 11% |
| /eh.zihn.q!ô.LEH.nie/ | Gemeng T1 met die uitspreek van die palatale klapklank, alhoewel dit nie genasaleerd saam met die n uitgespreek is nie. Die eerste i word volgens OpenAI (2025a) slegs in T2 as /ih/ uitgespreek. | 3 | 9% |

3.4.1.1.1 Grafeem e aan die begin van Ezinqoleni

Die meeste respondente (56%) het, soos Tabel 3-5 aandui, die *e* aan die begin van die naam volgens T3 as /eh/ uitgespreek soos byvoorbeeld in ***E**goli, **E**malahleni en **E**khuruleni*. Die /eh/ aan die begin van ’n woord word egter ook in Afrikaanse eiename soos *E*ster uitgespreek. Die oorblywende respondente (44%) het *e* as ’n /ie/ volgens T2 uitgespreek, omdat die grafeem *e* as /ie/ in onbeklemtoonde sillabes in Engels uitgespreek word (Brooks, 2015:136). Die *e* in die middel en einde van die woord is deur al die respondente as /eh/ uitgespreek en word nie verder bespreek nie.

**Tabel 3-5: Grafeem *e* in *Ezinqoleni***

| Uitspraak van *e* in *Ezinqoleni*[10] | Tese | N | % |
|---|---|---|---|
| /eh/ | T1, T3 | 18 | 56% |
| /ie/ | T2 | 14 | 44% |

3.4.1.1.2 Grafeem i in Ezinqoleni

Die grafeem *i* kan in Afrikaans die foneme /ih/ en /ie/ voorstel. Alhoewel /ih/, ook genoem schwa, in Afrikaans (Wissing, 2020:137) as die mees frekwente vokaal beskou word, word dit in Zoeloe slegs in leenwoorde (Niesler *et al.*, 2005:473) aangetref. Hierteenoor kom /ie/ volgens Niesler *et al.* (2005: 463) nie so frekwent in Engels as in Afrikaans en Zoeloe voor nie. Die meeste respondente (53%) het *i* soos die brontaal as /ie/ uitgespreek. Hiernaas het 38% die meer frekwente vokaal /ih/ uitgespreek. Aangesien *Ezinqoleni* 'n laefrekwensiewoord is, kan afgelei word dat T1 die grootste invloed op die uitspraak gehad het, omdat /ie/ nie so frekwent in Engels is nie. Die 38% respondente het T1 en T2 gevolg om die grafeem as /ih/ uit te spreek.

Die *i* aan die einde van die woord is deur al die respondente as /ie/ uitgespreek. Aangesien die grafeem *i* slegs aan die einde van leenwoorde in Afrikaans (AWS, 2017:243) en Engels (Brooks, 2015:200) voorkom, is T3 as linguistiese verwysingsraamwerk gevolg op grond van hoëfrekwensieleenwoorde en -eiename uit Zoeloe soos *imp**i*** en *Amanzimtot**i***.

**Tabel 3-6: Uitspraak van *i* in die middel van *Ezinqoleni***

| Foneem | Tese | Frekwensie (N) | Persentasie (%) |
|---|---|---|---|
| /ie/ | T1, T2, T3 | 17 | 53% |
| /ih/ | T1 en T2 | 12 | 38% |
| /ô/ | Ander | 2 | 6% |
| /oe/ | Ander | 1 | 3% |

3.4.1.1.3 Grafeem nq

Die *q* word in Zoeloe as 'n palatale klapklank uitgespreek, wat gevorm word deur die voorpunt van die tong agter teen die tandkas vas te suig en dan met 'n "ploepgeluid" vinnig los te laat. Die klank word vergelyk met die klapklank wat gebruik word om 'n horlosie se geluid na te boots

[10] Indien identiese grafeme in dieselfde woord voorkom, word die grafeme onder bespreking te onderstreep

(Learn Xhosa with Ubuntu Bridge, 2014[11] The Hopebridge, 2013.[12]) Die grafeme *nq* dui aan dat die klapklank saam met *n* as 'n genasaleerde, palatale klapklank uitgespreek word (Zulu Lessons with Thando, 2019a)[13]. Die twee grafeme is deel van dieselfde lettergreep.

Die meeste respondente (66%) het geweet dat die *q* in Zoeloe as 'n klapklank uitgespreek word. Hierdie respondente was ook in staat om dit as 'n palatale klapklank uit te spreek, wat Herbert (1990:130) se teorie bevestig dat die palatale klapklank een van die maklikste is om te vorm. Die respondente het dit egter nie as een foneem uitgespreek nie en die foneme in verskillende sillabes verdeel. Hierdie verskynsel kan verklaar word aan die hand van Fick en Swanepoel (2010:48) se studie oor lettergreepverdeling wat aangedui het dat die grafeem *n* naas *e* en *r* die meeste keer aan die einde van lettergrepe in Afrikaans voorkom. Nege respondente (28%) het T1 en T2 gevolg deur *q* as /k/ uit te spreek na aanleiding van leenwoorde soos *quiche* en *Quasimodo*.

**Tabel 3-7: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *ng* in *Ezinqoleni***

| Uitspraak van nq | Tese | Frekwensie (N) | Persentasie (%) |
|---|---|---|---|
| /q!/ | T3, alhoewel nie genasaleer as een foneem gelyktydig met n nie | 21 | 66% |
| /k/ | T1, T2 | 9 | 9% |
| /nq!/ | T3 | 1 | 3% |
| /gh/ | Onbekend | 1 | 3% |

3.4.1.1.4 Algemene Afrikaanse mediauitspraak van o in Ezinqoleni

Die grafeem *o* kan soos volg in die onderskeie aksente uitgespreek word:

- T3-uitspraak: /ô/

---

11 Alhoewel hierdie kanaal vir die aanleer van Xhosa bedoel is, is die foneem /q!/ in Zoeloe dieselfde. Kyk na hierdie video vir die verduideliking van die uitspraak: https://www.youtube.com/watch?v=YlocO29uud4&t=36s

12 Nog 'n verduideliking van Zoeloe se klapklanke word in hierdie video bespreek: https://www.youtube.com/watch?v=NCMj7da5Da4&t=51sc

13 Die uitspraak van /nq!/ word in hierdie video bespreek: https://www.youtube.com/watch?v=I6AjEWP-vTY&t=368s

Volgens Ncobela (2012:22) word o aan die einde of in die middel van woorde deurgaans as die geronde, middellae agtervokaal /ô/ uitgespreek. Die woorde *ug**o**g**o*** ('ouma') en *ukub**o**na* ('om te sien') word gebruik om die grafeem-foneem-representasie te illustreer.

- T2-uitspraak: /ou/

In Brooks (2015:210) se verkenning van die Engelse spelsisteem het hy vasgestel dat die grafeem o die meeste (59%) gebruik word om /ou/ in oop, nie-finale sillabes soos in die woord ***fo**cus* voor te stel.

- T1-uitspraak: /ô/ of /oe/

Reël 20.24 van die AWS (2017) beskryf die spelling van die kort [ɔ] in leenwoorde uit Afrikatale soos volg: "Die kort [ɔ] in 'n onbeklemtoonde oop lettergreep van leenwoorde uit Afrikatale word met die letter ***o*** weergegee." *B**o**boi*, *gh**o**gh**o**k*, *pits**o***, *samang**o** of samang**o**aap*, *sk**o**kiaan*, ***tok**o**manie* word as voorbeelde genoem.

Reël 18:21 van die AWS (2017) dui aan dat alhoewel vokaalwysiging soos onder andere in die geval van [o] na [u] in onbeklemtoonde sillabes dikwels in die spraak van sprekers van Afrikaans voorkom, slegs een spelvorm gebruik word om die Afrikaanse speltradisie te handhaaf. Voorbeelde wat genoem word, is *dosent*, *foneties*, *losies*, *polisie*, *probeer*.

Tabel 3-8 dui aan dat slegs 19% van die respondente die Afrikaanse uitspraak van /oe/ (AWS, 2017, reël 18.21) gevolg het. Die meeste respondente het T1 en T3 gevolg om o as 'n geronde, middellae, agtervokaal /ô/ uit te spreek.

**Tabel 3-8: Uitspraak van grafeem *o* in *Ezinqoleni***

| Grafeem o | Tese | Frekwensie (N) | Persentasie (%) |
|---|---|---|---|
| /ô/ | T3/T1 | 26 | 81% |
| /oe/ | T1 | 6 | 19% |

### 3.4.1.2 Isolezwe

*Isolezwe*, die naam van 'n Zoeloe-koerant, was ten tye van die samestelling van die toetsbattery 'n laefrekwensie-eienaam (9) in VivA-KPO. Die woord bevat geen klapklanke nie, maar die grafeem *i*, kan as /ih/ of /ie/ uitgespreek word, terwyl *e* aan die begin én einde van die woord as /ih/, /ee/, /eh/ of /ê/ uitgespreek kan word. As gevolg van die Afrikaanse finalekonsonantontstemmingsreël was daar 'n moontlikheid dat *z* as /s/ uitgespreek word. Verder kan die *w* as /w/ soos ***w**at* of ***w**ater* uitgespreek word, terwyl die brontaaluitspraak eintlik /wh/ is,

’n foneem wat in Afrikaans in die Engelse leenwoord ***w**ow* of in kombinasie met ander konsonante soos *d* (*d**w**eep*), *s* (*s**w**eef*) of *t* (*t**w**ee*) gevind word (Coetzee, 2018:Hfst. 7.9). Die /wh/ kom ook in T2 as /wh/ in ***W**illiam* voor. *Isolezwe* kan soos volg uitgespreek word:

- T3-uitspraak: /ie.sô.LEH.zwheh/ (Appendix Consulting Agency, 2024)[14]
- T2-uitspraak: /ai.sou.LEHZ.whei/ (OpenAI, 2025b)
- T1: uitspraak: /ie.sô.LEHZ.wheh/ (sien tabel 3-9)

Tabel 3-9 dui aan dat daar vier verskillende uitsprake van *Isolezwe* was, met 22 respondente (69%) wat die presiese brontaaluitspraak /ie.sô.LEHZ.wheh/ gevolg het. Grafeme *s, z* en *o* het tot verskillende uitsprake gelei. Die meeste respondente (81%) het *s* volgens T1 as /s/ uitgespreek. Hierteenoor het 97%, ten spyte van die ontstemmingsreël in Afrikaans, die grafeem *z* as /z/ uitgespreek. Dieselfde tendens as by *o* in *Ezinq**o**leni* word by *o* is *Is**o**lezwe* opgemerk, naamlik dat die minderheid respondente die T1-uitspraak van /oe/ gevolg het. Vyf respondente (16%) het T1 gevolg teenoor 27 respondente (84%) wat T1 en T3 met /ô/ gevolg het.

**Tabel 3-9: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *Isolezwe***

| Uitspraak | Tese | Frekwensieband (N) | Persentasie (%) |
|---|---|---|---|
| /ie.sô.LEHZ.wheh/ | T3 | 22 | 69% |
| /ie/zô.LEHZ.wheh/ | Onbekend | 5 | 16% |
| /ie.soe.LÊHZ.wheh/ | Onbekend | 3 | 9% |

### 3.4.1.3 Xolisile

*Xolisile*, ’n LFE (13 in RSG-korpus), bevat die laterale klapklank wat in Zoeloe deur die grafeem *x* aangedui word. Alhoewel Herbert (1990:130) meen dat die laterale klapklank die moeilikste is om te vorm, is dit waarskynlik die bekendste klapklank as gevolg van die hoëfrekwensie-eienaam *Xhosa* (1 867 in VivA-KPO) wat aan die meeste Suid-Afrikaners bekend is. Ander grafeme wat waarskynlik tot uitspraakverskille kon lei, was weereens *i* wat onderskeidelik /ih/ of /ie/ kan voorstel, en *e* wat /ih/ of /eh/ kan voorstel. *Xolisile* se onderskeie uitsprake was soos volg:

---

14 Luister vanaf 0:34 om die brontaaluitspraak van *Isolezwe* te hoor: https://www.youtube.com/watch?v=u2lu-FraUrs

- T3-uitspraak: /x!ô.lie.SIE.leh/ (SABC News, 2024[15]; OpenAI, 2025c[16])
- T2-uitspraak: /zô.lie.SIE.lei/ (OpenAI, 2025c)
- T1-uitspraak: /x!ô.lie.SIE.leh/ (sien

15 ’n Volledige uitspraak van *Xolisile* kon nie gevind word nie, maar in hierdie video word die eerste gedeelte van die naam Xoli by 0:18 uitgespreek: https://www.youtube.com/watch?v=PU6ABfT9GkY

16 Volg hierdie skakel vir die gesprek oor die uitspraak van Xoli. Die VSA-E-uitspraak word ook hierin bespreek: https://chatgpt.com/c/69023373-6fbc-8330-841f-b35c04a17032

- Tabel 3-10)

*Xolisile* het tot 13 verskillende uitsprake gelei. Aangesien die drie gewildste uitspraak deur twee respondente gevolg is, word hierdie drie uitsprake ook in tabel 3-9 aangedui. Die oorblywende agt uitsprake is deur slegs een respondent elk gevolg en word dus nie bespreek nie. Die meeste respondente (14=44%) het die T3-uitspraak gevolg.

78% (N=25) van die respondente het *Xolisile* soos T3 as vier sillabes uitgespreek. Ses respondente (19%) het die woord met drie lettergrepe uitgespreek en een respondent (3%) met vyf lettergrepe. ’n Moontlike verklaring vir die verskynsel, waar ’n woord met meer of minder sillabes uitgespreek word, kan volgens Land (2015:165) deur Zoeloe se beperkte vokaalinventaris, gebrek aan ’n onderskeid tussen lang en kort vokale en die konsonant-vokaal-sillabepatroon verklaar word. Hierdie ortografiese eienskappe van Zoeloe het tot gevolg dat dié taal baie minder aanvaarbare grafeemkombinasies as byvoorbeeld Afrikaans het. Lang Zoeloe-woorde bestaan derhalwe uit ’n beperkte aantal sillabes wat gereeld herhaal. Land (2015:165) noem kombinasies van letters soos *zi*, *ku*, *nga* of *ngu* wat frekwent en herhaaldelik voorkom sonder dat hulle semanties verwant is. Wanneer dit vinnig gelees word, byvoorbeeld in ’n nuusbulletin, kan ’n woord soos *Xolisile* met herhalende grafeme van *l*, *s* en *i* dieselfde lyk en verwarrend wees. ’n Woord soos *Isolezwe*, met duidelike verskille in die sillabepatroon, is makliker om te lees en sal tot minder afwyking van die T3-uitspraak lei. Agt respondente (25%) het *Xolisile* heeltemal verkeerd uitgespreek as /kô.LIE.leh/, /zô.lie.sie.ZIE.leh/, /tjô.LIES.leh/, /q!ô.LIE.seh/, /x!ô.LIE.seh/ en /c!ie.sô.SIE.leh/.

**Tabel 3-10: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *Xolisile***

| Uitspraak | Tese | Frekwensie (N) | Persentasie (%) |
|---|---|---|---|
| /x!ô.lie.SIE.leh/ | T3 | 14 | 44% |
| /q!ô.lie.SIE.leh/ | T3, alhoewel palatale klapklank | 4 | 13% |
| /kô.lie.SIE.leh/ | T1 | 2 | 6% |
| /x!ô.LIE.seh/ | Onbekend | 2 | 6% |
| /kô.LIE.leh/ | Onbekend | 2 | 6% |

As gevolg van die ooreenkomste tussen die vokaalsisteme van Afrikaans en Zoeloe (Niesler *et al.*, 2005:463) was dit te verwagte dat 96% van die respondente wat die woord as vier sillabes uitgespreek, het dit volgens die brontaal gedoen het. Die een respondent wat die vokale nie volgens T3 uitgespreek het nie, het die volledige woord heeltemal verkeerd as /c!ie.sô.SIE.leh/ uitgespreek. In teenstelling met *Ezinq**o**leni* en *Is**o**lezwe,* waar 'n aantal respondente wel die T2-uitspraak van /oe/ vir *o* gevolg het, het al die respondente o in *Xolisile* as /ô/ uitgespreek, wat kan dui op 'n kennis van T3, maar wat ook in navolging van reël 20.24 in die AWS (2017) kan wees. Wat die uitspraak van *o* aan die begin van die woord betref, het al die respondente die T3-uitspraak (Ncobela, 2012:22) van /ô/ gevolg. Die meeste verskille het ontstaan as gevolg van die uitspraak van *x*, wat vervolgens bespreek word.

3.4.1.3.1 Grafeem x

Die laterale klapklank, wat in Zoeloe deur die grafeem x voorgestel word, en vergelyk word met die klanknabootsende woord wat gebruik word om perde aan te por (Learn Xhosa with Ubuntu Bridge, 2014), word soos volg in die onderskeie aksente uitgespreek:

- T3-uitspraak: /x!/ (Learn Xhosa with Ubuntu Bridge, 2014)[17]
- T2-uitspraak: /ks, z/ (Brooks, 2015:274, OpenAI, 2025c)
- T1-uitspraak: /k/ (Christie, 2022:138)

toon dat die meerderheid respondente (78%) daarvan bewus was dat *x* as 'n klapklank uitgespreek word. Sewentien respondente (56%) het T3-uitspraak gevolg deur die grafeem as 'n laterale klapklank uit te spreek. Vier respondente het die laterale klapklank met die palatale klapklank /q!/ vervang, wat ondersteuning bied aan Herbert (1990:130) se teorie wat toon dat die

[17] Alhoewel hierdie kanaal vir die aanleer van Xhosa bedoel is, is die foneem /x!/ in Zoeloe dieselfde. Kyk vanaf 0:32 na die verduideliking van x: https://www.youtube.com/watch?v=YlocO29uud4&t=36s

palatale klapklank die maklikste klapklank is om te produseer. Twee respondente (6%) het wel geweet dat die *x* ’n klapklank is, maar die grafeem as ’n dentale klapklank uitgespreek. Sewe respondente (22%) het *x* sonder enige klapklank uitgespreek. Vier van hierdie sewe respondente het die T1-uitspraak gevolg, wat ooreenstem met Christie (2022:138) se bevinding dat Afrikaanssprekendes deur die proses van ontlening dikwels die palatale klapklank met die stemlose, velêre plosief /k/ vervang. Een respondent (3%) het T2 (Brooks, 2015: 274) gevolg deur *x* as ’n *z* uit te spreek. Die oorblywende respondente het die grafeem met “leenkonsonante,” soos Wissing (2020:138) die foneme /tj/ en /gh/ noem, uitgespreek.

Tabel 3-11 toon dat die meerderheid respondente (78%) daarvan bewus was dat *x* as ’n klapklank uitgespreek word. Sewentien respondente (56%) het T3-uitspraak gevolg deur die grafeem as ’n laterale klapklank uit te spreek. Vier respondente het die laterale klapklank met die palatale klapklank /q!/ vervang, wat ondersteuning bied aan Herbert (1990:130) se teorie wat toon dat die palatale klapklank die maklikste klapklank is om te produseer. Twee respondente (6%) het wel geweet dat die *x* ’n klapklank is, maar die grafeem as ’n dentale klapklank uitgespreek. Sewe respondente (22%) het *x* sonder enige klapklank uitgespreek. Vier van hierdie sewe respondente het die T1-uitspraak gevolg, wat ooreenstem met Christie (2022:138) se bevinding dat Afrikaanssprekendes deur die proses van ontlening dikwels die palatale klapklank met die stemlose, velêre plosief /k/ vervang. Een respondent (3%) het T2 (Brooks, 2015: 274) gevolg deur *x* as ’n *z* uit te spreek. Die oorblywende respondente het die grafeem met “leenkonsonante,” soos Wissing (2020:138) die foneme /tj/ en /gh/ noem, uitgespreek.

**Tabel 3-11: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *x***

| Uitspraak | Tese | Frekwensie (N) | Persentasie (%) |
|---|---|---|---|
| /x!/ | T3 | 17 | 56% |
| /q!/ | T3 alhoewel nie laterale klapklank nie | 6 | 19% |
| /k/ | T1 | 4 | 13% |
| /c!/ | T3, alhoewel nie laterale klapklank nie | 2 | 6% |
| /z/ | T2 | 1 | 3% |
| /tj/ | Onbekend | 1 | 3% |
| /gh/ | Onbekend | 1 | 3% |

#### 3.4.1.4 Dlangalala

Die LFE *Dlangalala* (2 in VivA-KPO) bevat die stemhebbende alveolêre laterale frikatief *d˜l*[18] wat, soos die stemlose variant *hl* /sj˜l/, nie in Afrikaans of Engels voorkom nie. Die uitspraak van *Dlangalala* in T1, T2 en T3 kan soos volg opgesom word:

- T3-uitspraak: /d˜lang.gha.LA.la/ (ETV, 2021)[19]
- T2-uitspraak: /dih.lêng.ghih.LA.la/ (HowToPronounce, 2025a)
- T1-uitspraak: /dlang.gha.LA.la/ (sien tabel 3-11)

Tabel 3-12 toon dat die meeste respondente (85%) die woord as /dlang.gha.LA.la/ uitgespreek het. Hierdie uitspraak was soortgelyk aan die T3-uitspraak, maar *dl* is nie presies soos die moedertaaluitspraak as een foneem uitgespreek nie. Drie (60%) van die vyf respondente wat nie die T3-uitspraak gehandhaaf het nie, het die naam as drie lettergrepe uitgespreek en een respondent met vyf lettergrepe – 'n verskynsel wat volgens Land (2015:165) weereens toegeskryf kan word aan die visuele gelyksoortigheid van herhalende leksikale items in die ortografie van Zoeloe, soos *la* in die geval van die woord *D**la**ng**alala***. Al vyf respondente wat nie die T3-uitspraak gehandhaaf het nie, het die voorafgaande woord *Xolisile* ook heeltemal verkeerd gelees. Een respondent het met die semigestruktureerde onderhoud hierdie verskynsel soos volg beskryf:

> *"Soms konsentreer mens so baie op die een moeilike woord dat jy oor die volgende woord ook struikel. Of jy konsentreer so erg op die moeilike name dat jy die maklike woorde wat daarop volg sommer heeltemal verkeerd lees."*

**Tabel 3-12: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *Dlangalala***

| Uitspraak | Tese | Frekwensie (N) | Persentasie (%) |
|---|---|---|---|
| /dlang.gha.LA.la/ | T3, alhoewel *dl* nie presies soos die brontaaluitspraak nie. | 27 | 84% |
| /la.lang.GHA.la/ | Onbekend | 1 | 3% |
| /zlang.GHA.la/ | Onbekend | 1 | 3% |
| /dlang.ghang.gha.LA.la/ | Onbekend | 1 | 3% |
| /dlang.GHA.la/ | Onbekend | 1 | 3% |
| /dla.LANG.gha/ | Onbekend | 1 | 3% |

---

18 'n Tilde dui twee foneme aan wat as een uitgespreek moet word, maar steeds duidelik onderskeibaar is.

19 Luister vanaf 0:34 na die brontaaluitspraak van Dlangalala: https://www.youtube.com/watch?v=-1S2Ov6AF1Fs

3.4.1.4.1 Algemene Afrikaanse mediauitspraak van grafeme dl

Soos Tabel 3-13 toon, is *dl* ’n stemhebbende, alveolêre, laterale frikatief wat nie in Afrikaans voorkom nie (Niesler *et al*. 2005:471). Die gemiddelde uitsprake van die grafeme *dl* kan soos volg opgesom word:

- T3-uitspraak: /d˜l/[20]

Die groot uitdaging wat niemoedertaalsprekers met die uitspreek van hierdie foneem ondervind, is om die twee grafeme as ’n enkele foneem uit te spreek. Dit kan gedoen word deur die lugvloei agter die tandkas met die tong te blokkeer, sodat die lugstroom slegs langs die kant van die mondholte kan ontsnap (TheHopebridge, 2013).

- T2-uitspraak: /dih.l/ (OpenAI, 2025d)

Dit is dan ook hierdie eienskap van *dl* wat OpenAI (2025d) voorspel ’n spreker van VSA-E nie sal kan uitspreek nie. OpenAI (2025d) voorspel dat VSA-E-sprekers dl as twee aparte foneme (/dih/ en /l/) in verskillende sillabes sal uitspreek, met die schwa /ih/ wat as verbindingsklank tussen /d/ en /l/ dien.

- T1-uitspraak: /dl/

Soos Tabel 3-13 aandui, het die meerderheid die T3-uitspraak gevolg deur die grafeem as /dl/ uit te spreek. Alhoewel die grafeme as ’n enkele klank uitgespreek is, het dit nie heeltemal aan die T3-vereiste dat die lugvloei langs die kant van die mondholte na vore gestoot moet word, voldoen nie. Geen respondent het die van soos T2 in twee verskillende lettergrepe uitgespreek nie. Een respondent het waarskynlik T3-uitspraak gevolg (alhoewel stemhebbend) deur die foneem as /zjl/ in plaas van die foneem /sjl/ in eiename soos *Um**hl**anga* uit te spreek.

**Tabel 3-13: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *dl***

| Uitspraak | Tese | Frekwensie (N) | Persentasie (%) |
|---|---|---|---|
| /dl/ | T3, alhoewel d˜l nie presies volgens T3 as een foneem nie | 30 | 94% |
| /l/ | Onbekend | 1 | 3% |
| /zjl/ | T3, na aanleiding van /sjl/ in Um**hl**anga, maar stemhebbend | 1 | 3% |

[20] Luister vanaf 0:45 na die brontaaluitspraak van die grafeme *dl*: https://www.youtube.com/watch?v=NCMj7da5Da4

#### 3.4.1.5 Imbizo

*Imbizo* ('vergadering') is 'n HFL (172 in RSG-korpus) wat nie net een van die min Zoeloe-woorde is wat in die AWS (2017) is nie, maar ook in Engelse woordeboeke soos die *Dictionary of South African English* (DSAE) en die *Oxford English Dictionary* (OED) gelys word. Volgens hierdie bronne is die T2- en T3-uitspraak soos volg:

- T3-uitspraak: /iem.BIE.zôh/ (DSAE, 2025d; OED, 2025?)
- T2-uitspraak: /ihm.BIE.zou/ (DSAE, 2025?, HowToPronounce,, 2025?, OpenAI, 2025?)
- T1-uitspraak: /iem.BIE.zô/ (sien Tabel 3-14)

Ten spyte van *imbizo* se hoë frekwensie het die woord tot meer uitspraakverskille as laefrekwensiewoorde soos *Isolezwe* gelei. In totaal was daar ses verskillende uitsprake, waarvan die algemeenste vier uitsprake in Tabel 3-14 uiteengesit word. Die meeste respondente (31%) het wel die brontaaluitspraak /iem.BIE.zô/ gevolg het. Vier respondente (13%) het die T2-uitspraak van /ihm.BIE.zou/ gevolg. Ander variante was /iem.BIE.zoe/ (22%), /ihm.BIE.zô/ (19%), /iem.BIE.zou/ (9%) en /ihm.BIE.zoe/ (6%). Aangesien die uitspraak wat deur die meeste respondente gevolg is nie meer as 40% teenoor die ander was nie, is die uitspraak van die onderskeie foneme ontleed om tendense, indien enige, te identifiseer.

**Tabel 3-14 Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *imbizo***

| Uitspraak | Tese | Frekwensie (N) | Persentasie (%) |
|---|---|---|---|
| /iem.BIE.zô/ | T3 | 10 | 31% |
| /iem.BIE.zoe/ | Gemeng | 7 | 22% |
| /ihm.BIE.zô/ | Gemeng | 6 | 19% |

##### 3.4.1.5.1 Grafeem i in imbizo

- T3-uitspraak: /ie/ (sien 3.4.1.1.2)
- T2-uitspraak: /ie/ (Brooks, 2015:388)
- T1-uitspraak: /ie/ (AWS, 2017:243, reël 20.19e)

Alhoewel die *i* in Zoeloe slegs as /ie/ uitgespreek word (sien 3.4.1.1.2), hang die ortografie van hierdie foneem in Afrikaans af van die posisie in die woord en hoe lank gelede die woord in Afrikaans opgeneem is. In reël 20:19 van die AWS (2017:243) word die skryfwyse van *i* in ontlenings aan Afrikatale soos volg beskryf:

*"In 'n oop of geslote eindlettergreep van verafrikaanste leenwoorde wat reeds lank gelede aan Afrikatale ontleen is, word die klank [i] met die letters ie weergegee."*

*Woorde soos moet**ie** en mopan**ie** word as voorbeelde genoem.*

In meer onlangse ontlenings bly die ortografie van /ie/ volgens reël 20.19(e) (AWS, 2017:243) nader aan die T3-spelling:

*"In hedendaagse ontlenings word by voorkeur i gebruik, ook in die laaste lettergreep, byvoorbeeld: **i**mbong**i**, **i**ntomb**i** ..."*

In enige ander posisies, soos hierbo genoem, word /ie/ as *i* volgens reël 20.20 in AWS (2017:244) uitgespreek:

*"In alle ander posisies, as dié hierbo genoem, word in leenwoorde uit Afrikatale die letter i geskryf, hetsy die klank [i] kort of lank uitgespreek word of in 'n beklemtoonde of onbeklemtoonde, oop of geslote lettergreep staan."*

*Woorde soos k**i**koejoe, mod**i**mo en ses**i**be word as voorbeelde genoem.*

Tabel 3-15 toon dat die meeste respondente (63%) die grafeem *i* aan die begin van die woord volgens T1- en T3-uitspraak geartikuleer het. Die oorblywende 12 respondente het T2 as linguistiese verwysingsraamwerk gebruik en *i* as die schwa /ih/ uitgespreek. Ten opsigte van *i* in die middel van die woord het al die respondente T1 en T3 gevolg deur *i* in die middel van die woord as /ie/ volgens die Afrikaanse spelreëls vir leenwoorde uit Afrikatale uit te spreek.

**Tabel 3-15: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van grafeme *i* in *i̱mbizo***

| **Grafeem *i* in *imbizo*** | **Tese** | **Frekwensie (N)** | **Persentasie (%)** |
|---|---|---|---|
| /ie/ | T1 en T3 (Niesler *et al.*, 2005:473) | 20 | 63% |
| /ih/ | T2 | 12 | 38% |
| **Grafeem *i* in *imbizo*** | **Tese** | **Frekwensie (N)** | **Persentasie (%)** |
| /ie/ | T1 en T3 (AWS, 2017:244) | 32 | 100% |

3.4.1.5.2 o in imbizo

Die grafeem o kan soos volg in die onderskeie aksente uitgespreek word:

- T3-uitspraak: /ô/ (Ncobela, 2012:22, sien 3.4.1.1.4)
- T2-uitspraak: /ou/ (Brooks, 2015:231)
- T1-uitspraak: /ô/ (AWS, 2017, reël 20.24) of /oe/ (AWS, 2017, reël 18.21)

Tabel 3-16 toon dat, alhoewel die meerderheid respondente (50%) steeds die T1- en T3-uitspraak van /ô/ gevolg het, daar in teenstelling met die *o* in *Ezinq**o**leni* en *Is**o**lezwe* wel sewe respondente (22%) was wat die T2-uitspraak van /ou/ gevolg het. Hierdie uitspraakkeuse is waarskynlik te wyte aan die posisie van die *o* in hierdie woord as 'n oop eindlettergreep, soos in Engelse woorde soos *hero* en *tornado* (Brooks, 2015:231).

**Tabel 3-16: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *o* in *imbizo***

| Grafeem o | Tese | Frekwensie (N) | Persentasie (%) |
|---|---|---|---|
| /ô/ | T3 of T1 | 16 | 50% |
| /oe/ | T1 | 9 | 28% |
| /ou/ | T2 | 7 | 22% |

#### 3.4.1.6 Langelihle

Die LFE, *Langelihle*, waarvan slegs een trefslag in die RSG-databasis gevind is, word soos volg in die verskillende aksente uitgespreek:

- T3-uitspraak: /lang.gheh/LIE.sjleh/ (NamesOrg, 2020)
- T2-uitspraak: /lêng.ghih.LIH.la/ (NamesLook, 2025)
- T1-uitspraak: /lang,gheh.LIESJ.leh/ (sien

- Tabel 3-17)

*Langelihle* het 12 verskillende uitsprake opgelewer, waarvan die grootste vier in

Tabel 3-17 aangedui word. Die ander agt uitsprake is elk deur slegs een respondent uitgespreek. Heelwat van hierdie uitsprake, soos /lang.GHIEG.leh/ en /lang.GHLEH.la/, was heeltemal verkeerd en dié vorme kon nie aan enige linguistiese verwysingsraamwerk gekoppel word nie. Die feit dat *Langelihle* se sillabes duidelik onderskeibaar is, verklaar moontlik waarom slegs twee respondente die woord met drie sillabes in plaas van twee uitgespreek het. Slegs vyf respondente het die T3-uitspraak gevolg deur die foneme hl as een klank in die laaste lettergreep uit te spreek. Aangesien nie meer as 40% respondente die algemeenste uitspraak gevolg het nie, is die onderskeie foneme se uitsprake ondersoek. Die grafeme van *e* in die middel van die woord en hl het tot verskillende uitsprake gelei.

**Tabel 3-17: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *Langelihle***

| Uitspraak | Tese | Frekwensie | % |
|---|---|---|---|
| /lang.ghie.LIE.sjhleh/ | T1 en T3 | 6 | 19% |
| /lang.gheh.LIE.sjhleh/ | T3 | 5 | 16% |
| /lang.gheh.LIEG.leh/ | Onbekend | 5 | 16% |
| /lang.ghie.LIEG.leh/ | Onbekend | 4 | 13% |

#### 3.4.1.6.1 Grafeem e in Langelihle

In teenstelling met *Ezinqoleni*, waar al die respondente die *e* in die middel van die woord as /eh/ uitgespreek het, het *e* in *Langelihle* tot drie verskillende uitsprake, naamlik /eh/, /ie/ en /a/ gelei. Die meeste respondente (56%) het T1 (AWS, 2017:244) en T3 gevolg, maar betreklik baie respondente (38%) het T2 gevolg deur *e* as /ie/ in 'n onbeklemtoonde sillabe uit te spreek (Brooks, 2015:136). Die respondent wat *e* as /a/ uitgespreek het, het die woord in sy geheel verkeerd uitgespreek.

**Tabel 3-18: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *e* in *Langelihle***

| Uitspraak van *e* in *Langelihle* | Tese | Frekwensie (N) | Persentasie (%) |
|---|---|---|---|
| /eh/ | T1, T3 | 18 | 56% |
| /ie/ | T2 | 12 | 38% |
| /a/ | Onbekend | 1 | 3% |

#### 3.4.1.6.2 Grafeem hl

Soos verwag, het *hl* die grootste verskeidenheid uitsprake tot gevolg gehad. Die onderskeie uitsprake van *hl* kan soos volg opgesom word:

- T3-uitspraak: */dl* (TheHopeBridge, 2013)[21]

Die grafeem *l* word gebruik om aan te dui dat die artikulasie lateraal is met lug wat aan die kant van die tong losgelaat word. Die foneem moet as een klank aan die begin van die vierde sillabe uitgespreek word.

[21] Kyk na hierdie video vir 'n verduideliking van die manier waarop hl uitgespreek word: https://www.youtube.com/watch?v=tyPE5HqIglU

- T2-uitspraak: /ih/ (NamesLook, 2025)
- T1-uitspraak: /sjl/ of */g/*

Die uitspraak van *hl* het tot vyf verskillende variante gelei waarvan die frekwenste drie in Tabel 3-19 aangedui word. Alhoewel nie die stemlose, alveolêre, laterale frikatief nie, het die meeste respondente die grafeme as ’n frikatief uitgespreek. Twaalf respondente (34%) het die grafeem volgens T3 uitgespreek. Amper ewe veel (31%) respondente het /sjl/ met die stemlose, velêre frikatief /g/ in woorde soos ***g**aan* uitgespreek. Sewe respondente het *hl* in verskillende lettergrepe as /sj/ en /l/ uitgespreek. Hoewel die stemlose, postalveolêre frikatief /sj/ meer frekwent in Afrikaans voorkom, word dié foneem volgens Wissing (2020:130) steeds as ’n leenkonsonant beskou. Aangesien daar minder as 10% verskil tussen die aantal respondente was wat *hl* as /sjl/ en /g/ uitgespreek het, kan hierdie uitsprake as wisselvorme aanvaar word.

**Tabel 3-19: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *hl***

| Uitspraak van /hl/ | Tese | Frekwensie (N) | Persentasie (%) |
|---|---|---|---|
| /hl/ | T3 | 12 | 34% |
| /g/ | Onbekend | 10 | 31% |
| /sj/ | Onbekend | 7 | 22% |

#### 3.4.1.7 Radebe

*Radebe* was, met 482 trefslae, in die RSG-korpus die frekwentste van al die Zoeloe-woorde wat ondersoek is. Soos uit die respondente se kommentaar afgelei kon word, was hulle veral vertroud met hierdie van, vanweë die voormalige Suid-Afrikaanse minister, Jeff Radebe, wat tydens sy ampstermyn prominent in die Suid-Afrikaanse media gefigureer het.

Die drie aksente van *Radebe* word soos volg uitgespreek:

- T3-uitspraak: /GA.deh.beh/ (DebtRescue, 2021)[22]
- T2-uitspraak: /RHÂ.dih.bei/[23]
- T1-uitspraak: /GA.deh.beh/ (sien tabel 3-19)

---

22 Kyk na hierdie video vir die T3-uitspraak van *Radebe*: https://www.youtube.com/watch?v=tyPE5HqIglU

23 Die /ʁ/ verteenwoordige die alveolêre of postalveolêre rotiese approksimant van *r* in die Engelse woord ***r**un*.

Die grafeem *r* het tot drie verskillende uitsprake gelei. Die meeste respondente (81%) het waarskynlik as gevolg van die hoë frekwensie van *Radebe* die T3-uitspraak gevolg. Vyf respondente (16%) het T1 gevolg deur die grafeem as /r/ uit te spreek. Een respondent het die stemlose velêre frikatief /g/ as ’n stemlose, glottale frikatief /h/ uitgespreek./ha.DEH.beh/. Ondervinding het moontlik ’n rol gespeel in die T3-uitspraak van *Radebe*, aangesien al vyf omroepers wat die van volgens T1 uitgespreek het, minder as tien jaar se ondervinding in die uitsaaiwese gehad het.

**Tabel 3-20: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *Radebe***

| Uitspraak | Tese | N | % |
|---|---|---|---|
| /ga.DEH.beh/ | T3 | 26 | 81% |
| /ra.DEH.beh/ | T1 | 5 | 16% |
| /ha.DEH.beh/ | Ander | 1 | 3%% |

#### 3.4.1.8 Nqutu

*Nqutu,* ’n Zoeloe-LFE (5 in die RSG-korpus), se uitsprake is soos volg:

- T3-uitspraak: /NQ!OE.toe/ (SABC News, 2016)[24]
- T2-uitspraak: /nuh.KOE.toe/ (OpenAI, 2025c)
- T1-uitspraak: /NQ!OE.toe/ (sien tabel 3-20)

Die resultate wat in Tabel 3-21 aangedui word, toon dat, ten spyte van *Nqutu* se lae frekwensie, die meeste respondente (75%) die pleknaam volgens T3 uitgespreek het. Uitspraakvariante is waargeneem ten opsigte van die grafeem *nq*, met die meeste respondente wat die foneem *nq* as ’n genasaleerde klapklank uitgespreek het, alhoewel dit nie presies soos die brontaaluitspraak as een foneem uitgespreek is nie. In sulke gevalle voorspel Archibald (2021) dat T1-sprekers die foneme wat in T3 gelyktydig uitgespreek word, as afsonderlike klanke sal produseer.

Drie respondente het, soos deur OpenAI voorspel, die grafeme in twee afsonderlike sillabes as /n/ en /k/ uitgespreek. Die uitspreek van *q* as *k* kan aan die invloed van woorde soos *queen* en *Quasimodo* toegeskryf word.

[24] Kyk na die video vir die T3-uitspraak van *Nqutu*: https://www.youtube.com/watch?v=NBCI-dbV6_o

**Tabel 3-21: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *Nqutu***

| Uitspraak | Tese | Frekwensie ('n) | Persentasie (%) |
|---|---|---|---|
| /NQ!OE.toe/ | T3, alhoewel genasaleerde klapklank nie altyd presies volgens brontaalaksent is nie | 24 | 75% |
| /n.KOE.toe/ | T1, T2 | 3 | 9% |
| /KOE.toe/ | Onbekend | 2 | 6% |

### 3.4.1.9 *Cibane*

*Cibane* is die naam van 'n dorp in KwaZulu-Natal, met 'n lae frekwensie (20) in die VivA-KPO. Die uitsprake van *Cibane* is soos volg:

- T3-uitspraak: /c!ie.BA.neh/ (Zulu Lessons with Thando, 2019)
- T2-uitspraak: /SIH.bein/ (HowToPronounce, 2025)
- T1-uitspraak: /c!ie.BA.neh/ (Sien tabel 3-22)

*Cibane* is op 12 verskillende maniere uitgespreek, met die meeste respondente, soos Tabel 3-22 aandui, wat die pleknaam soos volg uitgespreek het: /c!ie.BA.neh/ (25%), /tsjie.BA.neh/ (22%), /q!ie.BA.neh/ (13%) en /sie.BA.neh/ (9%). Die meeste verskille het by die uitspraak van *c* gelê.

**Tabel 3-22: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *Cibane***

| Uitspraak | Tese | N | % |
|---|---|---|---|
| /c!ie.BA.neh/ | T3 | 8 | 25% |
| /tsjie.BA.neh/ | T3 | 7 | 22% |
| /q!ie.BA.neh/ | T3 | 4 | 13% |
| /sie.BA.nie/ | T1, T2 | 3 | 9% |

#### 3.4.1.8.1 Algemene Afrikaanse mediauitspraak van c

Aangesien /c!/ een van die foneme is wat nie in Afrikaans voorkom nie, was die verwagting dat *c* tot die grootste uitspraakverskille onder respondente sou lei. Tabel 3-23 toon dat daar sewe verskillende uitsprake was, met /c!/ (25%), /tsj/ (25%), /q/ (16%), /s/ (16%) en /k/ (6%) die variante wat deur die meeste respondente gevolg is.

Veertien respondente was daarvan bewus dat *c* as ’n klapklank uitgespreek word. Van hierdie respondente het nege (28%) dit as die T3-uitspraak /c!/ uitgespreek. Die oorblywende vyf respondente (16%) het dit egter as ’n palatale klapklank /q!/ geartikuleer. Naas /c!/ het amper ewe veel respondente (25%) die grafeem as /tsj/ uitgespreek. Hierdie uitspraak kan toegeskryf word aan die invloed van T1 (in leenwoorde soos ***c**iao*) en T2 (in woorde soos ***c**ellist*).

**Tabel 3-23: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *c***

| Uitspraak | Tese | Frekwensie (N) | Persentasie (%) |
|---|---|---|---|
| /c!/ | T3 | 9 | 28% |
| /tsj/ | T1, in leenwoorde uit Italiaans (AWS, 2017:73) en leenwoorde uit Afrikatale (AWS, 2017:242). Word onderskeidelik as c en tj gespel.<br>T2, in woorde soos cello, gespel as c (Brooks, 2015:56). | 8 | 25% |
| /q!/ | T3, maar uitgespreek as ’n palatale in plaas van ’n dentale klapklank | 5 | 16% |
| /s/ | T2, in woorde soos **c**ity, met ’n c gespel. | 5 | 16% |
| /k/ | T2, gespel as c (Brooks, 2015:20) | 2 | 6% |
| /t/ | Onbekend | 1 | 3% |
| /ts/ | T3, in leenwoorde uit Afrikatale gespel as ts | 1 | 3% |

#### 3.4.1.10 Samevatting van Zoeloe-resultate

Ten spyte van respondente se lae evaluasie van hulle eie Zoeloe-uitspraak in hoofstuk 2, kon die meeste respondente telkens identifiseer watter grafeem (*x!*, *q!* en *c!*). Die uitspraak van die klapklanke was nie noodwendig presies soos ’n T3-aksent nie, maar hulle was bewus daarvan en het ’n poging tot ’n klapklank gemaak. Soos uit tabel 3-23 blyk, was die dentale klapklank nie so bekend onder die omroepers nie en het tot die meeste verskillende uitsprake gelei. Baie respondente het in die semigestruktureerde vraelys wat na die opneem van die nuusberig gevoer

is, gerapporteer dat hulle weet wanneer ’n klank ’n klapklank is, maar nie altyd seker is oor waar en hoe dit gevorm word nie. Uitsprake van respondente wat van kindertyd aan Zoeloe blootgestel is, was meer akkuraat as die ander respondente s'n. Slegs een omroeper, wat eers op universiteit Xhosa (wat dieselfde klapklanke as Zoeloe bevat) geneem het, kon die klapklanke akkuraat uitspreek. Hy of sy is egter aan ’n streeksituasie in die Oos-Kaap verbonde waar sy in kontak is met T3-sprekers van Xhosa. Hierdie respondent het ook gerapporteer dat Xhosa van haar kollegas se huistaal is. Uit hierdie gegewens kan die afleiding gemaak word dat nieformele kontak (soos die omroeper wat as kind kontak met Zoeloe-sprekers gehad het) tot meer akkurate T3-uitspraak as T1-sprekers wat eers tydens hulle studentejare in ’n klassituasie probeer het om vreemde foneme soos klapklanke uit te spreek.

Wat die ander vreemde foneme uit Zoeloe betref, het die uitspraak van die respondente getoon dat die bekendheid van die dorpsnaam *Um**hl**anga*, wat die stemlose, alveolêre laterale frikatief /*shl* bevat, nie noodwendig lei tot ’n T3-uitspraak nie. In teenstelling met die stemhebbende variant van *hl*, naamlik *dl* in ***Dl**angalala*, het net 34% respondente hl van *Um**hl**anga* soos T3 uitgespreek.

Ten spyte van Zoeloe se deursigtige ortografie het woorde soos *Dlangalala* wat herhalende grafeemkombinasies nie net met meer of minder lettergrepe uitspreek nie, maar ook tot ’n totale “mis-lees” van die toetsitem en selfs Afrikaanse woorde wat nét na hierdie woord voorkom, lei

### 3.4.2 Resultate: Spaans

Volgens Van Huuksloot (2013:26) het Spaans in vergelyking met Afrikaans ’n baie eenvoudige vokaalsisteem wat net uit vyf vokale bestaan. Die *eñe* (“enje”), wat uitgebeeld word deur *ñ*, is die enigste grafeem wat nie in Afrikaans bestaan nie. Die foneem kom wel in Afrikaans in leenwoorde soos *nj*ala voor. Ten spyte van Spaans se deursigtige ortografie is daar grafeme soos onder andere *v* en *ll* wat ander foneme as in Afrikaans voorstel. In tabel 3-24 word die samestelling en die frekwensie van die Spaanse woorde uiteengesit.

**Tabel 3-24: Samestelling van Spaanse woorde**

| Woord | Woordtipe | RSG-korpus | VivA-KPO | Frekwensie-band |
|---|---|---|---|---|
| Meksiko | Eienaam (pleknaam) | 188 | N.v.t. | Hoog |
| Guadalajara | Eienaam (pleknaam) | 0 | 36 | Laag |
| guerrilla | Leenwoord | 0 | 75 | Laag |
| vigilante | Leenwoord | 12 | N.v.t. | Laag |

| Woord | Woordtipe | RSG-korpus | VivA-KPO | Frekwensie-band |
|---|---|---|---|---|
| Michoacán | Eienaam (pleknaam) | 1 | N.v.t. | Laag |
| Miguel Patino | Eienaam (naam en van) | Miguel: 54<br>Patino: 0 | Miguel: 460<br>Patino: 1 | Hoog<br>Laag |

#### 3.4.2.1 Meksiko

Alhoewel die HFP *Meksiko* in Le Roux en Pienaar (1971:166) slegs as "*Mexiko*" aangedui word, is die woord later jare as 'n wisselvorm, naamlik "*Mexiko*" of "*Meksiko*" (AWS, 2017), in woordeboeke opgeneem. In die geval van 'n wisselvorm in ortografie is die spelling wat die frekwentste in Netwerk24-berigte voorkom, in die nuusberig opgeneem. Die onderskeie uitsprake van *Meksiko* is soos volg:

- T3-uitspraak: /MEH.gjie.kô/ (Miquel, 2020a[25]; SpanishDictionary.com, 2025a[26])
- T2-uitspraak: /MEHK.sie.kou/ (Cambridge Dictionary, 2025; SpanishDictionary.com, 2025[27])
- T1-uitspraak: /MEHK.sie.koe/ (sien Tabel 3-24).

Soos

[25] Kyk hier na 'n YouTube-video wat die T1- en T3-uitsprake (Amerikaans-Engels) illustreer: https://www.youtube.com/watch?v=TZoQq6uwSrU

[26] Kies die Latyns-Amerikaanse (LATAM) opsie om die brontaaluitspraak te hoor: https://www.spanishdict.com/pronunciation/M%C3%A9xico

[27] Kies die Amerikaanse opsie om die Engels-Amerikaanse uitspraak te hoor: https://www.spanishdict.com/pronunciation/M%C3%A9xico

Tabel 3-25 Toon, het vyf respondente (16%) die T2-uitspraak van /MEHK.sie.kou/ gevolg. Drie van hierdie vyf respondente was jonger as 30 en het minder as vyf jaar ervaring in die uitsaaibedryf gehad. Een respondent (3%) het 'n mengsel van T1 en T2 gevolg deur ten spyte van die verafrikaanste spelling, steeds die T3-uitspraak van /gj/ te handhaaf. Dieselfde respondent het egter die *o* volgens die T2-uitspraak as /ou/ uitgespreek. Die meerderheid van die respondente (81%) het die woord as /MEHK.sie.koe/ uitgespreek, wat afwyk van Le Roux en Pienaar (1971:166) se voorgeskrewe uitspraak as /MEHK.sie.koo/. Met uitsondering van die grafeme *ks* en *o* is al die grafeme op dieselfde manier deur die respondente uitgespreek.

**Tabel 3-25: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *Meksiko***

| Uitspraak | Tese | Frekwensie (N) | Persentasie (%) |
|---|---|---|---|
| /MEHK.sie.koe/ | Onbekend | 26 | 81% |
| /MEHK.sie.kou/ | T2 | 5 | 16% |
| /MEHK.gjie.kou/ | T2, T3 | 1 | 3% |

##### 3.4.2.1.1 Grafeem o in Meksiko

Die grafeem *o* in *Meksiko* word op die volgende drie maniere uitgespreek:

- T3-uitspraak: /ô/ (Van Huuksloot 2013, 7)
- T2-uitspraak: /ou/ (Cambridge Dictionary, 2025a)
- T1-uitspraak: /oo/ (Le Roux en Pienaar, 1971:166) of /oe/ (sien tabel 3-25)

Alhoewel die foneem /ô/ wel in Afrikaans bestaan, het geen respondent, in teenstelling met die Zoeloe-woorde, die *o* in 'n oop eindlettergreep volgens T3 uitgespreek nie. In totaal het 29 respondente (91%) die *o* uitgespreek as /oe/ en vyf respondente (18%) as /ou/. Terwyl Le Roux en Pienaar (1971:166) die uitspraak van o as /oo/ aangedui het, blyk dit of daar sedertdien 'n verskuiwing in die uitspraak van 'n geronde, middelhoë agtervokaal [o] na 'n geronde, hoë agtervokaal [u] plaasgevind het. 'n Moontlike rede waarom hierdie vokaalwysiging nie in meer resente bronne aangedui word nie, word verklaar deur reël 18.21 in die AWS (2017) wat aandui dat, alhoewel vokaalwysiging [o] na [u] in onbeklemtoonde sillabes dikwels in die spraak van sprekers van Afrikaans voorkom, slegs een spelvorm gebruik word om die Afrikaanse speltradisie te handhaaf.

**Tabel 3-26 Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *o* in *Meksiko***

| Grafeem *o* in *Meksiko* | Tese | Frekwensie (N) | Persentasie (%) |
|---|---|---|---|
| /oe/ | Onbekend | 29 | 91% |
| /ou/ | T2 | 3 | 9% |

#### 3.4.2.2 Guadalajara

*Guadalajara*, 'n streek in *Meksiko*, is 'n LFP wat glad nie in die RSG-korpus voorkom nie, maar wel 36 trefslae in die VivA-KPO ten tye van die samestelling van die nuusberig gehad het. Die onderskeie uitsprake van *Guadalajara* is soos volg:

- T3-uitspraak: /ghwha.da.la.HA.ra/ (SpanishDictionary.com, 2024a)
- T2-uitspraak: /ghwha.da.la.HA.ra/ (SpanishDictionary.com, 2024a)[28]
- T1-uitspraak: /ghwha.da.la.HA.ra/ (sien Tabel 3-27)

Respondente het met 14 verskillende uitsprake vir die pleknaam *Guadalajara* vorendag gekom, waarvan die drie algemeenste uitsprake in Tabel 3-27 uiteengesit word. Die meeste respondente (28%) het die letter *j* as /h/ uitgespreek. Vyf respondente (16%) het die woord as /ghwha.da.la.DJA.ra/ uitgespreek, met vier respondente (13%) wat die woord as /ghwa.da.la.GA.ra/ uitgespreek het. Aangesien die algemeenste uitspraak deur slegs 28% gevolg is, is 'n ontleding gedoen van die grafeme wat tot uitspraakverskille gelei het. In die geval van *Guadalajara* was dit *g* en *j*.

**Tabel 3-27: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *Guadalajara***

| Uitspraak | Tese | Frekwensie (N) | Persentasie (%) |
|---|---|---|---|
| /ghwha.da.la.HA.ra/ | T3 (Suid-Amerika) | 9 | 28% |
| /ghwha.da.la.DJA.ra/ | T2 | 5 | 16% |
| /ghwha.da.la.GA.ra/ | T3 (Spanje) | 4 | 13% |

#### 3.4.2.2.1 Algemene Afrikaanse mediauitspraak van g in Guadalajara

Die *g* in ***G**uadalajara* het in totaal tot vyf verskillende uitsprake gelei. Die onderskeie uitsprake van die grafeem *g* is soos volg:

- T3-uitspraak: /ghwh/ (Van Huuksloot, 2013:29)
- T2-uitspraak /ghwh/ (SpanishDictionary.com, 2024a)
- T1-uitspraak: /ghwh/ (sien Tabel 3-28)

Die meeste respondente (75%) het die grafeem volgens T3 as /ghwh/ uitgespreek. Die /gwh/ kan ook aan 'n T3-invloed toegeskryf word, aangesien Van Huuksloot (2013:29) aandui dat die *g* in alle ander posisies as /gj/, die "zachtere variant" van *g* soos in *gaan* uitgespreek word. T1 ( Slegs een respondent (3%) het T1 gebruik om die foneem as /g/ uit te spreek. Dieselfde respondent het die opeenvolgende grafeme *ua* as /au/ in Zoeloe-woorde soos *G**au**teng* uitgespreek.

[28] Klik op die VSA-E-opsie om die T2-uitspraak van *Guadalajara* te hoor.

**Tabel 3-28: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *g* in *Guadalajara***

| Uitspraak | Tese | Frekwensie (N) | Persentasie (%) |
|---|---|---|---|
| /ghwh/ | T3 (Suid-Amerika) | 24 | 75% |
| /gwh/ | T3 (Suid-Amerika) | 4 | 13% |
| /gh/ | T1 in leenwoorde gespel met g; T2, gespel as g | 2 | 6% |
| /kwh/ | Onbekend | 1 | 3% |
| /g/ | T3 (Spanje) | 1 | 3% |

3.4.2.2.2 Algemene Afrikaanse mediauitspraak van j in Guadalajara

Die onderskeie uitsprake van die grafeem *j* is soos volg:

- T3-uitspraak: /h/ (SpanishDictionary.com, 2024b)
- T2-uitspraak: /dzj/ (Brooks, 2015:20)
- T1-uitspraak: /h/ (sien

- Tabel 3-29)

Volgens SpanishDictionary.com (2024b) het die Spaanse *j* verskillende brontaaluitsprake afhangend van waar in die wêreld die sprekers hulle bevind. In Latyns-Amerika en die suide van Spanje word *j* in ***j**amón* (‘ham’) as /h/ uitgespreek. In Sentraal- en Noord-Spanje word *j* as /g/ uitgespreek. Aangesien Meksikaanse Spaans in hierdie studie ondersoek word, word /h/ as die brontaaluitspraak van *j* beskou.

Soos

Tabel 3-29 toon, het die *j* in *Guadala**j**ara* tot ses verskillende uitsprake gelei. Die meeste respondente het T3 as verwysingsraamwerk gebruik en die grafeem as /h/ uitgespreek. Hiernaas het agt respondente (25%) T2 gebruik om *j* as /dzj/ in woorde soos ***j**udge* uit te spreek. T3 (Spanje) is deur respondente vir die uitspraak van /g/ gebruik, terwyl /gh/ en /zj/ wat ook voorgekom het deur Wissing (2020:130) beskou word as leenkonsonante, soos byvoorbeeld onderskeidelik in Garonne en Jeffreysbaai.

**Tabel 3-29: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *j* in *Guadalajara***

| Uitspraak | Tese | Frekwensie (N) | Persentasie (%) |
|---|---|---|---|
| /h/ | T3 (SpanishDictionary.com, 2024b) (Suid-Amerika) | 11 | 34% |
| /dzj/ | T2 (Brooks, 2015:20) | 8 | 25% |
| /j/ | T1 | 6 | 19% |
| /g/ | T3 (Spanje) | 4 | 13% |
| /gh/ | Onbekend | 2 | 6% |
| /zj/ | Onbekend | 1 | 3% |

#### 3.4.2.3 Guerrilla

##### 3.4.2.3.1 Algemene Afrikaanse mediauitspraak van guerrilla

Die spelling van hierdie Spaanse LFL (75 in VivA-KPO) word in verskeie Afrikaanse woordeboeke as 'n wisselvorm *guerrilla* of *guerilla* aangedui. Vir die doeleindes van hierdie eksperiment is daar besluit om die AWS (2017:339) se skryfwyse van *guerrilla* in die nuusberig op te neem. Die onderskeie uitsprake van *guerrilla* is soos volg:

- T3-uitspraak: /gheh.RIE.ja/ (SpanishDictionary.com, 2024c)
- T2-uitspraak: /ghih.ʁIH.la/[29] (Miguel, 2021) T1-uitspraak: /ghih.RIE.la/ of /ghih.RIH.la/ (Le Roux en Pienaar, 1971:96)

Volgens SpanishDictionary.com (2024c) word *guerrilla* as /gheh.RIE.ja/ in Latyns-Amerikaans of /gheh.RIE.dzja/ in Europese Spaans uitgespreek. Aangesien die aksent van *Meksiko* in hierdie studie ondersoek word, is /gheh.RIE.ja/ as die T3-uitspraak aanvaar. Geen respondent die T3-uitspraak gevolg deur die grafeme *ll* as *j* uit te spreek nie. Sewe respondente het die T1- (Le Roux & Pienaar, 1971) en T2-uitspraak (Miguel, 2021) van /ghih.RIH.la/ gevolg. Die meeste respondente (62%) het egter die woord, soos deur *Pharos Tweetalige Skoolwoordeboek I Bilingual School Dictionary* (Pharos, 2016) voorspel, as die HFL (358 in VivA-KPO) *gorilla*, 'n primaatspesie, uitgespreek. Met hierdie uitspraak het respondente T1 (Le Roux & Pienaar, 1971:93) en T2 (YouGlish, 2025a) gevolg. Aangesien die algemeenste Afrikaanse

[29] Die /ʁ/ verteenwoordige die alveolêre of postalveolêre rotiese approksimant van *r* in die Engelse woord ***r**un*.

mediauitspraak van *guerrilla* deur 62% respondente gevolg is, was dit nie nodig om die uitspraak van die afsonderlike grafeme in die woord te ondersoek nie.

#### 3.4.2.4 Vigilante

##### 3.4.2.4.1 Algemene Afrikaanse mediauitspraak van vigilante

Die Spaanse LFL *vigilante,* met 12 trefslae in die RSG-korpus, was een van die "toetswoorde" waarmee die navorser wou vasstel of respondente hulle taalkennis sou inspan om die meervoud van *vigilante* as *vigilantes* uit te spreek ongeag hoe die woord in die nuusberig verskyn het. Slegs twee respondente het die korrekte meervoud van *vigilante* as *vigilantes* uitgespreek. Hierdie leenwoord is ook een van die min woorde wat in die *Uitsaaiwoordeboek van Afrikaans* opgeneem is.

Die onderskeie uitsprake van *vigilante* is soos volg:

- T3-uitspraak: /bie.hie.LAN.teh/ (SpanishDictionary.com, 2024d)
- T2-uitspraak: /wie.djih.LÊN.tie/ (CNN, 2020)
- T1-uitspraak: /fie.gih.LAN.tih/ (sien Tabel 3-30)

Die leenwoord *vigilante* het tot 14 verskillende uitsprake gelei, waarvan die algemeenste uitsprake in Tabel 3-30 aangedui word. Uit die data is dit duidelik dat geen respondent die T3-uitspraak met *v* wat as /b/ en *g* wat as /*h*/ uitgespreek word, gevolg het nie. Die meeste respondente (41%) het die woord in ooreenstemming met een van Le Roux en Pienaar (1971:314) se variasies as /vie.gih.LAN.tih/ uitgespreek. Vier respondente (13%) het die grafeem *a* as /a/, die *v* as /w/ en *g* as /dzj/ volgens T2 uitgespreek.

Alhoewel agt respondente (25%) *g* volgens T2 as /dzj/ uitgespreek het, het geen respondent die *a* volgens VSA-E as /ê/ uitgespreek nie.

Die variasies kon hoofsaaklik toegeskryf word aan die verskil in ortografie tussen Afrikaans en Spaans, sowel as die grafeme *v*, *i* en *e*, wat in Afrikaans verskillende foneme kan voorstel. Soos Le Roux en Pienaar (1971:314) aangedui het, het die meeste respondente (66%) die laaste twee sillabes as /LAN.tih/ uitgespreek.

Die eerste twee lettergrepe kan volgens Le Roux en Pienaar (1971:314) op agt verskillende maniere as /vie.gie/ of /wie.gie/, /vie.gih/ of /wie.gih/, /vie.sjie/ of /wie.sjie/, en /vie.sjih/ of /wie.sjih/ uitgespreek word. Geen respondent het *g* as /sj/ uitgespreek nie. Die meeste respondente (41%) het 'n T1-uitspraak gevolg.

**Tabel 3-30: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *vigilante***

| Uitspraak | Tese | Frekwensie (N) | Persentasie (%) |
|---|---|---|---|
| /fie.gih.LAN.tih/ | T1 (Le Roux & Pienaar, 1971:314) | 13 | 41% |
| /wie.djih.LAN.tih/ | T2 as gevolg van v wat as /w/ uitgespreek is en g wat as /dj/ uitgespreek is | 4 | 13% |
| /fih.gih.LAN.tih/ | T1 | 3 | 9% |
| /fie.gih.LAN.tie/ | T1, in leenwoorde met oop lettergrepe word /ie/ as i geskryf (AWS, 2017:216) | 2 | 6% |

#### 3.4.2.5 Michoacán

3.4.2.5.1 Algemene Afrikaanse mediauitspraak van Michoacán

Die LFP *Michoacán* is 'n streek in *Meksiko* wat slegs een trefslag in die VivA-KPO opgelewer het. Die onderskeie uitsprake van hierdie pleknaam is soos volg:

- T3-uitspraak: /mie.tsjoe˜ha.KAN/ (SpanishDictionary.com, 2024e)
- T2-uitspraak: /mie.TSJOU.kihn/ (SpanishDictionary.com, 2024e)
- T1-uitspraak: /mie.SJOE˜ha.kan/ volgens die algemene uitsprake van die onderskeie grafeme

In totaal was daar 22 verskillende uitsprake van die pleknaam gewees.Tabel 3-31 toon die algemeenste uitsprake, waarvan beide /mie.TSJOE.ha.kan/ en /mie.SJOE.ha.kan/ onderskeidelik deur vyf respondente (15%) uitgespreek is. Benewens /mie.KOE.ha.kan/ en /MIE.ghwa.kan/, wat elk deur twee respondente (6%) uitgespreek is, is die oorblywende 18 uitsprake slegs deur een respondent (3%) elk gevolg. Een respondent het die woord as /MIET.sjie.ghihn/, 'n stad in die VSA, uitgespreek.

**Tabel 3-31: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *Michoacán***

| Uitspraak | Tese | Frekwensie (N) | Persentasie (%) |
|---|---|---|---|
| /mie.TSJOE˜ha.kan / | T3 | 5 | 15% |
| /mie.SJOE˜ha.kan/ | Onbekend | 5 | 15% |
| /mie.KOE.ha.kan/ | Onbekend | 2 | 6% |
| /MIE.gwha.kan/ | Onbekend | 2 | 6% |

Aangesien daar heelwat verskille in die uitspraak van die woord is, is die uitspraak van die onderskeie grafeme ondersoek om die algemene Afrikaanse mediauitspraak van *Michoacán* vas te stel:

- *i* is as /ie/ deur 97% respondente uitgespreek – 'n bevestiging van reël 18.9 in die AWS wat bepaal dat die klank /ie/ in woorde van Romaanse en Klassieke herkoms deur 'n *i* weergegee word.
- *oa* is deur 22 respondente (69%) soos T3 in twee lettergrepe as /oe/ en /a/ met /h/ as verbindingsklank uitgespreek. Die orige 11 respondente (34%) het oa as een foneem op verskeie maniere uitgespreek. Die uitspraak van die respondente wat die woord as drie sillabes uitgespreek het, onder andere /mih.TSJOEK.tsjan/, /miet.SJA.kan/ en /mie.tsjoe.TSJWHAN/ kon aan geen linguistiese verwysingsraamwerk gekoppel word nie.
- *ch* is deur die meeste respondente (47%) as /sj/ in leenwoorde soos onder andere *ch*alet en cli*ch*é uitgespreek (AWS, 2017:236, reël 20.2).

### 3.4.2.6 Miguel

#### 3.4.2.6.1 Algemene Afrikaanse mediauitspraak van Miguel

Ten tye van die opstel van die nuusberig het *Miguel Patino* se naam gereeld in Spaanse nuusuitsending opgeduik. Daar was egter geen inskrywing vir *Miguel Patino* in die VivA-KPO nie. As gevolg van die afwesigheid van die volledige naam is daar besluit om die naam en van apart te ontleed. Die naam *Miguel* was 'n HFE (490 in VivA-KPO), terwyl *patino* slegs een inskrywing in die korpusportaal gehad het. Die onderskeie uitsprake van *Miguel* is soos volg:

- T3-uitspraak: /mie.GHWHEHL/ (SpanishDictionary.com, 2024e)
- T2-uitspraak: /mih.GHÊL/ (Voxifier, 2017a)
- T1-uitspraak: /mie.GHÊL/ (sien Tabel 3-32)

Ten spyte van die hoë frekwensie was daar 12 verskillende uitsprake van die naam. Die drie grootste uitsprake word in tabel 3-32 bespreek. Die meeste respondente (34%) het die naam as /mie.GHÊL/ uitgespreek deur T1 en T3 as linguistiese verwysingsraamwerk te gebruik. As daar na die onderskeie grafeme gekyk word, het geen respondent die letter *i* as /ih/ volgens T2 uitgespreek nie. Die meeste respondente se uitspraak van *ue* het gewissel tussen /eh/ en /ê/. Die vier respondente (13%) wat nie *e* as /eh/ of /ê/ uitgespreek het nie, het die naam as ’n variant van ander tale uitgespreek. Een respondent (3%) het die naam as die Engelse variant /MAAI.kihl/ uitgespreek. Drie respondente (9%) het die naam as /mie.GAAIL/, ’n Duitse variant van *Miguel* (Behind the Name, 2024), uitgespreek.

**Tabel 3-32: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *Miguel***

| Uitspraak | Tese | Frekwensie (N) | Persentasie (%) |
|---|---|---|---|
| /mie.GHÊL/ | T1 (AWS, 2017:216, reël 18.9) en T3 met i wat as /ie/ uitgespreek word; T2 met e wat as /ê/ uitgespreek word | 11 | 34% |
| /mie.GHWHEHL/ | T1 en T3 met i as ie | 25 | 15% |
| /mie.GÊL/ | T1 en T3 met i as ie en T1 met g as /g/ | 3 | 6% |

### 3.4.2.7 Patino

#### 3.4.2.7.1 Algemene Afrikaanse mediauitspraak van Patino

*Patino* het as LFE slegs een trefslag in die VivA-KPO gehad. Die van kom veral in Latyns-Amerika in Colombia en Meksiko voor (Forebears, 2022). *Patino* word soos volg in verskillende aksente uitgespreek:

- T3-uitspraak: /pa.TIE.noh/ (Forvo, 2025b; Spanish.Dictionary.com, 2025?)

Forvo. 2025. *Patino.* https://forvo.com/search/Patino/es/ Date of access: 21 Nov. 2025.

- T1-uitspraak: /pa.TIE.nô/ (sien Tabel 3-33)

Tabel 3-33 toon dat die meeste respondente (63%) *patino* soos T3 uitgespreek het. Nog ’n respondent het waarskynlik T3 gevolg deur die woord as /pa.TIEN.jô/ uit te spreek in navolging van die *n* wat met ’n tilde in Spaans geskryf word. Die uitspraak was egter nie korrek nie, aangesien die *ñ* as twee sillabes met ’n /n/ en ’n /j/ uitgespreek is. Sewe respondente (22%) het

’n gemengde uitspraak van T1 en T2 gevolg deur die woord as /pa.TIE.nou/ uit te spreek. Slegs een respondent (3%) het ’n suiwer T2-uitspraak van /pih.TIE.nou/ gevolg, met nog een respondent (3%) wat ’n suiwer T1-uitspraak van /pa.TIE.nou/ gevolg het. Die ander twee uitsprake was gebaseer op uitsprake wat T1 en T2 as verwysingsraamwerk gebruik het.

**Tabel 3-33: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *Patino***

| Uitspraak | Tese | Frekwensie (N) | Persentasie (%) |
|---|---|---|---|
| /pa.TIE.nô/ | T3 | 20 | 63% |
| /pa.TIE.nou/ | T1 en T3 met uitspreek van a as /a/; T2, met uitspraak van o as /ou/ (Brooks, 2015:231) | 7 | 22% |
| /pih.TIE.noe/ | T2, met uitspraak van a as /ih/ (Brooks, 2015:161); T1 met uitspraak van o as /oe/ (AWS, 2017:220, reël 18.21) | 2 | 6% |
| /pih.TIE.nou/ | T2 | 1 | 3% |
| /pa.TIEN.jô/ | T3, alhoewel verkeerde uitspraak van n sonder ’n tilde | 1 | 3% |
| /pa.TIE.noe/ | T1 | 1 | 3% |

#### 3.4.1.8 Samevatting van Spaanse resultate

Respondente het nie probleme ondervind om Spaans in die T3-aksent uit te spreek nie. Die grafeme soos *v* en *ll*, wat ander foneme as in Afrikaans verteenwoordig, is egter deurgaans volgens T1 uitgespreek het. Die resultate dat selfs die respondent wat aangedui het dat hy of sy drie jaar in Argentinië gewoon het ook nie T3-kennis gebruik het om hierdie grafeme volgens T3 uit te spreek nie.

### 3.4.3 Resultate: Mandaryns

Een van die grootste verskille tussen Afrikaans en Mandaryns se klanksisteem is die aanwesigheid van ses affrikate (Lin, 2007:35) in Mandaryns, terwyl Afrikaans net drie “egte” affrikate, naamlik /g/ en /h/ beskik. Al die ander affrikate kom slegs in klanknabootsende woorde soos *zoem* of in leenwoorde soos *genre*, *tjokker* of vreemde eiename soos *John* voor (Niesler et al., 2005:471). Pinyin, die Chinese spelsisteem gebruik ander ortografie as Afrikaans om hierdie affrikate voorstel. Afrikaanse sprekers is byvoorbeeld bewus van die /sj/ in woorde soos sj, maar

in Pinyin word /sj/ met ’n *x* gespel (YoYo Chinese, 2022). Lang vokaalkombinasies soos *iang*, *iong* en *ue* veroorsaak dikwels leesprobleme vir mense wat se T1 nie sodanige kombinasies bevat nie. Sien tabel 3-34 vir die samestelling en frekwensie van die Mandarynse woorde van die eksperiment.

**Tabel 3-34: Samestelling van Mandarynse woorde**

| Woord | Woordtipe | RSG-korpus | VivA-KPO | Frekwensie-band |
|---|---|---|---|---|
| Hisense | Eienaam (handelsnaam) | 3 | 6 | Laag |
| Huawei | Eienaam (handelsnaam) | 19 | 49 | Laag |
| koeng foe | Leenwoord | 0 | koeng foe: 8<br>kung fu: 100 | Hoog |
| Xi Jinping | Eienaam (naam en van) | 159 | N.v.t. | Hoog |

#### 3.4.3.1 Hisense

##### 3.4.3.1.1 Algemene Afrikaanse mediauitspraak van Hisense

*Hisense*, ’n LFE (3 in RSG-korpus) van ’n Chinese selfoonmaatskappy, se uitsprake is soos volg:

- T3-uitspraak: /hai./SJIEN/ (Xiaomein, 2018)
- T2-uitspraak: /hai.SEHNS/ (YouGlish, 2025b)
- T1-uitspraak: /hai.SEHNS/

Dertig respondente (94%) het *Hisense* soos die T2-uitspraak as /hai.SEHNS/ uitgespreek, waarvan die tweede sillabe soos die Engelse woord *sense* gespel word. Hierdie resultaat toon dat indien ’n sillabe van ’n LFW met T2, of waarskynlik enige taal waarvan ’n spreker kennis het, ooreenkom, daardie uitspraak gebruik sal word. Slegs twee respondente het dié lettergreep volgens T3 uitgespreek.

#### 3.4.3.2 Huawei

##### 3.4.3.2.1 Algemene Afrikaanse mediauitspraak van Huawei

Alhoewel die Chinese handelsnaam *Huawei* volgens die kriteria van hierdie studie steeds ’n lae frekwensie (68 in VivA-KPO) het, is dit in vergelyking met *Hisense* heelwat hoër en waarskynlik

baie meer bekend onder omroepers in Suid-Afrika. Die onderskeie uitsprake van Huawei is soos volg:

- T3-uitspraak: /g˜WHA.whei/ (Chinesevid, 2017)
- T2-uitspraak: /WHA.whei/ (YouGlish, 2025c)
- T1-Uitspraak: /WHA.whei/ (sien Tabel 3-35)

In totaal is *Huawei* op 11 verskillende maniere uitgespreek, waarvan die meeste respondente (66%) dit op die T2-uitspraak as /WHA.whei/ uitgespreek het. Die tweede algemeenste uitspraak was /WHA.whie/, wat deur drie respondente (9%) uitgespreek is. Twee respondente het dit waarskynlik as gevolg van die visuele soortgelykheid van die *h*, *w* en *i*, soos in die pleknaam *Hawaii*, as /ha.WHAI/ uitgespreek. Alhoewel twee respondente (6%) die grafeem volgens T3 as /g˜wh/ met

**Tabel 3-35: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *Huawei***

| Uitspraak | Tese | Frekwensie (N) | Persentasie (%) |
|---|---|---|---|
| /WHA.whei/ | T2 | 21 | 66% |
| /WHA.whie/ | | 3 | 9% |
| /ha.WHAI/ | Onbekend, uitgespreek soos Hawaii | 2 | 6% |

Net twee respondente het die grafeem *h* volgens die brontaal /(g)wh/ (izzyc53, 2008) uitgespreek. Drie respondente (9%) het T1 gebruik en *h* volgens die Afrikaanse ortografie as /h/ uitgespreek. Die oorblywende 27 omroepers (83%) het die letter as /wh/ uitgespreek wat ooreenstem met die respondente wat /wh/ tussen *g* en *ua* soos in *Guadalajara* gevoeg het.

### Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *ua* in H*ua*wei

Soos met *G**ua**dalajara,* is *ua* deur die meeste respondente (97%) as /a/ uitgespreek. Een respondent het ook die grafeme *ua* omgeruil en die foneem as *au* /aa.hoe/ soos in *Gauteng* of die Engelse woord *wow* uitgespreek.Slegs een respondent het Archibald (2021) se teorie bevestig deur die vreemde vokaalkombinasie *ua* as twee bekende foneme (/oe/ en /a/) uit te spreek deur die eerste lettergreep as /hoe.WHAH/ in twee te verdeel.

### Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *wei* in Hua*wei*

Die meeste respondent het 'n T2-uitspraak gevolg, aangesien almal die /wh/ soos in Engelse (***w**eb* en ***wh**y*) en Zoeloe-woorde (*Isolez**w**e*) uitgespreek het. Die *ei* in *wei* is deur die meeste

respondente (21-66%) volgens T1 en T3 as /ei/ uitgespreek. Agt respondente (25%) het T2 gevolg na aanleiding van grafeme *ei* in *rec**ei**ve*.

#### 3.4.3.3 Koeng foe

##### 3.4.3.3.1 Algemene Afrikaanse mediauitspraak van koeng foe

Alhoewel hierdie HFL as *koeng foe* en *kung fu* in die VivA-KPO voorkom, is daar op *koeng foe* as spelling besluit, omdat dit meer frekwent in Netwerk24-berigte voorkom. Die onderskeie uitsprake van *koeng foe* is soos volg:

- T3-uitspraak: /KÔNG.foe/ (Chinese Pronunciation with Lily, 2023)
- T2-uitspraak: /KANG.foe/ (ABC News, 2016)
- T1-uitspraak: /KOENG.foe/ (sien Tabel 3-36)

**Tabel 3-36: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *koeng foe***

| Uitspraak | Tese | Frekwensie (N) | Persentasie (%) |
|---|---|---|---|
| /KOENG.foe/ | T1 | 26 | 81% |
| /KANG.foe/ | T2 | 6 | 19% |

Soos die HFE *Meksiko* is die verafrikaanste vorm van *kung fu* as *koeng foe* reeds vir ’n geruime tyd in Afrikaanse woordeboeke opgeneem. Tabel 3-36 toon ook dat die meerderheid respondente (81%) T1 gevolg het en die woorde as /KOENG.foe/ uitgespreek het. Ten spyte van die verafrikaanste spelling het ses respondente (19%) *kung* as /KANG/ uitgespreek. Van hierdie ses respondente was drie (50%) jonger as 35 en het tydens die semigestruktureerde onderhoud ná die opname van die berig aangedui dat hulle die woorde uitgespreek het na aanleiding van die *Kung Fu Panda*-filmreeks wat die eerste keer in 2008 verskyn het. Twee van die respondente wat die woorde volgens T2 uitgespreek het, het ook aangedui dat hulle in Engels uitsaai – waarskynlik ’n verklaring waarom hulle met die T2-uitspraak van /KANG.foe/ vertroud is. Geen respondent het as gevolg van die spelling die T3-uitspraak gebruik nie.

#### 3.4.3.4 Xi Jinping

##### 3.4.3.4.1 Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *Xi* Jinping

As gevolg van die hoë frekwensie wat die Chinese president se naam en van in die RSG-korpus 159) gehad het, is *Xi Jinping* se uitspraak in geheel as naam en van ondersoek. Die uitsprake van *Xi Jinping* is soos volg:

- T3-uitspraak: /sjie.tsjien.PIENG/ (Chinese with Mei, 2021)
- T2-uitspraak: /sjie.DZJIEN.pieng/ (YouGlish, 2025d)
- T1-uitspraak: /zjie.ZJIEN.pieng/ (Tabel 3-37)

Ten spyte van die hoë frekwensie van die naam, het die naam en van gesamentlik tot 17 verskillende uitsprake gelei. Die meeste respondente het die eienaam as /zjie.zjien.PIENG/ (25%) en /sjie.jieng.PIENG/ (13%) uitgespreek, wat nie een aan die invloed van T2 of T3 toegeskryf kon word nie. Die oorblywende 13 uitsprake is elk net deur een respondent gebruik. Aangesien die algemeenste uitspraak nie meer as 40% van die naasalgemeenste verskil het nie, is die grafeme derhalwe individueel ontleed.

**Tabel 3-37: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *Xi Jinping***

| Uitspraak | Tese | Frekwensie (N) | Persentasie (%) |
|---|---|---|---|
| /zjie.zjien.PIENG/ | Onbekend | 8 | 25% |
| /sjie.jieng.PIENG/ | T3 slegs in die uitspraak van Xi | 4 | 13% |
| /zie.zjieng.PIENG/ | Onbekend | 3 | 9% |
| /zjie.zjihn.PIENG/ | Onbekend | 3 | 9% |

##### 3.4.3.4.2 Algemene Afrikaanse mediauitspraak van x in xi

Al die respondente het *i* in xi as /ie/ uitgespreek. Derhalwe is slegs die uitspraak van x ondersoek. Die onderskeie uitsprake van x is soos volg:

- T3-uitspraak: /sj/ (Yabla, 2025a)
- T2-uitspraak: /z/ (Brooks, 2015:83)
- T1-uitspraak: /zj/ (Wissing, 2020:130)

Tien respondente (31%) het die T3-uitspraak van /sj/ gebruik. Aangesien /sj/ in Afrikaans in woorde soos sjerrie as sj uitgespreek word en *Xi Jinping* 'n HFE is, kan die afleiding gemaak word

dat hierdie respondente hulle kennis van T3 gebruik het om die begingrafeem as /sj/ uit te spreek. Die enigste ander variante wat op grond van die uitspraak van die grafeem *x* gemaak kon word, was /x!/ wat na aanleiding van Zoeloe as 'n klapklank uitgespreek is, asook /z/ wat as *x* in leenwoorde soos ***x**ilofoon* uitgespreek word. Slegs een respondent (3%) het *x* as /x!/ en vier respondente (13%) *x* as /z/ uitgespreek.

Benewens /s/ was al die ander uitsprake affrikate wat slegs in gemarginaliseerde foneme in leenwoorde in Afrikaans voorkom – 'n tendens wat daarop kan dui dat respondente lae frekwente grafeme in Afrikaans as affrikate uitspreek, foneme wat meestal slegs in leenwoorde in Afrikaans voorkom (Wissing, 2020:130).

#### 3.4.3.5 Samevatting van die Mandarynse resultate

'n Analise van die uitspraakresultate het getoon dat alhoewel respondente daarvan bewus was dat grafeme soos *x* affrikate uitbeeld, is dit dikwels met die verkeerde affrikaat uitgespreek. Sillabe-invoeging was een van die tegnieke wat respondente gebruik het om die lang vokaalklusters te lees. Aangesien die meeste foneme ook in Afrikaans verteenwoordig is, sal 'n herspelling veral van nut wees om uitspraakleiding vir Mandaryns te gee.

**Tabel 3-38: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *x in* X*i***

| Uitspraak | Tese | Frekwensie (N) | Persentasie (%) |
|---|---|---|---|
| /zj/ | T1, in leenwoorde soos genre waar /zj/ as g gespel word (Wissing, 2020:130) | 14 | 44% |
| /sj/ | T3 (Yabla, 2025) | 10 | 31% |
| /z/ | T1, in leenwoorde soos xilofoon en T2, waar leenwoorde van Griekse oorsprong soos xenophobia (Brooks, 2015:83) waar /z/ as x gespel word. | 4 | 13% |
| /x!/ | Kennis van ander taal aangesien die Zoeloe-grafeem x as /x!/ uitgespreek word. | 1 | 3% |
| /tsj/ | T1, in leenwoorde soos tjek waar /tsj/ as tj gespel word (Wissing, 2020:130) | 1 | 3% |

| Uitspraak | Tese | Frekwensie (N) | Persentasie (%) |
|---|---|---|---|
| /dzj/ | T1, in leenwoorde soos jellie waar /dzj/ as j gespel word. | 1 | 3% |
| /s/ | Onbekend aangesien x nie in enige gerapporteerde linguistiese verwysingsraamwerk van respondente as /s/ uitgespreek word nie. | 1 | 3% |

3.4.3.4.3 Algemene Afrikaanse mediauitspraak van j in Jinping

Aangesien die tweede lettergreep, *ping,* van *Jinping* aan die Engelse leenwoord *ping-pong*, wat weer deur Chinees in Engels opgeneem is, herinner, was dit te verwagte dat al die respondente die tweede lettergreep van die naam as /pieng/ sou uitspreek. Die grafeem *j*, wat op verskillende maniere uitgespreek kan word, het tot die meeste variante in uitspraak gelei. Die onderskeie uitsprake van *j* is soos volg:

- T3-uitspraak: /dzj/ (Yabla, 2025)
- T2-uitspraak: /dzj/ (Brooks, 2015:20)
- T1-uitspraak: /zj/ (sien

- Tabel 3-39)

In totaal het die *j* van *Jingping* tot 7 verskillende variante gelei. Die enigste uitsprake wat op grond van die grafeem *j* verklaar kon word, was /j/, wat deur een respondent (3%) volgens T1 uitgespreek is, en een respondent wat *j* volgens T1, T2 en T3 (sien tabel 3-?) as /dzj/ uitgespreek het. Geen gerapporteerde linguistiese verwysingsraamwerk van respondente kon die uitspraak van die mees frekwente (72%) foneem van *j* as /zj/ verklaar nie. Met nadere ondersoek van onderskeie tale op YouGlish, 'n webwerf wat video's van verskillende lande se uitsprake bevat, blyk dit dat Duits een van die tale is waar die mees frekwente uitspraak van *j* soos Engels ook /dzj/ is (YouGlish, 2025). Hierteenoor dui 'n ondersoek na die Franse (YouGlish, 2025) en Nederlandse (YouGlish, 2025) opnames weer dat *j* ook in hierdie tale as /zj/ uitgespreek word.

**Tabel 3-39: Algemene Afrikaanse mediauitspraak van *j in Jinping***

| Uitspraak | Tese | Frekwensie (N) | Persentasie (%) |
|---|---|---|---|
| /zj/ | T1, in leenwoorde soos genre waar /zj/ as g gespel word (Wissing, 2020:130) | 23 | 72% |
| /z/ | T1, in leenwoorde soos xilofoon en T2, waar leenwoorde van Griekse oorsprong soos xenophobia (Brooks, 2015:83) waar /z/ as x gespel word. | 2 | 6% |
| /j/ | T1 | 2 | 6% |
| /sj/ | T1, in leenwoorde soos sjerrie (Wissing, 2020:130) | 2 | 6% |
| /dzj/ | T1, uit leenwoorde soos judo, waar j uitgespreek word as /dzj/; T2, waar j woorde soos judge as /dzj/ uitgespreek word (Brooks 2015:20); T3 (Yabla, 2025) | 1 | 3% |
| /s/ | Onbekend | 1 | 3% |

## 3.5 Gevolgtrekking

Die kontrastiewe-analisemetode wat in die eksperiment oor die bepaling van uitspraak gedoen is, het bevestig dat Afrikaanssprekendes nie 'n enkele linguistiese verwysingsraamwerk gebruik om eiename en leenwoorde uit vreemde tale uit te spreek nie. Die fonologiese sisteem, taalfamilies, die moeilikheidsgraad van die produksie van foneme, grafeem-deursigtigheid, kontak met moedertaalsprekers, die teikengehoor van programme en die beleid van die werknemer (in die geval uitsaaistasie) en invloed van die media het 'n invloed op die uitspraak van omroepers.

# HOOFSTUK 4 HOUDING OOR ALGEMENE AFRIKAANSE MEDIAUITSPRAAK VAN ’N SPESIALE LEKSIKON

## 4.1 Konteks en agtergrond

Waar dit oor uitspraak gaan, is die blote bepaling van die algemene mediauitspraak nie die enigste faktor wat in ag geneem moet word nie. Volgens De Villiers en Ponelis (soos aangehaal deur Carstens, 2018) moet standaarduitspraak (by implikasie vir hierdie studie die algemene mediauitspraak) “nie opvallende persoonlike of maatskaplike eienskappe vertoon nie” en nie “slordig, dialekties of aanstellerig wees nie”. Die taalgemeenskap moet dus eers die uitspraak aanvaar voor dit as ’n algemene uitspraak erken sal word.

Een manier om te bepaal of ’n taalgemeenskap ’n uitspraak aanvaar, is deur taalhoudingstudies te doen. Navorsing het bewys dat ’n persoon se taalgebruik nie net inligting oor die taalgebruiker se taalvaardigheid, professionaliteit of taalagtergrond weergee nie, maar dat luisteraars ook implisiet en eksplisiet menings vorm oor ’n spreker se persoonlikheidseienskappe soos intelligensie of geloofwaardigheid. (Sien onder andere Dyers, 2008:51; Hanzlíková & Skarnitzl, 2017:286; Joseph, 2006:39; Shohamy, 2006:5.)

Alhoewel heelwat taalhoudingstudies tot dusver oor Afrikaans gedoen is (Blignaut & Lesch, 2014; Coetzee-Van Rooy & Peters, 2021; Neethling, 2023; Saal, 2009; Saal & Blignaut, 2011), bestaan daar nie tans enige navorsing oor Afrikaanssprekendes se houding oor hoe die Afrikaanse media leenwoorde en eiename van vreemde tale uitspreek nie. Om vooraf so ’n studie uit te voer, kan die ontwikkelaars van ’n elektroniese Afrikaanse uitspraakwoordeboek help om die verloop van die woordeboekprojek te bepaal. Deur vas te stel of respondente die uitspraak van Taal 1 (T1, in hierdie geval Afrikaans), Taal 2 (T2, in hierdie geval Engels) of Taal 3 (T3, in hierdie geval Zoeloe, Spaans of Mandaryns) verkies, kan die verskillende aksente geprioritiseer word om te weet watter aksent eerste in die woordeboek opgeneem moet word om sodoende vinniger in potensiële eindgebruikers se behoeftes te voorsien. Die ander aksente kan later bygevoeg word om meer opsies aan woordeboekgebruikers te gee.

## 4.2 Terminologie

Die Engelse term *attitude* kan in Afrikaans met *houding* of *gesindheid* vertaal word. As daar na die Afrikaanse vakliteratuur van die afgelope paar dekades gekyk word, is dit duidelik dat taalkundiges steeds hierdie twee terme gebruik wanneer daar na *attitude studies* verwys word (Veldsman, 2021:10).

Pantos (2012:23) dui aan dat sosioloë en sielkundiges reeds vir meer as negentig jaar houdingstudies gebruik om individue se gedrag te probeer voorspel. Uit hierdie studies is dit duidelik dat daar tussen eksplisiete en implisiete houdings onderskei kan word. Eksplisiete houdings is bewustelik toeganklik en kan bepaal word deur vraelyste waarin respondente pertinent gevra word oor hulle gevoelens en menings aangaande ’n spreker of sprekers. Garrett *et al.* (2003:16) verduidelik dat implisiete houdings, hierteenoor, nie bewustelik verwoord word nie. Hulle kan getoets word deur onder andere:

- respondente se gedrag waar te neem sonder dat hulle daarvan bewus is;
- gedrag waar te neem in situasies waaroor respondente geen beheer het nie; of
- respondente te mislei sodat hulle nie besef hulle gedrag word getoets nie.

Verhoef (1995:2) tref ’n duidelike onderskeid tussen die terme *houding* en *gesindheid* deur *gesindheid* te beskryf as die innerlike ingesteldheid wat ’n individu se uiterlike gedrag of *houding* motiveer. ’n *Houding* is dus waarneembaar, terwyl ’n *gesindheid* ’n innerlike, onsigbare “gevoel” behels (Neethling, 2023:16). Aangesien ’n vraelys (sien afdeling 4.4.3) in hierdie eksperiment gebruik is om respondente pertinent te vra oor hulle menings oor die algemene mediauitspraak van leenwoorde en eiename uit vreemde tale, kan hierdie ondersoek as ’n houdingstudie (eerder as ’n ingesteldheidstudie), beskou word.

## 4.3 Houdingstudies

Die komponente, metodes en die resultate van verskeie vorige houdingstudies word vervolgens bespreek om ’n metode wat vir die doeleindes van hierdie studie geskik is, te vind.

### 4.3.1 Komponente van houdingstudies

Houdingstudies bestaan uit kognitiewe, affektiewe en gedragskomponente (Garrett, 2006:116; Li & Wei, 2022:1). Roos (1990:24-25) wys daarop dat sodra daar ’n verandering in een van hierdie komponente is, die gevolglike wanbalans dikwels tot ’n verandering in ’n individu se houding lei. Veldsman (2021:13-14) beskryf hierdie komponente in meer besonderhede. Die kognitiewe komponent van ’n houding sluit nie net ’n individu se kennis en ervaring van taal in nie, maar ook die verwagtings wat sprekers rakende sekere aspekte van taal huldig. Daar kan byvoorbeeld ’n verwagting wees dat beoefenaars van sekere professies, soos dokters en prokureurs, ’n sekere vaktaal gebruik. Die affektiewe komponent dui op die emosionele reaksies wat mense teenoor ’n spreker, taal of taalvariëteit het. Hierdie komponent bepaal ook of ’n individu ’n sekere taal of variëteit sal goedkeur al dan nie. Die gedragskomponent van ’n houdingstudie verwys na ’n individu se optrede en gedrag wat uiterlik waargeneem kan word. ’n Persoon se gedrag word

gebaseer op nie-waarneembare kognitiewe of emosionele reaksies oor ’n taal, spreker of taalvariëteit. In die konteks van hierdie studie, kan ’n persoon se affektiewe en kognitiewe reaksie op ’n omroeper se uitspraak die radiostasie waarna hy of sy verkies om te luister, beïnvloed. ’n Luisteraar wat ’n sterk afkeur van ’n T3-uitspraak van eiename uit vreemde tale het, kan byvoorbeeld verkies om na ’n stasie te luister wat se taalbeleid vereis dat omroepers die T1-uitspraak gebruik wanneer hulle nuusbulletins lees.

### 4.3.2 Metodes van houdingstudies

Een van die struikelblokke wat navorsers met die uitvoer van houdingstudies ondervind, is die feit dat die kognitiewe en affektiewe komponente moeilik waarneembaar is. Om hierdie komponente van ’n houdingstudie te ondersoek, gebruik taalkundiges verskillende sosiopolitieke of etnografiese, direkte en indirekte metodes (Garrett, 2006:116-117; Veldsman, 2021:23).

Garrett (2006:116) verduidelik dat ’n etnografiese studie ’n breë ondersoek is wat verskeie tekste in die openbare domein, soos onder andere taalbeleide, advertensies en televisieprogramme, ontleed. Volgens Swart (2016:27) is etnografiese studies onontbeerlik wanneer taalbeleide opgestel word, aangesien die analise van al die dokumente wat in die openbare domein beskikbaar is ’n duidelike aanduiding kan gee van die sosiopolitieke houding teenoor taal op ’n bepaalde tydstip.

Die direkte metode, soos die naam aandui, behels dat respondente direk deur middel van vraelyste of onderhoude oor hulle taalhoudings gevra word (Garrett, 2006:17; Veldsman, 2021:23). Direkte vrae oor interne kognitiewe en emosionele houdings hou egter die risiko in dat respondente antwoorde kan gee wat hulle dínk die navorser wil hê, of antwoorde wat hulle glo meer sosiaal aanvaarbaar is, selfs wanneer dit nie hulle werklike menings weerspieël nie (Garrett, 2006:117).

Benewens die gebruik van indirekte vrae het ’n groep sosioloë (Lambert *et al.*, 1960) ’n indirekte metode ontwikkel wat as die vermommingstegniek (‘matched guise technique’) bekend staan. Relevant tot hierdie hoofstuk, verduidelik Veldsman (2021:23) dat “vermommingstegniek” die breë Afrikaanse term is vir toetse waar respondente op grond van stemopnames hulle menings oor onder andere die spreker(s) se persoonlikheidseienskappe of sosiale status gee. Na gelang van die doel en konteks van ’n studie kan hierdie metode op verskillende maniere aangepas en toegepas word. In ’n studie deur Bayard *et al.* (2001:22) het die navorsers byvoorbeeld agt sprekers uit vier verskillende lande gebruik om te toets of respondente oor ’n tydperk ’n houdingsverandering teenoor ’n Amerikaans-Engelse- (VSA-E) en Brits-Engelse (GB-E) aksent ondergaan het. As ’n variasie op laasgenoemde metode kan ’n opgeleide stemkunstenaar of

akteur gebruik word om dieselfde sinne met verskillende aksente te lees. Deur een spreker te gebruik, word veranderlikes soos byvoorbeeld stemkwaliteit uitgeskakel, sodat respondente net op een aspek van die spreker se uitspraak, naamlik aksent, kan fokus.

Navorsing van Zahn en Hopper in 1985 het bevind dat respondente in taalhoudingstudies geneig is om sprekers volgens drie primêre dimensies te beoordeel, naamlik *superioriteit,* wat verband hou met eienskappe soos status, intelligensie en vaardigheid; *sosiale aantreklikheid,* wat eienskappe soos vriendelikheid en geloofwaardigheid insluit; en *vitaliteit,* wat in eienskappe soos entoesiasme en lewenslustigheid weerspieël word. Met verloop van tyd het houdingstudies die aantal en aard van die dimensies, sowel as die eienskappe wat daarmee verband hou, na aanleiding van die doel en konteks van ’n betrokke ondersoek, aangepas. Hier volg enkele voorbeelde om dit te illustreer:

- Yzerbyt *et al.* (2005) het die eienskappe van hulle vraelys baseer op klassieke sosiolinguistiese navorsing en taalhoudingtudies. Hulle het nie die vitaliteitsdimensie ondersoek nie, en Zahn en Hopper (1985) se superioriteitsdimensie is uitgebrei om linguistiese vaardigheid in te sluit. Die positiewe en negatiewe items wat onder linguistiese vaardigheid getoets is, was onder meer “geartikuleerd”, “ryk woordeskat”, “onduidelik” en “verkeerde woorde”. Die superioriteitsdimensie het uit items soos “professioneel”, “selfversekerd”, “onbekwaam” en “oneerlik” bestaan. “Opreg”, “vriendelik”, koud” en “ongeskik” het deel uitgemaak van die warmtedimensie.
- Garret *et al.* (2003) en McKenzie (2010:47) is van mening dat die drie dimensies tot twee dimensies, naamlik superioriteit en warmte, verminder kan word. Hulle sluit dus, soos Yzerbyt *et al.* (2005), nie die vitaliteitsdimensie in nie.
- Pantos (2010:75) baseer sy studie oor implisiete en eksplisiete houdings oor vreemdeaksentuitspraak deur te fokus op die superioriteit- en warmtedimensie. Hy gebruik 14 items, waaronder “geloofwaardigheid”, “kennis”, “intelligensie”, “warmte”, “vriendelikheid”, “duidelikheid”, “kennis” en “aanbiedingstyl”.
- Neethling (2023:62) gebruik die superioriteits- en warmtedimensie, met die warmtedimensie aangevul deur persoonlike integriteit. “Baie intelligent / glad nie intelligent nie”, “baie geleerd / glad nie geleerd nie” en “baie ambisieus / glad nie ambisieus nie” word vir superioriteit gebruik. *“*Baie vriendelik / glad nie vriendelik nie”, “baie aantreklik / glad nie aantreklik nie” en “baie aangenaam / glad nie aangenaam nie” word gebruik om die warmte van ’n spreker te toets. Items soos “baie hardwerkend / glad nie hardwerkend nie”, “baie eerlik / glad nie eerlik nie” en “baie betroubaar / glad nie betroubaar nie” is bygevoeg om die warmtedimensie met persoonlike integriteit uit te brei.

### 4.3.3 Vorige houdingstudies

In hierdie afdeling word vorige taalhoudingstudies ondersoek om te bepaal watter faktore 'n invloed op mense se taalhoudings kan hê. Daar word ook kortliks gekyk na vorige taalhoudingstudies oor die verskillende aksente en variëteite van Engels en Afrikaans.

Die volgende studies het gehandel oor faktore wat taalhoudings beïnvloed:

- Kulturele agtergrond: Individue is geneig om positiewer taalhoudings te hê as hulle aan kulturele aktiwiteite, soos musiek en poësie, wat met daardie taal geassosieer word, deelneem (Dragojevic *et al.*, 2017).
- Kontak: Ting & Puah, (2015) dui aan dat 'n taalhouding dikwels eers ontwikkel wanneer taalgroepe met mekaar in aanraking kom. Individue se houdings oor 'n taal is geneig om positiewer te wees as hulle deur vriende, familie, massamedia, portuurgroepe en populêre kultuur daaraan blootgestel word (Dragojevic *et al.*, 2017).
- Taalvaardigheid: Persone wat oor goeie taalvaardighede beskik en 'n taal maklik aanleer, het 'n positiewer houding oor 'n taal as 'n persoon wat nie so goed vaar in die aanleer van die taal nie (Dragojevic *et al.*, 2017).
- Onderrig: Kinders wat uitsluitlik in 'n spesifieke taal onderrig word en nie toegelaat word om hulle eerste taal (T1) te gebruik nie, ontwikkel dikwels 'n negatiewe houding teenoor die taal waarin hulle onderrig word. Die Soweto-opstande in 1976 is 'n voorbeeld van hoe leerders negatiewe houdings teenoor beide 'n taal en die sprekers van die taal kan ontwikkel wanneer hulle in 'n vreemde taal onderrig word (Dragojevic *et al.*, 2017).
- Ouderdom: Taalhoudings is geneig om negatiewer te word hoe ouer persone is (Baker, 1992:41).
- Geslag: Meisies het oor die algemeen positiewer houdings oor taal, aangesien hulle geneig is om vroeër emosionele volwassenheid te bereik (Baker, 1992:41).
- Standaardvariëteit: Sprekers van 'n standaardvariëteit word oor die algemeen as meer vaardig in terme van die superioriteitsdimensie beskou. In teenstelling hiermee word hulle dikwels as minder warm gesien (Giles & Coupland, 1991). Hierdie kompensasiepatroon kom veral voor wanneer sprekers van verskillende taalvariëteite mekaar se uitspraak moet beoordeel. Volgens Yzerbyt *et al.* (2005) laat dit beide groepe toe om 'n positiewe sosiale identiteit te behou deur in verskillende domeine beter as die ander groep te presteer.

Wat T2-uitspraak betref, blyk dit dat GB-E nie meer soos voorheen beter as VSA-E in die superioriteitsdimensie vaar nie. Bayard *et al.* (2001) voer aan dat hierdie verskuiwing in houding

teenoor VSA-E te wyte is aan die feit dat die VSA deur die loop van die 20ste eeu Groot-Brittanje se plek as wêreldmoondheid ingeneem het. Hierdie oorname was egter nie net polities en ekonomies nie; die Amerikaanse kultuur (en uitspraak) het ook deur massamedia wêreldwyd bekend geword. ’n Oorsig van taalhoudingstudies oor Engelse uitsprake in verskillende lande het uiteenlopende resultate opgelewer:

- ’n Studie deur Bayard *et al.* (2001), wat Engelssprekende respondente van lande soos Nieu-Seeland en Australië betrek het, het bevind dat VSA-E ten minste net so aanvaarbaar, indien nie meer aanvaarbaar nie, as GB-E is.
- In teenstelling hiermee het ’n ondersoek deur Ladegaard en Sachdev (2006) met 96 Deense leerders van Engels, met ’n gemiddelde ouderdom van 19, getoon dat hulle, ten spyte van hulle vertroudheid met die Amerikaanse kultuur en groter blootstelling daaraan, steeds GB-E bo VSA-E verkies het.

Twee Suid-Afrikaanse studies, wat meer as twee dekades uitmekaar gedoen is, het albei bevind dat respondente se houding meer positief teenoor Engels as Afrikaans is:

- Navorsing onder Afrikaans-, Engels- en Xhosasprekers het die vermommingstegniek gebruik en bevind dat respondente se houding teenoor Engels meer positief as teenoor Afrikaans is (De Klerk & Bosch, 1994).
- ’n Studie onder veeltalige studente waarin taalportrette gebruik is, het bevind dat daar oor die algemeen neutrale houdings oor Afrikaans en meer positiewe houdings oor Engels bestaan (Coetzee-Van Rooy & Peters, 2021).

Drie onlangse studies kon meer insig aangaande taalhoudings oor die variëteite van Afrikaans bied:

- Bruin Afrikaans- en Sepedisprekende-tienerrespondente het gunstiger teenoor “tienertaal” gereageer in teenstelling met wit Afrikaanssprekende studente wat Standaardafrikaans bo aangepaste “tienertaal” verkies het (Saal & Blignaut, 2011).
- ’n Studie met eerstejaarstudente aan die Universiteit van Stellenbosch wat Afrikaans as tweedetaal geneem het, het bevind dat respondente se sosiale omgewing, hulle menings oor Afrikaans, en hulle kennis oor die geskiedenis van die taal hulle houding teenoor Afrikaans beïnvloed het. Die algemene houding teenoor Afrikaans en die aanleer daarvan was oorwegend positief (Veldsman, 2021:121).
- Houdings teenoor Kaaps en Standaardafrikaans het sedert 1994 nog nie verander nie. Inteendeel, houdings teenoor Kaaps is oor die algemeen steeds negatief en teenoor

Standaardafrikaans steeds positief. Vroulike respondente het, as gevolg van die verbeelde status wat Standaardafrikaans aan die spreker verleen, veral ’n positiewe houding oor Standaardafrikaans gehad (Neethling, 2023:iv).

## 4.4 Eksperiment 2: Houding oor algemene Afrikaanse mediauitspraak van ’n spesiale leksikon

### 4.4.1 Doelwit van eksperiment

Alhoewel studies oor houdings teenoor Afrikaans en variëteite van Afrikaans gedoen is, het geen navorsing tot dusver Afrikaanssprekendes se houdings oor die algemene Afrikaanse mediauitspraak van eiename en leenwoorde uit vreemde tale ondersoek nie. Gegewe hierdie gebrek aan vorige navorsing, moet die volgende vrae beantwoord word:

1. Wat is die houding van Afrikaanssprekendes oor die algemene Afrikaanse mediauitspraak van eiename uit vreemde tale?
2. Wat is die houding van Afrikaanssprekendes oor die algemene Afrikaanse mediauitspraak van leenwoorde uit vreemde tale?

### 4.4.2 Metodologie

Vir die doeleindes van hierdie eksperiment is ’n direkte taalhoudingsmetode gevolg deur respondente pertinent oor hulle taalhoudings teenoor verskillende uitsprake van eiename en leenwoorde uit vreemde tale te vra. Respondente moes hierdie keuses aandui, nadat hulle na drie opnames in verskillende aksente van dieselfde woord deur dieselfde stemkunstenaar geluister het. Indien hulle aangedui het dat hulle wel ’n sekere uitspraak bo die ander verkies het, moes respondente die opnames in volgorde van voorkeur rangskik en daarna die rede verskaf waarom hulle die meeste of die minste van ’n sekere uitspraak gehou het. Om respondentvoosheid te vermy, is respondente gevra om uit slegs vier opsies te kies om aan te dui waarom hulle van ’n uitspraak gehou het of nie. Die opsies het uit die volgende dimensies met hulle gepaardgaande items bestaan:

- Die superioriteitsdimensie is ondervang in die eienskappe “professioneel en bekwaam” teenoor “onbekwaam en amateuragtig”.
- Die warmtedimensie is ondervang deur die eienskappe “vriendelik en warm” teenoor “koud en nors”.
- Carstens (2018) se voorwaarde dat ’n uitspraak nie “aanstellerig” moet wees nie, is getoets deur die items “eg en natuurlik” teenoor “onnatuurlik en pretensieus”.

- Die navorser wou vasstel of die taalkontak tussen Afrikaans- en Zoeloesprekende Suid-Afrikaners daartoe kan lei dat "respekvol en sensitief" 'n rede vir 'n voorkeuruitspraak kon wees. Die teenoorgestelde van laasgenoemde item is "respekloos en onsensitief".

Respondente kon by die redes vir hulle voor- en afkeuruitspraak slegs een opsie kies, maar het telkens die geleentheid gehad om addisionele kommentaar te lewer indien hulle wou. Die doel met die beperking van die opsies was om respondente aan te moedig om meer kommentaar te verskaf wat hopelik kwalitatiewe data sou lewer waarmee tendense vasgestel kon word.

### 4.4.3 Toetsmateriaal

**Toetswoorde**

Daar is aanvanklik beplan om die toetswoorde waarvan die uitspraak in hoofstuk 3 bepaal is ook in die taalhoudingstudie van hoofstuk 4 te gebruik. Die uitspraak van die woorde in die taalhoudingstudie moes egter drasties van mekaar verskil om te verseker dat respondente wat die elektroniese vraelys sou invul die verskillende uitsprake kon onderskei. Uiteindelik was net vyf van die woorde wat in hoofstuk 3 bespreek is, geskik om in die taalhoudingsvraelys te gebruik.

'n Addisionele sewe woorde is geïdentifiseer wat aan dieselfde vereistes en frekwensies, soos in afdeling 3.3.3 uiteengesit, voldoen het. Tien omroepers is gebruik om hierdie addisionele woorde se T1-uitspraak op dieselfde manier as in eksperiment 1 te bepaal. Die resultate vir die uitspraak van hierdie woorde word in meer besonderhede in die dataontleding bespreek.

**Aksente**

Vir die doeleindes van die houdingstudie is besluit om weereens die T1-, T2- en T3-uitspraak te gebruik. Die T2-uitspraak is op VSA-E gebaseer om Afrikaanssprekendes se houding oor die verskillende variëteite van Engels te bepaal. Onbekende T3- en T2-uitsprake is met behulp van dieselfde metodes wat in afdeling 3.3.3 beskryf word, bepaal.

**Opnames**

Vir elk van die uiteindelike toetswoorde is 'n sin in die styl van 'n nuusberig geskryf. Om enige vooroordeel te voorkom, is die inligting wat in elke sin vervat is so ver moontlik neutraal gehou. 'n Opgeleide stemkunstenaar is gevra om die toetswoord in elke sin drie maal, volgens T1-. T2- en T3-uitspraak, voor te lees. Die stemkunstenaar het leiding aangaande die onderskeie uitsprake ontvang deur middel van herspelling, die beskrywing van die vorming van foneme, YouTube-video's en klankopnames. Die stemkunstenaar het dus altesaam 36 opnames gemaak.

Opnames is in ’n klankdigte ateljee met ’n Behringer U-Phoria UMC404HD digitale klankkoppelvlak, Rode NT2-A-mikrofoon en professionele monitors gedoen. Digitale redigering, indien nodig, is gedoen deur van Adobe Audition-sagteware gebruik te maak.

- Bayard *et al.* (2015:126-127) voer aan dat perfekte moedertaaluitspraak vir ’n nie-moedertaalspreker amper onmoontlik en prakties onuitvoerbaar is. Backley (2015:126-127) noem ’n uitspraak wat maklik deur die luisteraar verstaan word en tot betekenisvolle gesprekvoering lei, selfs al is dit nie presies volgens ’n T1-aksent nie, “luistervriendelike uitspraak”. Ondersteun deur die bevindings van Backley (2015:126-127), Momenian (2011:1,3) en Sass (2022:2) is ’n luistervriendelike uitspraak vir ’n paar woorde toegelaat om te bepaal of respondente afwykings van die T3-uitspraak kon herken, en indien hulle dit opgemerk het, of dit vir hulle aanvaarbaar was. Die uitspraakleiding en enige afwykings van hierdie leiding deur die stemkunstenaar is telkens vooraf by die bespreking van ’n woord se resultate aangedui.

**Samestelling van die vraelys**

Aan die begin van die vraelys is respondente eers ’n verduideliking van die doel daarvan, asook instruksies oor hoe om dit te voltooi, gegee. Respondente is daarvan bewus gemaak dat die vraelys uit klanklêers bestaan en dat hulle dit liefs in ’n stil omgewing op ’n toestel wat toegang tot die internet het, moes voltooi. Respondente is verseker van hulle anonimiteit, selfs in gevalle waar kontakbesonderhede aan die einde van die vraelys met die oog op opvolgonderhoude verskaf is. In sulke gevalle is enige persoonlike inligting uitsluitlik vir die doeleindes van hierdie navorsing gebruik, en slegs die navorser het toegang tot hierdie dokumente gehad. Respondente is ook ingelig dat hulle enige tyd aan die navorsing kon onttrek deur hulle webblaaier te sluit, in welke geval hulle antwoorde nie vir die navorsing gebruik sou word nie. Nadat respondente aangedui het dat hulle aan die nodige vereistes voldoen het, soos onder andere dat hulle ouer as 18 was en Afrikaans een van die tale is wat in hulle ouerhuis gepraat is, is hulle na die eerste vraag geneem. Elke vraag het uit drie opnames van dieselfde sin, maar met verskillende uitsprake van die toetswoord bestaan. Respondente kon telkens terugkeer om weer na die opnames te luister. Die vrae is in die volgende afdelings verdeel:

- In die eerste gedeelte van die vraag moes respondente aandui of hulle ’n verskil tussen die uitsprake kon hoor.
    - Indien respondente aangedui het dat hulle nie ’n verskil kon hoor nie, is hulle na die **volgende woord** se stel opnames en vrae geneem.

- Indien respondente aangedui het dat hulle ’n verskil tussen die uitsprake kon hoor, maar nie ’n voorkeur vir ’n spesifieke uitspraak gehad het nie, is hulle na die **volgende woord** se stel vrae en opnames geneem.
- Indien ’n respondent aangedui het dat hulle wel ’n verskil in die verskillende uitsprake kon hoor én ’n voorkeuruitspraak gehad het, is die respondent na die volgende onderafdeling van **dieselfde woord** geneem.
    - By hierdie gedeelte van die vraag is respondente gevra om die verskillende uitsprake in volgorde van voorkeur te plaas, met “1” as die uitspraak waarvan hulle die meeste gehou het en “3” die uitspraak waarvan hulle die minste gehou het. Hierna moes hulle die rede vir hulle voorkeuruitspraak gee.
    - Soos in afdeling 4.2.2 bespreek, het die voorkeuropsies uit “warm en vriendelik”, “bekwaam en professioneel”, “natuurlik en eg” en “respekvol en sensitief” bestaan. Respondente kon slegs een van hierdie opsies kies, maar het telkens die geleentheid gehad om kommentaar te lewer indien hulle verkies het.
    - Hulle moes ook aandui waarom hulle sekere uitsprake afkeur. Soos in afdeling 4.2.2 bespreek, was die afkeurredes die teenoorgestelde van die voorkeurredes, naamlik “koud en nors”, “onbekwaam en amateuragtig”, “onnatuurlik en pretensieus”; en “respekloos en onsensitief”. Respondente kon weereens kommentaar lewer as hulle wou. Nadat hulle die rede vir hulle afkeurkeuse aangedui het, is hulle na die volgende woord geneem.
- Aan die einde van die vraelys is respondente weer geleentheid gebied om kommentaar te lewer.
- Die vraelys is afgesluit met vrae oor respondente se demografiese gegewens, insluitend geslag, ouderdom en bevolkingsgroep. Diegene wat gewillig was om aan opvolgonderhoude deel te neem, kon aan die einde van die vraelys hulle kontakbesonderhede verskaf.

### 4.4.4 Operasionalisering

As gevolg van die QuestionPro-platform se vermoë om multimedia te akkommodeer, is die taalhoudingsvraelys, soos die behoeftevraelys, ook op hierdie platform gelaai. Die geldigheid van die vraelys is getoets deur ’n taalkundige en ’n tipiese respondent wat die vraelys ingevul het, en enige voorgestelde verbeterings is aangebring.

Aangesien etiekklaring reeds aan die begin van die studie van die Noordwes-Universiteit se Ethics Committee for Language Matters (ECLA) verkry is (sien bylaag A), kon respondente vir die taalhoudingstudie deur toevallige sneeubalsteekproefneming gewerf word deur die webwerfskakel op sosialemediaplatforms, soos onder andere Facebook, te deel. Werwing is ook deur e-pos en WhatsApp-boodskappe gedoen. Daarbenewens is onderhoude oor die navorsing met streeks- en nasionale radiostasies gebruik om nog respondente aan te moedig om die vraelys te voltooi.

#### 4.4.5 Resultate

##### 4.4.5.1 Respondente

Die aanvanklike mikpunt was om 200 respondente vir hierdie eksperiment te werf, maar uiteindelik het 462 individue die vraelys suksesvol en volledig voltooi. Dit het respondente gemiddeld twaalf minute geneem om al die vrae te antwoord. Die meeste respondente was van Suid-Afrika (91%), met ’n kleiner aantal van lande soos die VSA, Groot-Brittanje, Kanada, Italië en Pole. Soos Tabel 4-1aandui, was daar aansienlike demografiese verskille ten opsigte van veral geslag en bevolkingsgroep. Die meerderheid van die respondente was vroulik (78%), wit (95%) en tussen 40 en 59 jaar oud (50%). Relevante demografiese inligting sal in meer besonderhede bespreek word.

**Tabel 4-1: Demografiese gegewens van respondente van die taalhoudingsvraelys**

| GESLAG | | |
|---|---|---|
| **Manlik** | **Vroulik** | **Geen antwoord** |
| 21%[30] | 78% | 1% |

| BEVOLKINGSGROEP | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Wit** | **Bruin** | **Swart** | **Indiër** | **Ander** | **Kies om nie te antwoord nie** |
| 95% | 1% | 0.2% | 0.2% | 0.4% | 3% |

| OUDERDOM | | | |
|---|---|---|---|
| **Tussen 18 en 39** | **Tussen 40 en 59** | **Ouer as 60** | **Kies om nie te antwoord nie** |
| 18% | 50% | 31% | 1% |

30 Behalwe vir gevalle waar die hoeveelheid minder as 1% is, word persentasies sonder enige desimale afgerond en is dit die rede hoekom die totaal nie altyd 100% is nie.

### 4.4.5.2 Dataontleding

Slegs die kommentaar van respondente wie se voor- of afkeurkeuse met dié van die meerderheid ooreengestem het, is ontleed. Indien die meeste respondente byvoorbeeld aangedui het dat T1 hulle voorkeuruitspraak was, is slegs die kommentaar van diegene wat T1 as voorkeur gekies het, ontleed. Beskrywende metodes is gebruik om algemene temas in die kommentaar te identifiseer. Die temas word in die volgende afdelings in tabelle weergegee met direkte aanhalings van respondente om elke tema te illustreer. Antwoorde soos “reg” en “verkeerd” is tydens die ontleding van die kwalitatiewe data uitgesluit, omdat die redenasie agter hierdie beskrywings nie altyd duidelik was nie. Kommentaar soos “aansitterig” is ook nie afsonderlik in die kwalitatiewe data aangedui nie, aangesien dit bloot ’n sinoniem van die afkeurkeuse “pretensieus” is.

## 4.5 Houding oor algemene Afrikaanse mediauitspraak van Zoeloe

Van al die Zoeloe-woorde, waarvan die algemene Afrikaanse mediauitspraak in hoofstuk 3 vasgestel is, is net *Ezinqoleni* in hierdie vraelys opgeneem, omdat daar ’n duidelike verskil in die drie uitsprake van hierdie pleknaam gehoor kon word. In Tabel 4-2 word ’n volledige uiteensetting gegee van die samestelling van die vier Zoeloe-woorde wat in eksperiment 2 gebruik is.

**Tabel 4-2: Samestelling van Zoeloe-toetswoorde**

| Woord | Woordtipe | RSG-korpus | VivA-KPO | Netwerk24 | Totaal | Frekwensievlak | AWS | HAT | e-WAT | Ander woorde-boeke |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Amanzimtoti | Eienaam | 66 | 295 | 350 | **711** | Hoog | N.v.t. | N.v.t. | N.v.t. | N.v.t. |
| Ezinqoleni | Eienaam | 4 | 9 | 3 | **16** | Laag | N.v.t. | N.v.t. | N.v.t. | N.v.t. |
| mfecane | Soortnaam (leenwoord) | 0 | 141 | 34 | **175** | Hoog | Nee | Nee | Ja | Nee |
| umqombothi | Soortnaam (leenwoord) | 0 | 8 | 23 | **31** | Laag | Nee | Nee | Ja | Kookkuns-woordeboek (2001) |

### 4.5.1 Amanzimtoti

Soos Tabel 4-2 aandui, is *Amanzimtoti* ’n hoëfrekwensie-eienaam[31] met ’n totaal van 711 trefslae in al die korpusse. Hierdie pleknaam was een van die addisionele woorde waarvan die T1- en T2-

[31] Die woordtipes en frekwensie van die woorde word vervolgens deur die volgende afkortings aangedui: hoëfrekwensie-eienaam/-name (HFE), laefrekwensie-eienaam/-name (LFL), hoëfrekwensieleenwoord/-woorde (HFL) en laefrekwensieleenwoord/-woorde (LFL).

uitsprake eers vasgestel moes word voor dit in die behoeftevraelys gebruik kon word. Die verskil in uitsprake het in die grafeem *o* gelê met die meeste omroepers (50%) wat die woord as /a.man.zihm.TOO.tie/ uitgespreek het en 40% as /a.man.zihm.TOU.tie/. Slegs een nasionale televisieomroeper het *o* volgens die brontaal as /ô/ uitgespreek. Geen respondent het die twee *a's* (***Ama**nzimtoti*) volgens VSA-E as /ê/ uitgespreek nie. In ooreenstemming met die T3-uitspraak is die twee *i's* in *Amanz**i**mtot**i*** deur al die respondente as onderskeidelik /ih/ en /ie/ uitgespreek.

In Tabel 4-3 word die voorgeskrewe uitspraak, uitspraakleiding en die uiteindelike uitspraak van die stemkunstenaar getoon. By die VSA-E-uitspraak het die stemkunstenaar nie *a* as /ê/ uitgespreek nie. Die *o* is wel soos die voorgeskrewe /ou/ in die T2-uitspraak uitgespreek (Brooks, 2015:231). Aangesien die foneem /ê/ nie 'n verandering in betekenis veroorsaak nie, is die opname onveranderd in die vraelys ingesluit. Met die insluiting van hierdie opname wou daar ook vasgestel word of respondente kon waarneem dat slegs een letter (*o)*, en nie die volledige woord nie, volgens VSA-E uitgespreek is, en of dit 'n verandering in hulle houding oor die uitspraak van die woord sal beïnvloed.

**Tabel 4-3: Vergelyking van stemkunstenaar se uitsprake van *Amanzimtoti***

| **Sin in nuusberig: In Junie vanjaar gaan 'n internasionale kosfees in *Amanzimtoti* gehou word.** | | |
|---|---|---|
| **Uitspraakleiding** | **Uitspraak van stemkunstenaar** | **Foneme wat van voorgeskrewe uitspraak verskil** |
| **T3-uitspraak: Zoeloe**<br>• Herspelling: /a.man.zihm.TÔ.tie/<br>• YouTube-video: SABC News (2016)[32]<br>• Verbale leiding aangaande vreemde of soortgelyke foneme deur middel van 'n WhatsApp-stemnota: "Die o in Amanzimtoti word soos 'n /ô/ uitgespreek." | **T3-uitspraak: Zoeloe**<br>/a.man.zihm.TÔ.tie/ | **Volgens leiding uitgespreek** |
| **T2-uitspraak: VSA-E**<br>• YouTube-video: The WordBox (2017)[33] | **T2-uitspraak: VSA-E**<br>• /a.man.zihm.TOU.tie/ | **T2-uitspraak: VSA-E**<br>• *a* is as /a/ uitgespreek |

[32] Brontaaluitspraak van Amanzimtoti kan hier gehoor word: https://www.youtube.com/watch?v=D5JBScV20SU

[33] Klik hier om na die VSA-E-uitspraak van Amanzimtoti te luister: https://www.youtube.com/watch?v=suTA4gyYZrc

| **Sin in nuusberig: In Junie vanjaar gaan 'n internasionale kosfees in *Amanzimtoti* gehou word.** | | |
|---|---|---|
| **Uitspraakleiding** | **Uitspraak van stemkunstenaar** | **Foneme wat van voorgeskrewe uitspraak verskil** |
| • Herspelling: /ê.mên.zihm.TOU.tie/ (The WordBox, 2017)<br>• Verbale leiding deur middel van 'n WhatsApp-stemnota:<br>○ "Die a word uitgespreek soos /ê/ in die woord ver."<br>○ "Die o word as /ou/ uitgespreek." | | |
| **T1-uitspraak: Afrikaans**<br>• Herspelling: /a.man.zim.TOO.tie/ | **T1-uitspraak: Afrikaans**<br>Uitgespreek volgens die uitspraakleiding | N.v.t. |

Uit Figuur 4-1 is dit duidelik dat die meeste respondente (99%) die verskillende uitsprake van *Amanzimtoti* kon waarneem en dat 87% van hierdie respondente een uitspraak bo 'n ander verkies het. Slegs 1% kon nie 'n verskil in uitspraak waarneem nie. Hierdie bevinding kan daarop dui dat verskille in uitsprake van vokale (in dié geval /a/ en /ê/; en /ô/, /o/ en /oe/) duidelik waarneembaar is.




**Figuur 4-1: Herkenning van uitspraakverskille van *Amanzimtoti***

Uit die data van Figuur 4-2 is dit duidelik dat die respondente die minste van die brontaaluitspraak gehou het met 'n gemiddelde telling van 2.4 wat daaraan toegeken is.[34] mT1 en T2 was ewe gewild onder die respondente.




**Figuur 4-2: Voorkeurvolgorde van *Amanzimtoti***

34 Soos onder metodologie bespreek, is respondente by hierdie vraag gevra om die onderskeie uitsprake volgens voorkeur te rangskik, waar "1" die uitspraak is waarvan hulle die meeste gehou het en "3" die uitspraak waarvan hulle die minste gehou het. In hierdie vraag dui die laagste getal die uitspraak aan waarvan respondente die meeste gehou het.

Ten spyte van die duidelike verskil tussen die verskillende uitsprake, het die meeste respondente (41%) ironies genoeg aangedui dat die T1- en T2-uitspraak hulle voorkeur was omdat dit "natuurlik en eg" was (Sien figuur 4-3). Byna net soveel respondente (41%) het "bekwaam en professioneel" as rede vir hulle keuse gegee. Ongeveer ewe veel respondente het die twee emotiewe redes "warm en vriendelik" (10%) en "respekvol en sensitief" (9%) as rede vir hulle voorkeurkeuses aangedui.




**Figuur 4-3: Redes vir T1/T2-voorkeur van *Amanzimtoti***

Aangesien ewe veel respondente T1 en T2 as hulle voorkeuruitspraak aangedui het, word die kommentaar van al hierdie respondente in Tabel 4-4 en

Tabel 4-5 weergegee. Kommentare word gegroepeer volgens ontluikende temas (kolom 1) soos wat dit uit die verskillende kommentare geïdentifiseer is.

Uit die kommentaar is dit duidelik dat heelwat respondente nie die T1- en T2-uitspraak korrek geïdentifiseer het nie. Dit kan toegeskryf word aan die bevinding dat ongeveer ewe veel omroepers die naam as /a.man.zihm.TOO.tie/ (50%) en /a.man.zihm.TOU.tie/ (40%) uitgespreek het. Ten opsigte van die VSA-E-uitspraak van die *a* was daar wel 'n respondent wat opgemerk het dat die T2-uitspraak van die *a* nie ook gehandhaaf is nie, en dit is ook die rede waarom die respondent T1 bo T2 verkies het. Heelwat respondente wat T1 as voorkeur aangedui het, het daarop gewys dat hulle die pleknaam reeds sedert hulle kinderjare volgens die T1-aksent uitspreek. Een respondent het genoem dat hy of sy steeds T1 verkies, alhoewel hy of sy weet dat omroepers die woord volgens T3 uitspreek.

**Tabel 4-4: Addisionele redes vir T1-voorkeur van *Amanzimtoti***

| Tema | Aanhaling |
|---|---|
| **T1-voorkeur** | • "Mees Afrikaanse uitspraak."<br>• "Dit is hoe die meeste Afrikaanse mense die woord uitspreek."<br>• "Alhoewel ek desjare gehoor het dat Kobus Bester dit /tô.tie/ uitspreek na aanleiding van Zoeloe, verkies ek steeds die Afrikaanse uitspraak." |
| **Vertroudheid** | • "Dit is hoe ons die naam nog altyd in Afrikaans uitgespreek het."<br>• "Alhoewel ek besef dat my vorige keuses telkens vir die naaste opsie aan die oorspronklike uitspraak was, is Amanzimtoti vir my meer vasgelê in Afrikaans, omdat ek dit waarskynlik reeds van kinderdae af met hierdie uitspraak hoor." |
| **Spelling** | • "Dit is hoe ek die woord as kind leer lees het volgens Afrikaanse spelreëls." |
| **Taalsuiwerheid** | • Foneem<br>• "Ek sou eintlik Engels wou kies, maar die Engelse invloed in die eerste gedeelte van die woord (a wat as /êh uitgespreek word) ontbreek."<br>**Afrikaans in Afrikaanse sin**<br>• "Dit klink soos regte Afrikaans eerder as 'n Engelse woord in 'n Afrikaanse sin."<br>• "Gegewe dat Afrikaans gepraat word, is dit die meer 'korrekte' uitspraak." |
| **Konteks** | **Gehoor/luisteraars**<br>• "Dit gaan oor die omroeper wat 'n vreemde woord meer Afrikaans vir luisteraars wil laat klink." |
| **Woordtipe** | **Pleknaam in Suid-Afrika** |

| Tema | Aanhaling |
|---|---|
| | • *Amanzimtoti* is ’n plek in Suid-Afrika en daarom kan die uitspraak van die naam verafrikaans word.” |

Vertroudheid is, soos

Tabel 4-5 aandui, die grootste rede waarom respondente T2 as hulle voorkeur aangedui het.

**Tabel 4-5: Addisionele redes vir T2-voorkeur van *Amanzimtoti***

| Tema | Aanhaling |
|---|---|
| **Persoonlike uitspraak** | • "Dis hoe ek ook die woord uitspreek."<br>• "Dit is hoe ek van mening is dat die woord uitgespreek moet word." |
| **Vertroudheid** | • "Ek dink, omdat 'n sekere uitspraak die manier is waarop jou ouers gepraat het, het dit 'n norm en aanvaarding geword dat dit korrek is."<br>• "Dit is die uitspraak waarmee ek grootgeword het."<br>• "Dit is waaraan ek gewoond is." (Respondent het "natuurlik en eg" as die hoofrede vir haar T2-voorkeur gekies.)<br>• "Dit klink net soos die wonderlike vakansiearea waarmee ons grootgeword het ..." Respondent het "natuurlik en eg" as hoofrede vir T2-voorkeur gegee.) |
| **Emotief** | • "My voorkeuropsie is Engels, omdat dit die balans handhaaf tussen 'n ander taal en kultuur respekteer en die woord nie te veel probeer verafrikaans nie. Die voel dikwels geforseer." (Respondent het die minste van die Afrikaanse uitspraak gehou en Zoeloe was naas Engels sy/haar tweede keuse.) |

Dit is ironies dat die belangrikste rede wat respondente gegee het vir waarom T3 die uitspraak was waarvan hulle die minste gehou het "onnatuurlik en pretensieus" (61%) was, terwyl /a.man.zihm.TÔ.tie/ die wyse is waarop brontaalsprekers die naam uitspreek. Figuur 4-4 dui verder aan dat die statusdomein met "onbekwaam en amateuragtig" (31%) die tweedegrootste rede vir respondente se T3-afkeur was. Die warmte-domein met "koud en nors" (1%) het die minste invloed op die keuse van afkeuruitspraak gehad.




**Figuur 4-4: Redes vir T3-afkeur van *Amanzimtoti***

Tabel 4-6 gee ’n opsomming van respondente se kommentaar aangaande die redes vir hulle T3-afkeur. Benewens T3-afkeur en taalvermenging word emotiewe redes soos “vreemd” en “snaaks” genoem. Hierdie woorde van die respondente kan verwys na *toti* wat as /TÔ.tie/ in T3-uitgespreek word en herinner aan “tôttie”, ’n woord wat veral deur kinders gebruik word om na die manlike geslagsdeel te verwys. Dieselfde assosiasie is in ’n Afrikaanse komediereeks *Vetkoekpaleis* op SABC2 gemaak waar die badkamers vir die onderskeie geslagte as *iTêtie* en *iTotie* aangedui is (Frankie, 2024).

**Tabel 4-6: Addisionele redes vir T3-afkeur van *Amanzimtoti***

| Tema | Aanhaling |
|---|---|
| **T3-afkeur** | • “Dit klink na die uitspraak van ’n Afrikataal en nie Afrikaans nie.” |
| **Verkeerd** | • “Opsie drie klink net verkeerd.” |
| **Taalvermenging** | • “Klink na iemand wat probeer om die woord uit te spreek soos dit in Zoeloe uitgespreek sou word, maar dit werk nie in ’n Afrikaanse sin nie.”<br>• “Klink of tale gemeng word.” |
| **Suprasegmenteel** | • “Dit gaan vir my oor waar hy die klem lê.” |
| **Emotief** | **Vreemd**<br>• “Die verkeerde uitspraak klink vir my vreemd.”<br>**Snaaks**<br>• “Dit klink net snaaks.” |

In teenstelling met diegene wat aangedui het dat hulle eerder T1- of T2-uitspraak verkies indien T3 nie presies volgens ’n moedertaaluitspraak gelees word nie, het ander respondente weer laat blyk dat hulle steeds T3 verkies – selfs al is dit nie heeltemal akkuraat nie. Die rede vir hierdie voorkeur is polities van aard: “Alhoewel nie 100% nie is my voorkeurkeuse die naaste aan die Zoeloe-uitspraak, want die ander twee uitsprake is vir my tekenend van die manier waarop oorheersers soms met die ‘ander’ se tale omgaan.”

### 4.5.2 Ezinqoleni

Alhoewel die naam van die dorp *Ezinqoleni* in KwaZulu-Natal in al drie korpusse voorkom, het dit met ’n totaal van 10 trefslae ’n lae frekwensie. Die onderskeie uitsprake word onder 3.4.1 uiteengesit aangesien dit een van die woorde was wat in hoofstuk 3 ter sprake gekom het. Die uitspraakleiding, asook die stemkunstenaar se onderskeie uitsprake, word in Tabel 4-7 getoon.

Die T3-uitspraak was die enigste uitspraak wat van die voorgeskrewe uitspraak afgewyk het. Alhoewel die stemkunstenaar wel die palatale klapklank uitgespreek het, is dit nie gelyktydig met die *n* as ’n nasaal, palatale klapklank uitgespreek nie. Die *n* is as deel van die tweede sillabe uitgespreek en nie aan die begin van die derde sillabe soos die brontaaluitspraak vereis nie. Die opname is onveranderd in die vraelys opgeneem, aangesien dit steeds verstaanbaar was en die uiteindelike uitspraak nie tot ’n verskil in betekenis gelei het nie.

**Tabel 4-7: Vergelyking van stemkunstenaar se uitsprake van *Ezinqoleni***

| **Sin in nuusberig: Daar is onlangs ’n tussenverkiesing in *Ezinqoleni* in KwaZulu-Natal gehou.** | | |
|---|---|---|
| **Uitspraakleiding** | **Uitspraak van stemkunstenaar** | **Foneme wat van voorgeskrewe uitspraak verskil** |
| **T3-uitspraak: Zoeloe**<br>• YouTube-nuusberigte wat die naam in die brontaal bevat: eNCA (2020, 2021)<br>• YouTube-video’s wat die uitspraak van die vreemde foneem /q!/ verduidelik: (Learn Xhosa with Ubuntu Bridge, 2014[35]; The | **T3-uitspraak: Zoeloe**<br>• /eh.zihn.q!ô.LEH.nie/ | **T3-uitspraak: Zoeloe**<br>• Klapklank op die regte plek gevorm, maar nie gelyktydig met n uitgespreek nie. |

[35] Alhoewel hierdie kanaal vir die aanleer van Xhosa bedoel is, is die foneem /q!/ in Zoeloe dieselfde. Klik hier vir die verduideliking van die uitspraak: https://www.youtube.com/watch?v=YlocO29uud4&t=36s

| Sin in nuusberig: Daar is onlangs ’n tussenverkiesing in *Ezinqoleni* in KwaZulu-Natal gehou. | | |
|---|---|---|
| **Uitspraakleiding** | **Uitspraak van stemkunstenaar** | **Foneme wat van voorgeskrewe uitspraak verskil** |
| Hopebridge, 2013[36] en /nq!/ Zulu Lessons with Thando, 2019a)[37]<br>• Herspelling: /eh.zih.nq!ô.LEH.nie/[38]<br>• Verbale verduideliking van vreemde foneme:<br>o “Die /q!/-klank word uitgespreek deur die klikklank wat gebruik word as iemand die geluid van ’n muurhorlosie wil namaak deur die voorpunt van die tong agter teen die tandkas te suig en dan vinnig los te laat.” (Learn Xhosa with Ubuntu Bridge, 2014)<br>o “Die grafeme *nq* word as een foneem uitgespreek.” | | |
| **T2-uitspraak: VSA-E**<br>• Herspelling: /eh.zien.kou.LEH.nie/ | **T2-uitspraak: VSA-E**<br>• /eh.zien.kou.LEH.nie/ uitgespreek volgens die uitspraakleiding | N.v.t. |
| **T1-uitspraak: Afrikaans**<br>• Herspelling: /eh.zien.koe.LEH.nie/ | **T1-uitspraak: Afrikaans**<br>• /eh.zien.koe.LEH.nie/ uitgespreek volgens die uitspraakleiding | N.v.t. |

Soos Figuur 4-5 aandui, het slegs 1% van die respondente gerapporteer dat hulle nie ’n verskil in die verskillende uitsprake kon hoor nie. In totaal kon 99% die verskille hoor, wat net soos by *Amanzimtoti*, in die uitspreek van onder andere die letter *o* gelê het. Die ander merkbare verskille tussen T1 en T2 aan die een kant, en T3 aan die ander kant, was die uitspraak van /nq!/ ’n foneem

[36] Nog ’n verduideliking van die q!-klapklank: https://www.youtube.com/watch?v=NCMj7da5Da4&t=51sc

[37] Die uitspraak van /nq!/ word in hierdie video bespreek: https://www.youtube.com/watch?v=I6AjEWP-vTY&t=368s

[38] Die letter *n* word as een foneem met *q* uitgespreek en word daarom in dieselfde lettergreep geplaas.

wat nie in Afrikaans of VSA-E bestaan nie. ’n Rede waarom meer respondente by *Ezinqoleni* (24%) as by *Amanzimtoti* (12%) aangedui het dat hulle nie een uitspraak bo ’n ander verkies nie, is omdat *Ezinqoleni* as LFE minder bekend aan respondente is as *Amanzimtoti*. Respondente het waarskynlik nie ’n vooropgestelde idee hoe die naam uitgespreek moet word nie, en verkies daarom nie een uitspraak bo ’n ander nie.




**Figuur 4-5: Herkenning van uitspraakverskille van *Ezinqoleni***

Figuur 4-5 toon dat respondente die minste van die Engelse uitspraak (2.8) gehou het. Dit blyk verder dat die T3-uitspraak ietwat meer gewild (1.5) as die T1-uitspraak (1.7) was. In teenstelling met hoëfrekwensie-eiename waar ’n T1- of T2-uitspraak nog nie gevestig is nie, het respondente die brontaaluitspraak, wat in hierdie geval as gevolg van /q!/ duidelik herkenbaar was, verkies. Hiernaas het respondente die T1-uitspraak, wat in hierdie geval as gevolg van die uitspraak van die letter *o* as /oe/ in T1 en /ou/ in T2, duidelik van T2 onderskeibaar was.




**Figuur 4-6: Voorkeurvolgorde van Ezinqoleni**

Figuur 4-7 dui respondente se redes vir hulle T3-voorkeuruitspraak aan en toon dat bykans die helfte (48%) die statusdomein hoër as emotiewe redes geag het deur "bekwaam en professioneel" as die grootste rede vir hulle voorkeuruitspraak aan te dui. Hierna is "natuurlik en eg" (35%) en "respekvol en sensitief" (12%) gekies. Slegs 5% van die respondente het die persoonlikheidseienskappe "warm en vriendelik" as die rede vir hulle voorkeurkeuse aangedui.




**Figuur 4-7: Redes vir T3-voorkeur van *Ezinqoleni***

Twaalf respondente het addisionele kommentaar oor hulle voorkeuruitspraak gelewer. Die hooftemas van diegene wat die Zoeloe-uitspraak verkies het, word in tabel 4-8 aangedui, met

aanhalings om hierdie temas te ondersteun. Twee temas kon uit die kommentaar geïdentifiseer word, naamlik T3-voorkeur vir vreemde tale en die emotiewe rede wat "respekvol en sensitief" as bykomend tot hulle keuse van "bekwaam en professioneel" gegee het. Kommentaar van respondente toon ook aan dat hulle akkommoderend teenoor die T3-uitspraak was selfs al was dit nie presies volgens die brontaal uitgespreek nie. Een respondent meen dat die ongemaklike en aarselende uitspraak van die stemkunstenaar van *Ezinqoleni* selfs as 'n teken van respek en sensitiwiteit onder die gehoor gesien kan word.

**Tabel 4-8: Addisionele redes vir T3-voorkeur van *Ezinqoleni***

| Tema | Aanhaling |
|---|---|
| **Korrek volgens T3** | • Dit is die korrekte uitspraak in die oorsprongtaal."<br>• "Korrekte Zoeloe-uitspraak."<br>• "Dit kom van 'n ander taal; so hierdie uitspraak klink die naaste aan reg." |
| **Emotief** | **Respekvol selfs al is dit nie die presiese uitspraak nie**<br>• "Selfs al is die brontaaluitspraak nie heeltemal korrek nie, moet daar steeds gepoog word om die uitspraak te volg, omdat dit respek toon."<br>• "Die Zoeloe-uitspraak van die omroeper klink effens aarselend en ongemaklik, maar mense mag dit sien as meer respekvol en sensitief." |

Figuur 4-8 toon dat "onnatuurlik en pretensieus" (46%) die grootste rede was waarom respondente nie van die T2-uitspraak gehou het nie. Hierna volg "onbekwaam en amateuragtig" (39%) en "respekvol en sensitief" (14%). Net soos by die voorkeuruitspraak was die warmtedimensie "koud en nors" (1%) nie die rede waarom respondente nie van 'n uitspraak gehou het nie.




**Figuur 4-8: Redes vir T2-afkeur van *Ezinqoleni***

Addisionele redes waarom respondente die minste van die T2-uitspraak gehou het, word in tabel 4-9 aangedui. Uit een respondent se kommentaar is dit duidelik dat die VSA-E-uitspraak van *a* nie die enigste grafeem is wat vir Afrikaanssprekendes 'n steen des aanstoots is nie, maar dat die T2-uitspraak van *o* ook tot negatiwiteit lei.

**Tabel 4-9: Addisionele redes vir T2-afkeur van *Ezinqoleni***

| Tema | Aanhaling |
|---|---|
| **Anglisisties** | • "Dié uitspraak klink glad nie korrek nie; 'n navolging van 'n Engelse poging."<br>• "Verengelsing van 'n isiZulu-woord. Die Afrikaanse uitspraak klink vir my veel beter." |
| **Afkeur van spesifieke foneem** | • "Ek hou nie van die Engelse uitspraak van die o-klank nie. /eh.zihn.KOU.leh.nie/ is aaklig." |
| **Emotief** | **Onbekwaam**<br>• "Hy klink dof." |

### 4.5.3 Mfecane

Alhoewel *mfecane*, die Zoeloe-weergawe van die Sotho-woord *difaqane*, ten tye van die saamstel van die persepsievraelys geensins in die RSG-subkorpus en slegs 34 keer in Netwerk24 se aanlyn argief voorgekom het, is die totale aantal trefslae in VivA (2023) se omvattende korpus

141 keer. Dit beteken dat *mfecane* as 'n HFL geklassifiseer kon word. Alhoewel die woord nie in die *e-WAT*, *AWS* of ander woordeboeke voorkom nie, is dit wel in die *HAT* opgeneem.

Die rede vir *mfecane* se afwesigheid in onlangse nuusberigte, maar wel in naslaanbronne soos *HAT* en VivA se omvattende korpusportaal (2023) kan toegeskryf word aan die feit dat die *mfecane* as geskiedenisonderwerp tot met 2005 deel van Suid-Afrikaanse laerskole se geskiedenissilabus was (Rehman, 2008:41). Sedert 2005 word geskiedenis tot graad 9 met geografie gekombineer om die vak sosiale wetenskappe te vorm. Nie net het geskiedenis as skoolvak volgens Rehman (2008:41) sy onafhanklikheid binne 'n kurrikulum wat op wetenskappe en tegnologie gefokus is, verloor nie, maar word daar ook gefokus op moderne twintigste-eeuse geskiedenis met groot klem op verskillende vryheidsbewegings van die twintigste eeu. Die *mfecane* vorm op die oomblik 'n baie klein deel van die Suid-Afrikaanse sosialewetenskappe-sillabus vir die intermediêre fase. Gevolglik was die respondente wat ten tye van die houdingsopname tussen 18 en 35 was oor die algemeen minder vertroud met die woord as ouer respondente.

Die woord *mfecane* is een van die nuwe woorde waarvan die uitspraak vir die doeleindes van die taalhoudingsvraelys onder omroepers getoets is, omdat die oorspronklike hoëfrekwensieleenwoord *imbizo* nie genoeg verskil in die drie uitsprake getoon het nie. Omroepers het die woord op vier maniere uitgespreek, naamlik /m.feh.KA.neh/ (50%), /m.feh.C!A.neh/ (30%), /mih.KEIN/ (10%) en /mih.fie.KAH.neh/ (10%). Die meeste omroepers het die woord uitgespreek volgens die T1-uitspraak soos dit op skool aan kinders geleer is. Slegs drie omroepers het *c* as 'n dentale klapklank uitgespreek. T2-fonologie is deur die meeste respondente gevolg na aanleiding van woorde soos *cat* en *cow* waar *c* as 'n /k/ uitgespreek word.

Van die drie omroepers wat wel die brontaaluitspraak gevolg het, is een 'n nasionale omroeper (10%) en die ander twee (20%) is van die Wes-Kaap. Al drie respondente het aangedui dat hulle 'n basiese kennis van Xhosa, wat dieselfde klanke as Zoeloe bevat, het. Een omroeper (10%) het T2 gevolg deur die woord as /mih.KEIN/, soortgelyk aan die handelsnaam vir gevriesde produkte *McCain*, uit te spreek. Die eerste gedeelte van vanne soos *McDonald* word ook as /mihk/ soos *McCain* uitgespreek. Hierdie omroeper is 'n streeksomroeper wat by verskeie ander woorde in die fiktiewe nuusberigte die T2-uitspraak gebruik het.

Al die respondente het die *e* aan die einde van die woord as /eh/ in plaas van die brontaaluitspraak /ie/ gebruik. Slegs een respondent het die eerste *e* in *mf**e**cane* as /ie/ in plaas van die brontaal /eh/ uitgespreek. Ten spyte van die laer frekwensie van die dentale klapklank /c!/, kon die stemkunstenaar met gemak die foneem volgens T3 uitspreek. Laasgenoemde bevestig Herbert (1990:130) se mening dat die dentale klapklank makliker is om uit te spreek as die laterale

klapklank /x!/. Die T2- en T3-uitspraak, soos in tabel 4-10, aangedui is op dieselfde metode as in hoofstuk 3 bepaal.

Tabel 4-10 toon dat die stemkunstenaar *mf* nie as een foneem uitgespreek het nie, maar m alleen in die eerste sillabe uitgespreek het. Die opname is onveranderd in die vraelys opgeneem, omdat dit steeds verstaanbaar was en die nie-brontaal-uitspraak van *mf* nie tot 'n verskil in die betekenis van die woord kon lei nie.

**Tabel 4-10: Vergelyking van stemkunstenaar se uitsprake van *mfecane***

| **Sin uit nuusberig: Die *mfecane* het oor talle dekades in die negentiende eeu gebeur.** | | |
|---|---|---|
| **Uitspraakleiding** | **Stemkunstenaar se uitspraak** | **Foneme wat van voorgeskrewe uitspraak verskil** |
| **T3-uitspraak: Zoeloe**<br>• YouTube-video met volledige woord: (Manners Musongelwa, 2023)[39] Herspelling: /mfeh.C!A.nie/<br>• Leiding oor die letter *c*<br>o YouTube-video's (Learn Xhosa with Ubuntu Bridge, 2014; The Hopebridge, 2013; Zulu Lessons with Thando, 2019)<br>o WhatsApp-stemnota: "Die /c!/ is 'n klapklank wat gemaak word deur jou tong teen jou verhemelte te plaas en dan met 'n plofklank los te laat soos wanneer jy vir iemand /ts-ts/ sou sê wanneer jy met die klank 'ag, foei tog' bedoel." (Learn Xhosa with Ubuntu Bridge, 2014)<br>• Leiding oor die letters *mf* | **T3-uitspraak: Zoeloe**<br>• /m.feh.C!A.nie/ | **T3-uitspraak: Zoeloe**<br>• *mf* is nie as een foneem uitgespreek nie |

[39] Luister hier na die brontaaluitspraak van *mfecane*: https://www.youtube.com/watch?v=KgRYMQ0zD0s

| Sin uit nuusberig: Die *mfecane* het oor talle dekades in die negentiende eeu gebeur. | | |
|---|---|---|
| **Uitspraakleiding** | **Stemkunstenaar se uitspraak** | **Foneme wat van voorgeskrewe uitspraak verskil** |
| o YouTube-video (Zulu Lessons with Thando, 2019b)[40]<br>o WhatsApp-boodskap: mf in Zoeloe word as een klank uitgespreek amper soos die woord *gmpf* as iemand verontwaardig is oor iets, maar sonder die *g* en *p* – net as *mf* | | |
| **T2-uitspraak: VSA-E**<br>• Herspelling: /m.feh.KEIN/ (HowToPronounce, 2025) | **T2-uitspraak: VSA-E**<br>• /m.feh.KEIN/ volgens voorgeskrewe uitspraakleiding | **T2-uitspraak: VSA-E**<br>N.v.t. |
| **T1-uitspraak: Afrikaans**<br>• Herspelling: /m.feh.KA.neh/<br>• WhatsApp-stemnota om te illustreer | **T1-uitspraak: Afrikaans**<br>• /m.feh.KA.neh/ volgens voorgeskrewe uitspraakleiding | **T1-uitspraak: Afrikaans**<br>N.v.t. |

Ten spyte van *a* wat in VSA-E as /ê/ uitgespreek word en *c*, wat as ’n dentale klapklank (/c!/) uitgespreek word, het ’n derde van die respondente (31%) volgens figuur 4-9 aangedui dat hulle nie ’n voorkeuruitspraak gehad het nie. ’n Rede hiervoor kan wees dat die /c!/-klapklank nie so gemerk is soos /q!/ en /x!/ nie. Respondente is ook meer vertroud met /c!/ aangesien die vorming en klank baie ooreenstem met die affrikaat /ts/ wat in Afrikaans in leenwoorde soos ***ts**o**ts**i* en ***ts**e**ts**e* voorkom (Niesler *et al.*, 2005:471).

40 Kyk na hierdie video om leiding oor die uitspraak van die letters mf in Zoeloe te kry: https://www.youtube.com/watch?v=K8mbMJ4S-RU




**Figuur 4-9: Herkenning van uitspraakverskille van *mfecane***

Figuur 4-10 toon dat respondente ’n besliste T1-voorkeur het wat die uitspraak van HFL *mfecane* betref. Hiernaas is T3 die gewildste met T2 die uitspraak waarvan respondente die minste gehou het.




**Figuur 4-10: Voorkeurvolgorde van *mfecane***

Soos Figuur 4-11 aandui, het respondente die grootste waarde aan die eienskappe “bekwaam en professioneel” (47%) en “natuurlik en eg” (41%) geheg. In ooreenstemming met die Zoeloe-woorde wat reeds bespreek is, het “respekvol en sensitief” (8%) en “warm en vriendelik” (5%) nie ’n groot rol gespeel by respondente se voorkeuruitspraak nie.




**Figuur 4-11: Redes vir T1-voorkeur van *mfecane***

Betreklik min respondente (12) het addisionele kommentaar aangaande hulle voorkeurredes gelewer. Uit Tabel 4-10 is dit duidelik dat respondente se "vertroudheid" met die begrip uit hulle skooljare as oorweging vir hulle voorkeuruitspraak gedien het.

**Tabel 4-11: Addisionele redes vir T1-voorkeur van *mfecane***

| Tema | Aanhaling |
|---|---|
| **Vertroudheid** | **Persoonlike vertroudheid**<br>• "Dit is hoe ek dit op skool geleer het."<br>• "Want dit is hoe ek dit op skool geleer het."<br>• "Soos ek die woord op skool leer ken het."<br>**T1-sprekers se vertroudheid**<br>• "Ek verkies die Afrikaanse uitspraak, omdat die Zoeloe-uitspraak vir Afrikaanssprekendes wat geen of min kennis van Zoeloe het nie vreemd op die oor mag klink." |
| **Persoonlike uitspraak** | • "Ek probeer eers die woorde vir myself uitspreek en besluit dan watter een die naaste is aan my uitspraak. Ek besef wel dat my uitspraak foutief kan wees, maar dit val gemaklik op die tong." |
| **Emotief** | **Normaal**<br>• "Klink meer normaal." |

Figuur 4-12 toon dat "onnatuurlik en pretensieus" (53%) die grootste rede is waarom respondente die minste van die T2-uitspraak van *mfecane* gehou het. Hierna volg "onbekwaam en

amateuragtig" (36%) en "respekloos en onsensitief" (9%). Die minste respondente (1%) het aangedui dat "koud en nors" 'n rede vir hulle afkeur van die T2-uitspraak was.




**Figuur 4-12: Redes vir T2-afkeur van mfecane**

In Tabel 4-12: Addisionele kommentaar vir T2-afkeur van *mfecane*Tabel 4-12 word addisionele kommentaar aangaande respondente se T2-afkeur aangedui. Een van die respondente verwoord hulle afkeur van die T2-uitspraak met die woorde "Engels, Engels, alles Engels" – woorde wat herinner aan die gedig van Hoogenhout waar hy die destydse afkeur van Afrikaanssprekendes oor Engels verwoord het (FAK, 2023).

**Tabel 4-12: Addisionele kommentaar vir T2-afkeur van *mfecane***

| Tema | Aanhaling |
|---|---|
| **Anglisisties** | • "Anglisisties."<br>• "Engels. Hehe!"<br>• "Engels, Engels, alles Engels..." |
| **Taalvermenging** | • "Dit is 'n Afrikaanse sin wat die woord met 'n Engelse uitspraak lees." |
| **Emotief** | **Lui**<br>• "Ek dink hy is lui as hy die Engels gebruik."<br>• "Dit klink of daar geen poging aangewend is om te probeer uitvind hoe die woord uitgespreek moet word nie. Dit klink totaal verkeerd." |

### 4.5.4 Umqombothi

Die Zoeloe-leenwoord*, umqombothi*, wat verwys na 'n tradisionele bier wat van mielies, gis, sorghum en water gemaak word, is reeds in 2008 in 'n aanlyn glossarium (Kookkuns, 2008) opgeneem. Die woord word sedert die Covid-19-grendeltydperk van 2020, toe daar 'n verbod op die verkoop van alkohol was, meer algemeen in die Afrikaanse woordeskat gebruik. As 'n leenwoord het die woord nie gereeld in nuusbrokkies verskyn nie, maar wel in leefstylartikels van Netwerk24. Met 'n totaal van 29 in al die korpusse wat vir die samestelling van die vraelys gebruik is, het dit op die oomblik steeds 'n lae frekwensie in Afrikaans. Die feit dat dit wel in Luther (2024) se *Woordeboek van Afrikaans vandag* verskyn, kan daarop dui dat *umqombothi* in die proses van institusionalisering is.

Die LFL *umqombothi* was 'n nuwe woord waarvan die algemene mediauitspraak eers vasgestel moes word, omdat die uitsprake van *imbizo* in hoofstuk 3 nie genoeg verskil het om in die taalhoudingsvraelys opgeneem te word nie. Die T3-uitspraak van *umqombothi* bevat die palatale klapklank /q!/, wat gevorm word deur die tong teen die agterkant van die tandkas vas te suig en dan met 'n klapgeluid los te laat. Die meeste respondente (60%) het q volgens die brontaal as [*q!*] uitgespreek. Die oorblywende 40% het *q* as /k/ uitgespreek. Al die respondente het die onderskeie letters as /oe/ vir *u*, /ô/ vir *o* en /ie/ vir *i* uitgespreek. Die onderskeie uitsprake, uitspraakleiding en uiteindelike uitspraak van die stemkunstenaar word in Tabel 4-13 weergegee.

**Tabel 4-13: Vergelyking van stemkunstenaar se uitsprake van *umqombothi***

| **Sin in nuusberig: Tydens die grendeltydperk het almal skielik begin om *umqombothi* te brou.** | | |
|---|---|---|
| **Uitspraakleiding** | **Stemkunstenaar se uitspraak** | **Foneme wat van voorgeskrewe uitspraak verskil** |
| **T3-uitspraak: Zoeloe**<br>• YouTube-video's wat brontaaluitspraak bevat (eNCA, 2019, 2021)[41]<br>• Herspelling: /m.q!ôm/BHÔ.tie/<br>• Leiding oor vreemde foneem /q!/ | **T3-uitspraak: Zoeloe**<br>• /m.q!ôm/BÔ.tie/ | N.v.t. |

[41] Luister hier na twee brontaaluitsprake van *umqombothi*: https://www.youtube.com/watch?v=hdu5_Yf6Wtk en https://www.youtube.com/watch?v=K5FPtT9zV5k&t=16s

<table>
<tr><th colspan="3">Sin in nuusberig: Tydens die grendeltydperk het almal skielik begin om umqombothi te brou.</th></tr>
<tr><th>Uitspraakleiding</th><th>Stemkunstenaar se uitspraak</th><th>Foneme wat van voorgeskrewe uitspraak verskil</th></tr>
<tr><td><ul><li>Video’s om vreemde klapklank /q!/ te illustreer (Learn Xhosa with Ubuntu Bridge, 2014;[42] The Hopebridge, 2013),[43] Zulu Lessons with Thando, 2019)[44]</li><li>WhatsApp-stemnota om die vorming van die foneem te verduidelik: “Die q klank word uitgespreek deur die klank wat gebruik word as iemand die geluid van ’n muurhorlosie wil namaak deur die voorpunt van die tong agter teen die tandkas te suig en dan vinnig los te laat” (Learn Xhosa with Ubuntu Bridge, 2014).</li></ul></td><td></td><td></td></tr>
<tr><td>T2-uitspraak: VSA-E<ul><li>Herspelling: /m.kôm.BOU.tie/. Die verwagting was dat die grootste uitspraakverskille by ’n T2-spreker sonder ’n kennis van Zoeloe by die grafeme q (Brooks, 2015:??) en o (Brooks, 2015:210) sou voorkom</li></ul></td><td>T2-uitspraak: VSA-E<ul><li>/m.kôm-BOU.tie/ volgens voorgeskrewe uitspraak</li></ul></td><td>N.v.t.</td></tr>
<tr><td>T1-uitspraak: Afrikaans<ul><li>Herspelling: /oem.kôm.BÔ.tie/</li><li>WhatsApp-stemnota ter illustrasie</li></ul></td><td>T1-uitspraak: Afrikaans<ul><li>/oem.kôm.BÔ.tie/ volgens voorgeskrewe uitspraak</li></ul></td><td>N.v.t.</td></tr>
</table>

[42] Alhoewel hierdie kanaal vir die aanleer van Xhosa bedoel is, is die foneem /q!/ in Zoeloe dieselfde. Kyk hier na die verduideliking van die uitspraak: https://www.youtube.com/watch?v=YlocO29uud4&t=36s

[43] Nog ’n verduideliking van die *q!*-klapklank: https://www.youtube.com/watch?v=NCMj7da5Da4&t=51sc

[44] Verduideliking van die verskillende klapklanke van Zoeloe: https://www.youtube.com/watch?v=I6AjEWP-vTY&t=368s

Die meeste respondente (81%) het volgens Figuur 4-13 aangedui dat hulle die verskil tussen die uitsprake van *umqhombothi* kon hoor en dat daar wel 'n uitspraak was wat hulle bo ander verkies het. Die herkenbaarheid van die /q!/-klapklank en die verskillende uitsprake van die letter *o* is waarskynlik die rede waarom slegs 1% van die respondente aangedui het dat hulle nie 'n verskil in uitsprake kon waarneem nie. 'n Totaal van 18% van die respondente het aangedui dat hulle die verskil in uitsprake kon hoor, maar nie 'n spesifieke voorkeur vir 'n uitspraak gehad het nie.




**Figuur 4-13: Herkenning van uitspraakverskille van *umqombothi***

In die geval van die LFL *umqombothi* het respondente 'n voorkeur van 1.4 vir die T3-uitspraak getoon. Volgens figuur 4-14 het T1 met 1.7 gevolg. Die T2-uitspraak was die minste gewild met 2.8 en was maklik herkenbaar as gevolg van die T2-uitspraak van die tweede *o* in *umqombothi* as /ou/.




**Figuur 4-14: Voorkeurvolgorde van *umqombothi***

Figuur 4-15 dui aan dat "bekwaam en professioneel" (40%) en "natuurlik en eg" (40%) ewe belangrike redes was vir respondente se voorkeuruitspraak van *umqombothi*. Hierna het "respekvol en sensitief" (14%) gevolg, met "warm en vriendelik" wat die minste invloed op respondente se T3-voorkeur van *umqombothi* gehad het.




**Figuur 4-15: Redes vir T3-voorkeur van *umqombothi***

Tabel 4-14 toon aan dat respondente nie net 'n T3-voorkeur vir die uitspraak van *umqombothi* het nie, maar dat hulle ook T3-uitspraak verkies selfs al is dit nie presies soos die brontaaluitspraak nie.

**Tabel 4-14: Addisionele kommentaar vir T3-voorkeur van *umqombothi***

| Tema | Aanhaling |
|---|---|
| **T3-voorkeur ten spyte van luistervriendelike aksent** | • "Al word die klapklank nie uitgespreek nie, klink dit steeds redelik na aan brontaal – dis herkenbaar."<br>• "Alhoewel die tongklap heeltemal verkeerd is, klink dit ten minste of die omroeper 'n poging aanwend in plaas daarvan om dit net met 'n k te vervang."<br>• "Die beste uitspraak vir hierdie woord al is dit nie 100% reg nie." |
| **Taalsuiwerheid** | • "Dit is tog 'n Zoeloe-woord. Dit moet so uitgespreek word."<br>• "Naaste aan die Zoeloe-woord." |

Figuur 4-15 toon dat "onnatuurlik en pretensieus" (49%) die grootste rede was waarom respondente 'n afkeur van die VSA-E-uitspraak van *umqombothi* gehad het. Hierna volg "onbekwaam en amateuragtig" (39%) en "respekloos en sensitief" (13%). Die minste respondente het "koud en nors" (1) as rede gegee vir die uitspraak waarvan hulle die minste gehou het.




**Figuur 4-16: Redes vir T2-afkeur van *umqombothi***

Tabel 4-15 verskaf 'n opsomming van addisionele redes en kommentaar wat respondente vir hulle T2-afkeur genoem het. Hierdie data word volgens temas georden met aanhalings van die respondente om sodanige temas te ondersteun. Van die kommentaar is taamlik heftig met ten minste twee respondente wat na die T2-uitspraak as "kolonialisties" verwys het.

**Tabel 4-15 Addisionele kommentaar vir T2-afkeur van *umqombothi***

| Tema | Aanhaling |
|---|---|
| **Anglisisties** | • "Respekloos, onnatuurlik, onsensitief en pretensieus, omdat dit nie minstens dan maar soos die taal van oorsprong uitgespreek word nie."<br>• "Sy uitspraak in 2 [T3] is ook maar sleg, maar hy het darem probeer. Nommer 3 [T2] is die slegste, want hy probeer nie Afrikaans óf Xhosa praat nie. Default net na Engels."[45]<br>• "Die uitspraak is te Engels."<br>• "Weer die Engelse uitspraak in plaas van die inheemse taal s'n." |
| **Taalvermenging** | • "Nie seker of hy Afrikaans of Engels probeer lees nie." |
| **Emotief** | **Oningelig**<br>• "Pretensieus en oningelig." (Respondent het "onbekwaam en amateuragtig" as rede vir afkeur gekies. T1 was die voorkeur, omdat "die woord volgens die Afrikaanse spelreëls" is.) |
| **Polities** | **Kolonialisties**<br>• "Ek hou nie daarvan as die oorspronklike uitspraak verengels nie. Dit is kolonialisties en onsensitief."<br>• "Dit word met 'n Engelse uitspraaksous toegegooi; so asof alles deur 'n Engelse bril gesien word en die oorspronklike taal, kultuur en herkoms versmoor word." (Respondent het T1 as voorkeur gekies en "onbekwaam en amateuragtig" as die rede vir uitspraakafkeur.) |

### 4.5.5 Samevatting: Afrikaanssprekendes se houding oor mediauitspraak van Zoeloe

Ten einde 'n geheelbeeld van respondente se houdings oor die vier Zoeloe-woorde wat getoets is, te vorm, is die vier woorde se resultate ook met mekaar vergelyk. In Figuur 4-17 word respondente se herkenning van uitspraakverskille van die vier woorde vergelyk.

Waarskynlik omdat klapklanke so kenmerkend is van die Nguni-tale in Suid-Afrika en so drasties van die Afrikaanse klanksisteem verskil, het gemiddeld slegs 2% van die respondente aangedui dat hulle nie 'n verskil in die uitspraak van die Zoeloe-woorde kon hoor nie. Gemiddeld kon 77% van die respondente die verskille in uitspraak hoor en het sekere uitsprake bo ander verkies. Vanweë HFE *Amanzimtoti* se hoë frekwensie het die meeste respondente (87%) aangedui dat

45 In gevalle waar respondente na Xhosa verwys, word die Zoeloe-opname bedoel.

hulle ’n sekere uitspraak verkies, omdat hulle sedert hulle kinderjare aan daardie uitspraak gewoond is.




**Figuur 4-17: Herkenning van uitspraakverskille van Zoeloe**

Die gemiddelde waardes in die laaste kolom van Figuur 4-18 dui daarop dat T1 (1.6) die meeste voorkeur gehad het met T3 (1.8) in die tweede plek. Respondente het die minste van die Engelse uitsprake (2.4) van die Zoeloe-woorde gehou. Hierdie spesifieke patroon word egter net by *mfecane* gevind met T1 (1.4) as voorkeur, T3 (2.0) die tweede keuse en T3 (2.5) die uitspraak waarvan respondente die minste gehou het. Die HFE *Amanzimtoti* is die enigste woord waar T3 die minste gewild was. Soos reeds onder afdeling 4.5.1 verduidelik, kan ’n moontlike verklaring vir respondente se afkeuruitspraak wees dat /TÔ.tie/ herinner aan die woord (‘tôttie’) wat veral deur kinders gebruik word om na die manlike geslagsdeel te verwys. Die T3-uitspraak sou dus volgens die mening van die respondente onvanpas wees tydens die lees van ’n nuusberig.




**Figuur 4-18: Voorkeurvolgorde van Zoeloe**

Die waardes in die laaste kolom van Figuur 4-19 toon dat "bekwaam en professioneel" (44%) en "natuurlik en eg" (39%) deur die meeste respondente as redes verskaf is waarom hulle by Zoeloe-woorde sekere voorkeure aangedui het. Hierna volg "respekvol en sensitief" (10%) met "warm en vriendelik" (6%), wat die minste invloed op respondente se voorkeuruitsprake gehad het.




**Figuur 4-19: Voorkeurredes vir Zoeloe**

Figuur 4-20 toon dat die gemiddelde afkeurredes van die meeste tot die minste soos volg is: "onnatuurlik en pretensieus" (52%), "onbekwaam en amateuragtig" (36%), "respekloos en onsensitief" (10%) en "koud en nors" (1%). Al die Zoeloe-toetsitems het hierdie patroon gevolg.

Die HFE *Amanzimtoti*, waar die minste respondente (11%) aangedui het dat hulle nie 'n voorkeur vir 'n spesifieke uitspraak gehad het nie en T3 as afkeurkeuse aangedui het, het die hoogste persentasie van al die woorde by "onnatuurlik en pretensieus" (61%) in Figuur 4-20 gehad en die laagste syfer by "respekloos en onsensitief" (6%). By die LFW, *Ezinqoleni* en *umqombothi*, waar respondente by beide woorde T3 as voorkeur- en T2 as afkeuruitsprake aangedui het, word die rede "respekloos en onsensitief" hoër geag as by die HF-Z-woorde. Wat die warmte-domein betref, is dit uit Figuur 4-20 duidelik dat "koud en nors" nie deur respondente as 'n rede vir 'n uitspraakafkeur beskou is nie.




**Figuur 4-20: Afkeurredes vir Zoeloe**

## 4.6 Houding oor algemene Afrikaanse mediauitspraak van Spaans

Tabel 4-16 dui die samestelling van die Spaanse woorde wat in die houdingsvraelys ingesluit is aan. Die LFL *quesadilla* is die enigste nuwe woord waarvan die algemene, Afrikaanse mediauitspraak nie in hoofstuk 3 vasgestel is nie. Die algemene Afrikaanse mediauitspraak van *quesadilla* sal by die ontleding uiteengesit word.

**Tabel 4-16: Samestelling van Spaanse toetswoorde**

| Woord soos dit in media voorkom | Woord-soort | RSG-korpus | VivA-KPO | Netwerk24 | Totaal | Frek-wensie | AWS | HAT | e-WAT | Ander woorde-boeke |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Meksiko | Eienaam | 252 | 1 243 | 350 | 1 845 | Hoog | N.v.t. | N.v.t. | N.v.t. | N.v.t. |
| Michoacán | Eienaam | 1 | 4 | 4 | 9 | Laag | N.v.t. | N.v.t. | N.v.t. | N.v.t. |
| vigilante | Soortnaam | 16 | 68 | 350 | 434 | Hoog | Ja | Ja | Ja | Ja |
| quesadilla | Soortnaam | 0 | 8 | 23 | 31 | Laag | Nee | Ja | Ja | Ja |

### 4.6.1 Meksiko

Soos Tabel 4-17 aandui, het die Spaanse eienaam *Meksiko* die hoogste frekwensie van al die woorde in die houdingsvraelys gehad. Soos onder afdeling 3.5.1 verduidelik, is daar besluit om die wisselvorm van *Meksiko* in die vraelys te gebruik omdat dit die spelling is wat die meeste in Netwerk24-berigte voorgekom het. Tabel 4-17 dui die uitsprake van die onderskeie opnames van *Meksiko* vir die houdingsvraelys aan.

**Tabel 4-17 Vergelyking van stemkunstenaar se uitsprake van *Meksiko***

| **Sin in nuusberig: 99% van *Meksiko* se inwoners praat Spaans.** | | |
|---|---|---|
| **Uitspraakleiding** | **Uitspraak van stemkunstenaar** | **Foneme wat van voorgeskrewe uitspraak verskil** |
| **T3: Spaans**<br>• Herspelling: /MEH.gjie.kô/<br>• Video (SpanishDictionary.com, 2025a)[46]<br>• WhatsApp-stemnota om woord se uitspraak te illustreer<br>• Leiding oor die foneem /gj/: "Spreek dit stemloos uit soos g in die woorde geel en gieter"<br>• YouTube-video (Julien Miquel, 2020a)[47] | **T3: Spaans**<br>• /MEH.qjie.kô/ volgens voorgeskrewe uitspraak. | N.v.t. |
| **T1: Afrikaans**<br>• Herspelling: /MEHK.sie.koe/<br>• WhatsApp-stemnota om die woord se uitspraak te illustreer. | **T1: Afrikaans**<br>• /MEHK.sie.koe/ volgens voorgeskrewe uitspraak | N.v.t. |
| **T2: VSA-E**<br>• Herspelling: /MEHK.sie.kou/ | **T2: VSA-E**<br>• /MEHK.sie.kou/ volgens | N.v.t. |

---

46 Kies die Latyns-Amerikaanse (LATAM)-opsie om die brontaaluitspraak te hoor: https://www.spanishdict.com/pronunciation/M%C3%A9xico

47 Kyk hier na 'n YouTube-video wat die T1- en T3-uitsprake (Amerikaans-Engels) illustreer: https://www.youtube.com/watch?v=TZoQq6uwSrU

| Sin in nuusberig: 99% van *Meksiko* se inwoners praat Spaans. | | |
|---|---|---|
| **Uitspraakleiding** | **Uitspraak van stemkunstenaar** | **Foneme wat van voorgeskrewe uitspraak verskil** |
| • WhatsApp-stemnota om woord se uitspraak te illustreer<br>• Video om die Amerikaans-Engelse uitspraak te illustreer (SpanishDictionary.com, 2025a)[48] | voorgeskrewe uitspraak | |

Met die aanwesigheid van /gj/ in T3 en /ou/ aan die einde van die woord, was dit te verwagte dat die meeste respondente (86%) volgens figuur 4-20 die verskil in uitsprake kon waarneem en as gevolg van *Meksiko* se hoë frekwensie ’n sekere uitspraak bo die ander sou verkies. Die verspreiding van die opsies stem baie ooreen met die hoëfrekwensie-eienaam *Amanzimtoti* met 12% wat aangedui het dat hulle nie ’n voorkeuruitspraak gehad het nie en 1% wat nie ’n verskil tussen die uitsprake kon hoor nie.




**Figuur 4-21: Herkenning van uitspraakverskille van *Meksiko***

Die onderskeie uitsprake was duidelik uitkenbaar met die aanwesigheid van /gj/ in die Spaanse moedertaaluitspraak en /ou/ aan die einde van die T2-uitspraak. Uit figuur 4-21 is dit duidelik dat

[48] Kies die Amerikaanse (LATAM)-opsie om die Engels-Amerikaanse uitspraak te hoor: https://www.spanishdict.com/pronunciation/M%C3%A9xico

respondente die T1-uitspraak (1.4) van die HFE *Meksiko* verkies het, gevolg deur T2 met 2.0. Respondente het die minste van die T3 uitspraak (2.5) gehou.




**Figuur 4-22: Voorkeurvolgorde van *Meksiko***

Uit Figuur 4-22 is dit duidelik dat respondente met hulle voorkeur aan T1-uitspraak ’n hoë waarde aan “natuurlik en eg” (48%) geheg het, omdat hulle as gevolg van die vertroudheid met die T1-uitspraak van die woord ’n gevestigde idee het hoe die woord uitgespreek moet word. Die opsie “bekwaam en respekvol” (36%) was die volgende mees algemene rede, gevolg deur “warm en vriendelik” (11%). “Respekvol en sensitief” (3%) is die rede wat volgens respondente die minste invloed in hulle voorkeurkeuse van uitspraak gehad het.




**Figuur 4-23: Redes vir T1-voorkeur van *Meksiko***

In Tabel 4-18 word addisionele redes vir T1-voorkeur as temas met ondersteunende aanhalings uiteengesit. Soos by *Amanzimtoti*, was daar heelwat respondente wat die T1- en T2-uitspraak waarskynlik as gevolg van die afwesigheid van die kenmerkende VSA-E /ê/ verkeerd uitgeken het. Uit die kommentaar was dit duidelik dat respondente weet hoe die T3-uitspraak klink, maar hulle steeds T1 verkies, omdat die naam lank reeds in Afrikaans gevestig is. Die spelling van die naam in die vraelys het ’n rol by die keuse van respondente se voorkeuruitspraak gespeel met ’n respondent wat selfs opgemerk het dat hulle T3 sou verkies het indien die naam anders gespel was.

**Tabel 4-18: Addisionele redes vir T1-voorkeur van *Meksiko***

| Tema | Aanhaling |
|---|---|
| **Vertroudheid** | • “Ek dink dit is hoe meeste mense dit uitspreek, ek inkluis.”<br>• “Dis die uitspraak waaraan ek gewoond is.” |
| **T1-voorkeur** | • “Dit klink Afrikaans.”<br>• “Dis nie korrek volgens die oorspronklike taal nie, maar klink Afrikaans en voel vir my reg.” (Respondent het by ander woorde wel die brontaaluitspraak as voorkeur aangedui wat daarop kan dui dat hulle in die geval van *Meksiko* T1 se uitspraak verkies, omdat die naam so ’n hoë frekwensie het.) |
| **Verafrikaansing** | • “Die woord *Meksiko* is verafrikaans en kan dus soos opsie 2 [T1] uitgespreek word. Dis nie ’n leenwoord soos *quesadilla*, wat nie ’n Afrikaanse weergawe het nie.” (Respondent het by *quesadilla* T3 as voorkeuruitspraak aangedui.)<br>• “Ek is verdeeld oor die uitspraak aangesien opsie 3 [T3] meer akkuraat en meer respekvol teenoor die land sal wees, maar opsie 1 [T2] is wat meer algemeen gehoor word in Afrikaans en selfs Engelssprekende |

| Tema | Aanhaling |
|---|---|
| | lande. Opsie 3 klink dus aardig in Afrikaans, omdat 'n alternatiewe uitspraak reeds gevestig is oor jare." |
| **Spesifieke foneem** | **Grafeem o**<br>• "Die o word op die Afrikaanse manier uitgespreek."<br><br>**Grafeem *ks***<br>o Vertroudheid<br>• "Afrikaners is selde bekend met die uitspreek van die Spaanse *x*."<br>o Akkommodasie van klanke<br>• "Afrikaans het nie die klanke om /Mechico/ in korrekte Spaans uit te spreek of te spel nie." (Respondent se herspelling.) |
| **Woordtipe** | o "Ek weet dit is nie hoe die Meksikane dit uitspreek nie, maar mens praat tog van *Duitsland* en nie *Deutschland* nie. Die pleknaam in Afrikaans is *Meksiko* en die uitspraak is standaard." |
| **Spelling** | • "Volgens my is dit die Afrikaanse uitspraak van die land se naam, net soos *Meksiko* die Afrikaanse spelling van die woord is."<br>• "Volgens die spelling is hierdie uitspraak meer korrek."<br>• "Hoekom sal ons 'n Afrikaanse weergawe van die woord *Mexico* hê, maar dit steeds Spaans uitspreek? Dis so goed ek lees die woord vis as fish."<br>• "Indien die spelling *Mexico* was, sou opsie 3 [T3] my eerste keuse gewees het."<br>• "Daar is 'n Afrikaanse spelling met klanke wat eie is daaraan. Die Spaanse uitspraak van die Afrikaanse spelling klink vals."<br>• "Indien die woord volgens sy oorspronklike (nie-Afrikaanse) vorm gespel was, sou die derde uitspraak meer korrek gewees het." |

Uit Figuur 4-24 is dit duidelik dat "onnatuurlik en pretensieus" met 73% die grootste rede is waarom respondente die minste van die T3-uitspraak van *Meksiko* gehou het. Hierna word die statusdomein "onbekwaam en amateuragtig" (21%) as 'n rede vir respondente se T3-afkeur gegee. Die volgende rede is "respekloos en onsensitief" (5%) met die warmte-domein "koud en nors" (1%), wat deur die minste respondente as 'n rede gegee is waarom hulle 'n afkeur van die T3-uitspraak het.




**Figuur 4-24: Redes vir T3-afkeur van *Meksiko***

Addisionele kommentaar word in Tabel 4-20 as temas en gepaardgaande ondersteunende aanhalings uiteengesit. Respondente het veral op die spelling van *Meksiko* in die vraelys gefokus met die mening dat indien daar ’n T1-spelling vir ’n woord bestaan dit ook met ’n T1-uitspraak uitgespreek moet word.

**Tabel 4-19: Addisionele kommentaar vir T3-afkeur van *Meksiko***

| Tema | Aanhaling |
|---|---|
| **Onbekend** | **Persoonlik**<br>• “Nog nooit so ’n uitspraak van *Meksiko* gehoor nie.”<br>• “As ek na die klankgreep luister wat ek die minste van hou, sou ek nie besef het dat die persoon na *Meksiko* verwys nie.”<br>**T1-sprekers**<br>• “Ek weet opsie 3 is die regte uitspraak, maar ons is dit nie gewoond nie.”<br>• “Ek dink opsie 3 is die Spaanse uitspraak, maar in Afrikaans sê ons dit nie so nie.”<br>• “Mense gaan nie weet waarna die omroeper verwys nie.” |
| **T1-voorkeur** | • Verafrikaanste weergawe<br>• “Daar is ’n korrekte Afrikaanse manier om die woord uit te spreek; dus moet mens dit nie soos die mense van *Meksiko* uitspreek nie.”<br>• “Dit maak eenvoudig nie sin om die woord in Spaans uit te spreek as daar juis ’n Afrikaanse vertaling van die woord bestaan nie.” |
| **Ortografie** | • “Die uitspraak in Afrikaans van die x is met die ‘ks’-klank, nie met die sagte ‘g’-klank wat in Spaans deur daardie x voorgestel word nie.”<br>• “Die spelling is tipies Afrikaans, maar die Spaanse uitspraak is vir die meeste Afrikaanse ore en tonge vreemd.” |

| Tema | Aanhaling |
|---|---|
| | • "Indien die woord volgens sy oorspronklik (nie-Afrikaanse) vorm gespel was, sou die derde uitspraak meer korrek gewees het."<br>• "Daar is 'n Afrikaanse spelling met klanke wat eie is daaraan. Die Spaanse uitspraak van die Afrikaanse spelling klink vals." |
| **Konteks** | **Luisteraars of kykers**<br>• "Afrikaanse sprekers mag sukkel om die omroeper te verstaan." |

### 4.6.2 Michoacán

Soos Tabel 4-20 aandui, het *Michoacán*, 'n streek in *Meksiko,* 'n lae frekwensie met slegs een melding in die RSG-korpus, vier verskynings in VivA (2024a) se omvattende korpusversameling en vier in Netwerk24-berigte tydens die samestelling van die vraelys gehad. Verwys na afdeling 3.4.2.5 vir 'n volledige bespreking van die algemene Afrikaanse mediauitspraak van *Michoacán*. Tabel 4-20 toon die stemkunstenaar se onderskeie uitsprake van die naam.

**Tabel 4-20: Vergelyking van stemkunstenaar se uitsprake van *Michoacán***

| **Sin in nuusberig: Die jongste vulkaan in die wêreld is in *Michoacán* in *Meksiko* geleë.** | | |
|---|---|---|
| **Uitspraakleiding** | **Uitspraak van stemkunstenaar** | **Foneme wat van voorgeskrewe uitspraak verskil** |
| **T3-uitspraak: Spaans**<br>• Video: Spanish.Dictionary.com (2024b)<br>• Herspelling: /mie.tsjoe~ha.KAN/<br>• WhatsApp-stemnota om stemkunstenaar aan die betekenis van die tilde te herinner: "Die tilde (~) dui aan dat die twee lettergrepe baie vinnig na mekaar uitgespreek word. Alhoewel /sjoe/ en /ha/ wel twee klanke is, word dit so vinnig na mekaar uitgespreek dat dit amper soos een klank as 'n diftong uitgespreek word." | **T3-uitspraak: Spaans**<br>• /MIE.tsjoe~ha.kan/ waar die stemkunstenaar ten spyte van die uitspraakleiding die klem op die eerste lettergreep geplaas het. Hierdie opname is onveranderd gelaat aangesien die klemverskuiwing nie tot 'n verskil in betekenis gelei het nie. | N.v.t. |
| **T2-uitspraak: VSA-E** | **T2-uitspraak: VSA-E** | N.v.t. |

| Sin in nuusberig: Die jongste vulkaan in die wêreld is in *Michoacán* in *Meksiko* geleë. | | |
|---|---|---|
| **Uitspraakleiding** | **Uitspraak van stemkunstenaar** | **Foneme wat van voorgeskrewe uitspraak verskil** |
| • Herspelling: /mie.tsjoe.hie.KÊN/[49]<br>• WhatsApp-stemnota om uitspraak van vreemde foneme te verduidelik: *ch* uitgespreek as /tsj/ (Rao, 2018:4) en laaste *a* as /ê/ uitgespreek. | • /mie.tsjoe.hie.KÉN/ volgens uitspraakleiding. | |
| **T1-uitspraak: Afrikaans**<br>• Herspelling: /mie.sjoe.ha.KAN/<br>• WhatsApp-stemnota om die woord se uitspraak te illustreer: "By die Afrikaanse uitspraak van *Michoacán* is daar 'n duidelike onderskeid tussen die lettergrepe /sjoe/ en /HA/. Die klem moet op die laaste lettergreep wees." | **T1-uitspraak: Afrikaans**<br>• /mie.sjoe.HA.kan/ | **T1-uitspraak: Afrikaans**<br>• /sj/ in plaas van /tsj/ by ch<br>• Klem is nie op laaste sillabe geplaas nie. |

Slegs 68% (teenoor *Meksiko* se 86%) van die respondente het aangedui dat hulle 'n voorkeur vir 'n spesifieke uitspraak het. Ongeveer 'n derde (31%) van die respondente het aangedui dat hulle nie 'n spesifieke voorkeur vir enige uitspraak van hierdie LFE het nie. Die lae frekwensie van *Michoacán* is waarskynlik die rede waarom respondente nie omgee in watter uitspraak die woord uitgespreek word nie. Aangesien hulle nie 'n idee het hoe die T3-uitspraak klink nie, is dit vir hulle om 't ewe watter uitspraak omroepers gebruik.

[49] In die geval van die Spaanse woorde is Amerikaanse nuusberigte nie altyd as norm gebruik nie, aangesien Engelssprekende Amerikaners waarskynliker direkte kontak met Latyns-Amerikaanse Spaans het. Spaans is, naas Engels, die tweedegrootste huistaal in die Verenigde State, met meer as 41 miljoen sprekers (Talbot, 2024). In sodanige gevalle is Brits-Engelse uitspraak in ag geneem deur van onder andere Boberg, 2015 gebruik te maak.




**Figuur 4-25: Herkenning van uitspraakverskille van *Michoacán***

Alhoewel daar nie groot verskille in die uitsprake van T1 en T3 van LFE *Michoacán* (/sj/ teenoor /tj/) was nie, het respondente, soos Figuur 4-25 aandui, die brontaaluitspraak (1.3) verkies. Afrikaans (1.8) was die volgende keuse, terwyl respondente die minste van die T2-uitspraak (2.8) gehou het, waarskynlik as gevolg van die aanwesigheid van A-E /ê/ in die laaste lettergreep van die woord.




**Figuur 4-26: Voorkeurvolgorde van *Michoacán***

Figuur 4-26 toon dat die respondente wat aangedui het dat hulle wel ’n sekere uitspraak bo die ander verkies “bekwaam en professioneel” (53%) as die grootste rede vir hulle T3-voorkeur gegee

het. Hierna volg "natuurlik en eg" (40%) en "warm en vriendelik" (5%). In die geval van *Michoacán* was "respekvol en sensitief" (2%) die rede wat die minste respondente gekies is.




**Figuur 4-27: Redes vir T3-voorkeur van *Michoacán***

In Tabel 4-21 word addisionele kommentaar tematies aangedui, met aanhalings om die temas te ondersteun. Opvallend was dat respondente slegs by Spaanse toetsitems suprasegmentele elemente soos klemtoon in hulle kommentaar genoem het.

**Tabel 4-21: Addisionele kommentaar vir T3-voorkeur van *Michoacán***

| Tema | Aanhaling |
|---|---|
| **Akkuraat** | • "Regte Spaanse uitspraak."<br>• "Korrekte Spaanse uitspraak." |
| **Spelling** | • "Uitspraak klink meer korrek volgens die spelling." |
| **Emotiewe rede** | **Respekvol**<br>• "Dit is natuurlik die naaste aan die oorspronklike en korrekte uitspraak en altyd belangrik om ander kulture en lande se produkte en eiendom met respek te hanteer." |
| **Suprasegmenteel** | **Klemtoon**<br>• "Klem word op die korrekte deel van die woord gelê."<br>• "Al drie opsies klink eintlik verkeerd met elemente van elkeen wat reg is. Ek glo hierdie uitspraak is die Spaanse een, maar met die aksent op die laaste lettergreep." |

Uit Figuur 4-28 is dit duidelik dat die grootste rede vir die T2-afkeur van die uitspraak van *Michoacán* “onnatuurlik en pretensieus” (67%) is. Hierna volg “onbekwaam en amateuragtig” (33%). Dan volg “respekloos en onsensitief” (8%) met “koud en nors” (1%) as die opsie wat deur die minste respondente as die rede vir hulle uitspraakafkeur gekies is.




**Figuur 4-28: Redes vir T2-afkeur van *Michoacán***

Respondente se addisionele kommentaar oor die redes waarom hulle die minste van die T2-uitspraak gehou het, word in Tabel 4-22 uiteengesit.

**Tabel 4-22: Addisionele kommentaar vir T2-afkeur van *Michoacán***

| Tema | Aanhaling |
|---|---|
| **T2-afkeur** | **Anglisisties**<br>• “Dit voel asof die persoon enige onbekende woord wil verengels waarskynlik, omdat dit sy enigste verwysing na ’n vreemde taal is.”<br>• “Dis te Engels. Enige ander uitspraak behalwe Engels, asseblief! Hehe!”<br>**Veramerikaansing**<br>• “Hierdie is ’n uitspraak deur ’n Amerikaans-Engelse bril wat nie eens die oorsprongtaal erken nie, wat nog van die Afrikaanse uitspraak!”<br>• “Amerikaans is aaklig.” |
| **Suprasegmenteel** | **Klemtoon**<br>• “Klemtoon klink verkeerd” |
| **Emotiewe redes** | **Lui** |

| Tema | Aanhaling |
|---|---|
| | • "Dit klink of die omroeper te lui was om die Afrikaanse of selfs die oorspronklike Spaanse uitspraak aan te leer."<br>**Onbekwaam (onkundig)**<br>• "Klink onkundig."<br>• "Gewoon onkundig en sterk onder die invloed van Engels." |

### 4.6.3 Vigilante

Verwys na afdeling 3.4.2.4 vir 'n volledige bespreking van *vigilante* se frekwensie en uitspraak in Afrikaans. Tabel 4-23 dui die verskillende uitsprake van die stemkunstenaar op die opnames aan.

**Tabel 4-23: Vergelyking van stemkunstenaar se uitsprake van *vigilante***

| **Sin in nuusberig: Die polisie is op soek na 'n *vigilante* wat misdadigers in Kaapstad vermoor.** | | |
|---|---|---|
| **Uitspraakleiding** | **Uitspraak van stemkunstenaar** | **Foneme wat van voorgeskrewe uitspraak verskil** |
| **T3-uitspraak: Spaans**<br>• Herspelling: /bie/hie.LAN.teh/ | **T3-uitspraak: Spaans**<br>In ooreenstemming met uitspraakleiding. | N.v.t |
| **Uitspraakleiding** | **Uitspraak van stemkunstenaar** | **Foneme wat van voorgeskrewe uitspraak verskil** |
| **T2-uitspraak: VSA-E**<br>• Herspelling: /wie.dzjih.LÊN.tie/<br>• YouTube-nuusvideo (CNN, 2020)[50] | **T2-uitspraak: VSA-E**<br>In ooreenstemming met uitspraakleiding | N.v.t. |
| **T1-uitspraak: Afrikaans[51]**<br>• Herspelling: /vie.gih.LAN.tih/ | **T1-uitspraak: Afrikaans**<br>/vie.gih.LAN.tih/ volgens voorgeskrewe uitspraak | N.v.t. |

[50] In die geval van hoëfrekwensie-eiename soos Mexico en *vigilante* is die Amerikaans-Engelse uitspraak van die woord reeds gevestig. In sodanige gevalle is YouTube-video's wel gebruik. Klik hier om na die Amerikaans-Engelse uitspraak van *vigilante/s* te luister: https://www.youtube.com/watch?v=aeVnBca5j8Q&t=71s

[51] Verwys na hoofstuk 3 vir 'n bespreking van die algemene Afrikaanse mediauitspraak vir *vigilante*.

Die verskil in die onderskeie uitsprake van HFL *vigilante* was duidelik waarneembaar en slegs 1% van die respondente, soos in Figuur 4-29 uiteengesit, het aangedui dat hulle nie ’n verskil kon hoor nie. Die verskillende opsies se persentasies stem baie ooreen met die HFE *Meksiko* waar 84% (teenoor 87%) aangedui het dat hulle ’n verskil kon hoor en ’n voorkeuruitspraak het, en 14% (teenoor 13%) aangedui het dat hulle wel ’n verskil kon hoor, maar nie ’n voorkeur vir ’n spesifieke uitspraak gehad het nie.




**Figuur 4-29: Herkenning van uitspraakverskille van *vigilante***

Soos Figuur 4-30 aandui, het respondente, in teenstelling met die ander HFE *Meksiko,* T2 (1.9) as hulle voorkeuruitspraak aangewys. Hiernaas T1 met 2.0 respondente se keuse. Respondente het die minste van die T3-uitspraak (2.1) gehou.




**Figuur 4-30: Voorkeurvolgorde: *vigilante***

Respondente het volgens Figuur 4-31 aangedui dat hulle van die T2-uitspraak van *vigilante* hou omdat dit “natuurlik en eg” is (46%) Ewe veel respondente (46%) het aangedui dat “bekwaam en professioneel” die rede vir hulle voorkeurkeuse was. Hierna het “warm en vriendelik” (5%) gevolg, met “respekvol en sensitief” (3%), wat deur slegs 3% respondente aangewys is as die rede waarom hulle ’n sekere uitspraak bo die ander verkies het.




**Figuur 4-31: Redes vir T2-voorkeur van *vigilante***

Addisionele kommentaar word in Tabel 4-24 as temas met ondersteunende aanhalings uiteengesit. Van die respondente het in hulle kommentaar verduidelik dat die Amerikaanse media,

soos die uitspraak van *vigilante* in Taylor Swift se musiek en 'n Amerikaanse televisiereeks, die rede is waarom hulle die T2-uitspraak verkies. Ten minste twee respondente het wel aangedring dat die GB-E-uitspraak van /a/ in plaas van die VSA-E-uitspraak van /ê/ gebruik moet word.

**Tabel 4-24: Addisionele kommentaar vir T2-voorkeur van *vigilante***

| Tema | Aanhaling |
|---|---|
| **Vertroudheid** | • "Dit is hoe ek die woord sou uitspreek."<br>• "Ek dink dit is die uitspraak waarmee ek grootgeword het. Dit voel vir my die natuurlikste."<br>• "Ek ken die Engelse woord en uitspraak; so dit klink ten minste bekend." |
| **Media** | • "Dit is hoe Taylor Swift vigilante gebruik." (Respondent was tussen 18 en 39 en het by kung- fu en Meksiko ook die T2-uitspraak verkies.)<br>• "Dink die series op TV laat die Engelse uitspraak meer aanvaarbaar klink op die oor." |
| **T2, maar sonder A-E-uitspraak van /ê/**<br>(Boberg, 2015:231) | • "Minder klem op die Amerikaanse /lên.tie/. Dit moet 'n Britse uitspraak met erkenning van die Spaanse oorsprong wees."<br>• "Ek kies hierdie uitspraak, maar die a-klank moet wel vir my soos Afrikaans uitgespreek word, nie in Engels soos die opname nie. Die a moet 'n /a/ soos in kant wees en nie die /ê/ soos in die Amerikaanse ant nie." |

Soos by die HFE *Meksiko*, waar die letters anders as die Afrikaanse spelsisteem uitgespreek is, het die meeste respondente, soos in Figuur 4-32 getoon, aangedui dat "onnatuurlik en pretensieus" (55%) die grootste rede vir hulle T3-afkeur is. Die redes in volgorde van die meeste tot die minste hierna was "onbekwaam en amateuragtig" (40%), "respekloos en sensitief" (4%) en "koud en nors" (1%).




**Figuur 4-32: Redes vir T3-afkeur van *vigilante***

Respondente se addisionele kommentaar word in Tabel 4-25 weergegee. Elke tema wat geïdentifiseer is, word in die regterkantste kolom met aanhalings ondersteun. Ironies genoeg het respondente aangedui dat omroepers "lui" en "onkundig" sou klink indien hulle die T3-uitspraak tydens 'n nuusbulletin sou gebruik. Vir party respondente was nie een van die uitsprake aanvaarbaar nie en is woorde soos "burgerwaker" in die plek van *vigilante* voorgestel.

**Tabel 4-25: Addisionele kommentaar vir T3-afkeur van die HFL *vigilante***

| Tema | Aanhaling |
|---|---|
| **Onbekend** | • "Indien 'n nuusleser hierdie uitspraak tydens 'n Afrikaanse nuusberig gebruik, sal ek nie die vaagste benul hê waarvan hy praat nie! Praat van pretensieus!" |
| **Emotief** | **Lui**<br>• "Vir my klink hierdie uitspraak net verkeerd. So asof die persoon nie die woord of die betekenis daarvan ken nie en ook nie probeer uitvind het nie."<br>**Onkundig**<br>• "Tussen die boom en die bas van onkundig en pretensieus."<br>**Vreemd**<br>• "Dit klink net vreemd." |
| **Woordkeuse** | • "*Burgerwaker* klink beter in Afrikaans."<br>• "Hier klink nie een reg nie. Is daar nie 'n beter woord in Afrikaans nie. Dit klink soos 'n anglisisme." |

#### 4.6.4 Quesadilla

*Quesadilla* verwys na ’n Meksikaanse gereg wat uit twee tortillas met ’n vulsel tussen-in bestaan. Die woord het ten tye van die samestelling van die houdingsvraelys ’n lae frekwensie in die Afrikaanse woordeskat gehad. Soos *umqombothi,* kom hierdie leenwoord glad nie in die RSG-korpus voor nie en slegs agt maal in die VivA-KPO. Dit verskyn wel in leefstylartikels op Netwerk24. Ten tye van die finalisering van die houdingsvraelys was *quesadilla* reeds in die *e-WAT* en Luther (2024) se *Woordeboek van Afrikaans vandag* opgeneem.

Aangesien die LFL *guerrilla* in eksperiment 3 nie duidelike verskille in die onderskeie uitsprake opgelewer het nie, moes die algemene Afrikaanse mediauitspraak van *quesadilla* bepaal word voor dit in die houdingsvraelys opgeneem kon word. Die woord is op nege verskillende maniere uitgespreek met slegs een nasionale televisieomroeper (10%) wat die woord volgens die brontaal uitgespreek het. Omdat daar soveel verskillende uitsprake van die woord as geheel was, is die gemiddelde uitspraak bepaal deur die uitspraak van die grafeme afsonderlik te ondersoek. Volgens hierdie metode is bepaal dat /keh.sa.DIE.la/ die algemene Afrikaanse mediauitspraak van die Spaanse leenwoord *quesadilla* is.

Drie nasionale omroepers (30%) het geweet dat *ll* in Spaans as /j/ uitgespreek word. Die meerderheid (60%) het die grafeem egter volgens die Afrikaanse spelling as /l/ uitgespreek. Een omroeper het *ll* as die stemhebbende postalveolêre frikatief (zj), ’n foneem wat volgens Niesler *et al.* (2005:471) slegs in vreemde leenwoorde soos ***g**enre* in Afrikaans voorkom, uitgespreek. Die grafeem *q* is op drie maniere uitgespreek, naamlik /k/, /kw/ en /q!/. Die meeste respondente (50%) het T3 gevolg deur die grafeem as ’n stemlose, velêre eksplosief /k/ uit te spreek. Twee respondente (20%) het T2 gevolg en *q,* na aanleiding van woorde soos ***qu**een,* volgens die stemhebbende labiovelêre approksimant /kw/ uitgespreek. Twee respondente (20%) het *q* volgens die klapklanke in Zoeloe uitgespreek. Die *a* is by beide posisies in die woord deur 90% van die respondente volgens T1 en T3 as /a/ uitgespreek. Die grafeemkombinasie *ue* het tot vyf verskillende uitsprake, naamlik /eh/ (30%), /ih/ (30%), /ie/ (20%), /ei/ (10%) en /a/ (10%) gelei. Die meeste respondente (90%) het *i* as /ie/, soortgelyk aan die brontaal, uitgespreek. In Tabel 4- 26 word ’n uiteensetting van die onderskeie uitsprake soos dit in die vraelys opgeneem is, gegee.

**Tabel 4-26: Vergelyking van stemkunstenaar se uitsprake van *quesadilla***

| **Sin in nuusberig: Eiervrug, tamatie en kaas is maar net een vulsel wat in *quesadilla* gebruik kan word.** | | |
|---|---|---|
| **Uitspraakleiding** | **Uitspraak van stemkunstenaar** | **Foneme wat van voorgeskrewe uitspraak verskil** |
| **T3-uitspraak: Spaans**<br>• YouTube-video (Julien Miquel, 2020b)[52]<br>• Herspelling: /keh.sa.DIE.ja/<br>• WhatsApp-stemnota om die uitspraak te illustreer<br>• Leiding t.o.v. spesifieke grafeme (Van Huuksloot, 2013):<br>○ *i* word as /ie/ uitgespreek.<br>○ *ll* word as /j/ uitgespreek.<br>○ ue as /eh/ uitgespreek. | **T3-uitspraak: Spaans**<br>• /keh.sa.DIE.ja/ volgens die voorgeskrewe uitspraakleiding. | N.v.t. |
| **T2: Engels**<br>• Herspelling: /kwih.sih.DIH.lih/[53] (OpenAI, 2025?)<br>• Leiding t.o.v. sekere grafeme.<br>○ *que* uitgespreek as /kwih/ na aanleiding van woorde soos *queen.*<br>○ *ll* uitgespreek as /l/.<br>○ *a* uitgespreek as /ih/ na analogie van woorde soos *vanilla.*<br>○ *i* uitgespreek as /ie/. | **T2: Engels**<br>• /kwih.sih.DIH.la/ volgens voorgeskrewe uitspraak. | • ll uitgespreek as /l/ in plaas van /j/.<br>• q uitgespreek as /kw/ in plaas /k/.<br>• ue uitgespreek as /ih/ in plaas van /eh/.<br>• eerste a in *quesadilla* uitgespreek as /ih/ in plaas van /a/.<br>• i uitgespreek as /ih/ in plaas van /ie/. |
| **T1: Afrikaans**<br>• Herspelling: /keh.sa.DIE.la/ | **T1: Afrikaans**<br>• /keh.sa.DIE.ja/ volgens voorgeskrewe uitspraak | • N.v.t. |

---

52 Kyk na hierdie video om die Meksikaanse uitspraak van *quesadilla* te hoor: https://www.youtube.com/watch?v=R7Omp7SPczg

53 Aangesien Engelssprekende Amerikaners, soos in hoofstuk 3 verduidelik, is ’n redelike kennis van die uitspraak van sekere Spaanse woorde het, is OpenAI gebruik om die outentieke uitspraak van VSA-Engelssprekendes, wat nie enige kennis van ’n vreemde taal se fonetiek het nie, te bepaal. Die versoek wat in hierdie geval aan OpenAI gerig is, was om die uitspraak van *quesadilla* volgens die uitspraak van ’n VSA-E-spreker wat geen kennis van Spaanse fonetiek het nie volgens die Engelse spelsisteem te voorspel.

Soos Figuur 4-33 aandui, kon 82% van die respondente wel ’n verskil in uitsprake hoor. Alhoewel daar verskille in die uitspraak van die vokale van T1 en T2 was, is dit veral die uitspraak van die konsonantletters wat die meeste onderling verskil het. Soos by ander LFW, het ’n beduidende aantal respondente (16%) aangedui dat hulle wel die verskil in uitspraak kon hoor, maar nie een uitspraak bo ’n ander verkies het nie.




**Figuur 4-33: Herkenning van uitspraakverskille van *quesadilla***

Ten spyte van die grafeme wat anders as die Afrikaanse spelsisteem uitgespreek word, het die respondente die T3-uitspraak (1.7) verkies. Respondente het die minste (2.2) van die T2-uitspraak gehou.




**Figuur 4-34: Voorkeurvolgorde van *quesadilla***

Figuur 4-34 toon dat die meeste respondente (53%) "bekwaam en professioneel" as die rede gegee het waarom hulle die een uitspraak bo 'n ander verkies. Hierna was "bekwaam en professioneel" (39%) die rede waarom respondente T3 as hulle voorkeur aangedui het. Ewe veel respondente (4%) het aangedui dat "respekvol en sensitief" en "warm en vriendelik" 'n rede vir hulle voorkeuruitspraak was.




**Figuur 4-35: Redes vir T3-voorkeur van *quesadilla***

Tabel 4-27 toon die addisionele kommentaar wat respondente ter stawing van hulle voorkeuruitspraak gegee het. Ondersteunende aanhalings word gebied vir al die temas wat uit

die kommentaar geïdentifiseer is. In teenstelling met respondente wat by HFL *vigilante* aangedui het dat hulle, as gevolg van die invloed van die Amerikaanse media, die T2-uitspraak van die leenwoord verkies, het respondente by die LFL *quesadilla* aangedui dat daar genoeg invloed van die internet is vir hulle om te weet hoe *quesadilla* in die T3-uitspraak uitgespreek word. Alhoewel *quesadilla* nog nie 'n HFL in VivA-KPO is nie, is Afrikaanssprekendes wel bewus van die uitspraak van die woord en is die woord, soos LFL *umqombothi,* reeds in die proses van institusionalisering.

**Tabel 4-27: Addisionele kommentaar vir T3-voorkeur van *quesadilla***

| Tema | Aanhaling |
|---|---|
| **T3-voorkeur** | **Brontaal**<br>• "Ek verkies die uitspraak wat die naaste aan die Spaans is."<br>**Korrek**<br>• "Dis die korrekte uitspraak. Die verafrikaanste weergawes is aaklig."<br>**Taalsuiwerheid**<br>• "*Quesadilla* is nie 'n Afrikaanse woord nie en moet bes moontlik soos die taal van oorsprong uitgespreek word." |
| **Vertroudheid** | • "Ek is bewus van hoe die woord in Spaans klink en verkies dus die uitspraak die naaste daaraan waar ll as /j/ uitgespreek word."<br>• "Dit is hoe ek geleer het." |
| **Internet en media** | • "In hierdie geval voel ek ons kry genoeg invloed van die internet af om te weet hoe die woord uitgespreek word." |
| **Luistervriendelike uitspraak** | • "Dit is die naaste aan die korrekte uitspraak hoewel dit bietjie geforseerd klink."<br>• "Die uitspraak is myns insiens steeds nie heeltemal reg nie. Die manier hoe hy dit soos 'n eerstetaalspreker (probeer) uitspreek, klink baie pretensieus, maar van die beskikbare opsies, is dit die naaste aan die brontaal." |
| **Emotief** | **Respekvol**<br>• "Die ander opsies is net absoluut aaklig en glad nie respekvol teenoor die Meksikaanse oorsprong nie. Ek dink dit sal 'n ernstige vernedering wees om Meksikaanse gaste dit te laat hoor!" (Respondent het "natuurlik en eg" as voorkeurkeuse aangedui.)<br>**Eties**<br>• "Dit is eties korrek aangesien die woord se oorsprong uit 'n ander taal en kultuur is."<br>**Vertroue**<br>• "Dit dui ook op kennis van die onderwerp, wat vertroue inboesem." (Respondent het "respekvol en sensitief" as die ander opsie gekies.) |

Figuur 4-36 dui aan dat die grootste rede vir die T2-afkeur van die LFL *quesadilla* binne die van statusdomein "onbekwaam en amateuragtig" (64%) lê. Hierna volg "onnatuurlik en pretensieus" (41%). Die minste respondente het "respekloos en onsensitief" (4%) en "koud en nors" (2%) as die redes vir hulle afkeuruitspraak aangedui.




**Figuur 4-36: Redes vir T2-afkeuruitspraak van *quesadilla***

Heelwat van die respondente se kommentaar kon nie gebruik word nie, omdat diegene wat wel kommentaar gelewer het óf nie T2 as afkeuropsie gekies het nie, óf die uitspraak verkeerd as T1 of T2 geïdentifiseer het. Kommentaar wat betrekking op respondente se T2-afkeur het, word in tabel 4-28 aangebied.

Soos by *Amanzimtoti* is daar respondente wat grappenderwys na die uitspraak as "Koos se dilla" verwys het. Vir die eerste keer word die stemkunstenaar se opname as "konserwatief" beskou. Die respondent huldig die mening dat dit die uitspraak van "'n onnosel, konserwatiewe Afrikaner wat skaars drie sinne Engels kan saamflans" is.

**Tabel 4-28: Addisionele kommentaar vir T2-afkeur van *quesadilla***

| Tema | Aanhaling |
|---|---|
| **Emotief** | **Lui**<br>• "Ek verkies as die omroeper moeite doen om uit te vind wat die regte uitspraak van 'n woord uit 'n ander taal is."<br>• "Hy doen nie eers moeite om die taal van oorsprong te herken nie."<br>**Humoristies/spottend**<br>• "Dit klink amper soos Koos se dilla... wat iets heeltemal anders is!" |

| Tema | Aanhaling |
|---|---|
| | • "Wie's Koos?"<br>**Konserwatief**<br>• "Dit klink soos 'n onnosel, konserwatiewe Afrikaner wat skaars drie sinne Engels kan saamflans."<br>**Onkundig**<br>• "Dit klink of die omroeper nog nooit die regte Spaanse uitspraak gehoor het nie." |
| **Taalfamilies** | • "Klink die minste na die Spaanse woord." (Respondent het "onbekwaam en amateuragtig" as rede vir afkeur gekies. T3 was die voorkeuruitspraak.) |

**Samevatting: Afrikaansprekendes se houding oor mediauitspraak van Spaans**

Ten slotte word die verskillende Spaanse toetsitems met mekaar vergelyk. Figuur 4-37 toon dat gemiddeld 80% van die respondente aangedui het dat hulle die verskille in uitsprake kon hoor en sekere uitsprake bo ander verkies het. Die meeste respondente (31%) het by die LFE *Michoacán* aangedui dat, alhoewel hulle 'n verskil in uitsprake kon hoor, hulle nie 'n voorkeur vir een uitspraak bo 'n ander het nie. Hierdie verskynsel strook met die tendens dat hoe laer die woordfrekwensie is, hoe minder het respondente 'n voorkeur vir 'n spesifieke uitspraak.




**Figuur 4-37: Herkenning van uitspraakverskille van Spaanse woorde**

Figuur 4-37 se laaste kolom, wat die gemiddeldes van al die uitsprake weergee, dui aan dat T1 (1.8) die voorkeuruitspraak vir die Spaanse toetsitems was. Hierna volg T3 (1.9) met T2 (2.2) as die uitspraak waarvan respondente die minste gehou het. 'n Individuele ontleding van al die

woordtipes toon egter dat respondente slegs by die HFE *Meksiko* die T1-uitspraak as voorkeur gekies het. *Vigilante* is die enigste woord waar T2 (1.8) as die voorkeuruitspraak aangewys is. By die LFW *Michoacán* (1.3) en *quesadilla* (1.6) is T3 as die voorkeur aangewys met T1 in die tweede plek en T2 die uitspraak waarvan die respondente die minste gehou het.




**Figuur 4-38: Voorkeurvolgorde van Spaans**

Figuur 4-38 toon dat die grootste gemiddelde rede waarom respondente by die Spaanse toetsitems sekere uitsprake bo ander verkies het, “bekwaam en professioneel” (46%) was. Die eienskap “natuurlik en eg” (36%) was die tweedebelangrikste rede vir respondente se voorkeuruitspraak. Die eienskappe “warm en vriendelik” (8%) en “respekvol en sensitief” (3%) was die opsies wat deur die minste respondente as ’n rede vir hulle voorkeuruitspraak gegee is.

Die HFW *Meksiko* en *vigilante* het van hierdie gemiddelde patroon afgewyk. In die geval van *Meksiko*, waar die meeste respondente ’n T1-voorkeur gehad het, was die belangrikste rede “natuurlik en eg” (48%). By die HFE *vigilante*, waar respondente ’n T2-voorkeur (1.8) gehad het, was die redes “bekwaam en professioneel” (45%) en “natuurlik en eg” (46%) bykans ewe belangrik.




**Figuur 4-39: Voorkeurredes van Spaans**

Figuur 4-39 dui aan dat die volgorde van die gemiddelde afkeurredes vir Spaanse eiename en leenwoorde soos volg was: “onnatuurlik en pretensieus” (57%), “onbekwaam en amateuragtig” (38%), “respekloos en onsensitief” (5%) met “koud en nors” (2%) die opsie wat die minste deur respondente as rede vir hulle afkeur aangewys is. Vir die HFE *Meksiko*, waar respondente ’n afkeur aan die T3-uitspraak gehad het, het die meeste respondente van al die woorde “onnatuurlik en pretensieus” (70%) as ’n rede vir hulle afkeur aangedui. By *quesadilla*, waar T2 die afkeuruitspraak was, het meer respondente “onbekwaam en amateuragtig” (50%) as “onnatuurlik en pretensieus” (45%) as redes vir hulle afkeuruitsprake gebied.




**Figuur 4-40: Afkeurredes van Spaans**

## 4.7 Houding oor algemene Afrikaanse mediauitspraak van Mandaryns

Van die woorde wat in eksperiment 1 getoets is, het slegs die HFL *koeng foe* tot herkenbare verskille in die onderskeie uitsprake gelei. Tabel 4-29 toon meer besonderhede oor die frekwensie van die drie addisionele woorde waarvan die uitspraak vir die doeleindes van die houdingsvraelys vooraf vasgestel is. Die frekwensie en seleksie is op dieselfde manier gedoen soos in hoofstuk 3 (sien 3.3.3.)..

**Tabel 4-29: Samestelling van Mandarynse toetsitems**

| Woord soos dit in Afrikaanse media gespel word | Woord-soort | RSG-korpus | VivA-KPO | Netwerk 24 | Totaal | Frekwen-sieband | AWS | HAT | e-WAT | Ander woorde-boeke |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Wuhan | Eienaam | 324 | 402 | N.v.t | 1 076 | Hoog | N.v.t. | N.v.t. | N.v.t. | N.v.t. |
| Luoyang | Eienaam | 0 | 0 | 2 | 2 | Laag | N.v.t. | N.v.t. | N.v.t. | N.v.t. |
| koeng foe | Soortnaam | 2 | 106 | N.v.t. | 173 | Hoog | Nee | Nee | Ja | Etimologie-woorde-boek van Afrikaans (Van Wyk, 2003:222) |
| ejiao | Soortnaam | 0 | 0 | 16 | 16 | Laag | Nee | Nee | Nee | Woorde-boek van Afrikaans Vandag (Luther, 2024) |

### 4.7.1 Wuhan

*Wuhan*, een van die grootste stede in China, het sedert 2020 in nuusberigte begin opduik toe die eerste gevalle van Covid-19 in hierdie stad aangemeld is (Gostin & Cronwall, 2023). Met 402 trefslae uit die VivA-KPO, waarvan 324 uit die RSG-korpus was, het Wuhan die HFE van die Mandarynse woorde verteenwoordig.

*Wuhan* is een van die nuwe woorde waarvan die algemene Afrikaanse mediauitspraak vir die doeleindes van die eksperiment in hoofstuk 4 bepaal moes word. Omroepers het die naam op drie verskillende maniere uitgespreek, naamlik /woe.HAN/, /hoe.HAN/ en /whoe.HAN/. Ten spyte van die moontlike verskille wat in die uitspraak van die letters *u* en *a,* soos te sien in tabel 4-30, kon opduik, het al die omroepers die letters as /oe/ en /a/ uitgespreek. Die uitspraak van *u* as /oe/ kon as gevolg van kennis van die T3-uitspraak in geografiese name uit die Ooste wees (2017:675), maar T2 kon ook 'n invloed op hierdie keuse van uitspraak gehad het aangesien die grafeem *u* in woorde soos *f**l**u*, *r**u**de* en *l**u**te* as 'n /oe/ uitgespreek word (Gomez, 2009:8).

Die grootste verskille het voorgekom by die uitspraak van die letter *w*. Die meeste omroepers (50%) het T1 gebruik om die letter volgens die Afrikaanse spelreëls uit te spreek, aangesien /wh/ in Afrikaans slegs aan die begin van 'n woord as die uitroep *wê!* voorkom (Coetzee, 2018:79). Die drie omroepers wat die letter volgens T3 as /h/ uitgespreek, en daarmee ook die T3-uitspraak gevolg het, het meer as tien jaar se uitsaaiervaring gehad. Die minste respondente (20%) het T2 gebruik om *w* as /wh/ uit te spreek na analogie van Engelse woorde soos ***w**ater* en ***w**edding* wat met *w* begin en as die stemhebbende, labiovelêre approksimant /wh/ uitgespreek word (Brooks, 2015:98).

**Tabel 4-30: Vergelyking van stemkunstenaar se uitsprake van *Wuhan***

| **Sin in nuusberig: Wuhan het meer as elf miljoen inwoners.** | | |
|---|---|---|
| **Uitspraakleiding** | **Uitspraak van stemkunstenaar** | **Foneme wat van voorgeskrewe uitspraak verskil** |
| **T3-uitspraak: Mandaryns**<br>• YouTube-klanklêer (Pronounce Names, 2013)[54].<br>• Herspelling: /hoe.HAN/<br>• Leiding van sekere foneme: | **T3-uitspraak: Mandaryns**<br>• /hoe.HAN/ volgens die voorgeskrewe uitspraakleiding. | N.v.t. |

[54] Klik hier om na die brontaaluitspraak van *wu* te luister: https://yoyochinese.com/chinese-learning-tools/Mandarin-Chinese-pronunciation-lesson/pinyin-chart-table

| Sin in nuusberig: Wuhan het meer as elf miljoen inwoners. | | |
|---|---|---|
| **Uitspraakleiding** | **Uitspraak van stemkunstenaar** | **Foneme wat van voorgeskrewe uitspraak verskil** |
| ○ *w* uitgespreek as /h/ (Yoyo Chinese, 2022)[55]<br>○ *u* uitgespreek as /oe/ (Yoyo Chinese, 2022)<br><br>• WhatsApp-stemnota met uitspraak van volledige woord as illustrasie. | | |
| **T2-uitspraak: VSA-E**<br>• Herspelling: /hoe.HÊN/<br>• Leiding by sekere letters:<br><br>○ w word as /wh/ uitgespreek (Brooks, 2015:98)<br>○ *u* word as /oe/ uitgespreek (Gomez, 2009:8)<br>○ a word as /ê/ uitgespreek (Gomez, 2009:7)<br><br>• WhatsApp-stemnota om die uitspraak van die volledige woord te illustreer | **T2-uitspraak: VSA-E**<br>• /hoe.HÊN/ waar die voorgeskrewe /wh/ as ’n /h/ uitgespreek is. Die verskil lei nie tot ’n verskil in betekenis nie en die opname is onveranderd in die vraelys opgeneem om te ondersoek of respondente dit opmerk, en indien wel, wat hulle houding is teenoor ’n woord waarvan sekere foneme volgens die VSA-E /ê/ bevat, maar w nie as /wh/ uitgespreek word nie. | **T2-uitspraak: VSA-E**<br>• w uitgespreek as /wh/ in plaas van /h/ |
| **T-uitspraak1: Afrikaans`**<br>Herspelling: /woe.HAN/<br>• WhatsApp-stemnota ter illustrasie. | **T1-uitspraak: Afrikaans**<br>• /woe.HAN/ volgens die voorgeskrewe uitspraak. | **T1-uitspraak: Afrikaans**<br>• w uitgespreek as /w/ in plaas van /h/ |

Figuur 4-41 dui aan dat *Wuhan* een van die woorde is waar, alhoewel steeds min, van die meeste respondente (3%) aangedui het dat hulle nie ’n verskil in die uitsprake kon hoor nie. Alhoewel T1 en T3 verskil het by die uitspreek van *w*, was die uitsprake van die vokale *oe* en *a* dieselfde. T3 het /wh/ en /ê/ bevat wat wel ’n duideliker verskil van uitsprake meegebring het. Die meeste respondente (84%) het aangedui het dat hulle ’n verskil in uitsprake kon hoor en een uitspraak

55 Klik hier om na die brontaaluitspraak van *wu* te hoor: https://yoyochinese.com/chinese-learning-tools/Mandarin-Chinese-pronunciation-lesson/pinyin-chart-table

bo die ander verkies het. ’n Betreklike hoë persentasie (13%) het aangedui dat hulle ’n verskil in die uitspraak kon hoor, maar nie ’n voorkeur vir ’n spesifieke uitspraak gehad het nie.




**Figuur 4-41: Herkenning van uitspraakverskille: *Wuhan***

Figuur 4-42 dui aan dat daar ’n aansienlike verskil tussen die uitspraakvoorkeure is met T3 (1.3), wat die gewildste was, gevolg deur T1 (1.9). Respondente het die minste van T2 gehou.




**Figuur 4-42: Voorkeurvolgorde van *Wuhan***

Figuur 4-43 toon dat die grootste rede vir respondente se voorkeur vir die T3-uitspraak van *Wuhan* “bekwaam en professioneel” (52%) was. Hierna het “natuurlik en eg” (40%) gevolg.

Respondente het dieselfde waarde aan die redes "warm en vriendelik" (4%) en "respekvol en sensitief" (4%) geheg.




**Figuur 4-43: Redes vir T3-voorkeur vir *Wuhan***

Addisionele kommentaar oor waarom respondente T3 as hulle voorkeuruitspraak gekies het, word tematies in Tabel 4-31 aangedui en met relevante aanhalings ondersteun. Respondente het veral kommentaar oor die woordtipe gelewer met die algemene mening dat eiename volgens T3 uitgespreek moet word.

**Tabel 4-31: Addisionele kommentaar oor die T3-voorkeur vir *Wuhan***

| Tema | Aanhaling |
|---|---|
| **T3-voorkeur** | **Korrek**<br>• "Die uitspraak van Wuhan is meer korrek in opsie 1." (Opsie 1 was T3-uitspraak.)<br>• "Die uitspraak is, sover ek weet, die korrekste." |
| **Vertroudheid** | • "Dit is hoe ek dit leer ken het." |
| **Akkommodasie van klanke in T1** | • "Dit klink die naaste aan Chinees, maar en pas in by die Afrikaanse klanksisteem." |
| **Woordtipe** | **Eienaam**<br>• "Dis moeilik, want Afrikaanse mense spreek name soms anders uit. Ek dink nie daar is fout daarmee nie, maar 'n naam moet seker maar uitgespreek word soos dit in sy eie taal gedoen word." |

| Tema | Aanhaling |
|---|---|
| | • "Name van persone en plekke behoort dieselfde te bly regoor die wêreld."<br>• "Mens moet eie aan die taal en uitspraak van die oorsprong bly. Die Poolse naam Mietek bly Mietek in spelling en uitspraak. Dit word nie Meetêk nie."<br>• Dit laat my dink aan *Christopher Columbus*. Hoe op dees aarde was dit aanvaarbaar vir die res van die wêreld om *Cristóbal Cólon* se naam te verander na wat vir hulle aanvaarbaar is? Sekere name gaan oor taalgrense heen. Name van persone en plekke behoort dieselfde te bly regoor die wêreld." |

Figuur 4-44 toon dat die meeste respondente "onnatuurlik en pretensieus" (59%) as 'n rede vir hulle T2-afkeur gekies het. Die tweede grootste rede was "onbekwaam en amateuragtig" (33%) gevolg met "respekloos en onsensitief" (7%). Die minste respondente het "koud en nors" (2%) as rede vir hulle T2-afkeur aangedui.




**Figuur 4-44: Redes vir T2-afkeur vir *Wuhan***

Tabel 4-32 sit addisionele kommentaar uiteen oor die T2-afkeur van die HFE *Wuhan* deur aanhalings te gebruik om geïdentifiseerde temas te ondersteun. Benewens die feit dat respondente veral 'n afkeur aan die VSA-E-uitspraak gehad het, is dit die tweede geval waar hulle aangedui het dat hulle meen dat "Chinees" en Afrikaans se "klanke" mekaar komplementeer en akkommodeer.

**Tabel 4-32: Addisionele kommentaar vir T2-afkeur van *Wuhan***

| Tema | Aanhaling |
|---|---|
| **Vertroudheid** | • "Vreemde uitspraak."<br>• "Klink net baie vreemd." |
| **Taalfamilies** | **Akkommodasie**<br>• "Klink Engels en Chinese klank gaan mooi by Afrikaans." |
| **Taalvermenging** | • "Uitspraak is nie gepas vir Afrikaans nie." |
| **Veramerikaansing** | • "Dis nie net 'n Engelse uitspraak nie, maar 'n Amerikaans-Engelse uitspraak wat selfs harder op die Afrikaanse oor is. So asof die omroeper na plekname deur 'n Amerikaanse uitspraakbril kyk – 'n bril geskep deur te luister en te kyk na baie Amerikaanse films, programme, ens."<br>• "'n Amerikaanse persoon sal dit so uitspreek."<br>• "Die persoon klink of hy sy uitspraak veramerikaans."<br>• "Amerikaans." |
| **Suprasegmenteel** | • "Swak en blikkerig." |
| **Emotief** | **Argaïes/ouderwets**<br>• "Hierdie omroeper se voordrag is vir my argaïes in aanslag."<br>**Oningelig**<br>• "Dit klink of hy onbekwaam is en nie kennis dra van die Afrikaanse uitspraak van plekname nie." (Respondent het "onbekwaam en amateuragtig" as rede vir T2-afkeur gebied. Kies T1 as voorkeuruitspraak.)<br>**Onsensitief teenoor kultuur**<br>• "Dit is ook respekloos teenoor die land en gebruike van Sjinese mense aangesien dit voorkom asof alles gedoen en uitgespreek word op die Amerikaanse manier." |

### 4.7.2 Luoyang

Alhoewel die naam *Luoyang*, 'n Chinese stad wat langs een van die sytakke van die Geelrivier geleë is (Cilliers, 2015), ten tye van die opstel van die taalhoudingstudie geen trefslae in die VivA-korpus opgelewer het nie, is die eienaam wel in twee artikels van Netwerk24 se aanlyn koerantargief gevind. *Luoyang* is een van die nuwe woorde waarvan die algemene Afrikaanse mediauitspraak ter wille van die houdingstudie vooraf bepaal moes word, omdat die laefrekwensiepleknaam *Hangzhou* nie tot identifiseerbare verskille in die onderskeie uitsprake gelei het nie. Die resultate van die uitspraaktoets onder die Afrikaanse omroepers word in Tabel 4-33 saam met die stemkunstenaar se uitsprake van T2 en T3 uiteengesit.

Daar was vyf verskillende uitsprake van *Luoyang*, maar geen omroeper het T2 of T3 gebruik om hierdie naam te lees nie. Aangesien daar nie 'n letterkombinasie soos *uo* in Afrikaans bestaan nie, en die letter *y* in T1 as /ei/ uitgespreek word, was dit te verwagte dat daar soveel verskillende uitsprake was. Die algemene Afrikaanse mediauitspraak is derhalwe bepaal deur die frekwensies van die onderskeie letters se uitsprake te ontleed.

'n Vergelyking tussen die onderskeie uitsprake van *Luoyang* toon dat slegs die vokale in die uitspraak van die omroepers verskil het. Slegs 20% van die respondente het /uo/ in twee lettergrepe as /lie/ en /hoe/ uitgespreek, terwyl die res *uo* as een klank uitgespreek het. Geen respondent het *uo* soos T3 as /ôi/ uitgespreek nie. Die meeste respondente (90%) het *y* soos T2 en T3 as /j/ uitgespreek. Slegs een respondent (10%) het die VSA-E-uitspraak gevolg en *a* as /ê/ uitgespreek. Die oorblywende omroepers (90%) het *a* volgens T1 en T3 as /a/ uitgespreek.

**Tabel 4-33: Vergelyking van stemkunstenaar se uitsprake van *Luoyang***

| **Sin: *Luoyang* is 'n antieke Chinese stad wat jaarliks duisende besoekers lok.** | | |
|---|---|---|
| **Uitspraakleiding** | **Stemkunstenaar se uitspraak** | **Foneme wat van voorgeskrewe uitspraak verskil** |
| **T3-uitspraak: Mandaryns**<br>• YouTube-video (Pronounce Names, 2013)[56].<br>• Herspelling: /lôi.JANG/<br>• WhatsApp-stemnota ter illustrasie van die volledige woord. | **T3-uitspraak: Mandaryns**<br>• /lôi.JANG/ volgens die voorgeskrewe uitspraakleiding. | N.v.t. |
| **T2-uitspraak: VSA-E**<br>• Herspelling: /lou.JÊNG/<br>• Leiding vir onderskeie sillabes:<br>o *luo* word uitgespreek as /lou/.<br>o *yang* word y as /j/ Brooks, 2015:103) uitgespreek en *a* as /ê/ soos in *ver.*<br>• WhatsApp-stemnota ter illustrasie van die volledige woord. | **T2-uitspraak: VSA-E**<br>• /lou.JÊNG/ volgens die voorgeskrewe uitspraakleiding. | N.v.t. |

56 Klik hier om na die brontaaluitspraak (Mandaryns) van *Louyang* (Pronounce Names, 2013) te luister: https://www.youtube.com/watch?v=21cPxp7A0lg

| Sin: *Luoyang* is ’n antieke Chinese stad wat jaarliks duisende besoekers lok. | | |
|---|---|---|
| **Uitspraakleiding** | **Stemkunstenaar se uitspraak** | **Foneme wat van voorgeskrewe uitspraak verskil** |
| **T3-uitspraak: Mandaryns**<br>• YouTube-video (Pronounce Names, 2013)[56].<br>• Herspelling: /lôi.JANG/<br>• WhatsApp-stemnota ter illustrasie van die volledige woord. | **T3-uitspraak: Mandaryns**<br>• /lôi.JANG/ volgens die voorgeskrewe uitspraakleiding. | N.v.t. |
| **T1-uitspraak: Afrikaans**<br>• Herspelling: /loe.JANG/<br>• WhatsApp-stemnota ter illustrasie. | **T1-uitspraak: Afrikaans**<br>/loe.JANG/ volgens die voorgeskrewe uitspraakleiding. | **T1-uitspraak: Afrikaans**<br>N.v.t. |

Figuur 4-45 toon dat, in vergelyking met ander woorde, daar by *Luoyang* baie meer respondente (35%) was wat aangedui het dat hulle ’n verskil in die uitsprake kon hoor, maar dat hulle nie ’n uitspraak bo ’n ander verkies het nie. Van die respondente het 63% aangedui dat hulle ’n verskil kon hoor en wel ’n voorkeur vir ’n spesifieke uitspraak het. Slegs 1% het aangedui dat hulle ten spyte van die aanwesigheid van die VSA-E-uitspraak van /ê/ nie ’n verskil kon hoor nie. Die hoë persentasie wat aangedui het dat hulle nie ’n spesifieke voorkeur gehad het nie, kan toegeskryf word aan die lae frekwensie van die woord. Soos een respondent verduidelik het: “As ek nie weet hoe ’n naam moet klink nie, gee ek nie om oor die uitspraak daarvan nie.”




**Figuur 4-45: Herkenning van uitspraakverskille van Louyang**

Figuur 4-46 toon dat respondente in die geval van die LFE *Luoyang* die meeste van die T1 (1.6) uitspraak gehou het, al dui hulle kommentaar daarop dat hulle waarskynlik nie bewus was dat /loe.JANG/ die Afrikaanse uitspraak is nie. Hierna volg T3 met 1.8. Respondente het aangedui dat hulle die minste van T2 (2.7) met die kenmerkende /ê/ van VSA-E gehou het.




**Figuur 4-46: Voorkeurvolgorde van *Luoyang***

Die grootste rede wat respondente vir hulle voorkeuruitspraak vir *Luoyang* aangedui het, was "bekwaam en professioneel" (46%). Figuur 4-46 toon dat ietwat minder respondente (43%) "natuurlik en eg" gekies het, gevolg deur "warm en vriendelik" (8%). Slegs 3% het "respekvol en sensitief" gekies.




**Figuur 4-47: Redes vir T1-voorkeur vir *Luoyang***

Slegs nege respondente het addisionele kommentaar gelewer aangaande die voorkeuruitspraakredes vir LFE *Luoyang.* Die afwesigheid van kommentaar kan toegeskryf word aan die groot persentasie respondente (36%) wat aangedui het dat hulle nie ’n voorkeur vir ’n spesifieke uitspraak gehad het nie. Aangesien *Luoyang* die laaste woord in die vraelys was, kan respondentvoosheid ook ’n rede wees waarom minder respondente addisionele kommentaar wou lewer.

Tabel 4-34 gee ’n opsomming van hierdie respondente se addisionele kommentaar. Al die respondente wat kommentaar gelewer het oor hulle voorkeuruitspraak by *Louyang* het “natuurlik en eg” as die hoofrede hoekom hulle T1 verkies het, aangedui. Slegs een respondent, wat T3 korrek geïdentifiseer en die Mandarynse uitspraak as voorkeur aangedui het, het kommentaar gelewer oor toon: “Dit sou nog meer korrek vir my gewees het indien die tonaliteit van die uitspraak ook korrek Chinees was.”

**Tabel 4-34: Addisionele redes vir T1-voorkeur vir *Luoyang***

| Tema | Aanhaling |
|---|---|
| **T1-voorkeur** | • "Soos Afrikaanssprekendes dit sal uitspreek." (Respondent het natuurlik en eg" as opsie gekies.)<br>• "Ek weet nie wat die korrekte uitspraak is nie, maar dit klink die beste in Afrikaans." (Respondent het "natuurlik en eg" as opsie gekies. Die identifisering van die Afrikaanse opname was korrek.)<br>• "Ek hou van die Afrikaanse uitspraak van woorde." (Respondent het "natuurlik en eg" gekies as die rede waarom sy 'n sekere uitspraak verkies.) Sy was egter nie korrek met die identifisering van die taal nie, want sy het T3 as gunsteling aangedui. T2 was haar tweede keuse met T1 as die uitspraak waarvan sy die minste gehou het." |

Uit Figuur 4-48 is dit duidelik dat die grootste rede waarom respondente die minste van die kenmerkende VSA-E-uitspraak van *Luoyang* gehou het "onnatuurlik en pretensieus" (53%) was. Daarna volg "onbekwaam en amateuragtig" (37%), "respekloos en onsensitief" (9%), met die warmte-domein se opsie "koud en nors" (2%) die opsie wat die minste respondente as die rede vir hulle afkeuruitspraak aangedui het.




**Figuur 4-48: Redes vir T2-afkeur van *Luoyang***

In Tabel 4-35 word addisionele kommentaar aangaande die T2-afkeur van die LFE *Louyang* gegee. Alhoewel daar meer kommentaar was as vir die redes wat gegee is vir die voorkeur vir *Louyang*, was dit aansienlik minder as by ander woorde wat ook die VSA-E-uitspraak /ê/ bevat het. Hierdie verskynsel kan aan die lae frekwensie van die naam, asook moontlike respondentvoosheid toegeskryf word.

**Tabel 4-35: Addisionele kommentaar oor T2-afkeur van *Luoyang***

| Tema | Aanhaling |
|---|---|
| **Anglisisties** | **Teen Engels**<br>• "Dit wil my voorkom asof Engelse uitsprake my irriteer."<br>• "Dit klink na 'n Engelse uitspraak en glad nie reg nie."<br>**Teen veramerikaansing**<br>• "Te Amerikaans."<br>• "Woorde wat soos Amerikaanse Engels uitgespreek word, hinder my. Klink soos anglisismes in 'n uitspraak al is dit 'n erkende pleknaam."<br>• "Die veramerikaansing van Chinese name stuit my teen die bors."<br>• "Ek hou nie daarvan as die uitspraak verengels nie. Dit moet óf aanvaarbaar Afrikaans wees óf oorspronklik aan die pleknaam wees." |
| **Spesifieke foneem** | • "Weer die lelike Engelse uitspraak van die a-klank." |
| **Emotief** | **Lui**<br>• "Hy klink net lui."<br>**Onervare**<br>• "Dit klink soos 'n Afrikaanssprekende wat die woord vir die eerste keer teëkom en probeer raai wat die uitspraak moet wees." |

### 4.7.3 Koeng foe

*Koeng foe* is een van die HFW waarvan die T1-uitspraak reeds in hoofstuk 3 bepaal is. (Sien afdeling 3.4.3.3 volledige bespreking van die Afrikaanse uitspraak van hierdie leenwoord en die rasionaal agter die keuse van spelling vir die doeleindes van hierdie navorsing.) Tabel 4-36 verskaf 'n uiteensetting van die onderskeie uitsprake van die stemkunstenaar vir *koeng foe*. Wat veral opmerklik is, is die verskillende vokale wat vir elke uitspraak van die letters *oe* in *k**oe**ng* gebruik is, naamlik /ô/ (T3), /a/ (T2) en /oe/ (T1). Al die omroepers het die *foe* as /foe/ uitgespreek.

**Tabel 4-36: Vergelyking van stemkunstenaar se uitsprake van *koeng foe***

| **Sin: *Koeng foe*-legende Bruce Lee se dogter het onlangs 'n klerereeks in Frankryk bekendgestel.** | | |
|---|---|---|
| **Uitspraakleiding** | **Uitspraak van stemkunstenaar** | **Foneme wat van uitspraakleiding verskil** |
| **T3-uitspraak: Mandaryns**<br>• YouTube-video (Chinese pronunciation with Lily, 2023)[57]<br>• Herspelling: /KÔNG.foe/ | **T3-uitspraak: Mandaryns**<br>• /KÔNG.foe/ volgens voorgeskrewe uitspraakleiding | N.v.t. |
| **T2-uitspraak: VSA-E**<br>• YouTube-nuusberig met die uitspraak van koeng foe58 (ABC News, 2016)<br>• Herspelling: /KANG.foe/ | **T2-uitspraak: VSA-E**<br>• /KANG.foe/ volgens die voorgeskrewe uitspraakleiding | N.v.t. |
| **T1-uitspraak: Afrikaans**<br>• Herspelling: /KOENG.foe/ | **T1-uitspraak: Afrikaans**<br>• /KOENG.foe/ volgens die voorgeskrewe uitspraakleiding | |

Wat herkenning van die uitspraak van die HFL *koeng foe* betref, toon figuur 4-48 dat 15% van die respondente ten spyte van die hoë frekwensie van die woord aangedui het dat hulle 'n verskil in uitspraak kon hoor, maar nie 'n voorkeur vir 'n spesifieke uitspraak gehad het nie. In die geval van *koeng foe* kon hierdie tendens nie aan respondentvoosheid toegeskryf word nie, aangesien dit die eerste woord is wat in die vraelys voorgekom het. In totaal het 84% van die respondente aangedui dat hulle die verskil tussen die uitsprake kon hoor en wel een uitspraak bo die ander verkies het. Slegs 1% van die respondente het aangedui dat hulle nie 'n verskil tussen die onderskeie uitsprake kon hoor nie.

57 Klik op hierdie skakel om na die brontaaluitspraak van *koeng foe* te luister: https://www.youtube.com/watch?v=Jhd-wuKVGI0

58 Klik hier om na die VSA-E-uitspraak van *koeng foe* te luister: https://www.youtube.com/watch?v=nT88ioH2_S4




**Figuur 4-49: Herkenning van uitspraakverskille van *koeng foe***

Alhoewel die jongste ouderdomsgroep op grond van studies, soos onder andere Bayard *et al.* (2001), T1 as voorkeur aangedui het, was hulle ook die groep wat die grootse afkeur van T3 gehad het. Hierdie resultate toon dat die verskille tussen die ouderdomsgroepe nie noodwendig in hulle uitspraakvoorkeure lê nie, maar eerder in die mate wat die onderskeie groepe ’n afkeur van T2 het. ’n Moontlike verklaring vir jonger respondente se groter toleransie vir die T2-uitspraak kan waarskynlik aan die invloed van die Amerikaanse popkultuur toegeskryf word. Laasgenoemde afleiding is gebaseer op die kommentaar van verskeie jonger respondente waarin hulle na die film *Kung Fu Panda* verwys het. Hierdie gewilde animasiefliek is die eerste keer in 2008 vrygestel. Respondente tussen die ouderdomme van 18 en 39 ten tye van die 2024-houdingstudie sou tussen 2 en 23 jaar oud gewees het toe die film vrygestel is en dus waarskynlik vertroud met die temalied se woorde, wat volgens die T2-uitspraak /KANG.foe/ was (CeeLo Green, 2019).[59]

[59] Beweeg na 0:22 om die uitspraak van *koeng foe* op hierdie video te hoor: https://www.youtube.com/watch?v=QspjKVTMlL8&list=RDQspjKVTMlL8&start_radio=1




**Figuur 4-50 Voorkeurvolgorde volgens ouderdom van *koeng foe***

Figuur 4-51 toon dat die belangrikste rede vir die T1-voorkeur vir *koeng foe* "bekwaam en professioneel" was, met "natuurlik en eg" (44%) as die tweede grootste rede.




**Figuur 4-51: Redes vir T1-voorkeur vir *koeng foe***

Soos by die HFE *Meksiko*, is daar heelwat kommentaar wat na die "Afrikaanse" spelling van die woord as 'n rede vir T1-voorkeu r verwys. Addisionele temas wat in Ttabel 4-37 aangedui word, het te make met die woordtipe, of met suprasegmentele aspekte, soos toon.

**Tabel 4-37: Addisionele kommentaar vir T1-voorkeur vir *koeng foe***

| Tema | Aanhaling |
|---|---|
| **T1-voorkeur** | • "Dit klink meer soos Afrikaans." (Respondent het "natuurlik en eg" as voorkeurrede gekies.)<br>• "Ek verkies die uitspraak van *koeng* in die eerste opname. Dit is vir my natuurliker Afrikaans."<br>• Afrikaans hoef nie 'n unieke uitspraak te skep van internasionale aanvaarbare en erkende woorde nie. Drink ons Coke of Kola? Snuif hy coke of kokaïne?"<br>• "Nommer 1 klink Afrikaans; en nommer 2 en 3 nie." |
| **Vertroudheid** | • "Dit is die uitspraak waaraan ek gewoond is."<br>• "Dit is hoe ek, my vriende en familie dit uitspreek." |
| **Spelling** | • "Aangesien die woord 'n Afrikaanse spelling toon, behoort dit met 'n Afrikaanse uitspraak gelees te word."<br>• "Volgens Afrikaanse spelreëls is hierdie uitspraak reg."<br>• "As ek na die spelling kyk, en fu word /foe/, maak /koeng/ meer sin as /kong/ of /kang/." (Skuinsstrepe om herspelling aan te dui, is deur navorser aangebring.) |
| **Woordtipe** | • "Net omdat dit 'n leenwoord is, beteken dit nie die woord moet uitgespreek word soos in die oorspronklike taal nie." |
| **Suprasegmenteel** | • "Dit klink net vir my sagter op die oor."<br>• "Klem op woorde in sin verhelder begrip by aanhoorder." (Respondent dui "bekwaam en professioneel" as rede vir voorkeur aan.) |
| **Emotief** | **Ingelig**<br>• "Hy weet wat die korrekte uitspraak is." |
| **Voorkeur ten spyte van redes** | • "Eerlikwaar gaan dit net oor hoe die woord self vir my klink. Nie een van die opsies wat gegee word, is eintlik 'n rede nie." (Respondent het "bekwaam en professioneel" as rede gekies.)<br>• "Die vraag het vir my niks te doen met hoe die omroeper klink nie. Dit gaan tog oor drie moontlike uitsprake van 'n Chinese woord in Afrikaans?" |

Uit Figuur 4-52 is dit duidelik dat "onnatuurlik en pretensieus" (62%) en "onbekwaam en amateuragtig" (32%) die grootste redes was waarom respondente nie van die T2-uitspraak gehou het nie. Ewe veel respondente het "koud en nors" (2%) en "respekloos en onsensitief" (2%) as redes vir T2-afkeur gekies.




**Figuur 4-52: Redes vir T2-afkeur van *koeng foe***

Temas wat uit die addisionele kommentaar geïdentifiseer is met aanhalings om die temas te ondersteun, word in Tabel 4-38 uiteengesit.

**Tabel 4-38: Addisionele kommentaar vir T2-afkeur van *koeng foe***

| Tema | Aanhaling |
|---|---|
| **Anglisisties** | • "Klink soos 'n Engelse uitspraak."<br>• "Dis 'n Amerikaans-Engelse uitspraak." (Respondent is verkeerd aangesien die VSA-E en GB-E van die leenwoord beide /KANG.foe/ is.) |
| **Onvertroud** | • "Ek is nie bekend met die uitspraak nie." (Respondent het "onnatuurlik en pretensieus" as rede vir afkeur gegee.)<br>• "Die uitspraak is volksvreemd." (Respondent het "onnatuurlik en pretensieus" as rede vir afkeur gegee.) |
| **Spelling** | • "Die spelling en uitspraak is nie dieselfde nie." |
| **Emotief** | **Dom**<br>• "En hy is dom ook."<br>**Passieloos**<br>• "Word eentonig uitgespreek sonder enige passie."<br>• "Doen net sy werk sonder passie." |
| **Suprasegmenteel** | **Rekenaarmatig**<br>• "Die uitspraak van koeng foe is onnatuurlik en klink rekenaarmatig." (Respondent kies "onnatuurlik en pretensieus" as rede vir afkeur.) |

| Tema | Aanhaling |
|---|---|
| | • "Dit klink soos 'n kunsmatige-intelligensiestem wat koeng nie reg uitspreek nie." (Respondent het "onnatuurlik en pretensieus" as rede vir T2-afkeur gekies.)<br>**Pousering**<br>• "Te lang pouses tussen die woorde." (Respondent het "onnatuurlik en pretensieus" as rede vir T2-afkeur gekies.) |

### 4.7.4 Ejiao

*Ejiao,* 'n gelatienagtige stof afkomstig van donkievelle wat in tradisionele medisyne gebruik word (Luther, 2024) is een van die nuwe woorde waarvan die algemene Afrikaanse mediauitspraak ter wille van die eksperiment in hoofstuk 4 bepaal moes word. In tabel 4-39 kan die T3- en T3-uitsprake van *ejiao* gesien word. Hierdie uitsprake is gebaseer op die ontleding van die omroepers se uitspraak om vas te stel watter linguistiese verwysingsraamwerk deur die omroepers gebruik is met die uitspraak van *ejiao*.

As gevolg van die letterkombinasies van onder andere *iao,* wat nie in T1 of T2 voorkom nie, het omroepers hierdie woord op nege verskillende maniere uitgespreek. Slegs twee omroepers (20%) het dieselfde uitspraak gevolg deur die woord as /ie.DJAU/ uit te spreek. 'n Nasionale sportaanbieder het die naaste aan die brontaaluitspraak gekom, maar die abnormale geronde middellae voorvokaal /uh/ soos in die woord *r**u**s* is met 'n ongeronde, middellae, sentrale vokaal /ih/ soos in *s**i**n* vervang. Aangesien daar soveel verskillende uitsprake was, is die woord op fonemiese vlak ontleed om die algemene Afrikaanse mediauitspraak van *ejiao* te vas te stel.

Die meerderheid respondente (60%) het die woord as twee sillabes soos T3 uitgespreek, waarvan almal (100%) die tweede sillabe soos T3 en die T1- uitspraak van /au/ in *G**au**teng* gelees het. Die oorblywende 40% het die vokaalkluster *iao* in twee lettergrepe verdeel: drie van hierdie respondente het dit in sillabes met vokaalkerne /ie/ en /au/ soos in *G**au**teng* verdeel. Een persoon het *iao* in twee lettergrepe met /a/ en /oe/ as vokaalkerne uitgespreek. (Sien bylae? vir 'n transkripsie van die onderskeie uitsprake.)

Die letter *e* aan die begin van die woord het benewens /ih/ (10%) ook twee ander uitsprake tot gevolg gehad. Vier omroepers (40%) het T1 gevolg en *e* soos /eh/ in ***e**kstra* uitgespreek. Die meerderheid omroepers (50%) het T2 deur *e* as /ie/ uit te spreek (Brooks, 2015:345).

Die enigste konsonant in die woord *j* is op vier verskillende maniere uitgespreek, naamlik /h/, dzj/, /zh/ en /j/. Slegs een respondent (10%) het die Afrikaanse letteruitspraak /j/ gevolg. Een omroeper

(10%) het /zj/ soos ***g**enre* gelees en drie omroepers (30%) het T1 (AWS, reël 20.16), T2 (Brooks, 2015:20) of T3 gevolg deur *j* as /dzj/ uit spreek. Die meeste omroepers (50%) het die konsonant as /h/ as ’n halfvokaal in koartikulasie met /au/ uitgespreek.

**Tabel 4-39: Vergelyking van stemkunstenaar se uitsprake: *ejiao***

| **Sin: *Ejiao* is ’n bestanddeel wat in tradisionele, Chinese medisyne gebruik word.** | | |
|---|---|---|
| **Uitspraakleiding** | **Uitspraak van stemkunstenaar** | **Foneme wat van voorgeskrewe uitspraak verskil** |
| **T3-uitspraak: Chinees**<br>• Herspelling: /uh.DZJAU//<br>• Spesifieke foneme (Yoyo Chinese, 2022):<br>o *e* word uitgespreek as /uh/ soos in *r**u**s.*<br>o *j* word uitgespreek as /dzj/ soos in die Engelse woord ***j**eep.*<br>o *iao* word uitgespreek as /au/ soos in die pleknaam *G**au**teng.*<br>• WhatsApp-stemnota om uitspraak te illustreer. | **T3-uitspraak: Chinees**<br>• /UH.dzjau/ volgens voorgeskrewe uitspraakleiding | N.v.t. |
| **T2-uitspraak: Engels**<br>• Herspelling: /IE.djie.hau/ (OpenAI, 2025)[60]<br>• WhatsApp-leiding: Die woord word as drie lettergrepe uitgespreek met jiao wat in twee lettergrepe as /dzjie/ en /hau/ verdeel word<br>• Uitspraakleiding van alfabetletters in ’n VSA-E-aksent:<br>o *e* word uitgespreek as /ie/ soos deur die volgende letters met hulle frekwensie | **T2-uitspraak: Engels**<br>• /IE.dzjie.HAU/ | N.v.t. |

[60] Aangesien daar geen bronne vir leiding tot die T2-uitspraak gevind kon word nie, is ChatGPT (OpenAI, 2025) geraadpleeg. Die versoek aan ChatGPT vir die uitspraak van *ejiao* was soos volg: “How would an American English speaker without any knowledge of Mandarin pronounce the word *ejiao*?” OpenAI (2025) het /IE.dzjau/, EI.dzjau/ en /IE.dzjie.hau/ as opsies verskaf waar die laaste uitspraak die vokale langs mekaar as twee verskillende lettergrepe uitgespreek het. /IE.dzjie.hau/ is uiteindelik in die persepsievraelys ingesluit omdat dit perseptueel die meeste van die T1- en T3-uitspraak verskil.

<table>
<tr><th colspan="3">Sin: Ejiao is ’n bestanddeel wat in tradisionele, Chinese medisyne gebruik word.</th></tr>
<tr><th>Uitspraakleiding</th><th>Uitspraak van stemkunstenaar</th><th>Foneme wat van voorgeskrewe uitspraak verskil</th></tr>
<tr><td>uitgebeeld word: e in be (14%) en ee in see en keep (9%) (Sounds American, 2022a).<br>o j word uitgespreek soos die letter j in Engelse woorde soos judge, job en June. Volgens Sounds American (2022b) word die foneem /dzj/ 26% van die gevalle deur die letter j aangedui en 63% deur die letter g soos in die woorde change en gym.<br>o i word ook uitgespreek as ie in 12% van Engelse woorde soos police en radio (Sounds American, 2022a).<br>o ao word soos /au/ in die woord Gauteng uitgespreek.<br><br>• Herspelling volgens aksent: /ie.dzjie.HAU/<br>• WhatsApp-stemnota om uitspraak te illustreer.</td><td></td><td></td></tr>
<tr><td>T1-uitspraak: Afrikaans<br>• /ie.HAU/</td><td>T1-uitspraak: Afrikaans<br>• /ie.HAU/ volgens voorgeskrewe uitspraakleiding.</td><td>T1-uitspraak: Afrikaans<br>• e uitgespreek as /ie/ in plaas van /uh/<br>• j uitgespreek as /h/ in plaas van /dzj/</td></tr>
</table>

Net 2% respondente, soos in Figuur 4-53 aangedui, het laat blyk dat hulle nie ’n verskil tussen die uitsprake kon hoor nie. Slegs 51% (die laagste persentasie vir enige woord in die studie) het aangedui dat hulle ’n verskil kon hoor en ’n spesifieke uitspraak verkies. Hierteenoor het 46% (die hoogste persentasie vir enige woord in die studie) te kenne gegee dat hulle nie ’n voorkeur vir ’n spesifieke uitspraak gehad het nie. Hierdie resultate is in teenstelling met die ander LFL’s *umqombothi* en *quesadilla*, waar meer as 80% respondente by beide woorde aangedui het dat hulle die T3-uitspraak verkies.




**Figuur 4-53: Herkenning van uitspraakverskille van *ejiao***

Die gegewens in Figuur 4-54 toon dat respondente T2 (1.8) as voorkeuruitspraak aangedui het. Hierna volg die T1 met 2.0. Respondente het die minste van die T3-uitspraak (2.1) gehou. T2 het in hierdie geval nie kenmerkende T2-foneme soos /ê/, /ei/ of /ou bevat nie. Soos met ander LF-woorde, kon respondente ook nie die uitsprake korrek identifiseer nie.




**Figuur 4-54: Voorkeurvolgorde: *ejiao***

By die LFL *ejiao*, het slegs 51% van die respondente (die laagste vir alle toetswoorde in hierdie studie) aangedui dat daar wel 'n uitspraak was wat hulle bo die ander verkies het. T2 (1.8) is as daardie uitspraak aangedui, met "bekwaam en professioneel" (46%) die grootste hiervoor. Soos

uitgebeeld in Figuur 4-55, was “natuurlik en eg” (37%) respondente se grootste rede vir die afkeurkeuse, gevolg deur “respekvol en sensitief” (9%) met “warm en vriendelik” (6%) wat die minste invloed gehad het.




**Figuur 4-55 Redes vir T2-voorkeur: *ejiao***

Slegs 15 respondente het by hierdie gedeelte van die vraelys addisionele kommentaar gelewer, en slegs twee van hulle het T2 as hulle voorkeuruitspraak aangedui. Hierdie twee respondente se kommentaar word volgens temas en met stawende aanhalings in Tabel 4-40 uiteengesit.

**Tabel 4-40: Addisionele kommentaar aangaande T2-voorkeur: *ejiao***

| Tema | Aanhaling |
|---|---|
| **Emotief** | **Aanvaarbaar**<br>“Uitspraak aanvaarbaar, maar woord te lank uitgerek.” (Respondent kies “respekvol en sensitief” as rede vir voorkeur.) |
| **Spelling** | “Ek dink maar net ek sal ten minste volgens sy uitspraak dié vreemde woord kan herken as ek dit iewers lees.” (Respondent kies “natuurlik en eg” as rede vir T2-voorkeur.) |

Figuur 4-56 dui die grootste redes vir die T3-afkeur van die LFL *ejiao* aan, naamlik “onnatuurlik en pretensieus” (52%) en “onbekwaam en amateuragtig” (39%). Hierna volg “respekloos en onsensitief” (5%) met “koud en nors” (2%) wat deur die minste respondente gekies is. Slegs ses respondente het kommentaar gelewer, wat toegeskryf kan word aan die hoë persentasie respondente (46%) wat aangedui het dat hulle wel ’n verskil kon hoor, maar nie ’n voorkeur vir ’n sekere uitspraak gehad het nie. Hierdie tendens word soos volg deur ’n respondent verwoord:

“Indien ’n leser onseker is oor die uitspraak van ’n baie ongebruikte woord, laat my geen oordele vel nie.” Die afwesigheid van tipiese VSA-E-klanke soos /ou/ en /ei/ by respektiewelik *o* en *a* kan ook ’n rede vir hierdie verskynsel wees. Verder is daar geen gemerkte klanke soos die klapklanke van Zoeloe nie. Die spelling van *ejiao* bevat letters wat bekend is aan Afrikaanssprekendes as gevolg van hulle T2- en T3-kennis, soos die stemhebbende palatale affrikaat /dzj/ wat onderskeidelik in die woorde ***j**udge* (E) en *in**j**a* voorkom.




**Figuur 4-56: Redes vir T3-afkeur: *ejiao***

Uit die ses respondente wat by die redes vir afkeur van die LFL *ejiao* addisionele kommentaar gelewer het, het slegs twee T3 as hulle afkeurkeuse aangedui. Beide hierdie respondente het “onkundigheid” as die rede vir hulle afkeur aangedui. Die oorblywende vier respondente, wat almal T2 as die uitspraak waarvan hulle die minste hou, aangedui het, het negatiewe kommentaar gelewer oor die drie sillabes waarmee die stemoproeper die woord uitgespreek het. Ter stawing van laasgenoemde stelling het een respondent, ten spyte daarvan dat hy of sy erken het dat hy of sy nie geweet het wat die korrekte uitspraak is nie, die volgende addisionele kommentaar gelewer: “Die ekstra klankgreep klink onnatuurlik en onnodig, maar ek ken nie die regte uitspraak nie.”

### 4.7.5 Samevatting: Afrikaanssprekendes se houding oor mediauitspraak van Mandaryns

Ten spyte van die verskillende uitsprake van *w* en die aanwesigheid van die VSA-E */ê/*, het meer respondente as by enige ander toetswoorde (4%) by *Wuhan* aangedui dat hulle nie ’n verskil in die onderskeie uitsprake kon hoor nie. Uit die resultate in figuur 4-56 is dit opmerklik dat 'n relatief

groot aantal respondente by die LFW aangedui het dat hulle nie een voorkeur bo die ander het nie. ’n Groter aantal respondente het by *Luoyang* (63%) as by *ejiao* (51%) aangedui dat hulle ’n sekere uitspraak bo die ander verkies. Hierdie resultaat kan toegeskryf word aan die negatiewe houding wat respondente oor die VSA-E-uitspraak van *a* as /ê/ het. Dit is ook ’n verdere bevestiging van die vermoede dat respondente meer weerstand teen die VSA-E-uitspraak van vokale as teenoor konsonante het.




**Figuur 4-57: Herkenning van uitspraakverskille van Mandaryns**

Die gemiddelde waardes in die regterkantste kolom van figuur 4-57 toon dat respondente ewe veel van T1 (1.8) as van T3 (1.8) gehou het. *Luoyang* het die grootste T1-voorkeur (1.6) gehad en respondente het die minste van *Wuhan* se T2-uitspraak (2.9) gehou. Die LFL *ejiao* is die enigste woord waar respondente die meeste van die T2-uitspraak (1.9) gehou het.




**Figuur 4-58: Voorkeurvolgorde van Mandaryns**

Die laaste kolom in figuur 4-58 dui aan dat die grootste rede vir die voorkeur vir T1- en T3-uitsprake van Mandarynse woorde binne die kompetensie- en statusdomein "bekwaam en professioneel" (50%) was. Die tweede belangrikste rede wat gegee is, is "natuurlik en eg" (40%), gevolg deur "warm en vriendelik" en "respekvol en sensitief" waarvan beide deur 5% van die respondente gekies is.




**Figuur 4-59: Voorkeurredes vir Mandaryns**

Figuur 4-60 toon dat die gemiddelde volgorde van die afkeurredes vir die Mandarynse toetsitems soos volg was: "onnatuurlik en pretensieus" (57%), "onbekwaam en amateuragtig" (36%),

“respekloos en onsensitief” (6%) en “koud en nors” (2%). Soos by die HFW, waar respondente ’n groter afkeur van T2 gehad het, wil dit voorkom of meer respondente by hierdie woorde “onnatuurlik en pretensieus” as die rede vir hulle afkeur van T2 gegee het.




**Figuur 4-60: Respondente se afkeurredes vir Mandaryns**

## 4.8 Vergelykings van resultate

Ten einde vas te stel of daar enige algemene tendense ten opsigte van die onderskeie tale en woordtipes geïdentifiseer kon word, is al die resultate van die hoofstuk verenig. Tensy anders vermeld, verteenwoordig alle persentasies en getalle die gemiddelde waardes.

### 4.8.1 Vergelyking van herkenning

Figuur 4-61 dui aan dat ’n gemiddeld van 76% van die respondente verskille in die uitsprake kon hoor en sekere voorkeure gehad het. Hierteenoor het 22% van die respondente aangedui dat hulle, selfs al kon hulle ’n verskil in uitsprake hoor, nie ’n voorkeuruitspraak gehad het nie. Slegs 2% van die respondente kom nie ’n verskil in uitspraak waarneem nie.

Al die tale het hierdie patroon van uitspraakherkenning gevolg, maar dit is opmerklik dat daar aansienlik meer respondente by Mandaryns aangedui het dat hulle nie ’n voorkeur vir enige uitspraak gehad het nie (28% teenoor 21% vir Zoeloe en 19% vir Spaans). Hierdie tendens ondersteun Ting en Puah (2015) se navorsing wat toon dat sprekers nie sterk houdings vorm oor tale waarmee hulle nie baie in aanraking kom nie.

Alhoewel Afrikaanssprekendes nie noodwendig gereeld met Spaanse moedertaalsprekers in aanraking kom nie, kan die feit dat die Spaanse woorde se frekwensie hoër as die Mandarynse woorde se frekwensie ’n rede wees waarom die meeste respondente (80%) aangedui het dat hulle ’n spesifieke voorkeuruitspraak vir Spaanse woorde het. Verder moet in gedagte gehou word dat Afrikaans en Spaans beide tot die Indo-Europese taalfamilie behoort het en sekere gedeelde eienskappe het wat nie tussen Afrikaans en Mandaryns bestaan nie.

Ten spyte van die feit dat Mandaryns en Zoeloe aan taalfamilies behoort wat ver van die Indo-Europese taalfamilie verwyder is, het minder respondente by Zoeloe (21%) as by Mandaryns (28%) aangedui dat hulle nie ’n voorkeur vir ’n spesifieke uitspraak gehad het nie. Hierdie tendens kan toegeskryf word aan die feit dat Zoeloe een van Suid-Afrika se inheemse tale is en Afrikaanssprekendes dikwels met Zoeloesprekers interaksie het. Een van die respondente verduidelik hierdie ongeërgdheid teenoor nie-inheemse tale soos volg: “As gebore Suid-Afrikaner is dit makliker om voorkeure te hê vir die korrekte uitsprake van leenwoorde uit Suid-Afrikaanse tale as vir oorsese of minder bekende tale waarmee ek in elk geval nie kontak het nie.”




**Figuur 4-61 : Herkenning van uitspraakverskille van al die tale**

Figuur 4-62 toon dat meer respondente by die HFW’s (gemiddeld 81%) as die LFW’s (gemiddeld 70%) aangedui het dat hulle ’n onderskeid tussen die uitsprake kon hoor en sekere uitsprake bo ander verkies. In ooreenstemming hiermee het meer respondente by LFW’s (gemiddeld 29%) as by HFW’s (gemiddeld 17%) aangedui dat, alhoewel hulle die verskillende uitsprake kon hoor, hulle nie ’n voorkeur vir ’n spesifieke uitspraak gehad het nie. Hierdie verskille kan aan die frekwensie waarin die onderskeie woorde in Afrikaans voorkom, toegeskryf word. Aangesien

respondente nie vertroud is met sekere uitsprake van LFW's nie, het hulle ook nie enige verwagtinge oor die uitspraak daarvan nie en is enige uitspraak aanvaarbaar.




**Figuur 4-62: Herkenning van uitspraakverskille van al die woordtipes**

### 4.8.2 Vergelyking van voorkeurvolgorde

Figuur 4-63, wat die voorkeurvolgorde van die onderskeie tale voorstel, dui aan dat respondente by Spaans (1.9) en Mandaryns (1.8) ewe veel van T1 as T3 gehou het. Vir Zoeloe het respondente effens meer van T1 (1.7) as T3 (1.9) gehou. Die regterkantste kolom dui aan dat respondente ook ietwat meer van T1 (1.8) as T3 (1.9) gehou het. Dieselfde kolom toon dat respondente die minste van T2 (2.4) gehou het. Alhoewel nie veel nie, was die afkeur van T2 by Zoeloe (2.4) en Mandaryns (2.5) ietwat meer as by Spaans (2.3). Hierdie verskil kan verklaar word aan die hand van figuur 4-37 wat toon dat respondente bykans ewe veel van die T2-uitspraak van die Spaanse leenwoorde *vigilante* en *quesadilla* gehou het – keuses wat die gemiddelde afkeur van T2 by die Spaanse woorde laer as by die ander tale gemaak het.




**Figuur 4-63: Voorkeurvolgorde van al die tale**

In Figuur 4-65, wat die voorkeuruitsprake van die onderskeie woordtipes uitbeeld, is dit duidelik dat T2 nie in enige kategorie respondente se voorkeur was nie. By die HFW's het respondente konsekwent T1 as hulle voorkeuruitspraak aangedui. Hierdie gegewens toon dat voorkeuruitspraak nie noodwendig deur woordtipes (eiename en leenwoorde) beïnvloed word nie, maar eerder deur frekwensie, omdat respondente nie 'n vooropgestelde idee het van hoe LFW's uitgespreek moet word nie.

Uit addisionele kommentaar wat respondente aan die einde van die vraelys gegee het, kan die afleiding gemaak word dat alhoewel die breë kategorie woordtipes nie 'n invloed op uitspraakvoorkeur het nie, respondente wel sterk menings aangaande eiename uit inheemse en nie-inheemse tale huldig. Kommentaar soos die volgende toon dat respondente 'n T3-voorkeur vir die uitspraak van eiename in inheemse tale het:

- "Name van inheemse, Suid-Afrikaanse tale moet, waar moontlik, in daardie taal uitgespreek word."
- "Dit is vir my meer sensitief en aanvaarbaar as plekname in Afrikatale met die regte oorspronklike uitspraak oorgedra word."
- "Ek is nie meer vertroud met al die Suid-Afrikaanse plekname nie, maar sou altyd probeer om die oorspronklike uitspraak te respekteer."

In teenstelling hiermee was sommige respondente weer van mening dat LFE's uit nie-inheemse tale eerder in 'n T1- of T2-aksent uitgespreek moet word:

- “Afrikaans en Engels is algemene tale en daarom kan name wat vreemd aan albei die tale is gerus in Afrikaans uitgespreek word.”
- “Plekname moet in Afrikaans uitgespreek word as die uitspraak in die vreemde taal en Engels vreemd is.”




**Figuur 4-64: Voorkeurvolgorde van al die woordtipes**

### 4.8.3 Vergelyking van voorkeurredes

In Figuur 4-65 word die voorkeurredes van die betrokke tale met mekaar vergelyk. Uit hierdie voorstelling is dit duidelik dat “bekwaam en professioneel” (47%) gemiddeld die belangrikste rede vir respondente se voorkeuruitspraak was. Hierna volg “natuurlik en eg” (41%) met ewe veel respondente wat aangedui het dat “warm en vriendelik” (6%) en “respekvol en sensitief” (6%) die redes is waarom hulle sekere uitsprake bo ander verkies.

Die redes by Zoeloe-woorde wyk ietwat af van hierdie patroon met respondente wat “respekvol en sensitief” (10%) belangriker as “warm en vriendelik” (6%) as redes vir hulle uitspraakvoorkeur geag het –’n voorspelbare resultaat binne die Suid-Afrikaanse konteks waar sprekers van Afrikaans en Zoeloe daagliks met mekaar in kontak is.




**Figuur 4-65: Voorkeurredes van al die tale**

’n Vergelyking van al die woordtipes se voorkeurredes in figuur 4-65 toon dat HFE’s die enigste woordtipe is waar respondente “bekwaam en professioneel” (43%) net so belangrik as “natuurlik en eg” (43%) as rede vir hulle voorkeuruitspraak beskou het. By al die ander woordtipes was “bekwaam en professioneel” (47%) die belangrikste voorkeurrede. Die resultate toon verder dat die persoonlikheidseienskap “warm en vriendelik” (9%) by HFE’s belangriker as by die woordtipes was. Net so was “respekvol en sensitief” (9%) as die belangrikste rede by LFL’s in vergelyking met ander woordtipes beskou.

Uit die addisionele kommentaar wat aan die einde van die vraelys verskaf is, is dit duidelik dat, alhoewel “respekvol en sensitief” nie altyd as die rede vir ’n voorkeur gekies is nie, respondente dit steeds in hulle kommentaar uitgelig het en dit as ’n belangrike faktor beskou het.




**Figuur 4-66: Voorkeurredes vir al die woordtipes**

### 4.8.4 Vergelyking van afkeurredes

In Figuur 4-67 word die afkeurredes van die betrokke tale met mekaar vergelyk. Uit hierdie vergelyking blyk dit dat die teenpole ("onnatuurlik en pretensieus" met 56% en "onbekwaam en amateuragtig" met 35%) van die grootste voorkeurredes ("bekwaam en professioneel" met 47% en "natuurlik en eg" met 39%) deur die meeste respondente as redes vir die uitspraak waarvan hulle die minste hou, gegee is. In teenstelling met die voorkeurredes, word meer waarde aan die egtheids- as die bekwaamheidsdomein geheg.

Terwyl "respekvol en sensitief" en "warmte en vriendelik" deur ewe veel respondente (6%) as die rede vir hulle voorkeuruitspraak gegee is, het bitter min "koud en nors" (2%) in die warmte-domein as die rede vir hulle afkeur aangedui. Soos met die voorkeurredes was inagneming van die brontaalsprekers, uitgedruk as "respekloos en onsensitief", belangriker by Zoeloe as by die ander tale.




**Figuur 4-67: Afkeurredes vir al die tale**

Figuur 4-68, wat 'n vergelyking van die onderskeie woordtipes se afkeurredes bied, toon dat hierdie redes van die woordtipes ooreenstem met dié van die onderskeie tale, met "onnatuurlik en pretensieus" as die belangrikste rede waarom respondente nie van 'n spesifieke uitspraak gehou het nie, gevolg deur "onbekwaam en amateuragtig". "Respekloos en onsensitief" en "koud en nors" is deur die minste respondente as rede vir hulle afkeuruitspraak gegee. Slegs 50% van die respondente het by die LFL's aangedui dat "onnatuurlik en pretensieus" die grootste rede vir hulle afkeur was. Addisionele kommentaar oor die redes vir hulle afkeur, wat respondente aan die einde van die vraelys gegee het, word in meer besonderhede in hoofstuk 5 bespreek.




**Figuur 4-68: Afkeurredes vir al die tale**

## 4.9 Gevolgtrekking

Ten einde vas te stel wat Afrikaanssprekendes se houding teenoor die algemene Afrikaanse mediauitspraak van ’n spesiale leksikon is, is ’n houdingstudie onder 462 T1-sprekers van Afrikaans gedoen. Wat die spesifieke navorsingsvrae van hierdie hoofstuk, soos in afdeling 4.4.1 uiteengesit, betref, het die houdingstudie getoon dat die hipotese wat verklaar dat Afrikaanssprekendes ’n spesifieke houding teenoor die algemene Afrikaanse mediauitspraak van eiename en leenwoorde uit vreemde tale het geldig is. Alhoewel daar nie ’n verskil in houding tussen die woordtipes van eiename en leenwoorde was nie, het faktore soos frekwensie, spelling en verskeie emotiewe redes die respondente se houding teenoor die Afrikaanse mediauitspraak van ’n spesiale leksikon beïnvloed. Een van die belangrikste gevolgtrekkings wat uit die houdingstudie gemaak kon word, is dat T2, en spesifiek VSA-E, se uitspraak vermy moet word, aangesien respondente T1 en T3 by uitstek verkies.

# HOOFSTUK 5 SLOT

## 5.1 Inleiding

In die laaste hoofstuk van hierdie proefskrif word ’n opsomming van die bevindings van die navorsing gegee. Die hoofdoelwit van hierdie studie was om die relevante aspekte van ’n meerdoelige Afrikaanse uitspraakwoordeboek te ondersoek. Meer spesifiek was die doelwit om die empiriese en konseptuele grondslag vir ’n meerdoelige Afrikaanse uitspraakwoordeboek wat geskik is vir hedendaagse uitsaaikontekste, onderrigomgewings en taaltegnologie, te lê. Daar is hierin veral gefokus op drie onderling verweefde leemtes:

(i) die afwesigheid van ’n resente, eindgebruikergerigte uitspraakbron vir Afrikaans;

(ii) die gebrek aan sistematiese kennis oor hoe Afrikaanssprekende mediapraktisyns eiename uit nie-Germaanse tale (Zoeloe, Spaans en Mandaryns) werklik uitspreek; en

(iii) die afwesigheid van navorsing oor Afrikaanssprekendes se houdings teenoor verskillende uitspraakstrategieë vir sodanige items.

Die studie wou dus drie navorsingsvrae beantwoord, naamlik:

1. Is daar ’n behoefte aan ’n Afrikaanse uitspraakwoordeboek?
2. Wat is die algemene Afrikaanse mediauitspraak van ’n spesiale leksikon?
3. Wat is die houding oor die algemene Afrikaanse mediauitspraak van ’n spesiale leksikon?

Die antwoorde van hierdie vrae, asook praktiese aanbevelings vir leksikograwe en taaltegnologieprodukte word in hierdie hoofstuk bespreek. Ten slotte word enkele opmerkings oor die beperkings, bydrae en verdere navorsingsmoontlikhede voortspruitend uit die proefskrif gemaak.

## 5.2 Behoefte aan ’n Afrikaanse uitspraakwoordeboek

Om die eerste navorsingsvraag te beantwoord, is ’n behoeftebepaling onder ’n steekproef van 28 respondente gedoen wat in verskillende hoedanighede as nuuslesers, sportaanbieders, joernaliste of programaanbieders by die uitsaaiwese betrokke is. Die toetsinstrumente van die behoeftebepaling het bestaan uit ’n elektroniese vraelys, gevolg deur ’n semigestruktureerde onderhoud.

Die elektroniese vraelys het ’n afdeling bevat waar respondente hulle uitspraak van die geselekteerde tale moes beoordeel. Ander vrae het gehandel oor die ideale omvang en formaat van ’n woordeboek wat aan die uitspraakbehoeftes van die respondente sou voldoen.

Tydens die semigestruktureerde onderhoud is aspekte soos die gebruiksituasie waarin sodanige woordeboek gebruik sou word, ondersoek. Die invloed wat eksterne faktore soos die respondente se werkgewers (radio- en televisiestasies), kollegas en luisteraars of kykers op hulle behoefte aan uitspraakleiding het, is ook bespreek.

Die belangrikste gevolgtrekkings kan soos volg opgesom word:

1. Met slegs een respondent wat aangedui het dat hy of sy nie ’n behoefte aan uitspraakleiding vir vreemde tale het nie, kan die gevolgtrekking gemaak word dat daar onder Afrikaanssprekendes in die uitsaaiwese ’n besliste behoefte aan uitspraakleiding vir eiename en leenwoorde uit vreemde tale is.
2. Tot watter mate dié behoefte ook teenwoordig is onder ander toepassingsgroepe (byvoorbeeld skoolleerders en -onderwysers, of ontwikkelaars van taaltegnologiese toepassings) sal opvolg navorsing gedoen moet word. Die voorspelling hier is dat gebruikers in die opleidingsfeer se behoeftes nie soseer op uitspraakleiding vir eiename en leenwoorde uit vreemde tale sal wees nie, maar dalk eerder op alledaagse en/of moeilike woorde in Afrikaans. Taaltegnoloë se behoefte sal waarskynlik beide van hierdie woorddomeine dek, aangesien spraaktegnologie geskik moet wees vir ’n breë spektrum van toepassing.
3. Die meeste respondente het nie net hulle uitspraak van Zoeloe-leenwoorde en -eiename as gemiddeld geëvalueer nie, maar het ook in die kommentaar aangedui dat hulle leiding vir Suid-Afrikaanse inheemse tale benodig. Hierdie behoefte hou veral verband met die uitspraak van moeilike foneme in die inheemse Suid-Afrikaanse tale, omdat respondente nie weet waar die verskillende klapklanke gevorm word nie. Alhoewel dit makliker is om te vorm, word die dentale /c!/-klapklank in name soos *Cele* pertinent genoem, omdat respondente minder vertroud daarmee is as met die laterale klapklank /x!/ in ’n woord soos *Xhosa*.
4. Aansluitend hierby was dit duidelik dat die gehoor van ’n radio- of televisiestasie die grootste invloed op die keuse van ’n aksent blyk te hê. Alhoewel die meeste respondente aangedui het dat hulle leiding oor die brontaalaksent ontvang, het hulle aangedui dat die gevolge van die verkeerde uitspraak van tale soos Chinees tydens uitsendings nie so rampspoedig is soos wanneer woorde in inheemse tale verkeerd uitgespreek word nie.

5. Of dieselfde behoefte ook bestaan ten opsigte van ander inheemse tale wat nie klapklanke het nie, sal toekomstige navorsing moet bevestig. 'n Mens sou egter kon voorspel dat alle foneme wat nié inheems aan Afrikaans is nie, potensieel probleme vir eindgebruikers is.
6. Dit het ook geblyk dat die ortografie van 'n taal nog 'n aspek is wat uitspraakbehoefte bepaal, met talle respondente wat genoem het dat tale met 'n fonemiese ortografie, soos Russies en Spaans, baie makliker is as tale soos Chinees en Frans. Taalfamilies blyk egter nie so 'n sterk invloed op die behoefte aan uitspraakleiding te hê nie, aangesien respondente ewe veel uitspraakleiding vir Nederlands en Duits, wat soos Afrikaans deel van die Wes-Germaanse vertakking van die Indo-Europese taalfamilie is, as wat hulle uitspraakleiding vir ander taalfamilies benodig.
7. Die gebruiksituasie waarin respondente uitspraakleiding benodig, was die belangrikste oorweging in die besluit oor beide die toestel en metode van uitspraakleiding om te gebruik, met talle respondente wat aangedui het dat spoed en internettoegang die geskikste toestel sal bepaal. Met laasgenoemde in ag genome, blyk 'n slimfoon met 'n toepassing, weens die mobiliteit daarvan, die praktieste opsie te wees. Nog 'n rede waarom respondente 'n slimfoontoepassing as die praktieste oplossing beskou, is omdat hulle nie altyd by hulle rekenaars is nie en dit tyd neem om 'n rekenaar aan te skakel en aan die internet te koppel.
8. Klanklêers met opnames van die uitspraak was by uitstek die gewildste metode waarop respondente uitspraakleiding sou wou ontvang. Alhoewel respondente aangedui het dat hulle reeds 'n persoonlike herspellingsisteem gebruik vir leiding tydens nuusuitsendings, het hulle herspelling as hulle tweede opsie vir Spaans en Chinees gekies. Die IFA blyk nie vir respondente bruikbaar te wees nie, aangesien die meeste respondente nie 'n linguistiese agtergrond met 'n kennis van fonologie het nie. Vir moeilike Zoeloe-foneme was 'n video-opname wat wys hoe en waar die klanke geproduseer word gewilder as herspelling.
9. Oor die algemeen het respondente leiding oor die uitspraak van volledige woorde eerder as leiding oor slegs enkele foneme verkies.

Ten slotte, as riglyn vir praktiese toepassing, kan die diagrammatiese voorstelling in figuur 5-1 as basis dien om te illustreer hoe 'n tipiese woordeboekinskrywing sou kon lyk. Elke woordeboekinskrywing bestaan uit verskillende komponente, gebaseer op bostaande resultate. Indien daar enige oudiovisuele inligting beskikbaar is, is daar skakels (onderstreep in Figuur 5-1) wat 'n die gebruiker na daardie opwipvensters neem. Met die eindgebruiker in gedagte word enige artikulatoriese beskrywings so eenvoudig moontlik verwoord. Indien vakkundige terme gebruik word, moet dit daarnaas in hakies verduidelik word.




**Figuur 5-1: Raamwerk vir 'n lemma in 'n selfoontoepassing**

## 5.3 Algemene Afrikaanse mediauitspraak van 'n spesiale leksikon

Vir die eksperiment wat ontwerp is om die tweede navorsingsvraag te beantwoord, het in totaal 32 respondente deelgeneem; hulle was ook almal nuuslesers, sportaanbieders, joernaliste of programaanbieders in die uitsaaiwese. Die doel van die eksperiment was om vas te stel wat die algemene Afrikaanse mediauitspraak van Zoeloe-, Spaanse en Mandarynse woorde is. 'n Aantal eiename en leenwoorde met moeilike of vreemde foneme is uit hierdie tale geïdentifiseer en gebruik om 'n fiktiewe nuusberig te skryf. Dié nuusberig het as toetsinstrument vir die eksperiment gedien.

Die nuusberig is deur al die respondente opgeneem, waarna die navorser transkripsies van die toetswoorde se uitsprake gedoen het deur van 'n herspellingsisteem gebruik te maak (bylaag C). Hierdie woorde is ontleed deur gebruik te maak van die kontrastieweanalisemetode om onder andere te bepaal watter foneme tot die meeste uitspraakverskille gelei het, en watter linguistiese verwysingsraamwerke (T1, T2 of T3) deur respondente gebruik is om leenwoorde en eiename uit vreemde tale uit te spreek. Die analise van die respondente se uitspraak is deskriptief ontleed.

Die belangrikste gevolgtrekkings voortspruitend uit hoofstuk 3 se eksperiment kan soos volg opgesom word:

1. Die resultate het bevestig dat Afrikaanssprekendes nie ’n enkele linguistiese verwysingsraamwerk gebruik om eiename en leenwoorde uit vreemde tale uit te spreek nie. Breedweg gesien probeer hulle meestal om óf die T1- of die T3-aksent te gebruik. Die enigste raamwerk wat minder gebruik word, is die T2-model (Engelse uitspraak).
2. Daar kon nie ’n vaste patroon vir die uitspreek van die grafeme *e* en *i*, wat beide die schwa /ih/ verteenwoordig, vasgestel word nie.
3. Die volgende faktore speel ’n belangrike rol in die bepaling van watter verwysingsraamwerk gebruik word:

a Die moeilikheidsgraad (vreemdheid) van foneme

b Die beginsel dat moeilike foneme eerder tot T1-uitspraak sal lei, is gedeeltelik verkeerd bewys, veral met betrekking tot omroepers se uitspraak van die kenmerkende klapklanke van Zoeloe. As gevolg van hulle (basiese) kennis van inheemse tale, is omroepers meestal wel in staat om die foneme soos die T3-uitspraak te artikuleer.

c Grafeemdeursigtigheid

d Die mate waartoe ’n grafeem in die brontaal ooreenstem met die uitspraak van daardie grafeem waarmee die spreker vertroud is, speel ’n baie belangrike rol. Alhoewel ’n deursigtige ortografie ’n kenmerkende eienskap van Spaans is, het grafeme soos *v, g* en *ll* tot heeltemal verkeerde uitsprake gelei, omdat dit glad nie dieselfde foneme in Afrikaans voorstel nie.

e Kontak met moedertaalsprekers van tale uit onverwante taalfamilies

f Ten spyte van die feit dat Chinees soos Zoeloe aan ’n tipologies onverwante taalfamilie behoort, het die gebrek aan kontak met T3-sprekers tot die verkeerde uitsprake van woorde gelei. Die ortografiese sisteem van veral klinkerkombinasies het ’n beduidende effek op die uitspraak van omroepers gehad.

4. Ander buitetalige faktore wat ’n rol speel in die bepaling van die algemene Afrikaanse mediauitspraak van ’n spesiale leksikon, sluit in:

a die teikengehoor van programme;

b die beleid van die werknemer (in die geval uitsaaistasies); en

c die invloed van kollegas en ander media (byvoorbeeld televisie of ander radiostasies) op die uitspraak van omroepers.

Variasie in die uitspraak van omroepers en die linguistiese verwysingsraamwerke wat hulle gebruik, is uiteraard ’n gegewe. Wat wel van opsienbare belang is, is dat dit blyk asof ’n mens tog

iets soos “die algemene Afrikaanse mediauitspraak” kan bepaal – veral waar dit gaan oor ’n spesiale leksikon. Die praktiese implikasie hiervan is dat ’n mens op soortgelyke wyse uitsprake van nie-Afrikaanse foneme uit ander tale sou kon bepaal om riglyne te bied vir die uitspreek van eiename en leenwoorde uit ander tale. Tot watter mate ’n “algemene Afrikaanse mediauitspraak” van gewone, inheemse Afrikaanse woorde bepaal kan word, sal in toekomstige navorsing aan bod moet kom.

### 5.4 Houdings oor die algemene Afrikaanse mediauitspraak van ’n spesiale leksikon

Die doel van die tweede eksperiment wat in hoofstuk 4 bespreek is, was om vas te stel wat Afrikaanssprekendes se houding oor die algemene Afrikaanse mediauitspraak van eiename en leenwoorde uit vreemde tale is. Vir die doel van hierdie eksperiment is 12 woorde wat ’n duidelike verskil in uitspraak tussen T1 (Afrikaanse uitspraak), T2 (Engelse uitspraak) en T3 (brontaaluitspraak) het, geïdentifiseer. Vir elk van hierdie woorde is ’n sin in die styl van ’n nuusberig geskryf. ’n Stemkunstenaar is gevra om telkens die toetswoord in die sin met die drie onderskeie uitsprake voor te lees. In totaal was daar 36 opnames wat in ’n elektroniese vraelys gebruik is en deur middel van toevallige sneeubalsteekproefneming deur middel van sosialemediaplatforms gedeel is. Die data van 462 respondente kon uiteindelik in die studie gebruik word.

Deur na die opnames van die elektroniese vraelys te luister, moes respondente eerstens aandui of hulle die verskille in uitspraak kon waarneem en of daar een uitspraak is wat hulle bo die ander verkies. Indien dit die geval was, moes hulle die onderskeie uitsprake in volgorde van voorkeur rangskik. Deur gebruik te maak van vorige taalhoudingstudies se kriteria moes deelnemers daarna aandui waarom hulle van ’n uitspraak gehou of nie daarvan gehou het nie. Eenvoudige frekwensietellings is as kwalitatiewe maatstaf geneem, terwyl die respondente se kommentaar suiwer kwalitatief ontleed is om algemene temas te identifiseer.

Eksperiment 2 (hoofstuk 4) se belangrikste gevolgtrekkings kan soos volg opgesom word:

1. Voorkeur: Hoe hoër die frekwensie van ’n vreemdtalige eienaam of leenwoord is, hoe hoër is die voorkeur vir ’n spesifieke uitspraak. Byvoorbeeld, vir ’n bekende pleknaam soos *Amanzimtoti* is daar ’n sterk voorkeur vir ’n nie-Zoeloe-uitspraak, terwyl daar by ’n laerfrekwensiepleknaam soos *Ezinqoleni* nie ’n duidelik voorkeur is vir ’n Afrikaanse óf Zoeloe-aksent nie.

   Wat spesifieke (vreemde) foneme betref, kon respondente waarneem indien die stemkunstenaar die Zoeloe-klapklanke nie presies volgens ’n T3-aksent uitgespreek het nie.

Tóg het hulle die poging om ’n T3-uitspraak waardeer in plaas daarvan dat die woord volgens T1 of T2 uitgespreek word.

2. Voorkeurredes: Die belangrikste rede vir spesifieke voorkeure is omdat ’n spesifieke aksent vir die gebruiker “bekwaam en professioneel” klink. Dié resultaat hou natuurlik direk verband met die feit dat die toetsmateriaal ’n (fiktiewe) nuusberig was: respondente het dus ’n omroeper wat “bekwaam en professioneel” is, verkies bo ene wat miskien ander kwaliteite sou kon hê.
3. Afkeur: Respondente het ’n duidelike afkeur aan T2-uitspraak getoon, spesifiek die VSA-E-uitspraak met heelwat negatiewe kritiek teen die VSA-E-uitspraak van veral die letter a as /ê/, wat in Afrikaans en die uitspraak van Engels in Brittanje (GB-E) as /a/ uitgespreek word. In géén van die gevalle was daar ’n duidelike, ooglopende voorkeur vir die T2-uitspraak nie – ’n resultaat wat ook bevestig is deur al die data van al die tale saam te voeg (sien figuur 4-63). Respondente het in kommentaar die T2-uitspraak selfs as “kolonialisties” en “lui” beskou. Die riglyn is dus duidelik: As jy nie weet hoe om ’n woord uit te spreek nie, gebruik óf ’n verafrikaanste vorm, óf ’n brontaalvorm, maar moenie net ’n Engelse vorm oorneem nie.
4. Afkeurredes: Die belangrikste rede vir afkeur is dat omroepers wat met ’n Engelse aksent eiename en leenwoorde uitspreek, “onnatuurlik en pretensieus" klink.

### 5.5 Bydrae van studie

Hierdie studie lewer ’n beduidende bydrae tot die Afrikaanse taalkunde en leksikografie deur die eerste omvattende, empiries-gegronde beskrywing van die **algemene Afrikaanse mediauitspraak van ’n multitalige spesiale leksikon** te verskaf. Die navorsing het nie slegs die aard en omvang van uitspraakvariasie vir leenwoorde en eiename uit Zoeloe, Spaans en Mandaryns blootgelê nie, maar ook die onderliggende fonologiese raamwerke geïdentifiseer wat Afrikaanssprekende omroepers aktief gebruik. Deur die kombinasie van ’n behoeftebepaling, ’n grootskaalse uitspraakeksperiment en ’n taalhoudingstudie bied die proefskrif ’n nuwe, geïntegreerde model vir die beskrywing van uitspraaknormering. Die studie skep nuwe kennis oor hoe uitspraakwerklikhede in ’n meertalige samelewing gevorm word, en toon aan dat tradisionele enkelnorm-benaderings (byvoorbeeld “Suiwer Afrikaans”) ontoereikend vir hedendaagse mediagebruikers (en by implikasie ook vir taaltegnologieë) is.

Die potensiële impak van die navorsing strek egter wyer as net metodologies en/of teoreties. Die navorsing bied veral ook empiriese begronding vir die ontwikkeling van ’n **moderne, multimodale Afrikaanse uitspraakwoordeboek**. Sodanige woordeboek sal in die eerste plek omroepers en die uitsaaiwese tot voordeel wees. Soos een respondent opgemerk het: “Dit kan die begin wees van ’n produk waarvan ’n hele industrie julle vir ewig dankbaar gaan wees.” Daarnaas kan dit ook

ander gebruikers (soos taalleerders en taalwerkers) tot voordeel wees, maar veral ook vir taaltegnologie-ontwikkelaars. Die beginsels wat in hierdie studie vasgestel kon word, kan direk bydra tot **spraakherkenning- en spraaksinteseprojekte**, aangesien dit vir die eerste keer empiries aandui dat hulle liewer die brontaaluitspraak as strategie moet gebruik in meganismes waarop teruggeval kan word as ’n Afrikaanse uitspraak nie gevind word nie (byvoorbeeld as ’n woord nie in die uitspraakwoordeboek van die spraaksintetiseerder is nie).

Tot slot, die studie dra hopelik ook tot die breër Suid-Afrikaanse taalbeplanning by deur die behoefte aan **respekvolle, brontaalgegronde uitspraakkeuses** te belig, en deur ’n raamwerk te bied waarbinne meertaligheid nie as ’n struikelblok nie, maar as ’n produktiewe realiteit benader kan word. Desalnietemin beklemtoon die navorsing die waarde van **data-gedrewe, gebruikersgesentreerde** leksikografie, en dit lê die grondslag vir toekomstige projekte wat die dinamiese verhouding tussen uitspraak, identiteit en tegnologie verder kan ondersoek.

## BIBLIOGRAFIE


ABC News. 2016, 3 Sep. *Chinese village learns Kung Fu for protection from wild animals* [YouTube video]. https://youtu.be/nT88ioH2_S4?si=Ws-zWqS1hDDDAGLZ Date of access: 17 Jan. 2025.

Alberts, M. 1992. Behoeftebepaling in die leksikografie. *Lexikos*, 2:1-27.

Alberts, M. 2013. The Afrikaans orthographic rules as guide for other South African languages. *Lexikos*, 23(1):1-28. https://hdl.handle.net/10520/EJC146585

Alexander, M. 2021. *What languages are spoken in South Africa's nine provinces?* https://southafrica-info.com/infographics/animation-languages-south-africas-provinces/ Date of access: 24 Oct. 2025.

Alexeeva, S. & Dobrego, A. 2021. Letter processing in Russian: Does orthography matter? *Acta Psychologica*, 218, 103355. https://doi.org/10.1016/j.actpsy.2021.103355

Appendix Consulting Agency. 2024, 31 May. *Isolezwe Soccer Cup 2024* [YouTube-video] https://www.youtube.com/watch?v=u2lu-FraUrs Date of access: 17 Jan. 2025.

Archibald, J. 2021. Ease and difficulty in L2 phonology: a mini-review. *Frontiers in Communication*, 6, 626529.

Backley, P. 2015. *Improving your English pronunciation.* http://www.tohoku-gakuin.ac.jp/research/journal/bk2013/pdf/no02_07.pdf Date of access: 11 Apr. 2025

Baker, C. 1992. *Attitudes and language.* Clevedon: Multilingual Matters.

Barnard, E., Davel, M., Giwa, M, Barnard, N., Martens, J.P. & Thirion, D. 2013. *South African multilingual proper names (Multipron) corpus* [Dataset]. SADiLaR. https://hdl.handle.net/20.500.12185/379

Barnard, E., Davel, M.H., Van Heerden, C., De Wet, F. & Badenhorst, J. 2014. *The NCHLT Speech Corpus of the South African languages*. Paper presented at the 4th Workshop on Spoken Language Technologies for Under-resourced Languages (SLTU-2014), St. Petersburg, Russia. https://www.isca-archive.org/sltu_2014/barnard14_sltu.pdf Date of access: 30 Sep. 2019.

Bayard, D., Weatherall, A., Gallois, C. & Pittam, J. 2001. Pax Americana? Accent attitudinal evaluations in New Zealand, Australia and America. *Journal of Sociolinguistics*, 5(1):22-49.

Beaufays, F., Sankar, A., Williams, S. & Weintraub, M. *Learning name pronunciations in automatic speech recognition systems.* In: *Proceedings: 15th IEEE International Conference on Tools with Artificial Intelligence*. Sacramento, CA: IEEE. pp. 233-240.

Behind the Name. 2024. *Miguel*. https://www.behindthename.com/name/miguel Date of access: 20 April 2025.

Bekker, I. & Van Rooy, B. 2015. The pronunciation of English in South Africa. In: Reed, M. & Levis, J.M., eds. *The handbook of English pronunciation*. Malden: Wiley. pp. 286-300.

Bell, A. 1983. Broadcast news as a language standard. *International Journal of the Sociology of Language*, 40:29-42. doi: 10.1515/ijsl.1983.40.29

Beyer, H.L. 2006. 'n Voorlopige model vir die sistematiese beskrywing van gebruikersvriendelikheid in woordeboeke. *Lexikos,* 16(1). https://doi.org/10.5788/16-0-647

Beyer, H.L. 2011. 'n Algemene tipologie van leksikografiese etikette. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 51(3):419-446.

Blignaut, J. & Lesch, H. 2014. ’n Ondersoek na die taalgebruik in Son as verteenwoordigend van Kaaps. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, 45(1):19-41.

Boberg, C. 2015. North American English. In: Reed, M. & Levis, J.M., eds. *The handbook of English pronunciation*. Malden: Wiley. pp. 228-249.

Bowerman, S. 2008. White South African English: phonology. In: Mesthrie, R., ed. *Varieties of English 4: Africa, South and Southeast Asia.* Berlin: Mouton de Gruyter. pp. 164-176.

Brooks, G. 2015. *Dictionary of the British English spelling system.* Open Book Publishers.

Cambridge Dictionary. 2025. *Mexico.* https://dictionary.cambridge.org/dictionary/english/mexico Date of access: 10 Nov. 2025.

Carstens, W.A.M. 2018. *Norme vir Afrikaans: moderne standaardafrikaans*. Sesde uitgawe. Pretoria: Van Schaik. Beskikbaar van WorldCat: https://search.ebscohost.com/login.aspx?direct=true&scope=site&db=nlebk&db=nlabk&AN=1775034

CeeLo Green. 2019, 31 Jan. *Kung Fu Fighting* [YouTube video]. https://www.youtube.com/watch?v=QspjKVTMlL8&list=RDQspjKVTMlL8&start_radio=1 Date of access: 16 Feb. 2023.

Cherry, K. 2022. *What is neuroplasticity*? https://www.verywellmind.com/what-is-brain-plasticity-2794886#:~:text=Neuroplasticity%20is%20the%20brain%27s%20ability%20to%20change%20and,brain%20damage%20or%20structural%20changes%20due%20to%20learning Date of access: 15 Oct. 2023.

Chinese Pronunciation with Lily. 2023, 23 Jan. *How to pronounce 'Kung Fu' in Chinese | Martial Arts 功夫 gong fu* [YouTube video] https://www.youtube.com/watch?v=Jhd-wuKVGI0 Date of access: 19 Jan. 2024.

Chinesevid. 2017, 27 Nov. *How to pronounce Chinese brands correctly! I Top 10* [YouTube video] https://www.youtube.com/clip/Ugkx3NO5BDYgD2g7vRcH3hyFSjZBagfskOPv Date of access: 28 Aug. 2023.

Chinesewithmei. 2021, 14 Nov. *How to correctly pronounce the name of Chinese President -Xi Jinping? Here some tips!* [YouTube video] https://www.youtube.com/watch?v=HJsjdfFRRnA Date of access: 23 Aug. 2023.

Christie, C.R. 2022. Khoekhoe lexical borrowing in regionalised Afrikaans. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, 64(1):133-143.

Cilliers, M. 2015. Ni hao per trein. *Netwerk24*, 12 Apr. https://www.netwerk24.com/Netwerk24/ni-hao-per-trein-20150412 Datum van gebruik: 1 Jan. 2025.

CNN. 2020, 27 Aug. *Van Jones: a law and order candidacy must condemn vigilante justice* [YouTube video]. https://www.youtube.com/watch?v=aeVnBca5j8Q&t=71s Date of access: 15 Jan. 2025.

Coetzee, A.E. 2018. *Fonetiek.* 5de uitg. Pretoria: Van Schaik.

Coetzee- Van Rooy, S. & Peters, A. 2021. A portrait-corpus study of language attitudes towards Afrikaans and English. *Language Matters: Studies in the Languages of Southern Africa*, 52(2):3-28. https://doi.org/10.1080/10228195.2021.1942167

Collins. 2024. *Pronunciation guide: Letter g.* https://grammar.collinsdictionary.com/pronunciation-guide/letter-g Date of access: 2 Feb. 2024.

Craig, B.A. 1995. *Two-Way Foreign Language Immersion Programs: A Handbook for Parents and Teachers.*

Davel, M. & Martirosian, O. 2009. Pronunciation dictionary development in resource-scarce environments. In: 10th Annual Conference of the International Speech Communication Association. *Conference proceedings.* Brighton, UK: Interspeech. pp. 2851-2854.

Davel, M.H. & De Wet, F. 2010. Verifying pronunciation dictionaries using conflict analysis. In: 11th Annual Conference of the International Speech Communication Association. *Conference proceedings*. Makuhari, Japan. Interspeech. pp. 1898-1901.

De Klerk, V. & Bosch, B. 1994. Language attitudes in the Eastern Cape: a tri–lingual survey. *South African Journal of Linguistics,* 12(2):50-59.

De Wet, F., Davel, M., Loots. L. & Niesler, T. 2010. *Resources for closely-related languages: Afrikaans pronunciation dictionary* (RCRL APD) v1.4.1. Potchefstroom: NWU.

Debt Rescue. 2021, 11 Aug. *Debt Rescue COO Bonginkosi Radebe on eNews Channel Africa* [YouTube video]. https://www.youtube.com/watch?v=tyPE5HqIglU Date of access: 1 Oct. 2025.

Diaz, L. 2022. *How to trill or roll your r's.* https://bilingualspeechie.com/search?q=roll+or+trill+your+r%27s Date of access: 10 Mar. 2024.

Dragojevic, M., Berglund, C. & Blauvelt, T.K. 2017. Figuring out who's who: the role of social categorization in the language attitudes process. *Journal of Language and Social Psychology*, 37(1):28-50.

DSAE (Dictionary of South African English). 2025a. *Dictionary of South African English.* https://www.dsae.co.za/ Date of access: 17 May 2025.

DSAE (Dictionary of South African English). 2025b. *Key to pronunciation: Clicks.* https://www.dsae.co.za/help/symbols-and-abbreviations/key-to-pronunciation#Clicks Date of access: 17 May 2025.

DSAE (Dictionary of South African English). 2025c. *Keys to pronunciation: Long vowels.* https://www.dsae.co.za/help/symbols-and-abbreviations/key-to-pronunciation#Long%20Vowels Date of access: 17 May 2025.

DSAE (Dictionary of South African English). 2025d. *imbizo, n.* https://www.dsae.co.za/entry/imbizo/e03215 Date of access: 17 May 2025.

DSAE (Dictionary of South African English). 2025e. *Xhosa, n. and adj*. https://www.dsae.co.za/entry/xhosa/e07948 Date of access: 17 May 2026.

DSAE (Dictionary of South African English). 2025f. *apartheid, n*. https://www.dsae.co.za/entry/apartheid/e00340 Date of access: 17 May 2025.

Du Plessis, A.H. 2017. Die rol van die bruikbaarheidsbenadering binne die e-leksikografie. *Literator* 38(2):1-11.

Du Plessis, C.M. 2016. *Die aard van Standaardafrikaans in SABC-nuusbulletins.* Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Verhandeling – MA).

Dutoit, T. 1997. High-quality text-to-speech synthesis: an overview. *Journal Of Electrical and Electronics Engineering Australia*, 17:25-36.

Duvall, J. 2025. *Babbel vs Duolingo: comparison of language apps*. https://duolingoguides.com/babbel-vs-duolingo/ Date of access: 22 Jun. 2025.

Dyers, C. 2008. Language shift or maintenance? Factors determining the use of Afrikaans among some township youth in South Africa. *Stellenbosch Papers in Linguistics*, 38:49-72.

Ellis, N.C., Natsume, M., Stavropoulou, K., Hoxhallari, L., Van Daal, V.H., Polyzoe, N., Tsipa, M.L. & Petalas, M. 2004. The effects of orthographic depth on learning to read alphabetic, syllabic, and logographic scripts. *Reading Research Quarterly,* 39:438-468.

eNCA, 2021, 24 Mar. *Service delivery protest dispersed in eZinqoleni* [YouTube video]. https://www.youtube.com/watch?v=4EZZsha_fR4&t=6s Date of access: 22 Feb. 2024.

eNCA. 2019, 14 Nov. *Lesson on how to brew traditional beer* [YouTube video]. https://www.youtube.com/watch?v=hdu5_Yf6Wtk Date of access: 11 Jan. 2025.

eNCA. 2020, 3 Jan. *Ezinqoleni without water* [YouTube video]. https://www.youtube.com/watch?v=i6psNcQm_2o&t=4s Date of access: 19 Jan. 2024.

eNCA. 2021, 24 Mrt. *Service delivery protests dispersed in eZinqoleni* [YouTube video]. https://www.youtube.com/watch?v=4EZZsha_fR4&t=6s Date of access: 19 Jan. 2024.

